

Persoonlikheidsevaluering van onderwysstudente

R. KOK

12429252

Verhandeling voorgelê vir die graad

Magister Educationis

in Opvoedkundige Sielkunde

aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. L.W. Meyer

Oktober 2012

DANKBETUIGINGS

Ek betuig my opregte dank aan die volgende persone:

- My studieleier, prof. Lukas Meyer, vir bekwame en professionele leiding.
- Dr. Suria Ellis van die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) vir die verwerking, hulp en advies ten opsigte van die data.
- Me. Salomé Coertze vir die noukeurige taalversorging.
- Me. Salomé Coertze en Me. Cecelia van der Walt vir die vertaling en redigering van die vraelyste.
- Die onderwysstudente van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) wat bereid was om die persoonlikheidsvraelyste te voltooi.
- My pa en ma, Almero en Illasha, vir ondersteuning en aanmoediging tydens die tydperk wat ek die navorsing voltooi het.
- In besonder, baie dankie vir my vrou, Tanya, vir haar liefde, omgee, geduld en ondersteuning.

OPSOMMING

Persoonlikheidsevaluering van onderwysstudente

'n Stabiele en gesonde persoonlikheid is 'n voorvereiste om die verskillende stressors en eise, wat deel is van die onderwysberoep, effektief te hanteer. Daarom is dit wesenlik belangrik om seker te maak dat voornemende onderwysers wel oor goed gebalanseerde persoonlikheidsprofile beskik, wat hulle in staat sal stel om goeie onderwysers te word.

Teen die agtergrond van bogenoemde was die doel van die navorsing om:

- deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal watter kriteria gewoonlik nasionaal en internasionaal aangewend word in die keuring van voornemende onderwysstudente, en wat die rol en funksie van persoonlikheidsevaluering in die keuring van voornemende onderwysstudente is;
- deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal hoe die gewenste persoonlikheidsprofiel van onderwysers, aan die hand van die Vyffaktor-model van persoonlikheid, daar uitsien;
- empiries te bepaal hoe die persoonlikheidsprofiel van voltyds ingeskrewe onderwysstudente aan 'n hoër opvoedkundige instelling daar uitsien;
- empiries te bepaal of daar verskille bestaan tussen die persoonlikheidsprofile van 1) manlike en vroulike onderwysstudente; 2) onderwysstudente in die verskillende opleidingsfases; 3) onderwysstudente met verskillende huistale; 4) onderwysstudente in die verskillende jaargroepe en; 5) onderwysstudente wat onderwys aandui as eerste beroepskeuse en dié wat nie onderwys as eerste keuse aandui nie; en
- te bepaal wat die toepassingsmoontlikheid van die NEO-FFI in die keuring van voornemende onderwysstudente is.

Die volgende bevindinge het uit die literatuurstudie na vore getree:

- Daar word nasionaal en internasionaal hoofsaaklik gebruik gemaak van akademiese kriteria in die keuring van onderwysstudente en

persoonlikheidsevaluering speel geen rol in die keuring van onderwysstudente in Suid-Afrika nie.

- Die gewenste persoonlikheidsprofiel van onderwysers aan die hand van die Vyffaktor-model van persoonlikheid, bestaan uit lae tellings op Neurotisme, met hoë tellings op Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

Die volgende bevindinge het uit die empiriese ondersoek na vore getree:

- Die groep onderwysstudente het, oor die algemeen, die kenmerke van die teoreties-bepaalde gewenste persoonlikheidsprofiel ten opsigte van Neurotisme, Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid getoon, maar relatief lae gemiddelde routellings is op Openheid vir Ervaringe behaal.
- Geen prakties betekenisvolle verskille is tussen die persoonlikheidsprofile van onderwysstudente ten opsigte van opleidingsfase, huistaal, jaargroep en onderwys as beroepskeuse gevind nie, maar daar is wel 'n prakties betekenisvolle verskil tussen manlike en vroulike onderwysstudente ten opsigte van Inskiklikheid aangedui, waar vroulike onderwysstudente hoër gemiddelde routellings as manlike onderwysstudente behaal het.

Staneges is bereken om norme te ontwikkel aan die hand waarvan toekomstige persoonlikheidsevaluering van voornemende onderwysstudente kan plaasvind. Vir hierdie doel is daar ook geslagspesifieke norme ontwikkel.

Op grond van die bevindinge, voortspruitend uit die ondersoek, word dit aanbeveel dat persoonlikheidsevaluering 'n integrale deel van die keuringsproses van voornemende onderwysstudente moet vorm, en dat die NEO-FFI met vrug in dié verband toegepas kan word.

Sleutelwoorde: *NEO-FFI; Onderwysstudente; Persoonlikheidsevaluering; Vyffaktor-model van persoonlikheid.*

SUMMARY

Personality assessment of education students

A stable and healthy personality is a requirement to deal effectively with the different stressors and demands that are part and parcel of a profession in education. Therefore, it is of the utmost importance to ensure that prospective teachers present well balanced personality profiles, which will enable them to become good teachers.

Against the abovementioned background, this research study had the aim to:

- by means of a literature study, determine the criteria that are generally used in the selection process of prospective education students nationally and internationally, and to determine the role and function of a personality assessment in the selection of prospective education students;
- by means of a literature study, determine the characteristics of the desired personality profile of a teacher by applying the Five Factor Model of personality;
- empirically determine the characteristics of the personality profiles of full-time registered education students at a higher education institution;
- empirically determine whether there are differences between the personality profiles of 1) male and female education students; 2) education students in the different education phases; 3) education students with different home languages; 4) education students at different academic levels; and 5) education students who indicated education as first choice of study, and those who did not; and
- to determine what the application possibility of the NEO-FFI is in the selection of prospective education students.

The literature study produced the following results:

- Academic criteria are mostly used in selecting education students, nationally and internationally and personality assessment does not play a role in the selection of education students in South Africa.
- The desired personality profile of teachers, according to the Five Factor Model of personality, renders low scores on Neuroticism and high scores on

Extraversion, Openness to Experience, Agreeableness and Conscientiousness.

The empirical study produced the following results:

- The group of education students generally presented the characteristics of the theoretical preferred personality profile with regard to Neuroticism, Extraversion, Agreeableness and Conscientiousness, but they presented relatively low mean raw scores for Openness to Experience.
- No meaningful differences were found between the personality profiles of education students with regard to the education phase, home language, academic year and education as study choice, however, there were meaningful differences between male and female education students pertaining Agreeableness, where female education students presented higher mean raw scores than their male counterparts.

Stanines were calculated to develop norms which can be used for personality assessment in the selection of prospective education students. Gender-specific norms were developed for this purpose.

On grounds of the results of the investigation, it is recommended that personality assessment form an integral part of the selection process of prospective education students and that the NEO-FFI appears to be fruitful in this regard.

Key words: *Education students; Five Factor Model of personality; NEO-FFI; Personality assessment.*

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	ii
OPSOMMING	iii
SUMMARY	v
INHOUDSOPGAWE	vii
LYS VAN TABELLE	xvii
LYS VAN FIGURE	xx
LYS VAN BYLAE	xxii
<u>HOOFSTUK 1</u> INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE	
EN PLAN VAN ONDERSOEK	1
1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.2 OORSIG VAN RELEVANTE LITERATUUR	5
1.3 NAVORSINGSDOELWITTE	7
1.4 METODE VAN ONDERSOEK	8
1.4.1 Die literatuurstudie	8
1.4.2 Die empiriese ondersoek	9
1.4.2.1 Navorsingsontwerp	9
1.4.2.2 Studiepopulasie	9
1.4.2.3 Meetinstrument	9
1.4.2.4 Statistiese tegnieke	10
1.5 ETIESE ASPEKTE	10
1.6 BYDRAE VAN DIE STUDIE	11
1.7 HOOFSTUKINDELING	11
1.8 SAMEVATTING	13

HOOFSTUK 2 **PERSOONLIKHEID: 'N TEORETIESE**

EKSPOSISIE	14
2.1 INLEIDING	14
2.2 OMSKRYWING VAN PERSOONLIKHEID	14
2.2.1 Definisies van persoonlikheid	14
2.2.2 Konseptualisering van persoonlikheid	17
2.2.3 Beskrywing van persoonlikheidstrekke	19
2.3 DIE ONTWIKKELING VAN PERSOONLIKHEIDSTEORIEË	20
2.3.1 Die antieke beskouing van persoonlikheid: Hippokrates (470–360 v.C.)	20
2.3.2 Wilhelm Wundt (1832-1920)	22
2.3.3 Gordon W. Allport (1897-1967)	22
2.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE TREKBENADERING TOT PERSOONLIKHEID	24
2.4.1 Historiese ontwikkeling	24
2.4.2 Die leksikale hipotese	25
2.4.3 Faktor-analitiese studies	26
2.4.4 Hans J. Eysenck (1916-1997)	27
2.4.4.1 Ekstraversie (E)	30
2.4.4.2 Neurotisme (N)	31
2.4.4.3 Psigotisme (P)	32
2.4.5 Raymond Cattell (1905-1998)	33
2.4.6 Costa en McCrae	38

2.4.6.1 Die NEO-persoonlikheidsvraelyste	
(NEO PI-R en NEO-FFI)	39
2.4.6.1.1 Neurotisme	41
2.4.6.1.2 Ekstraversie	42
2.4.6.1.3 Openheid vir Ervaringe	42
2.4.6.1.4 Inskiklikheid	43
2.4.6.1.5 Konsensieusheid	44
2.4.6.2 Die Vyffaktor-teorie	47
2.4.6.2.1 Eenhede in die Vyffaktor-teorie	47
2.4.6.2.1.1 Basiese Geneigdhedes	49
2.4.6.2.1.2 Kenmerkende Aanpassings	49
2.4.6.2.1.3 Selfkonsep	50
2.4.6.2.1.4 Biologiese Basis	50
2.4.6.2.1.5 Objektiewe Biografie	51
2.4.6.2.1.6 Eksterne Invloede	51
2.4.7 Kritiese evaluering van die Vyffaktor-model van	
persoonlikheid en Vyffaktor-teorie van persoonlikheid	51
2.5 SAMEVATTING	54
HOOFSTUK 3 DIE ROL VAN PERSOONLIKHEIDSEVALUERING IN	
DIE KEURING VAN VOORNEMENDE ONDERWYSSTUDENTE	55
3.1 INLEIDING	55
3.2 DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS SE VISIE VIR SUID-	
AFRIKAANSE ONDERWYS	55
3.3 ROLLE WAT ONDERWYSERS MOET SPEEL	57
3.4 PROFESSIONELE GEDRAGSKODE VIR OPVOEDERS	58

3.5 RESULTATE VAN SISTEMIESE EVALUERINGS	62
3.6 'N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF OP DIE KEURING VAN ONDERWYSSTUDENTE	65
3.7 KEURING VAN ONDERWYSSTUDENTE IN SUID-AFRIKA	65
3.7.1 Algemene oorsig en agtergrond	65
3.7.2 Keuring van onderwysstudente aan die Noordwes- Universiteit (NWU)	72
3.7.3 Keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van Stellenbosch (US)	73
3.7.4 Keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van Pretoria (UP)	74
3.7.5 Keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van die Vrystaat (UVS)	76
3.8 KRITIESE EVALUERING VAN KEURINGSMEGANISMES WAT GELD BY DIE KEURING VAN VOORNEMENDE ONDERWYSSTUDENTE	78
3.9 DIE PERSOONLIKHEIDSPROFIEL VAN VOORNEMENDE ONDERWYSSTUDENTE	82
3.9.1 Die <i>Groot Vyf</i> -persoonlikheidsdomeine en die akademiese sukses van onderwysstudente	82
3.9.2 Die <i>Groot Vyf</i> -persoonlikheidsdomeine en werksprestasie	84
3.9.3 Die <i>Groot Vyf</i> -persoonlikheidsdomeine en die opleidingsbevoegdheid van onderwysstudente	85
3.9.4 Gewenste persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente	86
3.9.4.1 Neurotisme	86

3.9.4.2 Ekstraversie	87
3.9.4.3 Openheid vir Ervaringe	89
3.9.4.4 Inskiklikheid	90
3.9.4.5 Konsensieusheid	92
3.9.4.6 Samevatting van die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente	93
3.10 SAMEVATTING	94
<u>HOOFSTUK 4</u> NAVORSINGSONTWERP EN –METODOLOGIE	95
4.1 INLEIDING	95
4.2 PROBLEEMSTELLING	95
4.3 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	96
4.4 NAVORSINGSONTWERP EN –METODOLOGIE	97
4.4.1 Navorsingsontwerp	97
4.4.2 Studiepopulasie en deelnemers	98
4.4.3 Die psigometriese instrument (NEO-FFI)	99
4.4.3.1 Agtergrond tot die vraelys	99
4.4.3.2 Toepaslikheid van die NEO-FFI	100
4.4.3.3 Administrasie van die NEO-FFI	100
4.4.3.4 Bepunting van die NEO-FFI	101
4.4.3.5 Berekening van domein-tellings en samestelling van persoonlikheidsprofiel	102
4.4.3.6 Konseptualisering en interpretasie	102
4.4.3.7 Die betekenis van skaaltellings	102
4.4.3.8 Geldigheid en betroubaarheid van die NEO-FFI	103
4.5. KWANTITATIEWE DATA-ANALISE	103

4.5.1	Beskrywende statistiek	104
4.5.2	Inferensiële statistiek	104
4.6.	ETIESE EN ADMINISTRATIEWE PROSEDURES	105
4.7.	SAMEVATTING	107
<u>HOOFSTUK 5</u>	RESULTATE	108
5.1	INLEIDING	108
5.2	BIOGRAFIESE INLIGTING RAKENDE DIE DEELNEMERS	108
5.3	GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE NEO-FFI	111
5.3.1	Geldigheid	111
5.3.1.1	Geldigheid deur middel van bevestigende faktoriseringe	111
5.3.1.1.1	Faktor-analise 1: Neurotisme	111
5.3.1.1.2	Faktor-analise 2: Ekstraversie	113
5.3.1.1.3	Faktor-analise 3: Openheid vir Ervaringe ...	115
5.3.1.1.4	Faktor-analise 4: Inskiklikheid	117
5.3.1.1.5	Faktor-analise 5: Konsensieusheid	119
5.3.1.1.6	Sintese: Geldigheid van die NEO-FFI	120
5.3.1.2	Geldigheid soos bepaal deur middel van bevestigende faktorontledings met strukturele vergelykings- modelle	121
5.3.1.2.1	Gestandaardiseerde regressie-gewigte	123
5.3.1.2.2	Korrelasies tussen persoonlikheids- domeine	126
5.3.1.2.3	Passingsmaatstawwe	129
5.3.2	Betroubaarheid: Cronbach Alpha	130

5.4	BESKRYWENDE STATISTIEK	132
5.5	RESULTATE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSEVALUERING	133
5.5.1	Persoonlikheidsprofiel van al die deelnemers	133
5.5.2	Persoonlikheidsprofiel volgens geslag	135
5.5.2.1	Persoonlikheidsprofiel van manlike onderwysstudente	135
5.5.2.2	Persoonlikheidsprofiel van vroulike onderwysstudente	136
5.5.3	Persoonlikheidsprofiel volgens opleidingsfase	138
5.5.3.1	Persoonlikheidsprofiel van grondslagfase- onderwysstudente	138
5.5.3.2	Persoonlikheidsprofiel van intermediêre fase- onderwysstudente	140
5.5.3.3	Persoonlikheidsprofiel van Senior en VOO-fase- onderwysstudente	141
5.5.4	Persoonlikheidsprofiel volgens studiejaar	143
5.5.4.1	Persoonlikheidsprofiel van eerstejaar- onderwysstudente	143
5.5.4.2	Persoonlikheidsprofiel van tweedejaar- onderwysstudente	145
5.5.4.3	Persoonlikheidsprofiel van derdejaar- onderwysstudente	146
5.5.4.4	Persoonlikheidsprofiel van vierdejaar- onderwysstudente	148
5.5.4.5	Persoonlikheidsprofiel van NGOS-studente	149

5.6 DIE VERBAND TUSSEN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN DIE PERSOONLIKHEIDSPROFIELE VAN ONDERWYSSTUDENTE	151
5.6.1 Die verband tussen geslag en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente	152
5.6.2 Die verband tussen opleidingsfase en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente	153
5.6.3 Die verband tussen die verskillende huistale en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente	154
5.6.4 Die verband tussen die verskillende jaargroepe en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente	155
5.6.5 Die verband tussen onderwys as beroepskeuse en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente	156
5.6.6 Sintese	157
5.7 NORME VIR DIE STUDIEPOPULASIE	158
5.7.1. Berekening van norme vir die studiepopulasie	158
5.7.1.1 Norme vir die studiepopulasie (totale groep onderwysstudente)	159
5.7.1.2 Norme vir manlike onderwysstudente	160
5.7.1.3 Norme vir vroulike onderwysstudente	161
5.7.2 Interpretasie van norme	162
5.7.3 Toepassing van die norme aan die hand van 'n voorbeeld	166
5.8 SAMEVATTING	167
HOOFSTUK 6 SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	168
6.1 INLEIDING	168

6.2 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE	168
6.3 GEVOLGTREKKINGS	170
6.3.1 Gevolgtrekkings voortspruitend uit die teoretiese studie	170
6.3.1.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot navorsingsdoelwit een	170
6.3.1.2 Gevolgtrekking met betrekking tot navorsingsdoelwit twee	170
6.3.2 Gevolgtrekkings voortspruitend uit die empiriese ondersoek	171
6.3.2.1 Gevolgtrekking met betrekking tot navorsingsdoelwit drie	171
6.3.2.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot navorsingsdoelwit vier	171
6.3.2.3 Gevolgtrekking met betrekking tot navorsingsdoelwit vyf	172
6.4 AANBEVELINGS	173
6.4.1 Aanbevelings voortspruitend uit die teoretiese studie	173
6.4.1.1 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit een	173
6.4.1.2 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit twee	173
6.4.2 Aanbevelings voortspruitend uit die empiriese ondersoek	173
6.4.2.1 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit drie	174

6.4.2.2 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit vier	174
6.4.2.3 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit vyf	174
6.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	175
6.6 SLOTGEDAGTE	175
BIBLIOGRAFIE	177

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1	Persoonlikheidstipologie volgens Hippokrates	21
Tabel 2.2	Allport se siening van persoonlikheid	23
Tabel 2.3	Cattell se 16 Persoonlikheidsfaktore	33
Tabel 2.4	Interpretasie van tellings op die 16PF	35
Tabel 2.5	Die globale en primêre persoonlikheidsfaktore van die 16PF	36
Tabel 2.6	Die <i>Groot Vyf</i> -persoonlikheidsdomeine	40
Tabel 2.7	Verwante persoonlikheidstrekke aan Neurotisme	41
Tabel 2.8	Verwante persoonlikheidstrekke aan Ekstraversie	42
Tabel 2.9	Verwante persoonlikheidstrekke aan Openheid vir Ervaring	43
Tabel 2.10	Verwante persoonlikheidstrekke aan Inskiklikheid	44
Tabel 2.11	Verwante persoonlikheidstrekke aan Konsensieusheid	45
Tabel 2.12	Interpretasie van hoë- en lae tellings soos behaal op die <i>Groot Vyf</i> -persoonlikheidsdomeine	45
Tabel 3.1	Berekening van M-telling	66
Tabel 3.2	TPT's vir NSS-beoordelingswaardes aan die NWU	71
Tabel 3.3	Prestasiekodes vir die berekening van die Toelatingspunttelling (TPT) by UP	75
Tabel 3.4	Minimum vak- en vlakvereistes vir die Fakulteit Opvoedkunde aan UP	76
Tabel 3.5	Toelatingsvereistes van die Fakulteit Opvoedkunde aan UVS	77
Tabel 3.6	Neurotisme en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers	86
Tabel 3.7	Ekstraversie en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers	88
Tabel 3.8	Openheid vir Ervaring en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers	89
Tabel 3.9	Inskiklikheid en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers	90
Tabel 3.10	Konsensieusheid en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers	92

Tabel 5.1	Geslag van die deelnemers	108
Tabel 5.2	Opleidingsfase waarvoor die deelnemers ingeskryf was ...	109
Tabel 5.3	Huistaal van die deelnemers	109
Tabel 5.4	Akademiejaar van die deelnemers	110
Tabel 5.5	Was onderwys u eerste beroepskeuse?	110
Tabel 5.6	Faktor-analise 1: Neurotisme	111
Tabel 5.7	Faktor-analise 2: Ekstraversie	113
Tabel 5.8	Faktor-analise 3: Openheid vir Ervaringe	115
Tabel 5.9	Faktor-analise 4: Inskiklikheid	117
Tabel 5.10	Faktor-analise 5: Konsensieusheid	119
Tabel 5.11	Gestandaardiseerde regressie-gewigte per item en persoonlikheidsdomein	123
Tabel 5.12	Korrelasie-koëffisiënte met alle korrelasies ingesluit	127
Tabel 5.13	Korrelasie-koëffisiënte sonder korrelasie met Openheid vir Ervaringe	128
Tabel 5.14	Passingsmaatstawwe	129
Tabel 5.15	Berekende Cronbach Alpha-koëffisiënte vs die gepubliseerde Cronbach Alpha-koëffisiënte soos dit in die handleiding van die NEO-FFI verskyn	130
Tabel 5.16	Gemiddeldes en standaardafwykings vir die studiepopulasie (n=835) se itemresponse op die verskillende persoonlikheidsdomeine van die NEO-FFI	132
Tabel 5.17	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir al die deelnemers (n=835)	133
Tabel 5.18	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep manlike onderwysstudente (n=172)	135
Tabel 5.19	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep vroulike onderwysstudente (n=662)	137
Tabel 5.20	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep grondslagfase-onderwysstudente (n=234)	139
Tabel 5.21	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep intermediêre fase-onderwysstudente (n=268)	140
Tabel 5.22	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep Senior en VOO-fase-onderwysstudente (n=333)	142
Tabel 5.23	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep eerstejaar-onderwysstudente (n=233)	144

Tabel 5.24	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep tweedejaar-onderwysstudente (n=238)	145
Tabel 5.25	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep derdejaar-onderwysstudente (n=188)	147
Tabel 5.26	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep vierdejaar-onderwysstudente (n=142)	148
Tabel 5.27	Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep NGOS-studente (n=34)	150
Tabel 5.28	T-toets: Geslag	152
Tabel 5.29	ANOVA: Opleidingsfase	153
Tabel 5.30	ANOVA: Huistaal	154
Tabel 5.31	ANOVA: Akademiese Jaar	155
Tabel 5.32	T-toets: Onderwys as beroepskeuse	157
Tabel 5.33	Berekening van staneges	158
Tabel 5.34	Norme vir totale groep onderwysstudente	159
Tabel 5.35	Norme vir manlike onderwysstudente	160
Tabel 5.36	Norme vir vroulike onderwysstudente	161
Tabel 5.37	Kriteria vir gewenste en ongewenste routellings op die NEO-FFI	163
Tabel 5.38	Voorbeeld van persoonlikheidsprofiel op NEO-FFI	166

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1	NOMOTETIESE PARADIGMA	17
FIGUUR 2.2	IDEOGRAFIESE PARADIGMA	18
FIGUUR 2.3	SITUASIONELE BENADERING	18
FIGUUR 2.4	INTEGRASIE VAN WUNDT EN HIPPOKRATES SE BESKOUIJING VAN DIE PERSOONLIKHEID	22
FIGUUR 2.5	HIËRARGIESE STRUKTUUR VAN EKSTRAVERSIE (E) ...	30
FIGUUR 2.6	HIËRARGIESE STRUKTUUR VAN NEUROTISISME (N) ...	31
FIGUUR 2.7	HIËRARGIESE STRUKTUUR VAN PSIGOTISISME (P)	33
FIGUUR 2.8	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VYFFAKTOR- TEORIE	48
FIGUUR 5.1	VISUELE VOORSTELLING VAN DIE TEORETIESE MODEL VAN PERSOONLIKHEID SOOS GEEVALUEER DEUR DIE NEO-FFI	122
FIGUUR 5.2	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN AL DIE DEELNEMERS (N=835)	134
FIGUUR 5.3	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP MANLIKE ONDERWYSSTUDENTE (N=172)	136
FIGUUR 5.4	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP VROULIKE ONDERWYSSTUDENTE (N=662)	137
FIGUUR 5.5	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP GRONDSLAGFASE- ONDERWYSSTUDENTE (N=234)	139
FIGUUR 5.6	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP INTERMEDIËRE FASE- ONDERWYSSTUDENTE (N=268)	141
FIGUUR 5.7	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP SENIOR EN VOO-FASE- ONDERWYSSTUDENTE (N=333)	142
FIGUUR 5.8	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP EERSTEJAAR- ONDERWYSSTUDENTE (N=233)	144

FIGUUR 5.9	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP TWEEDEJAAR- ONDERWYSSTUDENTE (N=238)	146
FIGUUR 5.10	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP DERDEJAAR- ONDERWYSSTUDENTE (N=188)	147
FIGUUR 5.11	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP VIERDEJAAR- ONDERWYSSTUDENTE (N=142)	149
FIGUUR 5.12	GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP NGOS-STUDENTE (N=34)	150

LYS VAN BYLAE

BYLAAG A	Verspreiding van response op die NEO-FFI aangetoon as persentasies	196
BYLAAG B1	Staneges vir die totale groep onderwysstudente	199
BYLAAG B2	Staneges vir die manlike onderwysstudente	209
BYLAAG B3	Staneges vir die vroulike onderwysstudente	219
BYLAAG C1	Voorbeelde vanuit die Engelse weergawe van die toetsboekie	229
BYLAAG C2	Voorbeelde vanuit die Afrikaanse weergawe van die toetsboekie	233
BYLAAG D1	Informed consent letter	237
BYLAAG D2	Ingeligte toestemmingsbrief	240
BYLAAG E	Brief van Dr. Ellis (Statistiese Konsultasiediens Noordwes-Universiteit)	243
BYLAAG F1	Brief van Me. S. Coertze (Vertaling van NEO-FFI vanaf Engels na Afrikaans)	244
BYLAAG F2	Brief van Me. C. van der Walt (Vertaling van NEO-FFI vanaf Afrikaans na Engels)	245
BYLAAG F3	Brief van Me. S. Coertze (Taalversorger)	246
BYLAAG G	Brief van Etiekkomitee (Noordwes-Universiteit)	247

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PLAN VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

“As the definition of teacher quality changes with time, the selection mechanisms of students into teacher education programmes may also change accordingly” (Wang & Fwu, 2007).

Vanweë die dinamiese aard van die onderwys in Suid-Afrika is veranderinge in die onderwysstelsel aan die orde van die dag. Hierdie veranderinge impliseer dat nuwe eise toenemend aan onderwysers gestel word en dat onderwysers oor die vermoë moet beskik om gelyktydig verskillende rolle aan te neem. Teen hierdie agtergrond ontstaan 'n behoefte om die keuringsmeganismes vir voornemende onderwysstudente te hersien, ten einde kandidate te selekteer wat oor die vermoë sal beskik om tred te hou met hierdie snelveranderende omgewing. Keuringsmeganismes moet hersien word om meer holisties van aard te wees deurdat nie net akademiese vermoëns ingesluit word nie, maar ook ander veranderlikes, soos persoonlikheidsveranderlikes. Indien keuringsmeganismes onveranderd bly, sal Hoër Onderwysinstellings, wat onderwysers oplei, nie daarin slaag om die geskikste kandidate vir die onderwys te selekteer nie, en sal die lewering van hoë kwaliteit onderwys in Suid-Afrikaanse skole nie kan realiseer nie.

Dit word van die onderwyser verwag om 'n verskeidenheid van rolle as professionele opvoeder te vertolk. Volgens die *Educational Labour Relations Council* (ELRC) (2003), is daar sewe belangrike rolle wat 'n onderwyser moet vervul wat ook aandag moet geniet in die opleidingsprogram van voornemende onderwysers, naamlik die onderwyser as:

- fasiliteerder van leer;
- interpreteerder en ontwerper van leerprogramme, kurrikula en onderrigleermedia;
- leier, administrateur en bestuurder;
- navorser en lewenslange leerder;

- landsburger wat aktief in die gemeenskap betrokke is;
- assesserder; en
- vakkundige (SA, 2000).

Bogenoemde roldiversiteit moet in aanmerking geneem word by die keuring van voornemende onderwysers omdat dit baie spesifieke eise stel waaraan onderwysers moet voldoen.

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is sedert 1990 in 'n oorgangsfase en verandering is aan die orde van die dag. Die probleme met dissipline in skole, die afskaffing van lyfstraf, ongemotiveerde leerders, regstellende aksie, groot leerder-onderwyser ratio's en die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) is alles faktore wat 'n toename in stres by onderwysers in Suid-Afrika tot gevolg gehad het (Olivier & Venter, 2003). Studies in Suid-Afrika (Van Zyl & Pietersen, 1999) ondersteun internasionale navorsing wat bevind het dat die onderwysberoep met hoë stresvlakke geassosieer word. UGO het ook groot eise aan onderwysers gestel, veral met betrekking tot die deurlopende assessering van leerders se vordering (Olivier & Venter, 2003). Volgens die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) moet onderwysers onderrig kan gee aan leerders van alle ouderdomme, op enige vlak van onderwys, en onder enige omstandighede (Ngidi & Sibaya, 2002). Die implikasie van bogenoemde is dat die onderwyser leerders moet onderrig, selfs in gevalle waar leerders spesiale onderrigbehoefte het.

Al hierdie veranderinge en aanpassings in die onderwys in Suid-Afrika impliseer dat onderwysers groter verantwoordelikheid moet aanvaar, vinniger aanpassings moet maak en steeds 'n professionele beeld moet handhaaf, maar sonder noemenswaardige veranderinge in fasiliteite en opleiding. Dit het tot gevolg dat onderwysers bedreig voel deur al hierdie veranderinge en hoë eise wat aan hulle gestel word, wat 'n toename in stres tot gevolg het en moontlik kan lei tot uitbranding (Ngidi & Sibaya, 2002). Navorsingsbevindinge dui aan dat die selfgerapporteerde vlakke van stres deur onderwysers in Suid-Afrika hoër is as in lande soos Engeland, Australië, Malta en Wallis (Ngidi & Sibaya, 2002). Om bogenoemde stressors effektief te kan hanteer, is 'n goed-gebalanseerde persoonlikheid 'n vereiste.

Daar was nog nooit 'n groter eis aan die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gestel as om die geweld wat in skole bestaan aan te spreek nie (De Wet, 2005). In 'n artikel van Du Toit (2005) word daar melding gemaak van 'n 16-jarige seun wat 'n vrees ontwikkel het om skool toe te gaan vanweë die feit dat hy fisiek deur sy klasmaats mishandel is. Wat in hierdie geval opvallend is, is dat daar geen

noemenswaardige ingryping van onderwysers of polisie plaasgevind het nie, omdat hulle die klagtes as “kinderagtig” beskryf het (Du Toit, 2005). Vanweë die feit dat sommige onderwysers oënskynlik nie professionele verantwoordelikheid wil aanvaar nie, vind seksuele-, fisieke- en verbale mishandeling deurlopend in skole plaas en die gevolg hiervan is dat leerders sodanige vergrype as aanvaarbare gedrag begin beskou. 'n Nasionale opname wat gedurende Maart 2006 onder 4 409 jong mense gedoen is, het bevind dat 41.5% van die Suid-Afrikaanse jeug slagoffers van geweld en misdaad is (Casella & Potterton, 2006). Navorsing toon aan dat jong mense 'n risiko van tot twee maal groter loop om slagoffers van misdaad te word as wat met volwassenes die geval is. Die skool het 'n plek geword wat leerders met angsk en vrees assosieer omdat ten minste een uit vyf leerders by die skool gedreig, seergemaak of skade berokken word (Casella & Potterton, 2006). Leerders word ook verkrag, seksueel misbruik, seksueel geteister en fisiek aangerand by skole deur mede-leerders en in sommige gevalle, deur onderwysers. In die meeste van die gevalle is dit manlike onderwysers wat vroulike leerders teiken en navorsing toon aan dat 30% van meisies slagoffers is van verkragting tydens skoolure (Prinsloo, 2006). In Oktober 2006 is 'n geval in die pers gerapporteer van 'n skoolhoof wat moes bedank nadat hy skuldig bevind is aan elf aanklagte van onsedelike aanranding, bedrog en diefstal (Carstens, 2006). Onderwysers moet professionele rolmodelle wees waarmee leerders kan identifiseer, maar ongelukkig gebeur dit al hoe meer dat onderwysers nie navolgenswaardige rolmodelle is nie. Daarom is dit belangrik dat voornemende onderwysers aan 'n persoonlikheidsvaluering onderwerp word ten einde dié kandidate, wat met persoonlikheidspatologie presenteer, vroegtydig te identifiseer en om hulle uit die professie te weer.

Baie leerders sien nie die onderwys as 'n loopbaanprioriteit vir hulleself nie, maar doen bloot aansoek om toelating tot 'n onderwyseropleidingsprogram omdat daar nie ander studierigting- of loopbaanmoontlikhede is waarom hulle aansoek kan doen nie. Hierdie tendens kan hoofsaaklik aan hulle swak skoolprestasies toegeskryf word. Vanweë die lae toelatingsvereistes wat vereis word vir toelating tot 'n onderwyskwalifikasie, word voornemende onderwysstudente maklik toegelaat tot onderwyseropleidingsprogramme. Ter staving hiervan kan die minimum toelatingsvereistes vir studie in die onderwys aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), wat 'n Toelatingpunttelling (TPT) van 19 vereis, genoem word.

Dit is ook belangrik om te onthou dat onderwysers onderrig moet gee aan leerders wat hulleself in verskillende fases van ontwikkeling bevind. Dit impliseer dat leerders verskillende emosionele-, sosiale- en kognitiewe behoeftes, wat met hul fase van ontwikkeling ooreenstem, gaan hê (Louw, Van Ede & Louw, 2001). So is die leerder in die grondslagfase meer afhanklik van die onderwyser as byvoorbeeld die leerder in die Senior- en Verdere Onderwys en Opleidingsfase (VOO-fase). Daarom is dit ook waarskynlik dat die grondslagfase-onderwyser oor ander persoonlikheidstrekke moet beskik as die onderwyser in die Senior- en VOO-fases, wat weer oor ander persoonlikheidstrekke behoort te beskik as die onderwysers wat vir leerders met spesiale onderwysbehoefte onderrig gee.

Op grond van bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat die onderwys 'n veeleisende en stresvolle beroep is en daarom is dit van uiterste belang dat die "regte" kandidate vir die onderwysberoep gekeur moet word. 'n Stabiele en gesonde persoonlikheid is 'n voorvereiste om die verskillende stressors en eise, wat deel is van die onderwysberoep, effektief te kan hanteer. Dit is van wesenlike belang om seker te maak of voornemende onderwysers wel oor goedgebalanseerde persoonlikheidstrekke beskik wat hulle in staat sal stel om goeie onderwysers te kan word. Indien nie, is dit in hulle en die professie se beste belang dat hulle nie toelating tot onderwyseropleiding en die onderwysprofessie verkry nie.

Teen die agtergrond van bogenoemde wou die navorser antwoorde op die volgende navorsingsvrae vind:

- *Watter kriteria word gewoonlik nasionaal en internasionaal aangewend by die keuring van voornemende onderwysstudente en wat is die rol en funksie van 'n persoonlikheidsevaluering by die keuring van voornemende onderwysstudente?*
- *Hoe sien die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente aan die hand van die Vyffaktor-model van persoonlikheid daaruit?*
- *Hoe sien die persoonlikheidsprofiel van voltyds ingeskrewe onderwysstudente aan 'n hoër opvoedkundige instelling daaruit?*
- *Bestaan daar verskille tussen die persoonlikheidsprofile van: 1) manlike en vroulike onderwysstudente; 2) onderwysstudente in die verskillende opleidingsfases; 3) onderwysstudente met verskillende huistale; 4) onderwysstudente in die verskillende jaargroepe en; 5) onderwysstudente wat onderwys aandui as eerste beroepskeuse al dan nie?*

- *Wat is die toepassingsmoontlikheid van die NEO-FFI by die keuring van voornemende onderwysstudente?*

1.2 OORSIG VAN RELEVANTE LITERATUUR

Costa en McCrae (1992) het die *Vyffaktor-model van persoonlikheid* voorgestel as 'n algemene raamwerk wanneer verskillende persoonlikheidstrekke van die normale persoonlikheid bestudeer word. Die *Vyffaktor-model van persoonlikheid* bestaan uit 'n georganiseerde hiërargie van persoonlikheidstrekke en dek vyf basiese persoonlikheidsdomeine, naamlik Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid, en Konsensieusheid. Daar word dikwels na hierdie domeine verwys as die *Groot Vyf* (Manga, Ramos & Morán, 2004).

Die *Groot Vyf* het die universele verwysingsraamwerk geword waarvolgens persoonlikheidsstruktuur beter geëvalueer en verstaan kan word. Alhoewel dit hoofsaaklik gebruik word in die evaluering van normale persoonlikheid, kan die *Vyffaktor-model* ook suksesvol toegepas word om persoonlikheidsvaluering met die oog op beroepskeuse te doen (Ferguson & Patterson, 1998). Die gevolgtrekking kan ook gemaak word dat alhoewel die *Vyffaktor-model* nie sonder beperkinge is nie, blyk dié vyf persoonlikheidsdomeine steeds bruikbare konsepte te wees in die beskrywing van die volwasse persoonlikheid en kan dit as 'n bruikbare basis vir beroepsvoorligting dien (Parker & Stumpf, 1998).

Verskeie ondersoekte het gepoog om persoonlikheidstrekke, wat met beroepsverwante uitkomst verband hou, te identifiseer (Barrick, Mitchell & Stewart, 2003; Hogan & Holland, 2003; Hough, 2003; Johnson, 2003). In dié verband het O'Connell, Doverspike, Norris-Watts en Hattrup (2001) aangedui dat daar 'n korrelasie tussen Konsensieusheid en lidmaatskap tot 'n organisasie bestaan. Judge en Ilies (2002) het gevind dat Neurotisme, Ekstraversie en Konsensieusheid verband hou met die vlak van beroepsmotivering. Judge, Bono, Ilies en Gerhardt (2002) het bepaal dat Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, en Konsensieusheid almal verband hou met leierskap en dat Ekstraversie die beste voorspeller van leierskap is. Ander navorsing het aangedui dat Konsensieusheid positief verband hou met beroepsprestasie (Schmidt & Hunter, 2004). Rothstein en Goffin (2006) het die verband tussen die *Groot Vyf* en loopbaansukses ondersoek en gevind dat Konsensieusheid positief verband hou met beide intrinsieke loopbaansukses

(werkstevredenheid) en ekstrinsieke loopbaansukses (inkomste en beroepstatus) en dat Neurotisme negatief verband hou met ekstrinsieke loopbaansukses.

'n Opname wat gedurende 2003 in die Verenigde State van Amerika (VSA) onderneem is, het aangetoon dat 30% van besighede in die VSA van persoonlikheidsevaluering gebruik maak om die geskikte kandidate vir betrekkinge te selekteer (Heller, 2005). 'n Ander opname in Engeland het aangetoon dat elkeen van die top 100 besighede in Groot Brittanje van persoonlikheidsevaluering in die keuringsproses van kandidate gebruik maak (Faulder, 2005). Onlangse navorsing toon aan dat persoonlikheidsevaluering 'n \$400 miljoen-industrie in die VSA is en dat hierdie syfer met 'n gemiddelde van 10% per jaar toeneem (Hsu, 2004). Navorsingsresultate toon aan dat persoonlikheidsevaluering verseker dat daar 'n beter passing tussen kandidate en hul betrekkinge bestaan en dat werknemerproduktiwiteit dienooreenkomstig met 20% (Geller, 2004), 30% (Berta, 2005), 40% (Daniel, 2005) en selfs 70% (Wagner, 2000) toeneem.

Verskeie longitudinale studies dui aan dat die meeste persoonlikheidsveranderinge voor die ouderdom van 30 voorkom, met matige veranderinge daarna (Allik, Laidra, Realo & Pullman, 2004). Alhoewel daar verwag kan word dat sekere veranderinge in die persoonlikheidsdomeine gedurende volwassenheid kan voorkom (Srivastava, John, Gosling & Potter, 2003), is dit onwaarskynlik dat hierdie veranderinge persoonlikheidsveranderinge tot gevolg kan hê wat die beroepskeuse van individue betekenisvol sal beïnvloed (McCrae & Costa, 2003).

Diversiteit in die opleiding van onderwysers het 'n realiteit in die meeste multikulturele gemeenskappe van die wêreld geword. 'n Belangrike doelwit in die opleiding van onderwysers is om by kultureel-diverse klaskamers te kan aanpas. Om hierdie proses te vergemaklik, moet universiteite studente van verskillende kulture en minderheidsgroepe toelaat tot onderwysstudies om sodoende kulturele sensitiwiteit onder onderwysstudente te verhoog deur hulle vroegtydig blootstelling daaraan te laat kry (Wang & Fwu, 2007).

Die probleem is egter dat baie ontwikkelde en ontwikkelende lande 'n tekort aan onderwysers het. Verder bestaan daar ook 'n besorgdheid oor die feit dat sommige onderwysers 'n swak beeld van die onderwys by leerders laat voortleef wat impliseer dat hierdie leerders nie die onderwys as 'n moontlike beroepskeuse beskou nie (Cooke, 2000; Gopinathan & Ho, 2000). Daar moet dus pogings aangewend word om die status en beeld van die onderwys as beroep te verbeter om

sodoende te verseker dat meer leerders die onderwys as 'n beroepskeuse sal oorweeg en dat hoë kwaliteit voornemende onderwysers geselekteer en opgelei kan word (Wang & Fwu, 2007).

Gegewe die toenemende belangstelling wat universiteite in die gebruik van gestandaardiseerde psigometriese instrumente tydens die keuring van voornemende studente toon, moet die gebruikswaarde van persoonlikheidsevaluering opnuut ondersoek word. Veral aangesien persoonlikheidsverskille besondere opvoedkundige relevansie inhou vir hoër opvoedkundige leerprogramme (Chamorro-Premuzic & Furnham, 2003). Daar is empiriese bewyse wat aandui dat beide persoonlikheid en intelligensie belangrike voorspellers van akademiese prestasie is, aangesien beide verband hou met onderrig en leer. *Intelligensie* verwys na *wat 'n persoon kan doen* en *persoonlikheid* verwys na *hoe 'n persoon dit gaan doen* (Chamorro-Premuzic & Furnham, 2003).

Die individu, wat oor die persoonlikheid beskik wat die beste pas by die onderwys, moet geselekteer word om onderwys te studeer (National Institute of Education, 2006). Daar moet dus 'n klemverskuiwing plaasvind vanaf "*onderwysers wat gevorm moet word*" na "*onderwysers wat geselekteer moet word*" (Wang & Fwu, 2007).

1.3 NAVORSINGSDOELWITTE

In ooreenstemming met die navorsingsvrae wat in paragraaf 1.1 gestel is, is die volgende navorsingsdoelwitte gestel:

Die navorsing het dit ten doel om:

- *deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal watter kriteria gewoonlik nasionaal en internasionaal aangewend word by die keuring van voornemende onderwysstudente en wat die rol en funksie van persoonlikheidsevaluering by die keuring van voornemende onderwysstudente is;*
- *deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal hoe die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente aan die hand van die Vyffaktor-model van persoonlikheid daaruit sien;*
- *empiries te bepaal hoe die persoonlikheidsprofiel van voltyds ingeskrewe onderwysstudente aan 'n hoër opvoedkundige instelling daaruit sien;*

- *empiries te bepaal of daar verskille bestaan tussen die persoonlikheidsprofile van 1) manlike en vroulike onderwysstudente; 2) onderwysstudente in die verskillende opleidingsfases; 3) onderwysstudente met verskillende huistale; 4) onderwysstudente in die verskillende jaargroepe en; 5) onderwysstudente wat onderwys aandui as eerste beroepskeuse al dan nie; en*
- *die toepassingsmoontlikheid van die NEO-FFI by die keuring van voornemende onderwysstudente te bepaal.*

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord en die navorsingsdoelwitte te laat realiseer, is 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek onderneem:

1.4.1 Die literatuurstudie

'n Literatuurstudie wat fokus op die kriteria wat nasionaal en internasionaal aangewend word by die keuring van voornemende onderwysstudente, die rol en funksie van persoonlikheidsevaluering by die keuring van voornemende onderwysstudente, asook die unieke persoonlikheidstrekke waarvoor onderwysers behoort te beskik, is onderneem. Rekenaarsoektogte na resente en relevante primêre en sekondêre bronne is deur middel van NEXUS, EBSCOHost, ERIC, ScienceDirect, SAePublications en Sabinet gedoen, en Internetsoektogte is met behulp van soekenjins soos Google Scholar gedoen.

Die volgende trefwoorde is in die soektogte gebruik: "*keuring van onderwysers*", "*persoonlikheidsevaluering van onderwysers*", "*persoonlikheidstrekke van onderwysers*" / "*selection of teachers*", "*personality assessment of teachers*", "*personality traits of teachers*".

1.4.2 Die empiriese ondersoek

1.4.2.1 Navorsingsontwerp

'n Kwantitatiewe, nie-eksperimentele metode is vanuit 'n positivistiese navorsingsparadigma gevolg.

1.4.2.2 Studiepopulasie

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is alle eerste-, tweede-, derde-, vierdejaar- en NGOS-studente wat voltyds ingeskrewe onderwysstudente in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) was, as studiepopulasie gebruik.

1.4.2.3 Meetinstrument

Die Persoonlikheidsvraelys wat in die navorsing gebruik is, is die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992), wat 'n verkorte weergawe van die NEO PI-R is (Costa & McCrae, 1992). Dit neem ongeveer 15 minute om die 60-item vraelys te voltooi wat op 'n Likert-tipe skaal met vyf responsmoontlikhede wat wissel van 1 (*stem nie volkome saam nie*) tot 5 (*stem volkome saam*) beantwoord moet word.

Die NEO PI-R (Costa & McCrae, 1992) en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) meet die volgende persoonlikheidsdomeine wat algemeen bekend staan as die Groot Vyf-model van persoonlikheid: Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid, en Konsensieusheid. Die psigometriese eienskappe van die NEO-FFI is bevredigend (Hoekstra, Ormel & De Fruyt, 1996). Costa en McCrae (1992) het konstrugeldigheid vir die NEO-FFI volgens geslag, ouderdom en rasse-groep bereken. Volgens Costa en McCrae (1992), wissel die Cronbach Alpha-koëffisiënte van die NEO-FFI vanaf 0,86 (Openheid vir Ervaringe) tot 0,92 (Neurotisme). Costa en McCrae (1992) het toets-hertoets betroubaarheidskoëffisiënte vir Ekstraversie, Neurotisme en Openheid vir Ervaringe bereken, wat gewissel het vanaf 0,68 tot 0,83 (oor 6 jaar) en 0,63 tot 0,79 vir Inskiklikheid en Konsensieusheid (oor 3 jaar).

1.4.2.4 Statistiese tegnieke

Die volgende statistiese tegnieke is tydens die analise van die data toegepas:

- Beskrywende statistiek: Die berekening van gemiddeldes, standaardafwykings, frekwensies, en persentasies van die response op die vraelys.
- Faktor-analises: Bevestigende faktor-analises en strukturele vergelykingsmodelle is uitgevoer ten einde die konstrugeldigheid van die meetinstrument (NEO-FFI) te bepaal.
- Betroubaarheidskoëffisiënte: Cronbach se Alpha-koëffisiënte is bereken om die betroubaarheid van die NEO-FFI te bepaal.
- Statistiese- en praktiese betekenisvolheid: Statistiese betekenisvolheid is deur p-waardes bereken en praktiese betekenisvolheid is deur Cohen se effekgroottes (d-waardes) bereken.
- Staneges: Hierdie tellings is bereken ten einde norme vir die NEO-FFI vir die studiepopulasie te ontwikkel.

1.5 ETIESE ASPEKTE

Toestemming vir die navorsing is van die Etiekomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) verkry. Deelnemers het op 'n vrywillige basis aan die navorsing deelgeneem en geen deelnemer het deelgeneem alvorens 'n ingeligte toestemmingsvorm deur die deelnemer voltooi is nie. Alle inligting is as vertroulik hanteer en geen persoon is geïdentifiseer nie. Deelnemers kon hulleself enige tyd tydens die aflegging van die vraelys aan die navorsing onttrek. Die deelnemers is nie op enige wyse benadeel nie en hulle psigiese en fisieke welstand is nie bedreig nie. Die NEO-FFI is deur die navorser, as geregistreerde sielkundige, aangekoop en geadministreer. Die NEO-FFI is geadministreer in ooreenstemming met die reëls en regulasies (soos vervat in die handleiding) en in ooreenstemming met die voorskrifte van die toetsverspreiders. Slegs volledig ingevulde vraelys is vir die doeleindes van die statistiese analise gebruik.

1.6 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Die navorsing sluit aan by Sub-program 2 (*Die verbetering van die effektiwiteit van die onderrig- en leeraktiwiteite in onderrig- en leerorganisasies*) van die Navorsingsfokusarea van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en werp meer lig op die wenslikheid en/of noodsaaklikheid van persoonlikheidsevaluering as deel van die keuringsproses van voornemende onderwysstudente. Die navorsingsresultate kan 'n bydrae lewer tot die daarstelling van 'n meer omvattende keuringsproses (insluitende persoonlikheidsevaluering) van voornemende onderwysstudente, wat aanleiding kan gee tot die keuring van 'n hoër kwaliteit onderwysstudent. Sodoende kan 'n “beter” onderwyser aan die onderwysprofessie gelewer word, wat op sy beurt tot die verbetering van onderrig- en leeraktiwiteite in skole sal bydra.

1.7 HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukke verskyn in die verhandeling:

Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling, doel, metode en plan van ondersoek

In Hoofstuk 1 is die probleemstelling van die onderhawige navorsing geformuleer en gemotiveer, waarna vyf navorsingsdoelwitte gestel is. Navorsingsdoelwitte een en twee is deur 'n literatuurondersoek beantwoord, terwyl navorsingsdoelwitte drie, vier en vyf aan die hand van 'n empiriese ondersoek beantwoord word. Verder word die navorsingsontwerp, studiepopulasie, meetinstrument, statistiese tegnieke en etiese aspekte, wat tydens die navorsing in ag geneem is, bespreek.

Hoofstuk 2: Persoonlikheid: 'n Teoretiese eksposisie

In Hoofstuk 2 word 'n teoretiese eksposisie oor die konstruk persoonlikheid aangebied. Nadat persoonlikheid en persoonlikheidstrekke gedefinieer en gekonseptualiseer is, word aandag gegee aan die ontwikkeling van persoonlikheidsteorieë vanaf die antieke beskouing van persoonlikheid van Hippokrates (470 – 360 v.C.) tot by die mees resente Vyffaktor-teorie van McCrae en Costa (2003). Die leksikale hipotese en faktoranalitiese studies waarop die Vyffaktor-model van

persoonlikheid gebaseer is, word in detail bespreek en die hoofstuk word afgesluit met 'n kritiese evaluering van die Vyffaktor-model van persoonlikheid en die Vyffaktor-teorie van persoonlikheid van Costa en McCrae (1992) en McCrae en Costa (2003).

Hoofstuk 3: Die rol van persoonlikheidsevaluering in die keuring van voornemende onderwysstudente

In Hoofstuk 3 word die rol van persoonlikheidsevaluering in die keuring van voornemende onderwysstudente ondersoek deur eerstens te verwys na die visie wat die Departement van Onderwys vir onderwys in Suid-Afrika het, gevolg deur 'n bespreking van die rolle wat onderwysers in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel moet speel en die professionele gedragskode waaraan onderwysers, volgens die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO), moet voldoen. Hierna volg 'n bespreking van die resultate van sistemiese evaluasies waaruit blyk dat onderwys in Suid-Afrika tans in 'n krisis is. Teen hierdie agtergrond word kortliks aandag gegee aan die keuring van onderwysstudente vanuit 'n internasionale perspektief gevolg deur 'n gedetailleerde bespreking oor die keuring van onderwysstudente in Suid-Afrika. Na 'n kritiese evaluering van die keuringsmeganismes wat geld by die keuring van onderwysstudente in Suid-Afrika, word die gewenste persoonlikheidsprofiel waarvoor onderwysers behoort te beskik vanuit 'n literatuurondersoek bepaal. Hierdie teoretiese bepaalde gewenste persoonlikheidsprofiel word voorgestel en aanbeveel as kriteria indien persoonlikheidsevaluering as deel van die keuring van voornemende onderwysstudente aangewend gaan word.

Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp en -metodologie

In Hoofstuk 4 word die vyf navorsingsdoelwitte weer gestel en daar word aangetoon hoe die drie empiriese navorsingsdoelwitte (navorsingsdoelwitte drie, vier en vyf) deur 'n empiriese ondersoek beantwoord word. Die navorsingsontwerp, studiepopulasie, meetinstrument, kwantitatiewe data-analise tegnieke en etiese en administratiewe prosedures wat gevolg is, word bespreek.

Hoofstuk 5: Resultate

In Hoofstuk 5 word die resultate van die navorsing, met rapportering oor die biografiese inligting van die deelnemers as vertrekpunt, bespreek. Hierna word die geldigheid en betroubaarheid van die meetinstrument (NEO-FFI) bespreek, waarna die resultate van die persoonlikheidsevaluering

volgens geslag, studiejaar en opleidingsfase aangebied word. Staneges word aangewend om norme vir die studiepopulasie te bereken waarvolgens persoonlikheidsevaluering as deel van die keuring van voornemende onderwysstudente, met behulp van die NEO-FFI, kan geskied. Ten slotte word die interpretasie van die berekende norme aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer.

Hoofstuk 6: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

In Hoofstuk 6 word daar 'n kort samevatting aangebied van dit wat in elke hoofstuk bespreek is, gevolg deur 'n bespreking van die gevolgtrekkings en aanbevelings wat by elkeen van die vyf navorsingsdoelwitte gemaak is. Die hoofstuk word afgesluit met aanbevelings vir verdere navorsing.

1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat daar 'n leemte aangaande die rol en funksie van persoonlikheidsevaluering by die keuring van voornemende onderwysstudente in die literatuur bestaan. Die navorsing is op 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek gebaseer. In die empiriese ondersoek is erkende statistiese tegnieke gebruik om die ingesamelde data te analiseer en te interpreteer. Die resultate is aangewend om die toepassingsmoontlikheid van die NEO-FFI by die keuring van voornemende onderwysstudente te bepaal.

In Hoofstuk 2 sal 'n teoretiese eksposisie van die konstruk persoonlikheid aangebied word.

PERSOONLIKHEID: 'N TEORETIESE EKSPOSISIE

2.1 INLEIDING

Een van die interessantste en belangrikste kenmerke van individue is dat hulle so van mekaar verskil; nie alleen omdat individue nie almal oor dieselfde persoonlikheidstrekke beskik nie, maar ook omdat dieselfde persoonlikheidstrekke op verskillende maniere deur verskillende individue gedemonstreer word. As alle individue in alle opsigte presies dieselfde gefunksioneer het, sou daar waarskynlik geen behoefte bestaan het om die begrip persoonlikheid te definieer nie. Die volle omvang van uniekheid kan egter nie begryp word deur elke persoonlikheidstrek afsonderlik te bestudeer nie, maar eerder deur aandag te skenk aan die komplekse interaksie tussen die verskillende persoonlikheidstrekke van 'n spesifieke individu.

In hierdie hoofstuk volg 'n omskrywing van persoonlikheid asook 'n oorsig oor die ontwikkeling van persoonlikheidsteorieë vanaf die antieke teorieë tot meer resente teorieë, met spesifieke fokus op die Groot Vyf-model van persoonlikheid.

2.2 OMSKRYWING VAN PERSOONLIKHEID

2.2.1 Definisies van persoonlikheid

Die woord *persoonlikheid* word in die algemene spreektaal met verskillende betekenisse gebruik en dit is dus nodig om hierdie betekenisse te ontleed ten einde te verstaan wat bedoel word as daar in leketaal na *persoonlikheid* verwys word. Die woord word eerstens gebruik om op die sosiale aspek van 'n persoon te dui, byvoorbeeld as daar gesê word dat iemand 'n sterk persoonlikheid het. In die sielkundige vaktaal word *persoonlikheid* nie op hierdie wyse gebruik nie (Ryckman, 2006). Tweedens word *persoonlikheid* in die algemene spreektaal gebruik om te verwys na individue se gewone gedragswyses of hul geaardheid. So word daar soms voorspellings oor individue se gedrag op grond van hul persoonlikhede gemaak, byvoorbeeld as die optrede van 'n individu ons verras omdat dit nie by die individu se persoonlikheid pas nie.

Hierdie gebruik van die woord stem in hoofsaak ooreen met hoe daar in die Sielkunde na persoonlikheid verwys word (Pervin, Cervone, & John, 2005).

Daar is steeds min eenstemmigheid oor die definisie van persoonlikheid binne die Sielkunde. Hierdie gebrek aan eenstemmigheid dui daarop dat persoonlikheid 'n ingewikkelde verskynsel is waarvoor daar nie eenvoudige verklarings gegee kan word nie. Sommige definisies van persoonlikheid lê klem op die uiterlike voorkoms en waarneembare eienskappe van die individu. Die term "persoonlikheid" is afgelei van die Latynse woord "*persona*" wat verwys na die maskers wat deur die akteurs in die antieke Griekse dramas gedra is. In hierdie verband het persoonlikheid betekenis gekry deur die rol wat 'n akteur in 'n verhoogspel speel of die sosiale beeld van die persoon; dit wil sê van die gedrag wat hy na buite vertoon (Feist & Feist, 2009). Ander definisies beskou persoonlikheid as die som van 'n individu se persoonlikheidstrekke, sonder inagneming van die verwantskap tussen die persoonlikheidstrekke. 'n Ander groep definisies beklemtoon juis die interaksie of verwantskap wat daar tussen persoonlikheidstrekke bestaan; dit wil sê hoe verskillende persoonlikheidstrekke binne dieselfde individu mekaar beïnvloed. Sekere definisies sien persoonlikheid as 'n meganisme wat die individu help om by sy omgewing aan te pas en ander definisies beskryf persoonlikheid as daardie persoonlikheidstrekke wat die individu uniek maak. Sommige sielkundiges verwerp weer die begrip persoonlikheid heeltemal, veral die siening dat persoonlikheid "iets" binne die individu is en hulle skryf die oorsaak van gedrag slegs aan omgewingsfaktore toe (Möller, 1993).

Vervolgens word enkele voorbeelde van definisies, wat algemeen in die literatuur aangetref word, weergegee. Hiervolgens is persoonlikheid:

- daardie eienskappe en gewoontes van 'n persoon wat van sosiale belang is, wat stabiel bly oor tyd en weerstand teen verandering bied (Guthrie, 1944);
- dit wat 'n voorspelling moontlik maak van wat 'n persoon in 'n gegewe situasie sal doen (Cattell, 1950);
- die mees toereikende konseptualisering van 'n persoon se gedrag in al sy besonderhede wat 'n wetenskaplike op 'n spesifieke tydstip kan gee (McClelland, 1951);
- die relatief standhoudende patrone van herhalende interpersoonlike situasies wat 'n menslike lewe kenmerk (Sullivan, 1953);
- 'n persoon se unieke patroon van trekke (Guilford, 1959);
- die dinamiese organisasie van daardie psigofisiese stelsels binne die individu wat sy kenmerkende gedrag en denke bepaal (Allport, 1961);

- die min of meer stabiele en standhoudende organisasie van 'n persoon se karakter, temperament, intellek, en liggaamsbou wat sy unieke aanpassing by die omgewing bepaal (Eysenck, 1970);
- die samevoeging van alle relatief standhoudende dimensies waarop 'n individu beoordeel kan word (Byrne, 1974).
- daardie strukturele en dinamiese eienskappe van 'n individu soos dit weerspieël word in kenmerkende response op situasies (Pervin, 1975);
- die kenmerkende gedragspatroon (denke en emosies ingesluit) wat elke individu se aanpassing by sy lewensomstandighede tipeer (Mischel, 1976); en
- dit wat 'n individu soortgelyk aan, of verskillend van ander maak (Chamorro-Premuzic, 2007).

Alhoewel uiteenlopend van aard, blyk dit tog asof daar 'n gemeenskaplike element in al hierdie definisies teenwoordig is. Eerstens word daar na persoonlikheid verwys as 'n kenmerkende struktuur, kombinasie en organisasie van gedragspatrone, denke en emosies wat elke individu uniek maak. In die tweede plek stel persoonlikheid individue in staat om by hul unieke daaglikse lewensomstandighede aan te pas. Laastens verwys persoonlikheid na die dinamiese aard van die individu en die geneigdheid om met 'n mate van konstantheid of voorspelbaarheid oor tyd in 'n verskeidenheid van situasies te reageer. Gevolglik word persoonlikheid beskou as 'n belangrike hipotetiese konstruk wat aangewend kan word om die organisasie en integrasie van gedrag en individuele verskille te verklaar.


Op grond van bogenoemde, kan persoonlikheid dus gedefinieer word as 'n konstruk wat in sy wydste betekenis dui op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisieke eienskappe, soos dit in die individu se wisselwerking met die omgewing, en veral met ander individue, tot uiting kom, en wat deur interaksie tussen biologiese- en omgewingsfaktore bepaal word.

Die term persoonlikheid verwys gewoonlik na die konfigurasie van individuele persoonlikheidstrekke wat op 'n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe aanwesig is (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997). Die term persoonlikheid word gebruik om algemene styl en voorkeure te beklemtoon wat toegeskryf kan word aan positiewe interne attribusies. Persoonlikheid verwys verder na geneties bepaalde psigologiese ooreenkomste wat dit moontlik maak om individue op die basis van hul observeerbare voorkeure en style te vergelyk. Verder evalueer individue hulleself volgens hul outobiografiese beskrywings ten einde hul persoonlikheid te vestig (Chamorro-Premuzic, 2007).

2.2.2 Konseptualisering van persoonlikheid

Persoonlikheid kan gekonseptualiseer word volgens die nomotetiese of ideografiese paradigma en/of volgens die disposisionele of situasionele benadering (Chamorro-Premuzic, 2007). Die nomotetiese paradigma neem aan dat individuele verskille beskryf, verduidelik en voorspel kan word deur vooraf gedefinieerde persoonlikheidstrekke. Volgens die nomotetiese paradigma kan elke individu se persoonlikheid dus voorgestel word in terme van verskillende vlakke van dieselfde vektore. Dit kan vergelyk word met elke stad in die wêreld wat geografies gelokaliseer kan word deur dieselfde koördinate van lengte en breedte te gebruik. Figuur 2.1 gee 'n visuele voorstelling van die nomotetiese paradigma.


Tipe: p1 • _____ • p2

Trekke: 

FIGUUR 2.1: NOMOTETIESE PARADIGMA

Volgens Figuur 2.1 is dit duidelik dat wanneer individue volgens persoonlikheidstipe geklassifiseer word, daar van 'n digotomiese indeling gebruik gemaak word. Indien p1 (persoon 1), byvoorbeeld, introversie sal voorstel en p2 (persoon 2) ekstroversie voorstel, is die implikasie dat 'n individu óf 'n introvert óf 'n ekstrovert kan wees. Wanneer individue egter volgens persoonlikheidstrekke geklassifiseer word, word persoonlikheid as 'n kontinuum gesien, byvoorbeeld waar p1 (persoon 1) meer na die introversie toe neig en p2 (persoon 2) meer na ekstroversie toe neig, met p1 (persoon 1) wat meer introverte eienskappe demonstreer, maar steeds ekstroverte eienskappe bevat, en p2 (persoon 2) wat meer ekstroverte eienskappe demonstreer, maar steeds introverte eienskappe bevat.


Die ideografiese paradigma neem aan dat elke individu uniek is en dat twee mense nie beskryf kan word deur dieselfde konsepte of terme te gebruik nie. Verskillende vektore of koördinate sal dus benodig word om elke persoon se individualiteit te beskryf. Daar word dus 'n kenmerkende onderskeid getref tussen die nomotetiese paradigma en die ideografiese paradigma (Chamorro-Premuzic, 2007). Figuur 2.2 gee 'n visuele voorstelling van die ideografiese paradigma.



FIGUUR 2.2: IDEOGRAFIESE PARADIGMA

Figuur 2.2 illustreer dat p1 (persoon 1) 'n totale ander samestelling van persoonlikheidstrekke het as p2 (persoon 2) met slegs 'n geringe area, waar die twee lyne kruis, wat gemeenskaplike persoonlikheidstrekke verteenwoordig.

Verder word daar ook onderskeid getref tussen die disposisionele en die situasionele persoonlikheidsbenaderings (Chamorro-Premuzic, 2007). Die disposisionele benadering beskou persoonlikheid in terme van konstante en onveranderlike disposisies wat bepaal hoe die individu optree, dink en voel, ongeag die konteks waarin die individu hom-/haarself bevind. Die situasionele benadering, daarenteen, beskou persoonlikheid in terme van onverwante toestande of gedrag wat bepaal word deur situasionele faktore. Streng gesproke slaag die disposisionele benadering beter daarin om persoonlikheid te beskryf as die situasionele benadering, aangesien die situasionele benadering in konflik is met die idee dat die kontinuïteit of essensie van elke individu beskryf kan word. Die situasionele benadering glo dus dat individue verskillend optree in verskillende kontekste met die gevolg dat dit onmoontlik is om die essensie van 'n individu vas te vang (Chamorro-Premuzic, 2007). Figuur 2.3 gee 'n visuele voorstelling van die situasionele benadering.



FIGUUR 2.3: SITUASIONELE BENADERING

Volgens Figuur 2.3 is dit duidelik dat p1 (persoon 1) verskillend optree in verskillende kontekste en dat dit nie moontlik is om konstante persoonlikheidstrekke te identifiseer nie, aangesien p1 (persoon 1) se gedrag gaan wissel na gelang van die situasie waarin die individu hom-/haarself bevind.

Die disposisionele benadering gee meer aandag aan die essensiële en onveranderlike persoonlikheidstrekke van 'n individu. Die disposisionele benadering is dus nomoteties van aard, aangesien dit verskillende individue beskryf deur dieselfde terme te gebruik. Verder kan die disposisionele benadering onderverdeel word in persoonlikheidstrekke en persoonlikheidstipes, afhangende van die wyse waarop persoonlikheidsdomeine geassesseer word (Chamorro-Premuzic, 2007). Daar word melding gemaak van persoonlikheidstrekke wanneer persoonlikheid op 'n ordinale manier geassesseer word en van persoonlikheidstipes wanneer persoonlikheid op 'n kategorieë manier geassesseer word. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer iemand as 'n introvert of 'n ekstrovert bestempel word en daar van 'n kategorieë indeling gebruik gemaak word, wat beteken dat daar van persoonlikheidstipes gepraat word. Wanneer iemand byvoorbeeld 'n telling van 49 op Ekstraversie behaal, word daar van 'n ordinale of kwantitatiewe indeling gebruik gemaak, wat verwys na persoonlikheidstrekke (Chamorro-Premuzic, 2007).

2.2.3 Beskrywing van persoonlikheidstrekke

Carver en Scheier (2000) beskryf persoonlikheidstrekke as 'n dinamiese organisasie van psigofisiese sisteme binne 'n persoon wat 'n persoon se kenmerkende gedragspatrone, denkpatrone en gevoelspatrone skep. Verder verwys persoonlikheidstrekke na interne psigologiese disposisies wat grootliks onveranderd bly deur 'n persoon se lewe en gebruik kan word om verskille tussen individue te verklaar (Chamorro-Premuzic, 2007). So kan een individu byvoorbeeld as 'n ekstrovert beskryf word, terwyl 'n ander individu weer as 'n introvert beskryf word, of een individu as neuroties beskryf word, terwyl 'n ander individu as emosioneel stabiel beskryf word. Derhalwe beskou Chamorro-Premuzic (2007) persoonlikheid as dít wat 'n individu soortgelyk aan, of verskillend van ander maak en hy meen verder dat navorsing oor persoonlikheidstrekke op die fundamentele ooreenkomste en verskille tussen individue moet fokus. Persoonlikheidstrekke verwys dus na 'n algemene beskrywing van 'n individu en verskaf 'n universele raamwerk waarvolgens individue met mekaar vergelyk kan word, terwyl elke individu se individualiteit steeds in ag geneem word.

2.3 DIE ONTWIKKELING VAN PERSOONLIKHEIDS- TEORIEË

Dit is relatief eenvoudig om die struktuur van die menslike liggaam te verstaan omdat dit gedissekteer kan word om aan te toon presies waar watter organe gevind kan word. Om die dinamiese werking van die organe (fisiologie) te verstaan is egter meer ingewikkeld, maar dit word deur kennis oor die anatomie vereenvoudig (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Om die struktuur en funksie van persoonlikheid te bestudeer is egter veel meer uitdagend aangesien persoonlikheid 'n abstrakte, onhanteerbare konstruk is. In plaas daarvan om direk die struktuur van persoonlikheid waar te neem, moet daar persoonlikheidsteorieë en –modelle, ter verklarings van hoe die persoonlikheidsstruktuur moontlik kan lyk, ontwikkel word.

Vervolgens word die historiese verloop van die ontwikkeling van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidsmodelle verskaf, in 'n poging om 'n beter begrip te kry oor wat met persoonlikheidsstruktuur bedoel word.

2.3.1 Die antieke beskouing van persoonlikheid: Hippokrates (470–360 v.C.)

Soos in die geval van die meeste ander wetenskappe, dateer die geskiedenis van persoonlikheidsteorieë ook terug na die antieke Griekse tyd. Dit word algemeen aanvaar dat die eerste persoonlikheidsteorie deur Hippokrates geformuleer is (Chamorro-Premuzic, 2007). In die vyfde eeu v.C. het Hippokrates geglo dat daar vier basiese elemente bestaan, naamlik grond, lug, vuur en water. Hy het verder geglo dat elke element met bepaalde vloeistowwe in die liggaam verband hou en hy het beweer dat as daar te veel van 'n sekere vloeistof teenwoordig is, dit 'n bepaalde temperament tot gevolg sou hê. Met temperament verwys Hippokrates na hoe vinnig en intens 'n persoon se emosies opgewek kan word en ook na die persoon se gemoedstoestand. Die idee dat temperament deur liggaamsvloeistowwe beïnvloed sou word, is tot in die sewentiende eeu deur Westerse medici aanvaar. Tabel 2.1 gee 'n uiteensetting van Hippokrates se tipering van die persoonlikheid.

Tabel 2.1: Persoonlikheidstipologie volgens Hippokrates

Element	Liggaamsvloeistof	Temperament	Persoonlikheidseienskappe
<i>Grond</i>	Swartgal	Melancholies	Teruggetrokke, ongelukkig
<i>Lug</i>	Bloed	Sanguinies	Vrolik, uitgaande, kalm
<i>Vuur</i>	Geelgal	Choleries	Geïrriteerd, knorrig, luidrugtig
<i>Water</i>	Flegma	Flegmaties	Stil, gelykmatig, nie-emosioneel


(Derlega, Winstead & Jones, 2005)

Die antieke Griekse klassifikasie van persoonlikheidstipes neem dus aan dat biologiese verskille (in fisiologiese samestellings) gedragsverskille (in psigologiese samestellings) veroorsaak. Die vier temperamentele tipes in Hippokrates se teorie beskryf biologiese verskille volgens die vlak van spesifieke vloeistowwe in die liggaam wat individuele verskille in alledaagse gedrag veroorsaak (Chamorro-Premuzic, 2007). Die sanguiniese temperament beskryf entoesiastiese, optimistiese en vrolike individue wat lewenstevredenheid ervaar en oor die algemeen goeie fisieke en geestelike gesondheid geniet. Volgens Hippokrates hou hierdie tipe temperament verband met hoë vlakke van bloedtoevoer of “bloedsterkte”. Sanguiniese individue ervaar gewoonlik ’n goeie gemoed, is geneig om gelukkig te wees en is prettige mense om mee te sosialiseer (Chamorro-Premuzic, 2007). Die choleriese temperament verwys weer na aggressiewe, opgewekte en temperamentele individue. Volgens Hippokrates word hierdie tipe temperament veroorsaak deur hoë vlakke van geelgal (’n chemiese afvalstof wat deur die galblaas gedurende spysvertering vrygestel word). Choleriese individue word dikwels beskryf as geïrriteerd, emosioneel en humeurig (Chamorro-Premuzic, 2007). Individue met ’n flegmatiese temperament word beskryf as kalm en rustige individue. Volgens Hippokrates word hierdie tipe temperament veroorsaak deur mukus van die longe wat tipies gedurende verkoue of longontsteking voorkom (Chamorro-Premuzic, 2007). Die melancholiese temperament beskryf die hartseer, depressiewe en pessimistiese individue. Volgens Hippokrates is die biologiese oorsprong van melancholie die wanfunksionering van ’n orgaan wat bekend staan as “swartgal”. Melancholie hou verband met ’n abnormale eerder as ’n normale persoonlikheid en dit is belangrik om te beseft dat alhoewel meeste individue soms hartseer of melancholies voel, melancholiese individue geneig is om die meeste van die tyd hartseer of leeg te voel (Chamorro-Premuzic, 2007).

Alhoewel hierdie persoonlikheidstipologie so vroeg soos 500 v.C. ontwikkel is, word sekere van hierdie begrippe van Hippokrates steeds vandag gebruik wanneer daar na persoonlikheidstrekke verwys word, byvoorbeeld as daar na individue verwys word as swartgallig, melancholies of flegmaties.

2.3.2 Wilhelm Wundt (1832-1920)

Wilhelm Wundt het beweer dat daar vier basiese temperamente is en het daarna verwys as persoonlikheidstrekdimensies. Die eerste dimensie strek vanaf *vinnig om emosioneel te reageer* tot *stadig om emosioneel te reageer*. Die tweede dimensie strek vanaf *sterk emosionele reaksie* tot *matige emosionele reaksie*. Bogenoemde twee dimensies vorm 'n matriks waarbinne die vier klassieke temperamente van Hippokrates kan inpas. Figuur 2.4 verskaf 'n visuele voorstelling van die integrasie tussen Wundt se beskouing van persoonlikheid en Hippokrates se persoonlikheidstipologie (Möller, 1993).



(Möller, 1993)

FIGUUR 2.4: INTEGRASIE VAN WUNDT EN HIPPOKRATES SE BESKOUIING VAN DIE PERSOONLIKHEID

Ter verduideliking van Figuur 2.4, sal individue wat vinnig is om emosioneel te reageer en sterk emosies toon dus oor 'n choleriese temperament beskik, terwyl individue wat stadig is om emosioneel te reageer en matige emosies toon oor 'n flegmatiese temperament beskik. Individue wat stadig is om emosioneel te reageer, maar oor sterk emosies beskik, sal 'n melancholiese temperament hê, terwyl individue wat vinnig is om emosioneel te reageer en oor matige emosies beskik bekend staan as individue met 'n sanguiniese temperament.

2.3.3 Gordon W. Allport (1897-1967)

Allport beskou persoonlikheidstrekke as die basis van persoonlikheid en tref 'n onderskeid tussen persoonlikheidstrekke wat op grond van frekwensie en intensiteit wissel na gelang van

die situasie (Möller, 1993). Volgens Tabel 2.2 blyk dit duidelik dat Allport persoonlikheidstrekke verbind aan sekere toestande wat verder deur sekere aktiwiteite gekenmerk word (Möller, 1993).

Tabel 2.2: Allport se siening van persoonlikheid

Persoonlikheidstrekke	Toestande	Aktiwiteite
Saggeaard	Verdwaas	Fuiwery
Baasspelerig	Tevrede	Grootpratory
Goedvertrouend	Kwaad	Afloerdery
Bedees	Versterk	Oplet
Sluheid	Opgewek	Onthulling

(Möller, 1993)

Ter verduideliking van Tabel 2.2, sal individue wat baasspelerig is tevrede voorkom en deelneem aan aktiwiteite wat gekenmerk word deur grootpratory, terwyl individue wat saggeaard is verdwaas sal voorkom en sal deelneem aan aktiwiteite wat gekenmerk word deur fuiwery. Allport het verder 'n onderskeid getref tussen drie tipes persoonlikheidstrekke, naamlik kardinale trekke, sentrale trekke en sekondêre disposisies (Chamorro-Premuzic, 2007). 'n Kardinale trek stel 'n disposisie voor wat so merkwaardig is dat elke optrede van die individu daardeur gekenmerk word (Chamorro-Premuzic, 2007). So kry 'n mens manipulerende, sadistiese, dominerende en gesaghebbende individue. Volgens Allport het die meeste individue min tot geen kardinale trekke nie. 'n Sentrale trek stel 'n disposisie voor wat slegs na vore kom in sekere situasies en sluit eerlikheid, vriendelikheid en assertiwiteit in (Chamorro-Premuzic, 2007). 'n Sekondêre disposisie is 'n trek wat nie algemeen by individue voorkom nie. 'n Kalm individu sal byvoorbeeld in sekere situasies aggressief wees, alhoewel dit nie 'n akkurate refleksie van sy persoonlikheid is nie. Allport is dus van mening dat die situasie waarin die individu homself bevind 'n invloed het op die manier waarop die individu uitdrukking gee aan spesifieke persoonlikheidstrekke (Chamorro-Premuzic, 2007). Dit verklaar waarom 'n individu nie altyd op dieselfde wyse in alle situasies optree nie. Volgens Allport verduidelik die trekbenadering die stabiliteit van gedrag en die situasie verduidelik die verskeidenheid van gedrag (Chamorro-Premuzic, 2007).

2.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE TREKBENADERING TOT PERSOONLIKHEID

In hierdie afdeling gaan die historiese ontwikkeling van die trekbenadering tot persoonlikheid as vertrekpunt dien. Dit word gevolg deur kort besprekings van die leksikale hipotese en faktoranalise wat die belangrikste bydraes gelewer het in die ontwikkeling van die trekbenadering tot persoonlikheid. Hierna word besprekings van die persoonlikheidsteorieë van Eysenck, Cattell en Costa en McCrae aangebied.

2.4.1 Historiese ontwikkeling

Verskeie individue (Cattell, 1973; 1983; Eysenck, 1981; 1997a) en navorsingspanne (Tupes & Christal, 1961; Costa & McCrae, 1992; McCrae & Costa, 2003) het gebruik gemaak van 'n faktor-analitiese benadering by die meting van persoonlikheid en die identifisering van persoonlikheidstrekke/-faktore wat gebruik moet word om persoonlikheid volledig te assesser (Feist & Feist, 2009). Tans stem die meeste navorsers ooreen dat vyf dominante persoonlikheidstrekke/-faktore uit die meeste faktor-analitiese tegnieke na vore kom (Feist & Feist, 2009). Alhoewel die meeste kontemporêre teoretici glo dat vyf die magiese getal is, het vroeëre teoretici geglo dat óf minder óf meer persoonlikheidstrekke/-faktore benodig word om persoonlikheid volledig te assesser (Feist & Feist, 2009). In hierdie verband het Cattell (1973; 1983) geglo dat 16 persoonlikheidsfaktore benodig word, terwyl Eysenck (1981; 1997a) geglo het dat slegs drie faktore benodig word. Allport (1961) het beweer dat tussen vyf en tien persoonlikheidstrekke benodig word om persoonlikheid die beste te kan omskryf. Allport (1961) se grootste bydrae tot die trekteorie was sy identifisering van ongeveer 18 000 persoonlikheidstrekke vanuit Engelse woordeboeke. Allport (1961) se lys van 18 000 persoonlikheidstrekke het gedien as die basis vir Cattell (1973; 1983) se oorspronklike werke en het dus die fondament vir resente faktor-analitiese studies gelê. Eysenck (1981; 1997a) se faktor-analitiese tegniek het drie algemene bipolêre persoonlikheidsfaktore of -tipes geïdentifiseer, naamlik ekstrovert/introvert; neuroties/stabiel en psigoties/superego. Cattell (1973; 1983) het gebruik gemaak van 'n induktiewe data-insamelingsmetode, met ander woorde, hy het navorsing gedoen met geen voorafbepaalde vooroordele oor die aantal persoonlikheidstrekke of name van persoonlikheidstrekke wat vanuit die faktor-analises geïdentifiseer gaan word nie (Feist & Feist, 2009). Eysenck (1981; 1997a) het egter gebruik gemaak van 'n deduktiewe data-insamelingsmetode wat impliseer dat hy wel sekere voorafbepaalde hipoteses rakende die aantal persoonlikheidstrekke en name van

persoonlikheidstrekke gestel het wat vanuit die faktor-analises geïdentifiseer gaan word (Feist & Feist, 2009). Cattell (1973; 1983) het van drie verskillende databronne tydens sy navorsing, gebruik gemaak, naamlik 'n persoon se lewensrekord wat afgelei word vanuit waarnemings wat deur andere gedoen is (L-data), selfrapportering wat deur middel van vraelyste gedoen is en ander tegnieke wat ontwikkel is met die doel om individue in staat te stel om subjektiewe beskrywings van hulleself te kan gee (Q-data), tesame met objektiewe toetse wat aspekte soos intelligensie, responsspoed en ander soortgelyke prestasies meet (T-data). In teenstelling hiermee is Eysenck (1981; 1997a) se drie bipolarêre persoonlikheidsfaktore slegs vanuit response op vraelyste verkry.

2.4.2 Die leksikale hipotese

Die eerste en moeilikste stap in die ontwikkeling van 'n persoonlikheidsstruktuur is om te bepaal watter veranderlikes geassesseer moet word, aangesien dit nie realisties is om al die persoonlikheidsveranderlikes wat bekend is te assesseer nie. Derhalwe word daar gebruik gemaak van 'n kleiner aantal persoonlikheidsveranderlikes wat makliker hanteerbaar is (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Die bruikbaarste benadering om 'n kleiner aantal veranderlikes te kry is op die leksikale hipotese gebaseer. Sir Francis Galton was die eerste wetenskaplike wat aan die leksikale hipotese erkenning verleen het (Chamorro-Premuzic, 2007). Die leksikale hipotese verwys na die idee dat alle belangrike persoonlikheidsveranderlikes in natuurlike taal geënkodeer is. Volgens die leksikale hipotese is al die belangrikste persoonlikheidsveranderlikes oor die eeue heen benoem en het dit uiteindelik deel van die natuurlike taal geword (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Die hipotese stel verder dat indien taal bestudeer word, dit moontlik sal wees om 'n uitgebreide taksonomie van persoonlikheidsveranderlikes af te lei (Chamorro-Premuzic, 2007). Gevolglik vind ons 'n baie lang lys van persoonlikheidsveranderlikes wanneer ons woordeboeke bestudeer (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

In 1936 het Allport en Odbert die leksikale hipotese verder uitgebrei deur twee van die gedetailleerdste en omvattendste woordeboeke van die Engelse taal te neem en 18 000 woorde te identifiseer wat persoonlikheid beskryf. Hulle het hierdie lys na 4 500 byvoeglike naamwoorde verminder wat, volgens hul oordeel, daarin slaag om waarneembare en relatief permanente persoonlikheidsveranderlikes te beskryf. Cattell (1957) het laasgenoemde lys van Allport en Odbert bestudeer en verder na 171 verminder deur sinonieme uit te skakel (Chamorro-Premuzic, 2007).

Indien die leksikale hipotese korrek is, los dit die probleem van volledigheid op aangesien geen belangrike persoonlikheidsveranderlikes uitgelos of verwaarloos kan word indien al die persoonlikheidsveranderlikes in woordeboeke in ag geneem word nie. Aangesien daar te veel persoonlikheidsveranderlikes in woordeboeke voorkom, het navorsers besluit om die lys te verkort deur slegs bekende woorde in te sluit, sinonieme te kombineer en antonieme in ag te neem (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

2.4.3 Faktor-analitiese studies

Die volgende stap in die daarstelling van 'n empiriese klassifikasiestelsel is om 'n manier te vind om die verwantskap tussen persoonlikheidsveranderlikes te kwantifiseer (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Ten einde hierdie verwantskappe te bepaal, word daar van faktor-analises gebruik gemaak. 'n Deeglike kennis van die wiskundige berekeninge by faktor-analise is nie nodig om die trek- en faktorteorie van persoonlikheid te verstaan nie, maar 'n algemene beskrywing van die tegnieke kan egter waardevol wees om agtergrond te verskaf (Feist & Feist, 2009).

Die vertrekpunt van faktor-analise is om spesifieke waarnemings van baie individue te maak (Feist & Feist, 2009) en dan hierdie waarnemings op een of ander wyse in 'n meetbare eenheid te kwantifiseer. Veronderstel daar is 1 000 sodanige persoonlikheidsmetings op 5 000 mense beskikbaar, dan is die volgende stap om te bepaal watter persoonlikheidsveranderlikes met watter persoonlikheidsveranderlikes korreleer (Feist & Feist, 2009). Om dit te kan doen, is dit nodig om die korrelasiekoëffisiënt tussen elkeen van hierdie persoonlikheidsveranderlikes en die ander 999 persoonlikheidsveranderlikes te bereken (Feist & Feist, 2009). 'n Korrelasiekoëffisiënt is 'n wiskundige berekening wat die korrelasievlakke tussen twee stelle data uitdruk (Feist & Feist, 2009). Ten einde 1 000 persoonlikheidsveranderlikes met 999 ander persoonlikheidsveranderlikes te korreleer, moet 499 500 individuele korrelasies uitgewerk word (1 000 vermenigvuldig met 999, gedeel deur 2) (Feist & Feist, 2009). Die resultate van hierdie berekeninge word vervolgens in 'n tabel van interkorrelasie aangedui en staan bekend as 'n matriks met 1 000 rye en 1 000 kolomme (Feist & Feist, 2009). Sommige van hierdie korrelasies sal hoog en positief wees, sommige sal naby nul wees en ander sal laag en negatief wees (Feist & Feist, 2009). Eers in hierdie stadium word faktor-analise gebruik (Feist & Feist, 2009). Tydens faktor-analise word 'n groot aantal veranderlikes deur 'n kleiner aantal basiese dimensies voorgestel (Feist & Feist, 2009). Daar word algemeen na hierdie basiese dimensies verwys as faktore (Feist & Feist, 2009). 'n Faktor stel 'n reeks naby-verwante veranderlikes voor (Feist & Feist, 2009). Die aantal faktore sal dus minder wees as die aantal veranderlikes wat

aanvanklik geïdentifiseer is, maar steeds die essensie van die data voorstel sonder om enige aspekte te verwaarloos of te ignoreer (Feist & Feist, 2009).

Die volgende stap is om te bepaal wat die omvang van die bydrae van elke individuele telling tot die onderskeie faktore is (Feist & Feist, 2009). Hierdie korrelasies van tellings met faktore staan bekend as faktorladings (Feist & Feist, 2009). Hoe hoër die faktorladings van spesifieke veranderlikes, hoe 'n groter bydrae lewer daardie veranderlikes tot die faktor (Feist & Feist, 2009). Faktore wat uit faktor-analises gegenereer word kan óf unipolêr óf bipolêr wees (Feist & Feist, 2009). Unipolêre faktore kan op 'n skaal wat strek vanaf nul tot 'n groter getal/hoeveelheid geplaas word, byvoorbeeld hoogte en gewig (Feist & Feist, 2009). In teenstelling strek bipolêre faktore tussen twee pole, met nul wat die middelpunt voorstel, byvoorbeeld ekstrovert vs. introvert of liberaal vs. konserwatief (Feist & Feist, 2009).

'n Goeie persoonlikheidsmodel word gewoonlik deur minder persoonlikheidsfaktore afgelei alhoewel daar nie eenstemmigheid in die literatuur is oor die presiese aantal faktore wat aanwesig behoort te wees nie (Derlega, Winstead & Jones, 2005). In hierdie verband is Eysenck (1975) van mening dat daar twee of drie persoonlikheidsfaktore teenwoordig is, terwyl Cattell (1970) aanspraak daarop maak dat ten minste 16 persoonlikheidsfaktore benodig word en Costa en McCrae (1985) volhou dat vyf persoonlikheidsfaktore voldoende is om persoonlikheid te kan evalueer.

2.4.4 Hans J. Eysenck (1916-1997)

Hans Eysenck (1916-1997) is deur die Griekse klassifikasie van temperament beïnvloed en het daarvolgens 'n persoonlikheidsteorie ontwikkel. Eysenck het aanvanklik twee temperamentele dimensies geïdentifiseer wat bekend staan as Neurotisme en Ekstraversie. Eysenck het Ekstraversie as 'n kombinasie van 'n choleriese en 'n sanguïese temperament gekonseptualiseer, terwyl Introversie kenmerke van beide 'n flegmatiese en 'n melancholiese temperament ingesluit het. Verder het Eysenck Neurotisme as 'n kombinasie van 'n melancholiese en choleriese temperament gekonseptualiseer, terwyl Emosionele Stabiliteit kenmerke van beide 'n sanguïese en 'n flegmatiese temperament ingesluit het (Chamorro-Premuzic, 2007).

Die persoonlikheidsteorie van Eysenck sluit sterk psigometriese en biologiese komponente in (Feist & Feist, 2009). Eysenck (1977; 1997a) het egter volgehou dat psigometriese evaluering alleen nie genoeg was om persoonlikheidsstruktuur voor te stel nie en dat die gebruik van faktor-

analitiese metodes betekenisloos is tensy daar gedemonstreer kan word dat dit 'n biologiese oorsprong het (Feist & Feist, 2009). Met hierdie aanname in gedagte, het Eysenck vier kriteria vir die identifisering van 'n persoonlikeidsfaktor gestel (Feist & Feist, 2009). Die eerste kriterium, psigometriese bewyse, verwys daarna dat die faktor betroubaar, geldig en repliseerbaar moet wees (Feist & Feist, 2009). Met ander woorde, ander navorsers moet dieselfde persoonlikeidsfaktor kan identifiseer. Die tweede kriterium, ooreflikheid, verwys daarna dat die faktor in 'n bestaande genetiese model moet inpas en hierdie kriterium elimineer aangeleerde persoonlikeidsveranderlikes soos die vermoë om stemme van bekendes na te boots (Feist & Feist, 2009). Die derde kriterium is om die faktor vanuit 'n teoretiese perspektief te verstaan. Hierdie kriterium verwys daarna dat 'n teorie as vertrekpunt geneem word en dat daar dan van 'n deduktiewe metode gebruik gemaak word om data in te samel wat logies met die betrokke teorie ooreenstem (Feist & Feist, 2009). Die vierde kriterium staan bekend as sosiale relevansie en verwys daarna dat die faktor nie net oor wiskundige eienskappe moet beskik nie, maar ook 'n sosiale verwantskap met relevant lewenswerklike kontekste moet hê (Feist & Feist, 2009). Dit beteken dus dat dieselfde faktor oor beide wiskundige eienskappe as sosiale relevansie moet beskik.

Eysenck (1947; 1994b) het 'n viervlakkige hiërargie van georganiseerde gedrag voorgestel (Feist & Feist, 2009). Op die laagste vlak is spesifieke optrede of kognisie wat na 'n individu se gedrag of denke verwys wat óf kenmerkend van die persoon is óf nie kenmerkend van die persoon is nie (Feist & Feist, 2009). Op die tweede vlak is die gewoontevormende optrede of kognisie wat verwys na response wat onder soortgelyke toestande na vore kom (Feist & Feist, 2009). In teenstelling met spesifieke response is gewoontevormende response meer betroubaar of konsekwent (Feist & Feist, 2009). Die derde vlak is persoonlikeidstrekke en verwys na verskeie verwante gewoontevormende response wat belangrike semi-permanente persoonlikeidsdisposisies voorstel (Feist & Feist, 2009). Persoonlikeidstrekke kan afgelei word deur faktor-analitiese metodes te gebruik (Feist & Feist, 2009). Persoonlikeidstrekke het dus te doen met die belangrike interkorrelasie tussen verskillende gewoontevormende optredes (Feist & Feist, 2009). Cattell se 35 normale en abnormale primêre kerntrekke kom voor op die derde vlak van Eysenck se hiërargie van georganiseerde gedrag (Feist & Feist, 2009). Dit verklaar waarom Cattell meer persoonlikeidsfaktore geïdentifiseer het as Eysenck en voorstanders van die Vyffaktor-teorie wat gebaseer is op die vierde vlak van Eysenck se hiërargie van georganiseerde gedrag (Feist & Feist, 2009). Dié vierde vlak staan bekend as persoonlikeidstipes of superfaktore en verwys na 'n samestelling van verskeie interafhanklike persoonlikeidstrekke (Feist & Feist, 2009).

Eysenck het drie algemene superfaktore geïdentifiseer, naamlik Ekstraversie (E) (kyk Figuur 2.5), Neurotisme (N) (kyk Figuur 2.6) en Psigotisme (P) (kyk Figuur 2.7), maar hy het nie die moontlikheid van verdere persoonlikheidsfaktore uitgesluit nie (Feist & Feist, 2009). Neurotisme en Psigotisme is nie net beperk tot psigopatologie nie, alhoewel individue met psigopatologie normaalweg hoër tellings op hierdie superfaktore behaal (Feist & Feist, 2009). Eysenck beskou al drie hierdie superfaktore as deel van 'n normale persoonlikheidsstruktuur (Feist & Feist, 2009). Al drie superfaktore is bipolar, met Ekstraversie by die een pool van Faktor E en Introversie by die teenoorgestelde pool (Feist & Feist, 2009). Met betrekking tot Faktor N, is Neurotisme by die een pool en Emosionele Stabiliteit by die ander pool (Feist & Feist, 2009) en vir Faktor P is Psigotisme by die een pool en die Superego-funksie by die ander pool (Feist & Feist, 2009). Die bipolariteit van Eysenck se superfaktore beteken nie dat die meeste individue by een van die twee pole ten opsigte van al drie superfaktore funksioneer nie (Feist & Feist, 2009). Elkeen van hierdie superfaktore toon 'n normale verspreiding soortgelyk aan intelligensiesyfers (Feist & Feist, 2009). Dit beteken dat die meeste individue naby die middel op 'n klokvormige verspreidingskurwe lê (Feist & Feist, 2009). Eysenck dui aan dat elkeen van die drie superfaktore aan die vier kriteria vir die identifisering van persoonlikheidsfaktore voldoen (Feist & Feist, 2009).

Sterk psigometriese bewyse bestaan veral ten opsigte van Faktore E en N (Feist & Feist, 2009). Ekstraversie en Neurotisme (of angs) is basiese faktore in bykans alle faktor-analise studies oor persoonlikheid, insluitende verskeie weergawes van die Vyffaktor-teorie (McCrae & Costa, 1999; 2003; John & Srivastava, 1999). Eysenck (1994a; 1994b) het verder aangedui dat daar 'n sterk biologiese basis vir elkeen van sy drie superfaktore bestaan en hy is van mening dat persoonlikheidsveranderlikes soos Inskiklikheid en Konsensieusheid, wat deel vorm van die Vyffaktor-taksonomie (John, 1990; Norman, 1963; Tupes & Christal, 1961) nie 'n onderliggende biologiese basis het nie (Feist & Feist, 2009).

Eysenck se drie superfaktore maak verder sin deur na die persoonlikheidsteorieë van Jung, Freud en Maslow te kyk (Feist & Feist, 2009). Carl Jung het die kragtige effek van Ekstraversie en Introversie (Faktor E) op gedrag beklemtoon terwyl Sigmund Freud die belangrikheid van angs in gedragsvorming beklemtoon het (Feist & Feist, 2009). Met betrekking tot Psigotisme (Faktor P), het Abraham Maslow aangedui dat psigologiese gesondheid vanaf selfaktualisering ('n lae P-telling) tot skisofrenie en psigose ('n hoë P-telling) strek (Feist & Feist, 2009). Eysenck het verder gedemonstreer dat elk van sy drie superfaktore verband hou met sosiaal relevante kwessies soos dwelmmisbruik (Eysenck, 1983), seksuele gedrag (Eysenck, 1976), kriminele


optrede (Eysenck, 1964; 1998), kanker en hartsiektes (Eysenck, 1991a; 1991b) en kreatiwiteit (Eysenck, 1993).

Vanuit die bogenoemde besprekings is dit dus duidelik dat Eysenck se persoonlikheidsteorie aan die vier gestelde kriteria vir die identifisering van persoonlikheidsfaktore, soos vroeër bespreek, voldoen. Vervolgens gaan die drie superfaktore, soos deur Eysenck geïdentifiseer, bespreek word:

2.4.4.1 Ekstraversie (E)

Volgens Eysenck word ekstroverte hoofsaaklik gekenmerk deur hulle voorkeur aan sosialisering en hul impulsiwiteit, asook deur hul lewenslustigheid, skerp humor, optimisme en ander persoonlikheidstreke wat tot gevolg het dat hulle beloon word vir hulle verbintenis met ander individue (Eysenck & Eysenck, 1969). Introverte word gekenmerk deur persoonlikheidstreke in teenstelling met dié van Ekstroverte (Feist & Feist, 2009). Hulle word beskryf as stil, passief, sorgeloos, gereserveerd, pessimisties, rustig, nugter en beheers (Feist & Feist, 2009). Volgens Eysenck (1982) lê die primêre verskil tussen ekstroverte en introverte nie in gedrag nie, maar is dit eerder biologies en geneties van aard (Feist & Feist, 2009).

Met betrekking tot die hiërargiese struktuur vir Ekstraversie, blyk dit dat individue wat hoë tellings op Ekstraversie behaal, geneig is om te sosialiseer, om lewendig, aktief en assertief te wees en gedurig op soek te wees na opwinding (*kyk Figuur 2.5*).




(Feist & Feist, 2009)

FIGUUR 2.5: HIËRARGIESE STRUKTUUR VAN EKSTRAVERSIE (E)

2.4.4.2 Neurotisme (N)

Eysenck (1967) het na verskeie studies verwys wat bewys lewer van 'n genetiese basis vir neurotiese persoonlikheidstrekke soos angs, histerie en obsessief-kompulsiewe gedrag (Feist & Feist, 2009). Individue wat hoë tellings op Neurotisme behaal, het 'n geneigdheid om emosioneel te oorreeger en vind dit dan moeilik om terug te keer na 'n normale emosionele toestand (Feist & Feist, 2009). Hulle kla gereeld van fisieke simptome soos hoofpyn, rugpyn en vae psigologiese klagtes soos angstigheid en bekommernis (Feist & Feist, 2009). Neurotisme verwys egter nie na neurose in die tradisionele betekenis van die woord nie (Feist & Feist, 2009). Individue kan hoë tellings op Neurotisme behaal en vry wees van psigopatologie (Feist & Feist, 2009). Eysenck het die diatese stresmodel vir psigopatologie aanvaar wat aandui dat individue vatbaar is vir spesifieke psigiatriese versteurings omdat hulle óf 'n genetiese predisposisie daarvoor het óf swakhede openbaar wat hulle predisponeer tot daardie psigiatriese versteurings (Feist & Feist, 2009). Hierdie predisposisie kan in interaksie met stres wees om sodoende 'n neurotiese versteuring te produseer (Feist & Feist, 2009). Volgens Eysenck beskik individue wat lae tellings op Neurotisme behaal oor die kapasiteit om neurotiese versteurings teen te staan, selfs in tye van ekstreme stres, terwyl hoë tellings op Neurotisme moontlik neurotiese reaksies sal verteenwoordig, selfs onder lae vlakke van stres (Feist & Feist, 2009). Met ander woorde, hoe hoër die Neurotisme tellings, hoe laer die vlakke van stres wat benodig word om 'n neurotiese versteuring op te lewer (Feist & Feist, 2009).



(Feist & Feist, 2009)


FIGUUR 2.6: HIËRARGIESE STRUKTUUR VAN NEUROTISME (N)

Vanuit Figuur 2.6 is dit duidelik dat individue wat hoë tellings op Neurotisme behaal geneig is om angstig, irrasioneel en depressief te wees. Verder kom hul dikwels voor as skaam, maar buierig en word deur skuldgevoelens gepla. Hulle het verder ook 'n lae selfbeeld, word beskryf as baie emosioneel en kla meer gereeld oor spanning.

2.4.4.3 Psigotisme (P)

Eysenck se oorspronklike persoonlikheidsteorie is op slegs twee superfaktore gebaseer, naamlik Ekstraversie en Neurotisme (Feist & Feist, 2009). Na baie jare se navorsing het Eysenck 'n derde superfaktor bygevoeg, naamlik Psigotisme (Feist & Feist, 2009). Soos Ekstraversie en Neurotisme, is Psigotisme ook 'n bipolarêre superfaktor, met Psigotisme by een pool en Superego-funksie by die ander pool (Feist & Feist, 2009). Hoë tellings op Psigotisme dui op egosentrisme, koudheid, nie-konformiteit, impulsiwiteit, vyandigheid, aggressie, agterdogtigheid, psigopatie en antisosiale gedrag (Feist & Feist, 2009). Lae tellings, daarenteen, dui op 'n geneigdheid om altruïsties, gesellig, empaties, versorgend, samewerkend, konformerend en konvensioneel te wees (Eysenck, 1997b). In lyn met die diatese stresmodel, het Eysenck beweer dat individue met hoë tellings op Psigotisme onder stres 'n groter kans het om 'n psigotiese versteuring te ontwikkel (Feist & Feist, 2009). Individue met hoë tellings op Psigotisme het verder ook 'n groter genetiese vatbaarheid vir stres as diegene met lae tellings op Psigotisme (Feist & Feist, 2009). Gedurende periodes van lae stres sal individue met hoë tellings op Psigotisme dalk normaal kan funksioneer, maar wanneer hoë tellings op Psigotisme gepaard gaan met hoë vlakke van stres, verhoog individue se vatbaarheid vir psigotiese verstourings (Feist & Feist, 2009). Individue met lae tellings op Psigotisme is nie noodwendig vatbaar vir stres-verwante psigose nie en sal moontlik 'n psigotiese episode in periodes van ekstreme stres kan weerstaan (Feist & Feist, 2009). Eysenck (1994a) beweer dat hoe hoër individue se Psigotisme-telling is, hoe laer is die stresvlakke wat nodig is om 'n psigotiese reaksie te presipiteer (Feist & Feist, 2009).

Vanuit Figuur 2.7 is dit duidelik dat individue wat hoë tellings op Psigotisme behaal aggressief is en antisosiale gedrag openbaar. In interpersoonlike verhoudings is hul koud en nie-empaties. Ander sal hul beskryf as egosentries, onpersoonlik en impulsief, maar hul is wel kreatief.



(Feist & Feist, 2009)

FIGUUR 2.7: HIËRARGIESE STRUKTUUR VAN PSIGOTISISME (P)

Eysenck se siening van persoonlikheid stel dus sielkundiges in staat om elke individu op drie superfaktore te assessee (Feist & Feist, 2009).

2.4.5 Raymond Cattell (1905-1998)

In teenstelling met die drie superfaktore wat Eysenck voorstel, het Cattell 16 persoonlikheidsfaktore geïdentifiseer. Cattell maak gebruik van faktor-analises om hierdie 16 persoonlikheidsfaktore te identifiseer. Op grond hiervan het Cattell die 16PF (16 Personality Factor) persoonlikheidsvraelys ontwikkel wat algemeen tydens persoonlikheidsevaluerings gebruik word. Die primêre persoonlikheidsfaktore wat deel uitmaak van die 16PF-persoonlikheidsvraelys word in Tabel 2.3 weergegee.

Tabel 2.3: Cattell se 16 Persoonlikheidsfaktore

Primêre Faktor	Beskrywing
Warmte (A)	Die vlak van gereedheid om met warmte met ander betrokke te raak – bied die grootste bydrae tot die evaluering van persoonlikheid.
Beredenering (B)	Meet verbale-, numeriese- en logiese beredeneringsvermoë.
Emosionele Stabiliteit (C)	Die persepsie van huidige vlak van hantering van alledaagse probleme.

Dominansie (E)	Die sterkte van geneigdheid om 'n invloed op ander uit te oefen.
Opgewektheid (F)	Die soeke na opwinding en spontaniteit.
Reëlbewustheid (G)	Die mate waartoe sosiale standaarde of gedrag nageleef word.
Sosiale Waagmoed (H)	Die mate van gemak in sosiale situasies.
Sensitiwiteit (I)	Die mate waartoe oordeel deur subjektiewe gevoelens beïnvloed word.
Waaksaamheid (L)	Die mate waartoe ander individue se motiewe bevraagteken word.
Afgetrokkenheid (M)	Die mate van balans tussen konkrete aspekte en die denkprosesse wat daarmee verband hou.
Privaatheid (N)	Die mate waartoe persoonlike inligting vir die individu self gehou word.
Begripsvermoë (O)	Die mate van selfkritiek en selfbewustheid.
Bereidwilligheid om te verander (Q ₁)	'n Openheid vir nuwe idees, ervarings en aktiwiteite.
Selfstandigheid (Q ₂)	Die sterkte van die neiging om tussen individue te wil wees en by groepsaktiwiteite betrokke te wees.
Perfeksionisme (Q ₃)	Die belangrikheid om volgens duidelike persoonlike standaarde op te tree en die geneigdheid om georganiseerd te wees.
Spanning (Q ₄)	Die vlak van fisieke angstigheid wat uitgedruk word as irritasie en ongeduld teenoor ander individue.

(Feist & Feist, 2009)

Die tellings wat individue op die verskillende persoonlikheidsfaktore behaal kan aan die hand van Tabel 2.4 geïnterpreteer word.

Tabel 2.4: Interpretasie van tellings op die 16PF

Primêre Faktor	Lae telling	Hoë telling
Warmte (A)	onpersoonlik; afsydig; koud; gereserveerd; formeel	deelnemend; warm; uitgesproke; gee om vir ander individue; vriendelik; gemaklik; hou van mense
Beredenering (B)	konkrete denke; laer intellektuele kapasiteit; onvermoë om abstrakte probleme op te los	abstrakte denke; hoër intellektuele kapasiteit; skerp; leer vinnig
Emosionele Stabiliteit (C)	emosioneel reaktief; wisselvallig; emosioneel onstabiel; raak maklik ontsteld	emosioneel stabiel; aanpasbaar; volwasse; kalm; goeie realiteitskontak
Dominansie (E)	samewerkend; vermy konflik; onderdanig; nederig; gehoorsaam; ondersteunend tot 'n leier	assertief; aggressief; mededingend; hardkoppig; baasspelerig
Opgewektheid (F)	rustig; ernstig; teruggetrokke; stil; introspektief	lewendig; spontaan; entoesiasies; vrolik; ekspressief; impulsief
Reëlbewustheid (G)	slaan nie ag op reëls nie; nie- konformerend	pligsgetrou; konsensieus; konformerend; moralisties; gehoorsaam aan reëls
Sosiale Waagmoed (H)	skaam; sensitief vir bedreigings; huiwerig; geïntimideerd	sosiale waagmoed; dikvellig; avontuurlustig; gedisinhibeerd
Sensitiwiteit (I)	vat nie moeilikheid nie; objektief; onsentimenteel; selfstandig	sensitief; sagmoedig; sentimenteel; intuïtief; afhanklik
Waaksaamheid (L)	vertrou ander individue maklik; aanvaar ander individue maklik; onvoorwaardelike positiewe agting	agterdogtig; skepties; suspisieus; bied weerstand teen aanvaarding
Afgetrokkenheid (M)	beginselvas; prakties; oplossing- georiënteerd; konvensioneel; stabiel	abstrak; verbeeldingryk; idee- georiënteerd; dromer; onprakties; ondersoek nuwe idees
Privaatheid (N)	onpretensieus; reguit; opreg; oop; naïef; betrokke	privaat; diskreet; diplomaties

Begripsvermoë (O)	selfversekerd; sonder bekommernis; geborge; vry van skuldgevoelens; selfversekerd; selftevredenheid	twyfel in self; bekommerd; voel skuldig; onveilig; blameer self
Bereidwilligheid om te verander (Q₁)	tradisioneel; geheg aan die bekende; konserwatief; respekteer tradisionele idees	oop vir verandering; eksperimenteel; liberaal; analities; krities; vry denker; buigsaam
Selfstandigheid (Q₂)	groepsgeoriënteerd; eerder 'n volgeling as 'n leier; afhanklik	baie selfvertroue; onafhanklik; individualisties
Perfeksionisme (Q₃)	ongeorganiseerd; buigsaam; ongedissiplineerd; impulsief; ongehoorsaam aan sosiale reëls; lui	perfeksionisties; georganiseerd; kompulsief; selfgedissiplineerd; presies; akkuraat; sterk wilskrag
Spanning (Q₄)	ontspanne; geduldig; lae dryfkrag; rustig	ongeduldig; gespanne; hoë energievlakke; gefrustreerd; tydgedrewe

(Derlega, Winstead & Jones, 2005)

Al die primêre persoonlikheidsfaktore korreleer met die globale persoonlikheidsfaktore en kan gevolglik beskou word as subfaktore van die globale persoonlikheidsfaktore (Chamorro-Premuzic, 2007). Die verwantskap tussen die globale en primêre persoonlikheidsfaktore word in Tabel 2.5 weergegee.

Tabel 2.5: Die globale en primêre persoonlikheidsfaktore van die 16PF

Globale Faktore	Primêre Faktore
EX - Ekstraversie	A – Warmte H – Sosiale Waagmoed F – Opgewektheid *N – Privaatheid *Q ₂ – Selfstandigheid
AX – Angs	*C – Emosionele Stabiliteit L – Waaksaamheid O – Begripsvermoë Q ₄ – Spanning

TM – Ontoegewildheids-geïndheid	*A – Warmte *I – Sensitiwiteit *M – Afgetrokkenheid *Q ₁ – Bereidwilligheid om te verander
IN – Onafhanklikheid	E – Dominansie H – Sosiale Waagmoed L – Waaksaamheid Q ₁ – Bereidwilligheid om te verander
SC – Selfkontrole	*F – Opgewektheid G – Reëlbewustheid *M – Afgetrokkenheid Q ₃ – Perfeksionisme

* Primêre faktore wat negatief bydrae tot die globale faktore

(Chamorro-Premuzic, 2007)

Tabel 2.5 verskaf die resultate van 'n sekondêre analise van persoonlikheidsfaktore wat op grond van die primêre persoonlikheidsfaktore uitgevoer is. Vir sommige primêre persoonlikheidsfaktore is daar 'n globale persoonlikheidsfaktor geïdentifiseer. Ekstraversie is byvoorbeeld die globale persoonlikheidsfaktor wat warmte, sosiale waagmoed, opgewektheid, privaathed en selfstandigheid as primêre persoonlikheidsfaktore insluit. Let op die ooreenstemmigheid tussen die vyf globale faktore soos deur Cattell geïdentifiseer, en die Groot Vyf-model van persoonlikheid van Costa en McCrae (1992) wat in paragraaf 2.4.6 bespreek word. As voorbeelde gaan Ekstraversie (EX), Angs (AX) en Selfkontrole (SC) vervolgens bespreek word.

Ekstraversie (EX) as globale persoonlikheidsfaktor, soos voorgestel in Tabel 2.5, is een van die vyf persoonlikheidsdomeine van die Groot Vyf-model van persoonlikheid van Costa en McCrae (1992). Angs (AX), as globale persoonlikheidsfaktor, omsluit emosionele stabiliteit, waaksaamheid, begripsvermoë en spanning, wat grootliks ooreenstem met die wyse waarop Neurotisme in die Groot Vyf-model van persoonlikheid gekonseptualiseer word. Laastens, wat Selfkontrole (SC) as globale persoonlikheidsfaktor betref, is daar ooreenstemmigheid met die wyse waarvolgens Konsensieusheid in die Groot Vyf-model van persoonlikheid gekonseptualiseer word, aangesien die primêre persoonlikheidsfaktore van opgewektheid, reëlbewustheid, afgetrokkenheid en perfeksionisme deel van Selfkontrole uitmaak (SC).

Cattell het persoonlikheidstrekke voorts in algemene trekke (gedeel deur baie) en unieke trekke (spesifiek vir een individu) onderverdeel (Feist & Feist, 2009). Verder het hy het ook onderskeid getref tussen kerntrekke en oppervlakkige trekke (Feist & Feist, 2009) en hy het trekke geklassifiseer volgens temperament, motivering en vermoë (Feist & Feist, 2009). Temperamentele trekke het te doen met hoe 'n persoon optree, motiveringstrekke het te doen met hoekom 'n persoon so optree, en vermoënstrekke verwys na hoe lank of hoe vinnig 'n persoon so kan optree (Feist & Feist, 2009).

Cattell beskou nie die mens as 'n statiese entiteit nie, maar is van mening dat die wyse waarop 'n individu op 'n gegewe tyd gaan optree nie net van persoonlikheidsfaktore afhanklik is nie, maar ook van ander faktore (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Hy is van mening dat 'n individu se gemoedstoestand saam met sy persoonlikheidsfaktore bestudeer moet word ten einde 'n deeglike beskrywing van 'n individu op 'n spesifieke tydstip te gee. Cattell neem die effek van die sosiale rol wat individue moet speel in ag (Feist & Feist, 2009). Volgens hom hou individue se gedrag dikwels meer verband met die sosiale rol wat hulle moet speel as wat dit verband hou met hulle persoonlikheidsfaktore (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Dit verklaar waarom individue by 'n rugbywedstryd skree, maar nie in die kerk nie. Twee individue sal dus verskillend teenoor mekaar in verskillende situasies optree omdat daar van hulle verwag word om verskillende sosiale rolle te speel. 'n Onderwyser sal byvoorbeeld anders teenoor 'n leerder in die klaskamer optree as wat hy teenoor dieselfde leerder op die rugbyveld sal optree.

2.4.6 Costa en McCrae

Vir die doeleindes van die bespreking in paragraaf 2.4.6 word enkele terme eerstens omskryf, waarna 'n bespreking van Costa en McCrae se bydrae tot Persoonlikheidsielkunde volg. In hierdie gedeelte word daar onderskeid getref tussen *persoonlikheidstrekke* en *persoonlikheidsdomeine*.

Persoonlikheidstrekke verwys nie primêr na situasie-spesifieke optrede nie, maar eerder na die algemene of gemiddelde vlak van optrede van 'n individu (Mervielde, 1994) in 'n wye reeks situasies (Pervin, 1994) oor die verloop van tyd (Funder, 1994). Persoonlikheidstrekke fokus meer op persoonlikheidsstruktuur as op dinamiese prosesse en beskou basiese geneigdhede belangriker as kenmerkende aanpassings (McCrae, 1994). Ter ondersteuning hiervan voer Epstein (1994) aan dat persoonlikheidstrekke beskryf hoe individue is (persoonlikheidsstruktuur) en nie hoe individue funksioneer nie (persoonlikheidsprosesse). Roberts (2009) definieer persoonlikheidstrekke as die relatief standhoudende denk-, gevoels- en gedragspatrone van

individue wat hul geneigdheid reflekteer om op sekere maniere in sekere omstandighede op te tree. Persoonlikheidstrekke verwys dus na 'n algemene beskrywing van 'n individu en verskaf 'n universele raamwerk waarvolgens individue met mekaar vergelyk kan word, terwyl elke individu se individualiteit steeds in ag geneem word (Chamorro-Premuzic, 2007).

Persoonlikheidstrekke wat na dieselfde konstruk verwys, met ander woorde wat met mekaar verband hou, word saamgegroeper om 'n *persoonlikheidsdomein* te vorm (Pervin & Cervone, 2010). Persoonlikheidsdomeine is dus 'n voorstelling van persoonlikheid op die breedste vlak.

Teen die agtergrond van die konseptuele verskille tussen *persoonlikheidstrekke* en *persoonlikheidsdomeine*, volg die verdere bespreking van Costa en McCrae se bydraes in terme van die ontwikkeling van die NEO PI-R- en NEO-FFI-persoonlikheidsvraelyste, asook die ontwikkeling van die Vyffaktor-teorie van persoonlikheid.

Costa en McCrae (1992) het aanvanklik die NEO-persoonlikheidsvraelys ontwikkel waarna hulle, op grond van navorsing wat oor die NEO gedoen is, 'n persoonlikheidsteorie begin ontwikkel het. Die NEO-persoonlikheidsvraelys is ontwikkel deur die leksikale hipotese (*kyk par. 2.4.2*) en 'n proses van faktor-analise (*kyk par. 2.4.3*) te gebruik. Die NEO-persoonlikheidsvraelys het dus as empiriese vertrekpunt vir die ontwikkeling van die Groot Vyf-model van persoonlikheid as teoretiese eindpunt gedien. Hierdie persoonlikheidsteorie is steeds in die ontwikkelingsfase en staan tans bekend as die Vyffaktor-teorie van persoonlikheid.

2.4.6.1 Die NEO-persoonlikheidsvraelyste (NEO PI-R en NEO-FFI)

Tydens 'n simposium in 1981 in Honolulu het vier bekende navorsers, Lewis Goldberg, Naomi Takemoto-Chock, Andrew Comrey en John M. Digman, die algemeenste bekende persoonlikheidsvraelyste bestudeer. Hulle het, net soos Norman in 1963, tot die gevolgtrekking gekom dat die persoonlikheidsvraelyste met die meeste waarde almal vyf persoonlikheidsdomeine in gemeen het (Feist & Feist, 2009).

Costa en McCrae (1999) het op hierdie gevolgtrekking voortgebou en die NEO PI-R- (Costa & McCrae, 1992) en NEO-FFI- (Costa & McCrae, 1992) persoonlikheidsvraelyste ontwikkel, gebaseer op die Groot Vyf-model van persoonlikheid. Die Groot Vyf-model van persoonlikheid beklemtoon dat die vyf persoonlikheidsdomeine (*Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid*) meer as net 'n beskrywing van die wyses waarvolgens individue van mekaar verskil, bied (Feist & Feist, 2009). Volgens die Groot Vyf-

model van persoonlikheid bestaan hierdie vyf persoonlikheidsdomeine werklik en elkeen vorm deel van die persoonlikheidsstruktuur waaroor elke individu beskik. Hierdie vyf persoonlikheidsdomeine kan dus op 'n kontinuum voorgestel word met bloot die hoeveelheid van elke persoonlikheidsdomein wat verskil (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

Navorsers op die gebied van Persoonlikheidsielkunde het vanaf die 1980's toenemend van die Groot Vyf-model van persoonlikheid gebruik gemaak om persoonlikheid te beskryf en sedert 1985 word die *NEO Personality Inventory* (NEO-PI, Costa & McCrae, 1985) gebruik en vanaf 1992 word die *Revised NEO Personality Inventory* (NEO PI-R, Costa & McCrae, 1992) algemeen tydens persoonlikheids-evaluering gebruik. Daar is ook 'n verkorte weergawe van die NEO PI-R wat algemeen vir navorsingsdoeleindes gebruik word, naamlik die *NEO Five-Factor Inventory* (NEO-FFI) (Costa & McCrae, 1992), wat die aanvanklike 240 vrae van die NEO PI-R verminder het na 60 vrae en soortgelyke resultate ten opsigte van geldigheid en betroubaarheid opgelewer het (Costa & McCrae, 1992).

Die sogenaamde *Groot Vyf* verwys na vyf breë persoonlikheidsdomeine wat deur empiriese navorsing geïdentifiseer is (Feist & Feist, 2009). Hierdie persoonlikheidsdomeine is: Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid. Elke persoonlikheidsdomein bestaan uit 'n aantal spesifieke persoonlikheidstrekke. 'n Opsomming van die *Groot Vyf*-persoonlikheidsdomeine en 'n kort beskrywing van elkeen word in Tabel 2.6. weergegee.

Tabel 2.6: Die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine

Persoonlikheidsdomeine	Beskrywing
Neurotisme	'n Geneigdheid om gereeld onaangename emosies soos angs, woede en depressie te ervaar. Daar word soms na Neurotisme as emosionele onstabiliteit verwys.
Ekstraversie	Energiek; positiewe emosies; surgensie; 'n geneigdheid om stimulasie te soek en by ander mense te wees.
Openheid vir Ervaringe	Waardering vir kuns, emosie, avontuur en ongewone of vreemde idees. Verbeeldingryk, nuuskierig en 'n voorkeur vir 'n verskeidenheid van ervarings.
Inskiklikheid	'n Geneigdheid om simpatie vir ander te hê en saam met ander te werk, eerder as om suspisies en antagonisties teenoor ander te wees.

Konsensieusheid	Selfdisipline; pligsgetrouheid; prestasie-georiënteerdheid; en verkies beplande aktiwiteite bo spontane gedrag.
------------------------	---

(Chamorro-Premuzic, 2007)

Vervolgens word elkeen van die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine in meer detail bespreek:

2.4.6.1.1 Neurotisme

Die eerste persoonlikheidsdomein wat bespreek word is Neurotisme wat beskryf kan word as die geneigdheid om negatiewe emosies, veral depressie en woede, te ervaar. Individue met hoë tellings op Neurotisme word deur hulle geneigdheid om angs te ervaar gekenmerk teenoor emosioneel stabiele individue wat kalm en ontspanne is. Die persoonlikheidstrekke van Neurotisme is angstigheid, woede-vyandigheid, depressie, selfbewustheid, impulsiwiteit en kwesbaarheid (Chamorro-Premuzic, 2007).

Ryckman (2006) identifiseer die volgende verwante persoonlikheidstrekke aan Neurotisme, soos in Tabel 2.7 uiteengesit.

Tabel 2.7: Verwante persoonlikheidstrekke aan Neurotisme

Persoonlikheidstrekke	Gedragstrekke
<i>Positiewe Faktorpool:</i> Sagmoedig Onafhanklikheid	passieloos; nie opgewek nie; onemosioneel outonoom; onafhanklik; individualisties
<i>Negatiewe Faktorpool:</i> Onveilig Vrees Onstabiliteit Emosionaliteit Afguns	verdedigend; onveilig; negativisties; selfkrities; selfbejammerend angstig; vreesagtig; senuweeagtig; temperamenteel fyngvoelig; onstabiel emosioneel afgunstig; jaloers

(Ryckman, 2006)

2.4.6.1.2 Ekstraversie

Die tweede persoonlikheidsdomein wat bespreek word is Ekstraversie wat verwys na 'n hoë aktiwiteitsvlak, die ervaring van positiewe emosies, impulsiwiteit, assertiwiteit en die geneigdheid tot sosiale gedrag. Gevolglik word lae Ekstraversie gekenmerk deur stil, ingeperkte en onttrekkende gedragspatrone. Die persoonlikheidstrekke van Ekstraversie is warmte, geselligheid, assertiwiteit, aktiwiteit, soeke na opwinding en positiewe emosies (Chamorro-Premuzic, 2007).

Ryckman (2006) identifiseer die volgende verwante persoonlikheidstrekke aan Ekstraversie soos in Tabel 2.8 uiteengesit.

Tabel 2.8: Verwante persoonlikheidstrekke aan Ekstraversie

Persoonlikheidstrekke	Gedragkenmerke
<i>Positiewe Faktorpool:</i>	
Gemeenskapsin	ekstraverties; kudde-ingesteldheid; gesellig
Uitdruklikheid	spraaksaam; ekspressief; verbaal
Spontaneïteit	sorgvry; lukraak; spontaan
Energievlak	aktief; energiek; kragtig
Praterigheid	babbelagtig; woordryk; langdradig
<i>Negatiewe Faktorpool:</i>	
Afsydigheid	afgesonder; ongesellig; teruggetrokke
Stilheid	stil; nie spraaksaam nie
Gereserveerdheid	afsydig; gereserveerd; geheimsinnig
Skaamheid	verleë; skaam; inkennig
Onderdrukking	geïnhibeerd; ingetoë

(Ryckman, 2006)

2.4.6.1.3 Openheid vir Ervaringe

Die derde persoonlikheidsdomein wat bespreek word staan bekend as Openheid vir Ervaringe en verwys na die geneigdheid om by intellektuele aktiwiteite en die ervaring van nuwe sensasies en idees betrokke te raak. Daar word ook dikwels na hierdie persoonlikheidsdomein verwys as kreatief, intellektueel en kultureel. Dit sluit die persoonlikheidstrekke van fantasie, estetika, gevoelens, aksies, idees en waardes in. Oor die algemeen hou Openheid vir Ervaringe verband met intellektuele nuuskierigheid, estetiese sensitiwiteit, 'n helder verbeelding,

buigsaamheid en onkonvensionele houdings. Mense met hoë tellings op Openheid vir Ervaringe is geneig om dromerig, verbeeldingryk, skeppend en liberaal in hulle denke en opinies te wees. Digtors en kunstenaars word beskou as tipiese voorbeelde van individue wat gewoonlik hoë tellings op Openheid vir Ervaringe behaal (Chamorro-Premuzic, 2007).

Ryckman (2006) identifiseer die volgende verwante persoonlikheidstrekke aan Openheid vir Ervaringe soos in Tabel 2.9 uiteengesit.

Tabel 2.9: Verwante persoonlikheidstrekke aan Openheid vir Ervaringe

Persoonlikheidstrekke	Gedragstrekke
<i>Positiewe Faktorpool:</i>	
Intellektualiteit	oordenkend; intellektueel; selfondersoekend; filosofies (wysgerig/wêreldwys)
Diepte	kompleks; diep
Insig	futuristies; insigtelik; perspektiefhebbend
Intelligensie	verstandig; intelligent; slim
Kreatiwiteit	artisties; verbeeldingryk; innoverend; skeppend
<i>Negatiewe Faktorpool:</i>	
Oppervlakkigheid	vlak; onintelligent; onnadenkend
Arm aan fantasie	nie skeppend nie; sonder verbeeldingskrag
Sonder waarnemings-vermoë	neem nie goed waar nie
Stompsinnigheid	onintelligent

(Ryckman, 2006)

2.4.6.1.4 Inskiklikheid

Die vierde persoonlikheidsdomein wat bespreek word, naamlik Inskiklikheid, verwys na vriendelikheid, agting en beskeie gedrag. Inskiklikheid hou dus verband met 'n geneigdheid om vriendelik en versorgend te wees en dit omsluit die persoonlikheidstrekke van vertrouwe, openhartigheid, altruïsme, toegeeflikheid, beskeidenheid en sagsinnigheid. Inskiklike individue word gevolglik beskryf as diegene wat omgee, vriendelik en warm is en ander verdra. Verder vertoon hulle 'n algemene predisposisie tot prososiale gedrag (Chamorro-Premuzic, 2007).

Ryckman (2006) identifiseer die volgende verwante persoonlikheidstrekke aan Inskiklikheid soos in Tabel 2.10 uiteengesit.

Tabel 2.10: Verwante persoonlikheidstrekke aan Inskiklikheid

Persoonlikheidstrekke	Gedragstrekke
<i>Positiewe Faktorpool:</i>	
Samewerking	tegemeetkomend; inskliklik; samewerkend; geduldig; behulpsaam; rustig; redelik
Beminlikheid	lieftalig; hartlik; vriendelik; vrolik; prettig
Empatie	sorgvuldig; goeheartig; medelydend; vertrouend; begrypend
Toegewendheid	versagtend; goedgeelowig; beskeie
Hoflikheid	wellewend; diplomatie; beleefd; eerbiedig; taktvol
<i>Negatiewe Faktorpool:</i>	
Oorlogvoerend	vyandig; betogend; strydend; rusiemakerig
Oorkrities	foutvinderig; nors; onversoenlik; onsimpatiek
Baasspelerig	veeleisend; dominerend; manipulerend
Onbeleefdheid	misbruikend; oneerbiedig; onbeskof; skaamteloos; onbeskaafd; minagtend
Wreedheid	wreedaardig; onbarmhartig; wraakgierig

(Ryckman, 2006)

2.4.6.1.5 Konsensieusheid

Die vyfde en laaste persoonlikheidsdomein, wat deel uitmaak van die Groot Vyf-model van persoonlikheid, is Konsensieusheid. Dit verwys onder andere na proaktiwiteit, verantwoordelikheid en selfdissipline. Hierdie persoonlikheidsdomein omsluit die persoonlikheidstrekke van bevoegdheid, ordelikheid, pligsgetrouheid, prestasiegerigheid, selfdissipline en oorwoëndheid. Konsensieuse individue word geïdentifiseer deur hulle doeltreffendheid, georganiseerdheid, determinasie en produktiwiteit. Hierdie persoonlikheidsdomein hou gevolglik verband met verskillende voorspellings van prestasies (Chamorro-Premuzic, 2007).

Ryckman (2006) identifiseer die volgende verwante persoonlikheidstrekke aan Konsensieusheid soos in Tabel 2.11 uiteengesit:

Tabel 2.11: Verwante persoonlikheidstrekke aan Konsensieusheid

Persoonlikheidstrekke	Gedragstrekke
<i>Positiewe Faktorpool:</i>	
Organisasie	ordelik; georganiseerd; sistematies
Doeltreffendheid	bondig; streng; hardwerkend; kieskeurig; selfgedissiplineerd
Vertroubaarheid	betroubaar; vertroubaar; verantwoordelik
Noukeurigheid	puntenerig; perfeksionisties; presies
Volharding	arbeidsaam; volhardend; hardnekkig; deeglik
<i>Negatiewe Faktorpool:</i>	
Verwarring	ongeorganiseerd; onverskillig; onbekwaam; deurmekaar; morsig; onsistematies
Nalatigheid	sorgeloos; agterlosig; onbetroubaar; gewetenloos; ongeloofwaardig
Inkonsekwensie	dwalend; inkonsekwent; onvoorspelbaar
Vergeetagtigheid	verstrooid
Roekeloosheid	waaghalsig; voortvarend; onverskillig

(Ryckman, 2006)

Tabel 2.12 dui aan hoe hoë en lae tellings op elk van die *Groot Vyf*-persoonlikheidsdomeine geïnterpreteer kan word.

Tabel 2.12: Interpretasie van hoë- en lae tellings soos behaal op die *Groot Vyf*-persoonlikheidsdomeine

	Neurotisisme	Ekstraversie	Openheid vir Ervaringe	Inskiklikheid	Konsensieusheid
Lae tellings	Kalm Bedaard Selftevrede Gemaklik Onemosioneel Gehard	Gereserveerd Eensaam Stil Nugter Passief Ongevoelig	Plat op die aarde Nie kreatief nie Konvensioneel Verkies roetine Nie nuuskierig nie Konservatief	Wreed Suspisius Suinig Antagonisties Krities Geïrriteerd	Nalatig Lui Ongeorganiseerd Nie stiptelik nie Doelloos Gee maklik in

Hoë tellings	Angstig	Liefdevol	Verbeeldingryk	Saggeaard	Konsensieus
	Temperamenteel	Lid van 'n	Kreatief	Vertrou maklik	Hardwerkend
	Selfbejammerend	span	Oorspronklik	Gaaf	Goed
	Selfbewus	Spraaksaam	Verkies	Buigsaam	georganiseerd
	Emosioneel	Prettig	verskeidenheid	Goedgeaard	Stiptelik
Kwesbaar	Aktief	Nuuskerig		Ambisieus	
	Passievol	Liberaal			Deursettings-vermoë

(Feist & Feist, 2009)

Gosling en John (1999) en Unrah en McCord (2010) het voorgestel dat die tradisionele kort beskrywers vir die *Groot Vyf*-persoonlikheidsdomeine nie bevredigend daarin slaag om die omvang van die persoonlikheidsdomeine vas te vang nie en maklik misverstaan kan word. Die tradisionele kort beskrywers is **N** vir *Neurotisme*, **E** vir *Ekstraversie*, **O** vir *Openheid vir Ervaringe*, **A** vir *Inskiklikheid* en **C** vir *Konsensieusheid*. Derhalwe word addisionele terme voorgestel om met die konseptualisering van elke domein te help. Vir **N** word Neurotisme, Angstigheid en Negatiewe Affek voorgestel, terwyl Ekstraversie, Energie en Entoesiasme vir **E** voorgestel word (Gosling & John, 1999; Unrah & McCord, 2010). Vir **O** word Openheid, Oorspronklikheid en Nugterheid voorgestel, terwyl Inskiklikheid, Altruïsme en Affek vir **A** voorgestel word (Gosling & John, 1999; Unrah & McCord, 2010). Laastens word Konsensieusheid, Beheer en Beheersing vir **C** voorgestel (Gosling & John, 1999; Unrah & McCord, 2010).

Volgens Unrah en McCord (2010) is die hoë E-individue sosiaal aktief en spraaksaam, terwyl lae E-individue introverties, gereserveerd en stil is. Hoë A-individue is vertrouenswaardig, saggeaard en versorgend, terwyl lae A-individue onbeskof, suspisies en geïrriteerd is (Unrah & McCord, 2010). Hoë C-individue is georganiseerd, gedissiplineerd en reëlbewus, terwyl lae C-individue onbetroubaar, sorgeloos en lui is. Hoë N-individue is bekommerd, angstig en depressief, terwyl lae N-individue onemosioneel, stabiel en ontspanne is. Hoë O-individue is nuuskierig, kreatief en oorspronklik, terwyl lae O-individue konvensioneel, nougeset en onanalities is (Unrah & McCord, 2010).

Die ontstaan van die Groot Vyf-model van persoonlikheid verskaf dus 'n nuwe benadering tot die bestudering van individuele verskille (Unrah & McCord, 2010). Die vyf persoonlikheidsdomeine word beskryf as volgehoue disposisies wat tot verskillende mates oorgeëf kan word, in alle kulture voorkom, en relatief stabiel oor die lewensverloop van

individue bly (Costa & McCrae, 1992). McCrae, Costa, Hrebickova, Ostendorf en Angleitner (2000) beweer dat hierdie persoonlikheidsdomeine biologies-gebaseerd is en onafhanklik van omgewingsinvloede ontwikkel. In die literatuur bestaan daar voldoende bewyse vir die geldigheid en betroubaarheid van die Vyffaktor-model van persoonlikheid: oor verskillende teoretiese raamwerke (Goldberg, 1981); deur gebruik te maak van verskillende instrumente (Costa & McCrae, 1988; McCrae, 1989; McCrae & Costa, 1985, 1987, 1989); in verskillende kulture (Bond, Nakazato, & Shiraishi, 1975; Noller, Law, & Comrey, 1987); deur gebruik te maak van bepunte deur verskillende bronne (Digman & Inouye, 1986; Digman & Takemoto-Chock, 1981; Fiske, 1994; McCrae & Costa, 1987; Norman, 1963; Norman & Goldberg, 1966; Watson, 1989) en deur 'n wye verskeidenheid van deelnemers te gebruik (Digman, 1990).


2.4.6.2 Die Vyffaktor-teorie

Aanvanklik was die *Groot Vyf* niks meer as 'n taksonomie nie; 'n klassifikasie van basiese persoonlikheidstrekke (Feist & Feist, 2009). Teen die laat 1980's was Costa en McCrae daarvan oortuig dat hulle 'n stabiele struktuur vir persoonlikheid gevind het (Feist & Feist, 2009). Die veld van Persoonlikheidsielkunde het nou 'n algemeen aanvaarde taal waarvolgens persoonlikheid beskryf kan word en dit is volgens vyf persoonlikheidsdomeine (Feist & Feist, 2009). Die beskrywing van persoonlikheidstrekke is egter nie dieselfde as die verduideliking daarvan nie (Feist & Feist, 2009). Vir 'n verduideliking word wetenskaplike teorie benodig (Feist & Feist, 2009). McCrae en Costa (2003) het, weens die spanning tussen die ou en nuwe teorieë as dryfkrag, 'n alternatiewe teorie ontwikkel wat verder as die vyf persoonlikheidsdomein-taksonomie strek en gebaseer is op empiriese bewyse vanuit kontemporêre navorsing. Hierdie nuwe, alternatiewe persoonlikheidsteorie moet oor die vermoë beskik om die groei en verandering binne die veld van Persoonlikheidsielkunde (wat oor die laaste 25 jaar plaasgevind het) te inkorporeer, maar moet steeds in die huidige empiriese beginsels wat uit navorsing na vore gekom het gegrond bly (Feist & Feist, 2009). Met ander woorde, die tyd het aangebreek om die Vyffaktor-model van persoonlikheid (taksonomie) te omskep in 'n Vyffaktor-teorie.

2.4.6.2.1 Eenhede in die Vyffaktor-teorie

Een poging om sin uit die bevindinge en waarnemings van die Vyffaktor-model van persoonlikheid te maak, is die Vyffaktor-teorie. Dit is nie soseer 'n teorie van die faktore self nie, maar verklaar hoe individue, gebaseer op konstante navorsingsbevindinge oor die Groot Vyf-model van persoonlikheid, funksioneer. Volgens die Vyffaktor-teorie is persoonlikheid 'n sisteem

met 'n inset, 'n uitset en 'n gedefinieerde interne struktuur (Derlega, Winstead & Jones, 2005). 'n Skematiese voorstelling van die Vyffaktor-teorie word in Figuur 2.8 aangebied.



(Feist & Feist, 2009)

FIGUUR 2.8: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VYFFAKTOR-TEORIE

Daar is sekere sleutelkomponente van die Vyffaktor-teorie wat bekend staan as *Basiese Geneigdhede*, *Kenmerkende Aanpassings* en *Eksterne Invloede*. Die hart van die Vyffaktor-teorie is egter *Biologiese Geneigdhede* en *Kenmerkende Aanpassings* (Derlega, Winstead & Jones, 2005). *Basiese Geneigdhede* is abstrak en verwys na persoonlikheidstrekke wat onderskei kan word, terwyl *Kenmerkende Aanpassings* konkreet is. *Gedrag* is die resultaat van die interaksie tussen *Kenmerkende Aanpassings* en *Eksterne Invloede*. *Kenmerkende Aanpassings* ontwikkel vanuit die interaksie van *Basiese Geneigdhede* met *Eksterne Invloede*. *Basiese Geneigdhede* en die ontwikkeling daarvan oor tyd word alleenlik deur 'n biologiese basis bepaal (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

In die persoonlikheidsteorie van McCrae en Costa (1996; 1999; 2003) word die volgende komponente omskryf:

2.4.6.2.1.1 Basiese Geneigdhede

McCrae en Costa (1996) definieer Basiese Geneigdhede as die universele rou materiaal van persoonlikheidskapasiteit en –disposisie wat gewoonlik afgelei kan word, eerder as om waargeneem te word. Basiese Geneigdhede kan oorgeërf word, gevestig word deur vroeë ervaringe of aangepas word na 'n siekte of psigologiese intervensie, maar op enige gegewe oomblik in tyd definieer dit 'n individu se potensiaal en rigting (Feist & Feist, 2009). Die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine vorm die kern van die Basiese Geneigdhede, naamlik Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid (Feist & Feist, 2009). Die Basiese Geneigdhede sluit ook kognitiewe vermoë, artistieke talent, seksuele oriëntasie en ander psigologiese prosesse onderliggend tot die aanleer van taal in (Feist & Feist, 2009). Die Basiese Geneigdhede het 'n biologiese basis en bly stabiel oor tyd en plek (Feist & Feist, 2009).

2.4.6.2.1.2 Kenmerkende Aanpassings

Teenoor persoonlikheidstrekke word daar ook 'n wye verskeidenheid psigologiese kenmerke gedefinieer wat, volgens die Vyffaktor-teorie, deel uitmaak van Kenmerkende Aanpassings. Hierdie psigologiese kenmerke sluit onder andere vaardighede, gewoontes, oortuigings, planne, doelwitte en die intra-psigiese aspekte van rolle en verhoudings in. Een belangrike subafdeling van Kenmerkende Aanpassings is Selfkonsep wat oortuigings, gevoelens en stories oor die self insluit. Daar word 'n aparte plek aan Selfkonsep toegeken omdat dit van so 'n groot belang vir sielkundiges is, maar konseptueel maak dit steeds deel uit van Kenmerkende Aanpassings (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Kenmerkende Aanpassings is kenmerkend omdat dit die individu se disposisie reflekteer en dit is aanpassings omdat dit ontwikkel as respons tot spesifieke eise en geleenthede vanuit die omgewing. Verder het ouers en ouerleiding 'n groot invloed op Kenmerkende Aanpassings. Alhoewel ouers en ouerleiding 'n belangrike rol speel in onder andere individue se kosvoorkeure, religieuse oortuigings, taalvoorkeure en kleredrag, vorm dit nie individue se persoonlikheidstrekke nie (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

Kenmerkende Aanpassings verwys na die persoonlikheidsstruktuur wat ontwikkel namate individue by die omgewing aanpas (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Die primêre verskil tussen Basiese Geneigdhede en Kenmerkende Aanpassings is die buigsaamheid daarvan. Alhoewel Basiese Geneigdhede relatief stabiel bly, is Kenmerkende Aanpassings meer vatbaar om deur eksterne invloede beïnvloed te word (Feist & Feist, 2009). Hierdie eksterne invloede verwys na vaardighede, gewoontes, houdings en verhoudings wat na vore kom vanuit die

individuele interaksie met sy/haar omgewing (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Alle aangeleerde en spesifieke vaardighede is Kenmerkende Aanpassings (Feist & Feist, 2009). Hoe vinnig ons leer is 'n Basiese Geneigdheid (talent, intelligensie, aanleg), terwyl dit wat ons leer 'n Kenmerkende Aanpassing is (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Kenmerkende Aanpassings word gevorm deur Basiese Geneighede. Wat ook opvallend is, is die konsekwentheid en uniekheid daarvan. Begrip van die interaksie tussen Kenmerkende Aanpassings en Basiese Geneighede vorm die kern van die Vyffaktor-teorie (Feist & Feist, 2009). Basiese Geneighede is stabiel en volgehou, terwyl Kenmerkende Aanpassings fluktureer (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Dit impliseer dat Kenmerkende Aanpassings oor die verloop van tyd kan verander en ook waarom Kenmerkende Aanpassings verskil van kultuur tot kultuur (Feist & Feist, 2009).

Deur 'n onderskeid tussen Basiese Geneighede en Kenmerkende Aanpassings te tref, is dit ook moontlik om te verklaar waarom individue gelyktydig kan verander en dieselfde kan bly aangesien hul Kenmerkende Aanpassings verander terwyl hul Basiese Geneighede dieselfde bly (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

2.4.6.2.1.3 Selfkonsep

Volgens McCrae en Costa (2003) is selfkonsep eintlik 'n Kenmerkende Aanpassing, maar dit word apart in die Vyffaktor-teorie genoem omdat dit so 'n belangrike aanpassing is. Selfkonsep bestaan uit kennis, sienings en selfevaluering wat wissel vanaf feite oor persoonlike geskiedenis tot self-identiteit wat betekenis aan lewe gee (Feist & Feist, 2009). Die oortuigings, houdings en gevoelens wat 'n individu teenoor homself/haarself het, is Kenmerkende Aanpassing wat 'n individuele gedrag in 'n gegewe situasie gaan beïnvloed (Derlega, Winstead & Jones, 2005). As 'n individu byvoorbeeld glo dat hy/sy intelligent is, dan sal hy/sy hom/haar in situasies plaas wat intellektueel uitdagend is (Feist & Feist, 2009). McCrae en Costa (2003) sluit persoonlike mites in as deel van 'n persoon se selfkonsep.

Verder maak McCrae en Costa (2003) ook melding van drie perifere komponente, naamlik Biologiese Basis, Objektiewe Biografie en Eksterne Invloede.

2.4.6.2.1.4 Biologiese Basis

Biologiese Basis sluit primêr die brein in waarvan die funksies en struktuur grootliks deur gene bepaal word, maar ook deur ontwikkeling, ongelukke, siektes en farmakologiese intervensies

beïnvloed word (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Die Vyffaktor-teorie rus slegs op biologie as die enkele oorsaaklike invloed op persoonlikheidstrekke. Die primêre biologiese meganismes wat Basiese Geneighede beïnvloed is gene, hormone en breinstrukture. Dit beteken nie dat omgewing geen rol in persoonlikheidsvorming speel nie, maar wel dat dit nie 'n direkte rol speel in Basiese Geneighede nie (Feist & Feist, 2009).

2.4.6.2.1.5 Objektiewe Biografie

Objektiewe Biografie verwys na die uitset van die persoonlikheidsstruktuur en bevat die kumulatiewe rekord van alles wat 'n individu doen, dink en voel oor sy/haar lewensverloop (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Objektiewe Biografie beklemtoon dít wat in individue se lewens gebeur het (objektiewe ervaring) en nie hulle persepsie of siening van hulle ervarings nie (subjektiewe ervaring) (Feist & Feist, 2009). Elke optrede of respons word deel van die kumulatiewe rekord (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Alhoewel Adler en McAdams (2007) fokus op die subjektiewe interpretasie van lewensverhale, fokus McCrae en Costa (2003) op die objektiewe ervarings – die gebeure en ervarings wat 'n individu oor sy/haar leeftyd beleef.

2.4.6.2.1.6 Eksterne Invloede

Eksterne invloede verwys na geleenthede en beperkings wat gepaard gaan met 'n spesifieke situasie op 'n spesifieke tydperk en word bepaal in die konteks van 'n spesifieke kultuur en geskiedenis (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Individue vind hulleself gereeld in 'n spesifieke fisiese of sosiale situasie wat 'n invloed op hulle persoonlikheidsstelsel het. Eksterne Invloede het dus te doen met hoe individue op die geleenthede en eise wat die konteks aan hul stel reageer (Feist & Feist, 2009). McCrae en Costa (1999; 2003) glo dat gedrag 'n funksie is van die interaksie tussen Kenmerkende Aanpassings en Eksterne Invloede.

2.4.7 Kritiese evaluering van die Vyffaktor-model van persoonlikheid en Vyffaktor-teorie van persoonlikheid

Wetenskaplikes kan daarop aanspraak maak om iets te ontwikkel, maar tensy ander wetenskaplikes hierdie werk kan herhaal met soortgelyke resultate, word dit nie aanvaar as 'n wetenskaplike feit nie. Die NEO PI-R (Costa & McCrae, 1992) en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) is vertaal in meer as 40 tale en die struktuur is min of meer gerepliseer in elke geval wat bestudeer is (Rolland, 2002). Hierdie bevinding is indrukwekkend as die wye reeks tale, wat

onder andere Portugees, Duits, Israeli, Chinees, Koreaans en Japanees insluit, in ag geneem word. Daar bestaan verder genoegsame bewyse dat al vyf persoonlikheidsdomeine beïnvloed word deur gene (Jang, McCrae, Angleitner, Reimann & Liversley, 1998). Gedeelde omgewingsinvloede deur kinders in dieselfde gesin het min tot geen effek op hul volwasse persoonlikheid nie. Dit beteken dat die struktuur van persoonlikheidstrekke feitlik heeltemal aan genetiese invloede toegeskryf kan word. 'n Eienskap wat verander van week tot week kan nie beskou word as 'n persoonlikheidstrek nie, aangesien 'n persoonlikheidstrek stabiliteit oor tyd demonstreer. Dit beteken egter nie dat persoonlikheidstrekke nie oor baie jare kan verander nie (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

Baie navorsers stem nie saam met die groot rol wat die Vyffaktor-teorie aan gene toeskryf nie. Verder bestaan daar 'n gevaar van diskriminasie, aangesien verskille in die vyf persoonlikheidsdomeine tussen verskillende groepe daarop kan dui dat sommige kulture geneties ondergeskik is aan ander kulture. Aangesien die Vyffaktor-teorie op beide kruiskulturele- en longitudinale data gebaseer is, kan die stabiliteit van die persoonlikheidsstruktuur nie onder verdenking geplaas word nie (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Die Vyffaktor-teorie slaag daarin om die werking van persoonlikheidstrekke in die lig van empiriese bewyse op die Vyffaktor-model van persoonlikheid te verklaar. Een aspek waarin die Vyffaktor-teorie egter nog onderontwikkel is, is dat dit nie daarin slaag om 'n bevredigende intra-psigiese model te verskaf nie. Alhoewel die dinamiese prosesse wat die model aktiveer nie onder verdenking geplaas word nie, word die gebrek aan 'n taksonomie vir Kenmerkende Aanpassings wel as 'n beperking beskou. Die Vyffaktor-teorie sal daarby baat indien 'n meer sistematiese behandeling van beide Dinamiese Prosesse en Kenmerkende Aanpassings geformuleer word (Feist & Feist, 2009).

Daar bestaan verder kritiek teen die Vyffaktor-teorie vir die tekort aan teoretiese verduideliking in die ontwikkeling en aard van die prosesse onderliggend tot sommige van die persoonlikheidsdomeine, veral ten opsigte van Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid. Dit beteken dat selfs al slaag die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine daarin om 'n akkurate beskrywing van individue te gee, is die oorsprong van verskille tussen persoonlikheidsdomeine steeds onbekend (Chamorro-Premuzic, 2007).

Die Vyffaktor-model toon goeie geldigheid en betroubaarheid wat daartoe aanleiding gee dat die meeste navorsers saamstem oor die bestaan van vyf persoonlikheidsdomeine en oor die voordele daaraan verbonde om hierdie persoonlikheidsdomeine met behulp van die NEO PI-R (Costa & McCrae, 1985; 1992) en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) te evalueer (Feist & Feist,

2009). Hierdie konsensus oor eenstemmigheid maak dit moontlik dat navorsers persoonlikheidsstudies met mekaar kan vergelyk en repliseer, aangesien 'n gemeenskaplike instrument tot persoonlikheidsvaluering beskikbaar is. Die voordeel van die Vyffaktor-model is dat dit nie net 'n eenvoudige taksonomie van persoonlikheid, wat gebaseer is op die leksikale hipotese, verskaf nie, maar dat dit ook gebruik kan word om die bevindinge van die Vyffaktor-model volgens ander persoonlikheidsmodelle te interpreteer (Chamorro-Premuzic, 2007).

Nog 'n algemene punt van kritiek teen die Vyffaktor-teorie is dat dit nie daarin slaag om al die aspekte van persoonlikheid te beskryf nie. Sommige persoonlikheidsielkundiges dui aan dat hulle probleme het met hierdie persoonlikheidsteorie, omdat die volgende persoonlikheidstreke verwaarloos word: godsdienstigheid, manipulasie/machiavellisme, eerlikheid, spaarsaamheid, konserwatisme, manlikheid/vroulikheid, snobisme, humorsin, identiteit en motivering. Daar bestaan egter 'n verband tussen sommige van bogenoemde persoonlikheidstreke en die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine, soos byvoorbeeld die negatiewe verband tussen Politiese Konserwatisme en Openheid vir Ervaringe (McCrae, 1996).

McAdams (1995) verwys na die Vyffaktor-teorie as die "sielkunde van die vreemdeling", omdat hy van mening is dat die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine maklik by 'n vreemdeling waargeneem kan word. Volgens McAdams (1995) word ander aspekte van persoonlikheid wat meer privaat is, of meer konteksafhanklik is, deur die Vyffaktor-teorie uitgesluit. Baie studies toon dat die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine nie onafhanklik van mekaar is nie, aangesien daar dikwels 'n negatiewe verband tussen Neurotisme en Ekstraversie gevind word wat daarop dui dat diegene wat 'n geneigdheid het om negatiewe emosies te ervaar ook oor die algemeen minder praat en minder sosialiseer as die gemiddelde individu onder dieselfde omstandighede (Feist & Feist, 2009).

Nog kritiek teen die Vyffaktor-teorie is dat die meeste navorsing gebaseer is op selfrapporteringsvraelyste en dat hierdie vraelyste onderhewig is aan selfrapporteringsvooroordele en vervalsing van response. Sommige individue probeer dus om hulleself in 'n beter of slegter lig te plaas en gevolglik word daar nie 'n akkurate persepsie van die realiteit verkry nie (Derlega, Winstead & Jones, 2005). Dit is ook nie moontlik om hierdie selfrapporteringsvooroordele en vervalsing van response heeltemal te elimineer nie. Dit verklaar waarom daar verskille tussen individue se toetstellings bestaan wanneer hul die vraelys individueel voltooi teenoor wanneer hulle die vraelys in groepsverband voltooi. Verskille in toetstellings kan dus 'n weerspieëling wees van werklike persoonlikheidsverskille of dit kan

bloot 'n weerspieëling wees van die situasie waarin die individu die vraelys voltooi het (individueel of in groepsverband) (Feist & Feist, 2009).

'n Gereelde punt van kritiek teen die Vyffaktor-teorie is dat dit nie op 'n persoonlikheidsteorie gebaseer is nie, maar bloot op die leksikale hipotese en faktoranalise van empiriese bevindinge (Feist & Feist, 2009). Dit beteken nie dat die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine nie bestaan nie, maar wel dat die onderliggende etiologie van hierdie persoonlikheidsdomeine onbekend is. Daar bestaan gevolglik geen teoretiese grondslag wat verklaar waarom sommige persoonlikheidstrekke deel vorm van 'n spesifieke persoonlikheidsdomein nie (Derlega, Winstead & Jones, 2005). So bestaan daar byvoorbeeld nie 'n teoretiese basis wat verklaar waarom Soeke na Opwinding en Geselligheid persoonlikheidstrekke is wat deel vorm van die Ekstraversie-persoonlikheidsdomein nie. Daar bestaan ook nie sekerheid oor wat elke persoonlikheidsdomein voorspel nie (Feist & Feist, 2009). Die ontwikkeling van die Vyffaktor-teorie kan egter beskou word as 'n poging wat aangewend word om hierdie leemtes aan te spreek (Derlega, Winstead & Jones, 2005).

2.5 SAMEVATTING

In Hoofstuk 2 is daar konteks geskep deur persoonlikheid te omskryf deur eerstens te verwys na verskillende definisies van persoonlikheid en tweedens deur persoonlikheid vanuit verskillende paradigmas te konseptualiseer. Dit is gevolg deur 'n beskrywing van persoonlikheidstrekke wat gelei het tot 'n bespreking van die ontwikkeling van persoonlikheidsteorieë. Persoonlikheidsteorieë is volgens die historiese verloop daarvan bespreek met as vertrekpunt die antieke beskouing van persoonlikheid volgens Hippokrates en as eindpunt die Groot Vyf-model van persoonlikheid en die Vyffaktor-teorie van Costa en McCrae. In die bespreking van verskillende persoonlikheidsteorieë is aandag gegee aan die persoonlikheidsteorieë van Allport, Eysenck en Cattell wat uitloop in 'n bespreking van die Groot Vyf-model van persoonlikheid van Costa en McCrae as hoogtepunt. Volledige besprekings is gegee oor elk van die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine naamlik Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid. Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van die Vyffaktor-teorie wat voortgespruit het vanuit empiriese navorsing oor die Vyffaktor-model van persoonlikheid. Ten slotte word 'n kritiese evaluering van die Vyffaktor-model van persoonlikheid en die Vyffaktor-teorie van persoonlikheid aangebied.

In Hoofstuk 3 gaan die rol van persoonlikheidsevaluering in die keuring van voornemende onderwysstudente bespreek word.

HOOFSTUK 3

DIE ROL VAN PERSOONLIKHEIDSEVALUERING IN DIE KEURING VAN VOORNEMENDE ONDERWYSSTUDENTE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar kortliks verwys na die visie wat die Departement van Onderwys vir Suid-Afrikaanse Onderwys het, waarna 'n bespreking volg rakende die rolle wat onderwysers in die huidige onderwysstelsel moet kan speel. Daar word ook verwys na die Professionele Gedragskode waaraan onderwysers moet voldoen, soos uiteengesit deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO). Dit word gevolg deur 'n kort uiteensetting van die keuring van onderwysstudente in ander wêrelddele en 'n spesifieke fokus op die keuring van onderwysstudente in Suid-Afrika. Die hoofstuk word afgesluit deur aandag te gee aan die rol wat persoonlikheidsevaluering tydens die keuring van voornemende onderwysstudente behoort te speel, asook die gewenste persoonlikheidsprofiel vir die onderwys.

3.2 DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS SE VISIE VIR SUID-AFRIKAANSE ONDERWYS

Op 8 Januarie 2008 het president Jacob Zuma die volgende verklaring uitgereik soos aangehaal in die Rapport (2008): *“Onderwys moet van 'n departementele aangeleentheid, of selfs 'n regeringsaangeleentheid, tot 'n gemeenskapsaangeleentheid uitgebrei word – een wat die aandag en energie van al ons mense verg. Daar moet 'n verbintenis wees tot 'n Gehalte-onderwyskode, wat die verantwoordelikhede en dissipline omskryf van dit wat van hulle verwag word as die ononderhandelbare kwessies. Dit moet beskou word as 'n revolusionêre wet waaraan kernorganisasies hulle moet onderwerp en 'n kode waarbinne opgetree moet word”.*

Die voormalige Minister van Onderwys, mev. Naledi Pandor, het in 2008 bekend gemaak dat die Departement van Onderwys 'n veldtog vir gehalte-onderwys van stapel stuur, wat daarop aanspraak maak dat onderwys vry, verpligtend, universeel en gelyk vir alle leerders moet wees (Rapport, 2008). Verder doen hierdie veldtog 'n beroep op alle individue en organisasies om verantwoordelikheid te aanvaar om die gehalte van onderwys in Suid-Afrika te verbeter (Rapport, 2008). Die belangrikste elemente van hierdie veldtog is dat landsburgers ingelig moet word oor die belangrikheid van onderwys, asook hul rol, verantwoordelikhede en verpligtinge ten opsigte van onderwys; dat gemeenskappe gemobiliseer moet word om skole, onderwysers en leerders te moniteer en te steun; en dat die gehalte van onderwys vir alle leerders verbeter moet word. Die idee is dat onderrig van hoër gehalte uiteindelik 'n hoër prestasievlak onder leerders sal weerspieël (Rapport, 2008).

Onderwysers speel veral 'n kritieke rol in die pogings wat nodig is om doeltreffende leeraktiwiteite en gehalte-onderwys te verseker (Rapport, 2008). Die Departement van Onderwys (2008) doen 'n beroep op alle onderwysers om hulle tot die Kode vir Gehalte-onderwys te verbind, waarvolgens onderwysers, ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) se Professionele Gedragskode, belowe om:

- onderrig te gee en die ontwikkeling van leerders as individue te bevorder;
- respek te betoon vir die waardigheid en regte van alle mense, sonder vooroordeel;
- lojaliteit en respek vir die professie te ontwikkel;
- stiptelik, ywerig en goed voorbereid vir klasse te wees en na hul eie fisieke en geestelike welstand om te sien;
- hul eie kennis en vaardighede te verbeter om doeltreffer te wees;
- goeie kommunikasie tussen onderwysers en studente, tussen onderwysers onderling, en tussen onderwysers en ouers te handhaaf;
- gereeld aan ouers inligting oor hulle kinders se vordering deur te gee;
- onprofessionele gedrag ten opsigte van onderwyser-leerder betrekkinge, drankmisbruik, dwelmmisbruik, aanranding, seksuele teistering en ander uit te skakel; en
- beskikbaar te wees om buitemuurse bedrywighede te behartig.

(Rapport, 2008)

Teen die agtergrond van bogenoemde moet onderwysers onderneem om hierdie uiteengesette verantwoordelikhede te aanvaar ten einde gehalte-onderwys vir almal te verseker. Die veldtog is ook daarop gemik om onderwysers bewus te maak van die rolle, verantwoordelikhede en verpligtinge wat hulle teenoor gehalte-onderwys het (Botha, 2009). Volgens Botha (2009) is dit

belangrik dat onderwysers betyds moet wees, voorbereid moet wees in die klaskamers en oor die vermoë moet beskik om leerders te kan onderrig. Daarom is dit belangrik dat onderwysers goed opgelei moet word en toegewyd moet wees ten einde die sukses van die onderwysstelsel te verseker. Botha (2009) se siening word deur Thobile Ntola, die president van die *SA Democratic Teachers Union* (SADTU) ondersteun, wat daarop wys dat goed-opgeleide en gemotiveerde onderwysers noodsaaklik is om gehalte-onderwys te verskaf (Botha, 2009). Verder noem Nkwai Ramasehla, die president van die *National Professional Teachers' Organisation of South Africa* (NAPTOSA), dat daar in sommige gevalle steeds tekortkominge in die opleiding en ontwikkeling van onderwysers bestaan (Botha, 2009). Wanneer onderwysers se vaardighede ten volle ontwikkel is, is hulle beter toegerus en is dit uiters belangrik dat hulle presies moet weet wat van hulle verwag word wanneer hulle voor 'n klas staan (Botha, 2009). Ramasehla wys daarop dat onderwysers gedemotiveer word deur te groot leerdergetalle per klaskamer wat dit moeilik maak om gehalte-onderwys suksesvol te implementeer (Botha, 2009). Jopie Breed, die president van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), is ook bekommerd oor onderwys in Suid-Afrika (Botha, 2009). Hy noem dat ons in Suid-Afrika aan die een kant beskik oor sommige van die beste skole en aan die ander kant, sommige van die swakste. Breed is verder van mening dat onderwysers, in sommige gevalle, die geleentheid gebied moet word om heropgelei te word en om verder te kan studeer (Botha, 2009).

3.3 ROLLE WAT ONDERWYSERS MOET SPEEL

Op 4 Februarie 2001 het prof. Kader Asmal die Norme en Standaarde vir Opvoeders as nasionale beleid verklaar (Asmal, 2000). Hierdie beleid speel 'n sleutelrol in die transformasie van onderwys in Suid-Afrikaanse skole, aangesien dit rigting en riglyne vir voordiens- en indiensopleiding en vir die ontwikkeling van professionele en bevoegde onderwysers verskaf (Asmal, 2000). Die Norme en Standaarde vir Opvoeders is 'n beleid wat opgestel is na 'n twee-jaarperiode van intense besprekings met die betrokkenheid van onderwysunies, die Suid-Afrikaanse Kwalifikasies-owerheid (SAQA), Die Hoër Onderwyskomitee (HOK) en die Departement van Arbeid, asook universiteite, teknikons, en onderwyskolleges. Meer as 1 000 mense is betrek om kommentaar te lewer op die formulering van dié beleid (Asmal, 2000). Die Norme en Standaarde van Opvoeders is gebaseer op 'n uitkomsgebaseerde benadering tot onderwyseropleiding en verskaf gedetailleerde beskrywings van die verwagtinge van bevoegde onderwysers (Asmal, 2000). Hierdie beleid verskaf riglyne vir die opleiding en ontwikkeling van onderwysers sodat hulle oor die nodige kennis, vaardighede en waardes kan beskik wat

leergeleenthede meer relevant maak om sodoende in die ekonomiese en sosiale behoeftes van leerders in Suid-Afrika te voorsien (Asmal, 2000). Verder beklemtoon hierdie beleid sewe rolle wat onderwysers moet kan aanneem, tesame met beskrywings van die kennis, vaardighede en waardes wat benodig word ten einde hierdie rolle suksesvol aan te neem (Asmal, 2000). Die sewe rolle is: 1) 'n fasiliteerder van leer; 2) 'n interpreteerder en ontwerper van leerprogramme, kurrikulums en onderrigleermedia; 3) 'n leier, 'n administrateur en bestuurder; 4) 'n navorser en lewenslange leerder; 5) 'n landsburger wat aktief betrokke is in die gemeenskap; 6) 'n assesseerder; en 7) 'n vakkundige (Asmal, 2000).

Die kombinasie van bogenoemde sewe rolle word gesien as die kenmerk van 'n bevoegde en professionele onderwyser (Asmal, 2000). Hierdie rolle kan gebruik word om sterk en swak punte van onderwysers te identifiseer en dit dui ook aan watter tipe opleiding benodig sal word om onderwysers se prestasies te verbeter (Asmal, 2000). Hierdie beleid poog om onderwys te verbeter en dien ook as 'n maatstaf waarmee die kwaliteit van opleidingsprogramme vir onderwysers gemeet kan word (Asmal, 2000). Slegs onderwysopleidingsprogramme wat aan hierdie maatstaf voldoen moet deur die Departement van Onderwys goedgekeur en erken word (Asmal, 2000). Die Norme en Standaarde vir Opvoeders verteenwoordig 'n klemverskuiwing vanaf die outoritêre onderwysergesentreerde benadering wat deur die Apartheidsregering aangemoedig is na 'n nuwe tipe onderwyser vir Suid-Afrikaanse skole (Asmal, 2000). Hierdie nuwe tipe onderwyser moet dus oor sekere persoonlikheidstrekke beskik ten einde by die veranderde rolle en roldiversiteit, wat van onderwysers in die huidige uitkomsgebaseerde onderwysstelsel verwag word, te kan aanpas.

3.4 PROFESSIONELE GEDRAGSKODE VIR OPVOEDERS

Benewens die verskillende rolle wat die onderwyser moet kan speel, is daar ook 'n professionele gedragskode waaraan hulle moet voldoen. Hierdie professionele gedragskode is saamgestel deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO), 'n organisasie wat die kwaliteit van onderwyslewering verseker en waarby onderwysers moet registreer. Volgens hierdie kode word 'n opvoeder beskou as enige individu wat onderwys gee, ander individue onderrig of oplei, of professionele terapie by enige skool, tegniese kollege of onderwyskollege gee, bystand in die lewering van professionele dienste verskaf, onderwysbestuursdienste of hulpdienste by of in 'n Departement van Onderwys verskaf (en wie se diens gereguleer word

deur die Onderwysindiensnemingswet 1994), of enige ander persoon wat by SARO geregistreer is (SACE, 2010).

Volgens SARO word die gewenste gedrag van die opvoeder in verskillende verhoudingskontekste gestipuleer. Daar word eerstens melding gemaak van die gewenste gedrag van opvoeders, van opvoeders teenoor leerders, van opvoeders teenoor ouers en van opvoeders teenoor kollegas. Dan word daar ook verder gestipuleer wat die verwagte optrede van opvoeders teenoor die professie en teenoor werkgewers moet wees. Laastens word daar kortliks verwys na die verwagte gedrag van opvoeders teenoor die Raad (SARO). Die gedragskode vir elk van die genoemde verhoudingskontekste volg (SACE, 2010):

“Die opvoeder wat by SARO geregistreer is:

- erken die edel roeping van hul professie om die leerders van ons land te onderrig en op te lei;
- erken dat die gesindheid, toewyding, selfdiscipline, ideale, opleiding en gedrag van die onderwysprofessie die gehalte van onderwys in hierdie land bepaal;
- erken, handhaaf en bevorder basiese menseregte, soos beliggaam in die Grondwet van Suid-Afrika;
- verbind hulle om alles in hulle vermoë te doen om in die uitvoering van hulle professionele pligte op te tree, in ooreenstemming met die ideale van hulle beroep, soos verwoord in hierdie kode; en
- onderneem om op 'n welvoeglike en betaamlike manier op te tree sodat hul optrede nie die onderwysberoep in onguns bring nie.”

(SACE, 2010)

“Die gedrag van die opvoeder teenoor die leerders word gekenmerk deur:

- respek vir die menswaardigheid, geloofsbeskouinge en grondwetlike regte van leerders en in besonder hul reg tot privaatheid en vertroulikheid;
- erkenning van die uniekheid, individualiteit en spesifieke behoeftes van elke leerder, en rig en bemoedig elkeen om sy of haar volle potensiaal te verwesenlik;
- 'n strewe daarna om leerders in staat te stel om 'n stel waardes te ontwikkel wat ooreenstem met dié wat in die Handves van Menseregte, soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, voorgelê word;
- die uitoefening van gesag met deernis;

- die vermyding van enige vorm van vernedering en weerhouding van enige vorm van kindermishandeling, hetsy fisiek of sielkundig;
- die bevordering van geslagsgelykheid en weerhouding van enige soort seksuele verhouding met of seksuele teistering (fisiek of andersins) van leerders;
- die gebruik van gepaste taal en optrede tydens interaksie met leerders, op 'n manier wat die respek van leerders afdwing;
- onderwysers wat alles in hul vermoë doen om die veiligheid van leerders te verseker;
- onderwysers wat nie hul posisie misbruik vir finansiële, politieke of persoonlike gewin nie;
- onderwysers wat nie nalatig of laks is in die uitvoering van hul professionele pligte nie; en
- erkenning van leerders, waar gepas, as vennote in die onderwys.”

(SACE, 2010)

“Die gedrag van die opvoeder teenoor die ouers word gekenmerk deur:

- die ouers te erken as vennote in die onderwys en 'n strewe om 'n harmonieuse verhouding met hulle te bevorder;
- alles te doen wat prakties moontlik is om ouers genoegsaam en betyds in te lig oor die welsyn en vordering van leerders;
- die gedrag van die opvoeder teenoor die gemeenskap word daardeur gekenmerk dat die opvoeder besef dat 'n opvoedkundige instelling die gemeenskap dien en erken daarom dat daar verskillende gewoontes, kodes en lewensbeskouings in die gemeenskap is.”

(SACE, 2010)

“Die gedrag van die opvoeder teenoor sy/haar kollegas word gekenmerk deur:

- weerhouding daarvan om die status van sy/haar kollegas te ondermyn;
- bevordering van geslagsgelykheid en weerhouding van seksuele teistering (fisiek of andersins) van kollegas;
- respek vir die onderskeie verantwoordelikhede van kollegas en die gesag wat daaruit voortspruit, om sodoende die gladde funksionering van die opvoedkundige inrigting te verseker; en
- die korrekte prosedures te volg om professionele onbevoegdheid of wangedrag te hanteer.”

(SACE, 2010)

“Die gedrag van die opvoeder teenoor die professie word gekenmerk deur:

- erkenning dat die uitvoering van professionele pligte binne ’n konteks geskied waarvoor samewerking met en ondersteuning van kollegas noodsaaklik is;
- optrede wat die waardigheid en status van die professie bevorder;
- om op hoogte te bly van opvoedkundige tendense en ontwikkelings;
- deurgaans die uitbouing van onderwys as ’n professie te bevorder; en
- te aanvaar dat onderwysers ’n professionele verantwoordelikheid het ten opsigte van die opleiding en induksie van nuwe lede in die onderwysberoep.”

(SACE, 2010)

“Die gedrag van die opvoeder teenoor die werkgewer word gekenmerk deur:

- te erken dat die werkgewer ’n vennoot is in opvoeding;
- te erken dat sekere verantwoordelikhede en gesag deur die werkgewer aan die onderwyser gegee word en dat die onderwyser na die beste van sy of haar vermoë moet werk; en
- weerhouding daarvan om vertroulike en amptelike sake met ongemagtigde persone te bespreek.”

(SACE, 2010)

“Die gedrag van die opvoeder teenoor die Raad word gekenmerk deur:

- onderwysers wat na die beste van hul vermoë saamwerk met SARO, hulleself onderskryf aan die dissiplinêre magte en prosedures van SARO en daaraan gehoor gee.”

(SACE, 2010)

Vanuit bogenoemde is veral twee aspekte baie duidelik. In die eerste plek is dit duidelik dat daar hoë eise aan onderwysers gestel word, en in die tweede plek is dit belangrik dat hierdie eise in verskillende verhoudingskontekste gestel word. Met inagneming van die rolle waaraan onderwysers moet voldoen, tesame met die professionele gedragskode waaraan onderwysers onderworpe is, kan sonder twyfel gestel word dat ’n besondere tipe individu in die onderwysprofessie benodig word om aan hierdie rolle en eise te voldoen. Sodanige individu moet dus oor sekere unieke persoonlikheidstrekke beskik wat hom/haar sal onderskei van ander individue wat minder effektief aan hierdie diverse rolle en veelvoudige eise van die onderwysprofessie kan voldoen. Hierdie aspek word meer breedvoerig in paragraaf 3.9 bespreek.

3.5 RESULTATE VAN SISTEMIESE EVALUERINGS

Die eerste sistemiese evaluering, wat sedert die implementering van uitkomsgebaseerde onderrig in Suid-Afrika gedoen is, is deur die Departement van Onderwys geïnisieer en beplanning daarvoor het reeds in 1998 begin (Muller, 2004). 'n Voorafstudie is in 2000 onderneem en die hoofstudie het in Julie 2002 'n aanvang geneem. 'n Steekproef van 4,8% van alle Graad 3-leerders in Suid-Afrika (n = 51 397) het aan die studie deelgeneem (Muller, 2004). Die evaluering het gemiddelde tellings van 30% vir geletterdheid en gesyferdheid opgelewer (Muller, 2004). Naledi Pandor, voormalige Minister van Onderwys, het die resultate van die Departement van Onderwys se Graad 6-evalueringsverslag in 2005 as "n krisis in ons sisteem" bestempel (Barry & Taylor, 2006). Tydens dié evaluering is 'n steekproef van 30 000 Graad 6-leerders vir geletterdheid, gesyferdheid en Wetenskap geëvalueer. Hierdie sistemiese evaluering het 'n nasionale gemiddelde telling van 38% vir geletterdheid in hul onderrigtaal (wat oorwegend Engels was), 27% in Wiskunde en 43% in Natuurwetenskap opgelewer (Barry & Taylor, 2006). Alhoewel Metcalfe (2007) se verslag aangedui het dat 63% van Graad 6-leerders nie op die verwagte prestasievlak in hulle onderrigtaal presteer het nie, is dieselfde swak resultate ook in moedertaal-leestoetse aangetref.

In Oktober 2007 is 'n tweede sistemiese evaluering deur die Departement van Onderwys op die Grondslagfase-vlak (Graad 1-3) gedoen (Departement van Onderwys, 2008). 'n Ewekansige steekproef van 53 972 Graad 3-leerders van 2 327 laerskole het aan die evaluering deelgeneem. Die evaluering het nasionale gemiddelde tellings van 36% vir geletterdheid en 35% vir gesyferdheid gerapporteer. Alhoewel daar sedert die sistemiese evaluering in 2001 'n verbetering van 6% in geletterdheid en 5% in gesyferdheid aangetoon is, het die Departement van Onderwys erken dat daar steeds 'n groot en dringende behoefte bestaan om leerders se prestasies in hierdie kritieke basiese vaardighede te verbeter.

In Februarie 2011 het die Departement van Basiese Onderwys 'n derde sistemiese evaluering gedoen waartydens ongeveer 6 miljoen leerders in Suid-Afrika tussen Graad 2 en Graad 10 die Nasionale Assesseringstoetse afgelê het (Kruger, 2011). Volgens die resultate van die assessering, soos deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) geverifieer, het Graad 3- en Graad 6-leerders onderskeidelik 35% en 28% vir geletterdheid en 28% en 30% vir gesyferdheid getoon (Kruger, 2011). Verder is bevind dat slegs 12% van Suid-Afrika se Graad 6-leerders behoorlik somme kan doen (Kruger, 2011). Die verslag toon ook aan dat meer as

80% van Graad 3- en Graad 6-leerders in Limpopo, Mpumalanga en Noordwes nie eens verwagte gesyferdheidsvlakke gedeeltelik behaal het nie. Me. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys, is van mening dat hierdie resultate nie onverwags is nie, aangesien dit met vorige evaluering klop. Sy noem dat daar reeds ingrypings in plek is om die vaardigheidsvlak teen 2014 tot minstens 60% te verbeter deurdat Graad R teen 2014 'n verpligte skooljaar moet wees. Verder het die bevindinge daarop gedui dat die gaping in die oorgang van Graad 3 na Graad 4 waarskynlik te groot is (Pienaar, 2011).

Alhoewel die resultate van die bogenoemde sistemiese evaluering aantoon dat die algemene leerderprestasie 'n bron van groot kommer is en dat die leerders onder die verwagte nasionale skoolastiese prestasievlakke presteer, is dit nog meer kommerwekkend dat die resultate vanuit internasionale evaluering aantoon dat Suid-Afrikaanse leerders nie akademies met hul internasionale eweknieë in beide ontwikkelde en ontwikkelende lande kan kompeteer nie. Byvoorbeeld, die *Third International Mathematics and Science Study Report* (TIMS-R), wat internasionaal in 1998 vrygestel is, het Suid-Afrikaanse Graad 8-leerders se prestasies in Wiskunde en Wetenskap 44% onder die gemiddelde prestasies in van die deelnemende lande, wat twee Afrika-lande (Marokko en Tunisië) ingesluit het, geplaas (Muller, 2004). Die resultate van die *Southern and Eastern African Consortium for Monitoring Education Quality* (SAQMEQ) se Graad 6 Geletterdheidstoets, wat in 2005 gepubliseer is, was selfs nog meer skokkend. Volgens dié verslag het Suid-Afrikaanse leerders 'n laer vlak van geletterdheid as die meeste van hul Afrika-eweknieë gedemonstreer en Suid-Afrika het 'n negende plek uit die 14 Afrika-lande (insluitende Mosambiek, Botswana en Swaziland) wat aan die opname deelgeneem het, behaal (Barry & Taylor, 2006).

In 2011 het SAQMEQ die resultate van hul derde navorsingsprojek bekend gemaak. Volgens hierdie resultate beklee Suid-Afrika onderskeidelik die tiende en die agtste plek uit 15 lande wat die gemiddelde lees- en gesyferdheidsvaardighede van leerders betref (Rademeyer, 2011a). Daar is bevind dat slegs 21,1% van Suid-Afrika se Graad 6-leerders oor basiese leesvaardighede beskik, terwyl slegs 29% die basiese gesyferdheidsvaardighede bemeester het. Slegs leerders van Lesotho, Malawi en Zambië het swakker as leerders van Suid-Afrika gevaar (Rademeyer, 2011a). Prof. Danilla Coetzee, verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat (UVS), het die vernaamste redes vir die swak prestasie van Suid-Afrika se Graad 6-leerders geïdentifiseer as swak onderrig, 'n gebrek aan toewyding, die onderrigtaalbeleid, onder- en ongekwalifiseerde onderwysers, en onderwysers wat vakke aanbied waarvoor hulle nie opgelei is nie (Rademeyer, 2011a).

In 'n ander opname, wat deur onafhanklike evalueerders en konsultante gedoen is, is gevind dat slegs 12% van Suid-Afrikaanse Graad 11-leerders wat in 2005 vir beurse aan tersiêre instellings aansoek gedoen het oor Graad 11-geletterdheidsvlakke beskik (Meyer, Lombard, Warnich, & Wolhuter, 2010).

Rademeyer (2010) beskryf 'n opname wat in 2008 gedoen is waartydens die vaardighede van onderwysers getoets is. Tydens hierdie opname het die onderwysers gemiddeld 40% behaal toe hulle vraestelle van Graad 1 tot Graad 4 moes beantwoord, terwyl hulle gemiddeld 33% behaal het vir Wiskunde-vraestelle van Graad 4 tot Graad 7 (Rademeyer, 2010). Prof. Mailoo Selvaratnam van die Noordwes-Universiteit (Mafikengkampus), het bevind dat Wetenskaponderwysers in Dinaledi-skole (skole wat spesifiek op Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie fokus) nie op standaard is nie (Rademeyer, 2011b). Hy beklemtoon dat hierdie onderwysers nie oor die nodige kennisvlakke beskik vir die vakke wat hulle onderrig nie, ondanks die feit dat hulle voorheen deur die Departement van Onderwys uitgekies is om werksessies by te woon om hulle vakkennis op te skerp. Ter ondersteuning noem hy dat 60% van hierdie onderwysers nie daarin kon slaag om vakkennisvrae korrek te beantwoord nie. Prof. Selvaratnam meen dat dit onbillik is om van onderwysers wat nie oor basiese intellektuele vaardighede beskik nie te verwag om leerders daarin te onderrig. In hierdie verband noem Dr. Mauvia Gallie, 'n onafhanklike onderwysontleder, dat internasionale navorsing aantoon dat die gehalte van onderrig aan die gehalte van onderwysers gekoppel is (Rademeyer, 2011b).

Teen die agtergrond van bogenoemde resultate kom die volgende vrae na vore: 1) *Beskik Suid-Afrikaanse onderwysers oor die nodige kennis en vaardighede om leerders effektief te kan onderrig?* en 2) *Beskik Suid-Afrikaanse onderwysers oor die gewenste persoonlikheidstrekke om aan die diverse rolle en meervoudige eise wat die onderwysprofessie aan hulle stel, te kan voldoen?*. Met ander woorde: *Word die regte individue onderwysers?*

Dit blyk dus dat daar 'n wesenlike behoefte bestaan aan die hersiening van keuringsmeganismes vir voornemende onderwysstudente ten einde die geskikste kandidate vir die onderwysprofessie te selekteer. Indien beter keuringsmeganismes ontwikkel word, kan beter onderwysers opgelei word en kan die onderrigkwaliteit in Suid-Afrika verbeter. Indien die onderrigkwaliteit in Suid-Afrika verbeter, behoort Suid-Afrikaanse leerders op hoër geletterdheid- en gesyferdheidsvlakke te presteer met die gevolg dat hul beter met hul internasionale eweknieë sal kan kompeteer.

3.6 'N INTERNASIONELE PERSPEKTIEF OP DIE KEURING VAN ONDERWYSSTUDENTE

In die Verenigde Koninkryk word toelating tot 'n universiteit byna uitsluitlik op die uitslae van studente se finale skoolksamens gebaseer (Maree & Grimbeek, 2002). In die Verenigde State van Amerika (VSA) skryf studente die *Standardised Achievement Test* (SAT) in Engels en in Wiskunde. Universiteite stel dan hul eie keuringskriteria op grond van hierdie tellings vas (Maree & Grimbeek, 2002). In die meeste ander lande word toelating tot studievervelde op universiteitsvlak ook bepaal deur studente se prestasies in hul onderrigtaal en in Wiskunde. Maree en Grimbeek (2002) wys verder daarop dat die getal plekke wat in die verskillende studievervelde beskikbaar is, in die meeste lande kleiner is as die getal studente wat om toelating aansoek doen. Aangesien daar meer studente as die beskikbare plekke is, kan hierdie lande strengere keuringsmeganismes toepas om sodoende die geskikste kandidate vir opleiding te kies.

3.7 KEURING VAN ONDERWYSSTUDENTE IN SUID-AFRIKA

3.7.1 Algemene oorsig en agtergrond

Daar het onlangs 'n verandering ten opsigte van die keuring van studente by Suid-Afrikaanse universiteite plaasgevind. Voor 2006 is studente volgens matrikulasievystelling in kombinasie met meriete-tellings (M-tellings) gekeur. Matrikulasievystelling het afgehang van die aantal matriekvakke wat geslaag moes word, die aantal wat op hoër graad geslaag moes word, die samestelling of kombinasie van hierdie vakke, en die groototaal wat in die aanbevole vakke behaal moes word (Huysamen, 2003).

Dit was 'n vereiste dat minstens ses vakke in een sessie geskryf moes word, waarvan minstens vyf - vier op die hoër graad aangebied - geslaag moes word (Huysamen, 2003). Die matriekvakke is verder in ses groepe ingedeel en sekere bepalinge het ten opsigte van die keuse van vakke uit die vakgroepe gegeld. Hierdie groepe het soos volg daaruit gesien:

- **Groep A:** Die amptelike landstale
- **Groep B:** Wiskunde
- **Groep C:** Tradisionele Wetenskappe (Biologie, Natuur- en Skeikunde en Fisiologie)
- **Groep D:** 'n Derde taal, wat ook amptelike landstale insluit wat nie onder Groep A geneem is nie
- **Groep E:** Geesteswetenskaplike vakke (met inbegrip van Ekonomie en Aardrykskunde)
- **Groep F:** Toegepaste vakke soos Huishoudkunde en Tik, maar ook onder meer Aardrykskunde.

(Huysamen, 2003)

Sommige vakke het in meer as een afdeling voorgekom (soos byvoorbeeld Afrikaans, Eerste Taal in sowel Groep A as Groep D, en Aardrykskunde in sowel Groep E as Groep F), maar vir enige gegewe matrikulant kan dit natuurlik slegs tel as een van die ses vakke wat aangebied moes word (Huysamen, 2003). 'n Kandidaat moes twee tale uit Groep A op die hoër graad slaag en ten minste een hiervan moes 'n onderrigtaal wees van die universiteit waarby die student wil inskryf, en ten minste een moes 'n eerste taal wees (Huysamen, 2003). Daarbenewens moes die oorblywende vier vakke, waarvan minstens twee op die hoër graad geslaag moes word, uit minstens drie van Groepe B tot en met F kom. Daar is ook gestipuleer dat 'n groototaal van minstens 950 behaal moet word (Huysamen, 2003). Verder het die berekening van 'n meriete-telling (M-telling) as akademiese maatstaf gedien waarvolgens toelating tot verskillende studierigtings bepaal kon word (Hislop-Esterhuysen, 2006). Tabel 3.1 beskryf hoe die M-telling bereken is.

Tabel 3.1: Berekening van M-telling

Simbool	Hoër Graad	Standaard Graad
A (80% en hoër)	5	4
B (70% en hoër)	4	3
C (60% en hoër)	3	2
D (50% en hoër)	2	1
E (40% en hoër)	1	0

(Maree, 2003)

Die tellings van die vakke is volgens die simbool en graadvlak van elk bereken waarna die tellings bymekaargetel is om die M-telling te bereken. Net ses vakke kon egter vir die bepaling van 'n M-telling in berekening gebring word (Hislop-Esterhuysen, 2006). Die totaal wat verkry is, staan gevolglik bekend as 'n individuele M-telling (Maree, 2003). Benewens bogenoemde vereistes vir matrikulasievystelling en die daarstelling van 'n minimum M-telling vir elke studierigting, het verskillende universiteite, of fakulteite binne universiteite, allerlei bykomende vereistes vir universiteitstoelating daar gestel (Huysamen, 2003). Ter staving hiervan dien die minimum M-tellings wat vir toelating tot studies in die onderwys by die volgende universiteite gegeld het as voorbeeld: Universiteit van Johannesburg - 10; Universiteit van Pretoria – 10; Universiteit van die Witwatersrand - 12; en Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) - 13.

Na 2006 het daar egter 'n verandering in die keuring van studente by Suid-Afrikaanse universiteite plaasgevind en die Senior Sertifikaat vir voltydse kandidate is die laaste keer in 2007 geskryf. Die Senior Sertifikaat is deur die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) in 2008 vervang met die implikasie dat M-tellings nie meer as riglyn vir universiteitstoelating gebruik word nie. Die NSS word gereguleer en gesertifiseer deur Umalusi (Umalusi, 2008). Umalusi is die *Council for Quality Assurance in General and Further Education and Training* en het ten doel om die standaarde vir algemene en verdere onderwys en opleiding in Suid-Afrika te stel en te monitor in lyn met die *General and Further Education and Training Quality Assurance Act No. 58 van 2001* (Government Gazette, 2001). Umalusi beteken “herder” of “skaapwagter” in die Nguni-kultuur en verwys na 'n individu wat na 'n gesin se welsyn moet omsien. Net so moet Umalusi na een van Suid-Afrika se grootste skatte en bates omsien, naamlik die standaard van algemene en verdere onderwys en opleiding (Umalusi, 2008). Umalusi is tans verantwoordelik vir die sertifisering van die volgende kwalifikasies in algemene en verdere onderwys en opleiding: die *Senior Sertifikaat* (word in 2011 uitgefaseer); die *Nasionale Senior Sertifikaat* (in 2008 'n aanvang geneem); die *Nasionale Tegniiese Sertifikaat* (word tans uitgefaseer); die *Beroepsgerigte Nasionale Senior Sertifikaat* (in 2008 'n aanvang geneem); die *Beroepsgerigte Nasionale Sertifikaat* (in 2007 'n aanvang geneem); en die *Algemene Onderwys en Opleidingsertifikaat vir Volwassenes* (Umalusi, 2008).

Om aan leerders erkende en geloofwaardige sertifikate uit te reik, moet Umalusi:

- kwalifikasies en kurrikula evalueer om te verseker dat dit aan die verwagte standaarde voldoen;
- assesserings modereer om te verseker dat dit regverdig, geldig en betroubaar is;
- navorsing onderneem om opvoedkundige kwaliteit te verseker;

- opvoedkundige- en assesseringsdiensverskaffers akkrediteer; en
- die egtheid van sertifikate verifieer. (Umalusi, 2008)

Die Umalusi-raad word deur die Minister van Onderwys aangestel om die mandaat uit te voer, soos uiteengesit in die *General and Further Education and Training Quality Assurance Act No. 58* van 2001 (Government Gazette, 2001). Umalusi funksioneer in samewerking met die Minister van Onderwys binne die raamwerk van 'n strategiese plan vir 'n tydperk van drie jaar. Hierdie strategiese plan sluit strategiese prioriteite en strategiese prestasiemaatstawwe in. Verder dien hierdie strategiese plan ook as raamwerk vir die jaarlikse besigheidsplan en rig die dag-tot-dag funksionering en werkverrigting van die Raad. Die Hoof Uitvoerende Beampte van Umalusi moet strategiese rigting aan die werk van die Raad gee en ook toesien dat die strategiese plan uitgevoer word. Die werkverrigting van Umalusi geskied deur vier eenhede wat onder die toesig van die Hoof Uitvoerende Beampte val, naamlik: *Evaluering en Akkreditasie; Kwalifikasies, Sertifikate en Kurrikula; Kwaliteitsversekering en Assessering; en Statistiese Inligting en Navorsing* (Umalusi, 2008).

In 2008 is 'n nuwe universiteitstoelatingsstelsel egter ook in plek gestel wat op die NSS gebaseer is (Umalusi, 2008). Ten einde 'n NSS te verwerf, word 'n prestasietelling van 3 (40-49%) vir drie vakke (waarvan een 'n amptelike taal op huistaalvlak moet wees) en 'n prestasietelling van 2 (30-39%) vir drie ander vakke vereis, op voorwaarde dat 'n portefeulje as bewys van die skoolgebaseerde assesseringskomponent (KASS) van die (sewende) vak ingedien word, indien dit gedruip word (Umalusi, 2008). Ten einde aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot 'n diploma te voldoen, moet 'n NSS (deur Umalusi uitgereik) behaal word, met 'n prestasietelling van 3 (40-49%) in ten minste vier erkende 20-krediet vakke (Umalusi, 2008). Die minimum statutêre vereistes vir toelating tot 'n B-graadprogram te voldoen is 'n NSS (deur Umalusi uitgereik) met 'n prestasietelling van 4 (50-59%) of hoër in ten minste vier 20-krediet vakke wat op die lys van aangewysde vakke is en wat hoogstens twee erkende vakke insluit (Umalusi, 2008).

Hieronder volg 'n lys van die indeling van vakke volgens die nuwe kurrikulum waaruit gekies kan word ten einde aan die gestelde vereistes vir 'n NSS te voldoen, soos uiteengesit deur Umalusi (2008):

Verpligte Vakke: Groep A (ook aangewysde vakke genoem):

- 1) Twee amptelike tale (behaal 'n prestasietelling van 4 in die onderrigtaal of huistaal- of eerste addisionele taalvlak)
- 2) Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
- 3) Lewensoriëntering (word nie in berekening gebring nie en is ook nie 'n aangewysde vak nie)

Aangewysde Vakke: *Behaal 'n prestasietelling van 4 (50-59%) in minstens vier van hierdie vakke.*

- Rekeningkunde
- Landbouwetenskap
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Dramakunste
- Ekonomie
- Ingenieursgrafika en –ontwerp
- Geografie
- Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid
- Inligtingstegnologie
- Twee amptelike tale (slegs een addisionele (3^{de}) taal buiten die twee verpligte tale en kan as 'n aangewysde vak vir universiteitstoelating aangebied word);
- Lewenswetenskappe
- Musiek
- Fisiese Wetenskappe
- Religiestudies
- Visuele kunste
- Geskiedenis

Erkende vakke: *'n Maksimum van twee uit hierdie vakke.*

- Landboubestuurspraktyk
- Dansstudies
- Ontwerp
- Meganiese Tegnologie
- Elektriese Tegnologie

- Toerisme
- Landbouetegnologie
- Tale (amptelike tale op tweede addisionele vlak en nie-amptelike tale)
- Siviele Tegnologie
- Rekenaartoeëpassingstegnologie
- Gasvryheidsstudies

Lys van amptelike tale:

- Afrikaans
- Engels
- IsiNdebele
- IsiZulu
- SiSwati
- IsiXhosa
- Sesotho
- Setswana
- Xitsonga
- Tshivenda

Lys van nie-amptelike tale:

- Arabies
- Duits (Huistaal)
- Hebreeus
- Italiaans
- Portugees (Huistaal)
- Tamil (Huistaal)
- Oerdoe (Huistaal)
- Frans
- Goedjarati (Huistaal)
- Hindi (Huistaal)
- Latyn
- Spaans
- Teloegoe (Huistaal)

Slegs een taal mag uit elk van die twee taalgroepe aangebied word:

- a) IsiNdebele, IsiSwati, IsiXhosa en IsiZulu; en
- b) Sepedi, Sesotho en Setswana.

Die universiteit behou die reg voor om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings op grond van spesifieke kapasiteitsbeperkings te keur (Umalusi, 2008). Dit beteken dat nie alle voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen noodwendig tot die betrokke kursusse toegelaat sal word nie. As gevolg van kapasiteitsbeperkings en die ooraanbod van studente in bepaalde studierigtings, sal studente, onder meer, op grond van hulle skolastiese prestasies vir toelating tot hierdie rigtings gekeur word (Umalusi, 2008). Met betrekking tot die akademiese vereistes maak universiteite van 'n Toelatingpunttelling (TPT) in hul keuringsmodelle gebruik. Verskillende universiteite mag gebruik maak van verskillende toelatingpunttellings (Umalusi, 2008). Volgens die TPT word daar 'n telling vir elke NSS-beoordelingswaarde toegeken. Let op die ooreenstemmigheid tussen die NSS-beoordelingswaarde en die TPT's in Tabel 3.2 met die Noordwes-Universiteit (NWU) as voorbeeld (NWU, 2010).

Tabel 3.2: TPT's vir NSS-beoordelingswaardes aan die NWU

NSS-beoordelingswaarde	TPT
8 (90-100%)	8
7 (80-89%)	7
6 (70-79%)	6
5 (60-69%)	5
4 (50-59%)	4
3 (40-49%)	3
2 (30-39%)	2
1 (0-29%)	1

(NWU, 2010)

Die prestasie in ses vakke word gebruik om die TPT te bereken (Umalusi, 2008). Lewensoriëntering word nie by die berekening van die TPT ingesluit nie (Umalusi, 2008). 'n TPT van 5 of hoër vir Lewensoriëntering sal alleenlik in aanmerking geneem word by die oorweging van grensgevalle of as aanbeveling vir toelating tot bepaalde programme (Umalusi, 2008).

By die NWU, as voorbeeld, kan 'n student, wat 'n TPT van een of twee tellings laer as die vereiste telling vir 'n bepaalde studierigting het, op die diskresie van die Senaat voorwaardelik tot 'n bepaalde studierigting toegelaat word (NWU, 2010). So 'n student sal deur die suksesvolle aflegging van 'n Senaatsgoedgekeurde Toelatingseksamen, wat by die Matrikulasieraad geregistreer is, moet bewys dat hy/sy oor die vermoë beskik om tot universiteitstudies by die NWU toegelaat te word (NWU, 2010). 'n Student wat drie of vier tellings minder as die vereiste telling in die Senior Sertifikaat Eksamen behaal, kan na die suksesvolle aflegging van 'n Senaatsgoedgekeurde Toelatingseksamen en 'n Senaatsgoedgekeurde Brugprogram by wyse van Senaatsdiskresionêre Vrystelling tot 'n bepaalde studieprogram tot die NWU toegelaat word (NWU, 2010). 'n Student wat voorwaardelike vrystelling verwerf kan dus onder bepaalde voorwaardes tot sekere studieprogramme aan die NWU toegelaat word (NWU, 2010).

Vervolgens word daar melding gemaak van die toelatingsvereistes vir onderwyseropleidingsprogramme (BEd-graad) aan vier Suid-Afrikaanse Universiteite, naamlik die NWU, Universiteit van Stellenbosch (US), Universiteit van Pretoria (UP) en Universiteit van die Vrystaat (UVS).

3.7.2 Keuring van onderwysstudente aan die Noordwes-Universiteit (NWU)

Die keuring van onderwysstudente aan die Noordwes-Universiteit behels die volgende:

Die toelatingsvereistes vir die BEd-graad in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (NWU) vir die 2011-inname:

- 1) **Toelatingspunttelling (TPT):** die prestasie behaal in vier aangewysde vakke plus twee ander NSS-vakke word in berekening gebring. Die prestasie behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.
- 2) **Taalvereiste:** 'n slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal (HT) of Eerste Addisionele Taalvlak (EAT).
- 3) 'n Kandidaat moet 'n TPT van 19 behaal om vir 'n BEd (voorgraadse vier-jaarprogram) in aanmerking te kom.
- 4) 'n Kandidaat wat nie aan die gestelde minimum universiteitsvereistes voldoen nie, maar 'n TPT van tussen 15 en 18 behaal het, mag tot die BEd-brugprogram toegelaat word, wat kredietdraende kursusse insluit, indien hy/sy in 'n keuringsproses wat deur

die Senaat goedgekeur is bewys gelewer het dat hy/sy geskik is vir toelating tot die Universiteit.

(NWU, 2010)

Hierteenoor staan die volgende TPT's wat by die NWU van toepassing is: 20 vir BA (drie jaar); 20 vir BSc (drie jaar); 24 vir BTh (drie jaar); 21 vir LLB (vier jaar); 31 vir BIng (vier jaar); 21 vir BCom (drie jaar) en 26 vir BPharm (vier jaar). Wanneer die TPT van 19, wat vir 'n vier jaar BEd-grad vereis word met die vereiste TPT's van ander graadkursusse vergelyk word, is dit opvallend dat laer TPT's op voornemende onderwysstudente van toepassing is as wat die geval met voornemende studente in ander studierigtings is. Wanneer daar verder voorsiening gemaak word vir individue met TPT's tussen 15 en 18, dan blyk die verskil nog groter te wees. Die studierigtings en minimum vereistes vir studierigtings word in Universiteite se jaarboeke gestel, is onderhewig aan verandering, en word jaarliks hersien (NWU, 2010).

3.7.3 Keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van Stellenbosch (US)

Die keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van Stellenbosch behels die volgende:

Riglyne vir die keuring van studente vir die BEd-grad in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch (US) vir die 2011-inname:

- **Keuringspunt** (van toepassing indien matriekuitslae nog nie beskikbaar is nie): Die eerste 160 plekke sal toegeken word volgens 'n kombinasie van die uitslae van die Toegangstoetse (TGT) en akademiese prestasie in die Graad 11-eindeksamen (bereken in die verhouding van 40:60), deur dit in meriete-orde van 1 tot 160 te prioritiseer (1 is die hoogste gemiddeld van die Graad 11 resultate, die 2^{de} plek is die tweede hoogste persentasie, ens tot by 160), ongeag ras, herkoms of ander oorwegings.
- Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS).
- Die slaag van vier universiteitstoelatingsvakke, elk op minstens vlak 4.
- 'n Gemiddelde persentasie van minimum 50% bereken op grond van 60% van die gemiddelde NSS-uitslag (uitgesonderd Lewensoriëntering) en 40% van die US se Toegangstoetsuitslag.
- Die verantwoordelikheid berus steeds op kandidate self om hierdie berekeninge (40:60) te maak om te bepaal of hulle wel aan die toelatingsvereistes voldoen.

- Die volgende spesifieke vereistes van die Fakulteit Opvoedkunde, geld ten opsigte van taal- en wiskunde spesifikasies:
 - *Indien voornemende studente in Afrikaans skoolgegaan het, moet die volgende minimum prestasies in twee van die onderstaande taalvakke behaal word:*
 - Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) op Vlak 5
 - Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) op Vlak 4 of
 - Xhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) op Vlak 4
 - *Indien voornemende studente in Engels skoolgegaan het, moet die volgende minimum prestasies in twee van die onderstaande taalvakke behaal word:*
 - Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) op Vlak 5
 - Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) op Vlak 4 of
 - Xhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) op Vlak 4
 - Wiskunde op minstens Vlak 3 of Wiskundige Geletterdheid op minstens Vlak 5.
(US, 2010)

Die BEd-program aan die US se Fakulteit Opvoedkunde is vanaf 2011 'n keuringsprogram en 'n maksimum van 250 plekke word toegeken (US, 2010). Vir toelating tot die BEd-graadprogram moet 'n student in besit wees van minstens die NSS of gelykwaardige kwalifikasie soos gesertifiseer deur Umalusi (Umalusi, 2008). Nie-akademiese oorwegings soos leierskap, gemeenskapsdiens, sportprestasies en aanduidings van besondere belangstelling in die onderwys word nie in aanmerking geneem nie (US, 2010). Aangesien ongeveer 30-40% van die gekeurde kandidate nie die keuringsaanbod aanvaar nie, word daar aanvanklik meer kandidate gekeur om te kompenseer ten einde uiteindelik die mikpunt van 250 in totaal te bereik (US, 2010). Daar is 'n maksimum van 250 plekke beskikbaar, waarvan 70 plekke vir studente uit voorheenbenadeelde omgewings gereserveer word en 20 van hierdie 250 plekke vir diskresionêre gevalle (buitengewone oorwegings deur die Dekaan of sy/haar gevolmagtigde) gereserveer word (US, 2010). Voldoening aan die minimum toelatingsvereistes waarborg geensins suksesvolle keuring nie (US, 2010).

3.7.4 Keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van Pretoria (UP)

Die keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van Pretoria behels die volgende:

Toelatingsvereistes vir die BEd-graad in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP) vir die 2011-inname:

Ten einde toelating te verkry word toepaslike kombinasies van erkende NSS-vakke asook spesifieke vlakke van prestasie van voornemende studente vereis (UP, 2010). In hierdie verband word die vasstelling van die Toelatingspunttelling (TPT) uiteengesit en 'n opsomming van die fakulteitspesifieke vereistes, dit wil sê die TPT per program, asook die spesifieke vakke wat per program vereis word, verskaf (UP, 2010). Die berekening van die TPT is eenvoudig en gebaseer op 'n kandidaat se prestasie in ses van die erkende 20-kredietvakke (UP, 2010). Dié telling gebruik die NSS-prestasieskaal wat strek van 1 tot 7, en 42 is dus die hoogste TPT wat behaal kan word (UP, 2010). Lewensoriëntering word by die berekening van die TPT uitgesluit vir toelating (UP, 2010). Sien Tabel 3.3 vir 'n uiteensetting van die TPT vir UP.

Tabel 3.3: Prestasiekodes vir die berekening van die Toelatingspunttelling (TPT) by UP

Prestasiekode	Prestasievlak	Punte
7	Uitstekende prestasie	80-100%
6	Meriete prestasie	70-79%
5	Beduidende prestasie	60-69%
4	Bevredigende prestasie	50-59%
3	Gemiddelde prestasie	40-49%
2	Elementêre prestasie	30-39%
1	Nie behaal nie	0-29%

(UP, 2010)

Voorlopige toelating word gebaseer op die resultate verkry in die finale Graad 11-eksamen, maar finale toelating word egter steeds op die Graad 12-resultate gebaseer. Die finale Graad 12-resultate is dus van deurslaggewende belang vir toelating (UP, 2010). Daar bestaan egter ook alternatiewe toelatingsweë. Kandidate met 'n TPT wat laer is as wat vereis word, mag vir toelating tot 'n Fakulteit oorweeg word, indien hulle voldoen aan die addisionele assesseringskriteria soos deur die Fakulteit van tyd tot tyd bepaal (UP, 2010). Kandidate wat voldoen aan die standaard toelatingsvereistes van die Fakulteit, sal egter voorkeur geniet (UP, 2010).

Spesifieke toelatingsvereistes vir die Fakulteit Opvoedkunde aan UP:

- 1) 'n Geldige NSS met toelating vir graaddoeleindes.
- 2) *Die minimum vak- en vlakvereistes word uiteengesit in Tabel 3.4.*

Tabel 3.4: Minimum vak- en vlakvereistes vir die Fakulteit Opvoedkunde aan UP

Graad	TPT (Toelatingspunttelling)	Twee tale	Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
Alle BEd- grade	<ol style="list-style-type: none">1. Kandidate met 'n TPT van 26 of hoër sal voorkeur geniet.2. Kandidate met 'n TPT van 22-25 moet die Toelatingstoets van UP aflê en deur die Toelatingskomitee van die Fakulteit oorweeg word.3. Kandidate wat Graad 12 sonder vrystelling (toelating tot Diplomastudie) behaal, moet aan alle voorvereistes voldoen asook die Toelatingstoets van die universiteit aflê.4. Die BEd (VOO) Natuurwetenskappe: Lewenswetenskappe of Fisiese Wetenskappe geslaag in Graad 12 met 'n prestasiekode van 4 (50-59%).	4 (50-59%) in twee tale (op huisvlak of eerste addisionele taalvlak): Afrikaans en Engels of Afrikaans/Engels en 'n ander erkende taal.	Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid

(UP, 2010)

3.7.5 Keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van die Vrystaat (UVS)

Die keuring van onderwysstudente aan die Universiteit van die Vrystaat behels die volgende:

Toelatingsvereistes vir die BEd-graad in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van die Vrystaat (UVS) vir die 2011-inname:

Die toelatingskriteria vir voorgraadse programme aan UVS is met onmiddellike effek in 2011 verhoog (UVS, 2010). Dit beteken dat studente wat hul voorgraadse studies in 2011 begin het moes aan die nuwe toelatingskriteria voldoen om te kon registreer (UVS, 2010). Die minimum vereistes vir toelating tot voorgraadse programme is van 28 tot 30 punte verhoog (UVS, 2010). Die minimum vereistes vir toelating tot die verlengde programme is van 23 tot 25 punte verhoog (UVS, 2010). Die minimum vereistes vir toelating tot die Universiteitsvoorbereidingsprogram is van 17 na 20 punte verhoog (UVS, 2010). Alle programme wat reeds 'n minimum telling van 30 punte en hoër vereis, het onveranderd gebly (UVS, 2010). Die minimum toelatingsvereistes vir die BEd Grondslagfase en BEd Intermediêre fase is van 23 punte na 25 punte verhoog (UVS, 2010). 'n Uiteensetting van die toelatingsvereistes vir die onderskeie BEd-grade volg in Tabel 3.5.

Tabel 3.5: Toelatingsvereistes van die Fakulteit Opvoedkunde aan UVS

Beskrywing van graad	Toelatingsvereistes NSS = Nasionale Senior Sertifikaat TP = Toelatingspunt	Tydskuur van kursus
<ul style="list-style-type: none"> BEd (Voorskoolese en Grondslagfase) BEd (Intermediêre fase) 	<p>NSS + TP = 30</p> <p>Onderrigtaal = Prestasievlak 4 (50%)</p> <p>Studente wat in besit is van 'n NSS en 'n TP = 25-29 sal toegelaat word op voorwaarde dat die Lewensoriënteringsmodule (DLO112) in die eerste semester van die eerste akademiese jaar geneem word.</p>	4 Jaar
<ul style="list-style-type: none"> BEd (Verdere Onderwys- en Opleidingsfase) 	<p>NSS + TP = 30</p> <p>Onderrigtaal = Prestasievlak 4 (50%)</p>	4 Jaar
<ul style="list-style-type: none"> BEd (Verdere Onderwys- en Opleidingsfase) – 5-Jaarkurrikulum 	<p>NSS + TP = 25-29</p> <p>Onderrigtaal = Prestasievlak 4 (50%)</p> <p>Hierdie studente sal nie toegelaat word om later na die BEd 4-jaarkurrikulum oor te</p>	5 Jaar

	skakel nie. Studente met 'n TP van minder as 25 punte sal na die Universiteitsvoorbereidingsprogram verwys word.	
--	---	--

(UVS, 2010)

Studente wat nie toelating tot die universiteit verkry nie, kan 'n Universiteitsvoorbereidingsprogram (UVP) volg om toegang te verkry (UVS, 2010). Die program bied aan voornemende studente 'n geleentheid om algemeen-vormende en beroepsgerigte studies aan verskeie verdere en hoër onderwysinstellings te volg nadat hierdie oorbruggingsjaar suksesvol voltooi is (UVS, 2010). Die program spreek deur middel van 'n kursus in Vaardighede en Bevoegdhede in Lewenslange Leer die breë behoeftes aan van studente ten opsigte van die kwaliteit van persoonlike-, lewens-, studie- en leesvaardighede, selfgeding, probleemoplossing en ander generiese vaardighede (UVS, 2010). Hierdie studente voltooi ook 'n taalvaardigheidskursus in Engels om hul lees- en skryfvaardighede vir hoër onderwys te verbeter (UVS, 2010). Hierdie is 'n oop fasiliteit wat alle studente, wat nie toelating tot 'n hoër onderwysinstelling verkry het nie, verwelkom (UVS, 2010). Om vir die Universiteitsvoorbereidingsprogram aanvaar te word, moet jy ten minste 20 punte behaal. (UVS, 2010).

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat 'n aantal veranderlikes in berekening gebring moet word wanneer besluite geneem word rakende die toelating van onderwysstudente tot universiteite en ander tersiêre instellings in Suid-Afrika (Maree & Grimbeek, 2002).

3.8 KRITIESE EVALUERING VAN KEURINGSMEGANISMES WAT GELD BY DIE KEURING VAN VOORNEMENDE ONDERWYSSTUDENTE

'n Keuringsprosedure het te doen met die praktiese implementering van 'n keuringsmeganisme om voornemende studente te identifiseer wat die grootste waarskynlikheid het om sukses in 'n spesifieke program te behaal (Maree & Grimbeek, 2002). Hierdie keuringsmeganismes moet

verantwoordbaar wees ten opsigte van regverdigheid, effektiwiteit en doeltreffendheid. Om te bepaal of keuringsmeganismes wel daarin slaag om universiteitspotensiaal op 'n effektiewe, doeltreffende en regverdige wyse te bepaal, is beslis nie 'n maklike taak nie. Verder blyk dit dat keuringsmeganismes voornemende studente uitsluit in plaas daarvan om hulle in te sluit (Maree & Grimbeek, 2002). Dit is ook nie altyd duidelik of keuringsmeganismes wel tersiêre akademiese sukses so akkuraat voorspel soos daar verwag word nie.

Maree en Grimbeek (2002) beweer dat toelatingsvereistes vir voornemende onderwysers nie daarin slaag om op doeltreffende wyse goeie voorspellers van toekomstig effektiewe onderwysers te wees nie, omdat dit die verkeerde dinge voorspel en nie daarin slaag om die meer subtiele dimensies te voorspel wat verband hou met die fundamentele eienskappe (of persoonlikheidstrekke) en vermoëns van kandidate nie. Verder is toelatingsvereistes boonop vatbaar vir inoefening, kulturele vooroordele en dit word nie deursigtig toegepas nie.

Nadat leerders hul matriekeksamens voltooi het, wat as maatstaf vir toelating tot verdere studies dien, word toekomstige kandidate dikwels met 'n gevoel van onsekerheid gelaat of sodanige eksamens daarop gerig was om hulle bekwaamheid te meet, toekomstige prestasie te voorspel, of om die uitkomst van vorige onderrig en ervaring te evalueer (Maree & Grimbeek, 2002). 'n Toelatingsbenadering wat op die resultate van veelvoudige assesserings gebaseer is behoort die basis van toelating te vorm (Maree & Grimbeek, 2002). Psigometriese toetse, as assesseringsvorm, kan gebruik word as deel van 'n veelvoudige assesseringsbenadering vir toelatingsdoeleindes. Dit is egter belangrik om daarop te let dat psigometriese toetse slegs gebruik behoort te word indien toepaslike data rakende die betroubaarheid en geldigheid daarvan op 'n bevredigende wyse in die handleidings van dié psigometriese toetse gerapporteer word (Maree & Grimbeek, 2002).

Verder het Maree en Grimbeek (2002) gevind dat akademiese prestasie in matriek nie positief met akademiese prestasie op universiteit korreleer nie en dat die uitslae van matriekeksamens dus nie voornemende studente se potensiaal om op universiteitsvlak welslae te behaal, betekenisvol kan voorspel nie. Huysamen (1999) noem, daarenteen, dat dit in die meeste lande bewys is dat akademiese prestasie op hoërskool die beste voorspeller van akademiese prestasie op universiteit is. Alhoewel 'n matriekeksamen, ideaal gesproke, die mees akkurate en regverdige toelatingsprosedure aan universiteite behoort te verseker, blyk dit nie die realiteit in Suid-Afrika te wees nie (Maree & Grimbeek, 2002). Ter ondersteuning van Huysamen (1999), het Garton, Dyer en King (2000) bevind dat toelatingskriteria moontlik wel akademiese prestasie

relatief akkuraat kan voorspel, maar dat dit nie betekenisvol daarin slaag om studenteretensie te voorspel nie.

Sedert 1994 het die begrippe “insluiting”, “toegang”, “regstelling” en “deursigtigheid” nuwe betekenis gekry met betrekking tot die hantering van leerders in skole en in die keuring van voornemende studente aan tersiêre instellings (Maree & Grimbeek, 2002). Hierdie vier kriteria behoort dus veral in ag geneem te word tydens die keuring van voornemende studente. Besluite deur Suid-Afrikaanse howe en die Suid-Afrikaanse parlement beïnvloed alle tersiêre instellings en professionele persone wat by keuringspanele betrokke is. Daarom is dit belangrik dat diegene wat betrokke is by die keuring van voornemende studente oor deeglike kennis van die wetlike aspekte van toelating tot tersiêre instellings beskik (Maree & Grimbeek, 2002).

Die insluiting van psigometriese toetse by die keuring van kandidate wat aansoek om toelating tot sekere studieverdele doen, het veral sedert 1998 in Suid-Afrika onder die vergrootglas gekom. Mauer (2002) wys daarop dat die gebruik van psigometriese toetse streng deur wetgewing gereguleer moet word. Hy beklemtoon dat psigometriese toetse en evaluering (soos vir keuring) nie bloot 'n politieke aangeleentheid moet wees nie, of iets is wat geïgnoreer kan word sonder om die moontlike wetlike en professionele gevolge deeglik te verreken nie. Volgens Mauer (2002) word die situasie deur twee strome wetgewing gereguleer, waarvan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995), asook die Wet op Gelyke Indiensneming (Wet 55 van 1998) die eerste stroom vorm. Die tweede stroom word gevorm deur die Wet op Gesondheidsberoepes (Wet 56 van 1974). Die kern van hierdie wetgewing wentel waarskynlik rondom die standpunt dat daar op geen wyse, direk of indirek, op onbillike wyse gediskrimineer mag word teen enige kandidaat of werknemers in enige situasie waar daar sprake is van evaluering of assessering nie, insluitende assessering met die oog op keuring en toelating tot tersiêre opleidingsinstellings. Aangesien die besluite wat deur tersiêre opleidingsinstellings geneem word ook wetlike gevolge inhou, is 'n grondige kennis van die wet noodsaaklik om sodoende die moontlikheid van regsoptrede teen die instellings te beperk. Verder moet die moontlikheid van die skending van kandidate se regte tot 'n minimum beperk word (Maree & Grimbeek, 2002).

Indien psigometriese instrumente, soos persoonlikheidsvraelyste, tydens die keuring van voornemende onderwysstudente gebruik gaan word, beklemtoon Mauer (2002) dat daar op wetenskaplike wyse aangetoon behoort te word dat hierdie instrumente geldig, betroubaar en objektief is. Net so behoort aangetoon te word dat die resultate op billike wyse gebruik sal word.

In hierdie verband verwys Maree en Grimbeek (2002) na die regverdigheidsbeginsel wat impliseer dat dié kandidate wat die beste potensiaal vir prestasie demonstreer, gekeur behoort te word. Soms mag 'n instelling egter voel dat daar 'n etiese verpligting bestaan om die foute van die verlede te hanteer en reg te stel, veral waar mense uit sekere bevolkingsgroepe gereeld in die verlede van toegang tot sekere studierigtings uitgesluit is. Zaaiman, Van der Flier en Thijs (1998) beklemtoon dat besluite ten opsigte van keuringsbeleid in die verlede meestal toegepas is om te verseker dat die groep studente wat uiteindelik gekeur word die groep waarvoor die program bedoel is, verteenwoordig.

Haladyna, Haas en Allison (1998) het bevind dat matriekpunte alleen nie die volledige prentjie van kandidate by keuring teken nie, aangesien ander aspekte soos omgewingsfaktore en persoonlikheidstrekke dan geïgnoreer word. Volgens Miller (1992) het die meerderheid van swart leerders in Suid-Afrika onderwys van 'n relatief lae gehalte ontvang, wat 'n negatiewe invloed op hul matriekprestasie uitgeoefen het en gevolglik tot hul uitsluiting van opleidingsprogramme gelei het. Verder beskik studente uit agtergeblewe gemeenskappe oor die algemeen nie oor die minimum lewens- en taalvaardighede wat nodig is om sukses aan 'n skool of universiteit te behaal nie (Miller, 1992).

Verder spreek Maree (2003) sy kommer uit oor die keuringsmeganismes wat vir die meeste studierigtings aan die meeste tersiêre instellings gebruik word. Hy voer aan dat die doel van keuringsmeganismes nie behoort te wees om studente te keur wat slegs korttermynsukses sal behaal nie, maar wat veral na voltooiing van hul studies suksesvol in 'n beroep sal kan staan. Die doel van tersiêre opleiding is om beroepslui op te lei wat 'n optimale kans op beroepsukses staan en wat die belange van die beroep op die hart sal dra (Maree, 2003). Edwards en Edwards (1999) het daarop gewys dat nóg prestasie op skool, nóg prestasie op universiteit 'n goeie aanwyser van sukses in die beroepskonteks is. Hulle meen verder dat werkgewers meer belangstel in faktore soos kreatiwiteit, 'n verantwoordelike sin, werknemers met 'n gebalanseerde persoonlikheid, toepaslike ervaring, goeie werksgewoontes en die vermoë om samewerkend in 'n groep te kan funksioneer. Hierdie feit beklemtoon die beperkte nut wat die blote verwerwing van grade en ander tersiêre kwalifikasies vir werkgewers inhou.

Die getal plekke wat in die verskillende studierigtings by universiteite beskikbaar is, is gewoonlik veel kleiner as die getal studente wat om toelating aansoek doen. Hierdie feit beklemtoon dat regverdige en billike keuring 'n aangeleentheid van kritieke belang is; een wat die hoogste prioriteit aan tersiêre instellings behoort te geniet. Dit verplig tersiêre instellings om dringend en

innoverend na alternatiewe wyses te kyk waarvolgens studente gekeur moet word. Maree (2003) het bevind dat dit nie moontlik is om slegs aan die hand van akademiese maatstawwe te kan voorspel of voornemende onderwysstudente 'n realistiese kans staan om sukses aan 'n universiteit te behaal of 'n aanwinst vir die onderwys sal wees nie. Pogings moet dus aangewend word om keuringsmeganismes te ontwerp wat die billike keuring van alle studente sal kan fasiliteer. Enige poging wat 'n bydrae kan lewer om hierdie probleem aan te spreek, behoort dus verwelkom te word.

Teen die agtergrond van die verskillende rolle wat onderwysers moet speel, die ideaal van hoë kwaliteitsonderwys in Suid-Afrika en die huidige probleme wat in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel aanwesig is, is dit belangrik om daardie gewenste persoonlikheidstrekke wat die onderwyser behoort te vertoon, te kan identifiseer.

3.9 DIE PERSOONLIKHEIDSPROFIEL VAN VOORNEMENDE ONDERWYSSTUDENTE

Alvorens die gewenste persoonlikheidsprofiel vir die onderwys bespreek word, is dit waardevol om 'n kort oorsig te verskaf oor onlangse navorsing wat op die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine (Kyk Hoofstuk 2) en effektiewe onderwysers betrekking het.

3.9.1 Die *Groot Vyf*-persoonlikheidsdomeine en die akademiese sukses van onderwysstudente

Verskeie navorsers het betekenisvolle verbande tussen die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine en akademiese sukses van onderwysstudente aangetoon. Onder andere is 'n positiewe verband tussen die akademiese sukses van onderwysstudente en Openheid vir Ervaringe en Konsensieusheid aangetref, terwyl Neurotisme 'n negatiewe verband toon (Tok & Morali, 2009). Hierdie bevinding impliseer dat voornemende onderwysstudente wat hoë tellings op Openheid vir Ervaringe en Konsensieusheid en lae tellings op Neurotisme behaal, 'n groter kans staan om akademiese sukses te behaal. Dit is baie belangrik om die psigologiese voorspellers van akademiese sukses vir universiteitstudies te identifiseer, aangesien die driuipsyfer vir universiteitstudente al hoër klim en universiteitstudente oor die algemeen swakker presteer (Tok & Morali, 2009).

Alhoewel navorsing in die verlede baie op die rol wat intelligensiesyfers (die sogenaamde IK) in die voorspelling van akademiese sukses speel gefokus het, kon 'n betekenisvolle verband tussen IK en akademiese sukses nie sonder twyfel aangedui word nie (Tok & Morali, 2009). Om hierdie rede het navorsers soos Duckworth en Seligman (2005) en Chamorro-Premuzic en Furnham (2008) weg van die kognitiewe voorspellers (byvoorbeeld IK-syfers) van akademiese sukses beweeg en meer op persoonlikheidsstrekke in die bepaling of voorspelling van akademiese sukses begin fokus (Tok & Morali, 2009). Volgens Tok en Morali (2009) dui onlangse navorsingsbevindinge daarop dat meer as net kognitiewe vermoëns benodig word om akademiese sukses te voorspel, maar dat die rol van ander voorspellers ook verken moet word. Teen die agtergrond van hierdie navorsingsbevindinge het die Groot Vyf-model van persoonlikheid al hoe meer aandag in die voorspelling van akademiese sukses begin ontvang (Tok & Morali, 2009).

Chamorro-Premuzic en Furnham (2004; 2008), Wagerman en Funder (2007) en Dollinger, Matyja en Hubner (2008) het 'n positiewe verband tussen Konsensieusheid en akademiese prestasie in hulle navorsing bevind. Konsensieuse studente werk harder, voltooi studietake, is meer toegewyd, streef na goeie prestasies en presteer derhalwe akademies beter as minder konsensieuse studente (Furnham & Monsen, 2009).

Farsides en Woodfield (2003) en Chamorro-Premuzic en Furnham (2008) het 'n positiewe verband tussen Openheid vir Ervaringe en akademiese sukses gevind. Chamorro-Premuzic en Furnham (2004) is van mening dat studente wat oop is vir nuwe ervarings meer geneig is om betrokke te raak by studie-aktiwiteite wat die verkryging van nuwe kennis stimuleer, as studente wat van nuwe ervarings wegdeins (Tok & Morali, 2009).

Wat Ekstraversie betref is daar nie eenstemmigheid oor die verband tussen Ekstraversie en akademiese sukses nie. Sommige navorsers het 'n negatiewe verband tussen Ekstraversie en akademiese sukses gevind, terwyl ander weer 'n positiewe verband opgemerk het (Busato, Prins, Elshout, & Hamaker, 2000; Furnham, Chamorro-Premuzic, & McDougall, 2003; Chamorro-Premuzic & Furnham, 2004).

Aangesien Neurotisme gekenmerk word deur lae selfvertroue, hoë vlakke van stres en 'n predisposisie vir angs, is gevind dat daar 'n negatiewe verband tussen Neurotisme en akademiese sukses bestaan (Chamorro-Premuzic & Furnham, 2003a; 2003b). Somer, Korkmaz, en Tatar (2004) het 'n negatiewe verband tussen Neurotisme en akademiese prestasie gevind.

Daar bestaan nie eenstemmigheid onder navorsers oor die verband tussen Inskiklikheid en akademiese sukses nie. Sommige navorsers het 'n positiewe verband gevind (Gray & Watson, 2002; Farsides & Woodfield, 2003), terwyl ander navorsers 'n negatiewe verband gevind het (Duff, Boyle, Dunleavy, & Ferguson, 2004; Conard, 2006). Ekstraversie en Inskiklikheid blyk dus nie belangrike faktore in die voorspelling van akademiese sukses te wees nie (Tok & Morali, 2009).

3.9.2 Die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine en werksprestasie

Daar is baie navorsing gedoen oor die verband tussen die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine en werksprestasie van onderwysstudente (Barrick & Mount, 1991). In hierdie verband is Konsensieusheid as die belangrikste persoonlikheidsdomein tydens die keuring van studente aangedui, aangesien dit werksdoeltreffendheid, taakvoltooiing, opleidingsbevoegdheid en werksprestasie voorspel (Barrick & Mount, 1991). Individue met hoë tellings op Konsensieusheid is doelwitgedrewe, pligsgetrou en beskik oor deursettingsvermoë om dit wat hulle doen tot die beste van hulle vermoëns, en gewoonlik ook beter as die meeste ander mense te doen. Hough, Hanser en Eaton (1988) en McHenry, Hough, Toquam, Hanson en Ashworth (1990) het gevind dat hoë tellings op Konsensieusheid verband hou met beter werksprestasie. Hierdie individue presteer beter in hul beroep omdat hulle oor goeie beplanningsvaardighede, organisasie- en deursettingsvermoë beskik. Hulle is ook meer betroubaar aangesien hulle versigtig, deeglik en verantwoordelik met hul take, pligte en verantwoordelikhede omgaan (Barrick & Mount, 1991). Daar bestaan egter nie duidelikheid of Konsensieusheid 'n direkte of indirekte effek op werksprestasie het nie, maar hoë tellings op Konsensieusheid hou wel verband met 'n toename in vakkennis, of die vermoë om vakkennis op te doen en daarom ook met 'n toename in werksprestasie (Barrick & Mount, 1991).

Openheid vir Ervaringe hou verband met opleidingsbevoegdheid, maar nie soseer met die werksdoeltreffendheid en werksprestasie van onderwysers nie (Barrick & Mount, 1991). Een moontlike verklaring van hierdie bevinding is dat individue met hoë tellings op Openheid vir Ervaringe waarskynlik 'n positiewe houding teenoor leerervaringe in die algemeen het (Barrick & Mount, 1991). Daarom kan individue met hoë tellings op Openheid vir Ervaringe geïdentifiseer word as diegene wat die grootste voordeel uit onderwyseropleidingsprogramme sal trek en ook die grootste bate vir die onderwys as professie sal wees (Barrick & Mount, 1991). Dit is verder ook nie verbasend dat Openheid vir Ervaringe die hoogste korrelasie met kognitiewe vermoëns getoon het nie (McCrae & Costa, 1987). Derhalwe is dit moontlik dat

Openheid vir Ervaringe nie net vermoë om te leer meet nie, maar ook die motivering om te leer (Barrick & Mount, 1991).

Onderwysers met hoë tellings op Neurotisme beskik nie oor die vermoë om op hul eie te funksioneer nie (Barrick & Mount, 1991). Dit impliseer dat hulle angs en depressie ervaar en dat hul nie effektief in die onderwys kan funksioneer nie (Barrick & Mount, 1991). Neurotisme toon 'n negatiewe verband met werksprestasie wat beteken dat voornemende onderwysstudente met lae tellings op Neurotisme beter sal presteer in die onderwyskonteks as studente wat neuroties is.

Ekstraversie blyk nie 'n belangrike voorspeller vir die werksprestasie van onderwysers te wees nie, aangesien sosialisering, spraaksaamheid, assertiwiteit en aktief wees nie as belangrike voorspellingsfaktore na vore gekom het nie (Barrick & Mount, 1991). Inskiklikheid is ook nie deur navorsing as 'n belangrike voorspeller vir werksprestasie aangedui nie (Barrick & Mount, 1991).

3.9.3 Die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine en die opleidingsbevoegdheid van onderwysstudente

Barrick en Mount (1991) het bevind dat Openheid vir Ervaringe en Ekstraversie positief verband hou met prestasie in opleidingsprogramme. Die implikasie hiervan is dat hierdie twee persoonlikheidsdomeine gebruik kan word om nie net studente se gereedheid vir onderwyseropleidingsprogramme te bepaal nie, maar ook om hulle sukses in onderwyseropleidingsprogramme te voorspel (Barrick & Mount, 1991). In hierdie verband voorspel Ekstraversie opleidingsbevoegdheid, aangesien opleidingsprogramme hoë energievlakke van studente vereis om interaktief aan groepsbesprekings deel te neem, te sosialiseer, spraaksaam te wees, aktief betrokke te wees en assertief op te tree (Barrick & Mount, 1991). Wat Openheid vir Ervaringe betref, word opleidingsbevoegdheid voorspel aangesien opleidingsprogramme van studente verwag om oop te wees vir nuwe idees, om wye belangstellingsvelde te hê en om verbeeldingryk te wees (Barrick & Mount, 1991).

3.9.4 Gewenste persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente

Vervolgens gaan daar telkens in tabelvorm aangetoon word hoe die effektiewe onderwyser van die minder effektiewe onderwyser onderskei kan word deur die gedragskenmerke van elke persoonlikheidsdomein uit te lig. Die aanname is dat effektiewe onderwysers oor 'n meer gewenste persoonlikheidsprofiel beskik en dat oneffektiewe onderwysers oor 'n minder gewenste persoonlikheidsprofiel beskik. Die implikasie vir die keuring van onderwysstudente is dus dat 'n kandidaat met 'n meer gewenste persoonlikheidsprofiel vir keuring oorweeg behoort te word. Die gewenste profiel sal ooreenstem met die besprekings oor effektiewe onderwysers wat verder impliseer dat 'n voornemende onderwysstudent oor sodanige profiel tydens keuringsmeganismes moet beskik om by onderwyseropleidingsprogramme ingesluit te word. Die oneffektiewe onderwyser beskik dus nie oor die gewenste persoonlikheidsprofiel nie en sodanige profiel moet as uitsluitingkriteria vir keuring van voornemende onderwysstudente gebruik word. Laastens sal daar integrasie plaasvind, waartydens die kombinasie van tellings wat op elk van die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine benodig word, uiteengesit word.

3.9.4.1 Neurotisme

'n Deeglike kennis van Neurotisme, as een van die persoonlikheidsdomeine in die Groot Vyf-model van persoonlikheid (Kyk Hoofstuk 2), kan gebruik word om 'n onderskeid tussen effektiewe en oneffektiewe onderwysers te tref. Hierdie onderskeid, soos aangetoon in Tabel 3.6, kan as riglyn dien vir die ontwikkeling van 'n gewenste persoonlikheidsprofiel met betrekking tot tellings wat voornemende onderwysstudente vir Neurotisme moet behaal.

Tabel 3.6: Neurotisme en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers

Effektiewe Onderwysers	Oneffektiewe Onderwysers
Gedragskenmerke	Gedragskenmerke
<ul style="list-style-type: none">▪ Ontspanne en gemaklik, selfs onder ekstreme toestande of in die teenwoordigheid van onbeplande verrassings of foute.	<ul style="list-style-type: none">▪ Toon ekstreme angs, selfs tot die vlak van 'n paniekaanval.▪ Kan moontlik hipochondriase of ander obsessiewe klagtes rapporteer.

<ul style="list-style-type: none"> ▪ Nie verdedigend nie, selfs in reaksie op leerders wat doelbewus vyandigheid uitlok. ▪ Buigsaam, maar steeds binne die grense van die verantwoordelikheid wat van 'n onderwyser verwag word. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kan moontlik ekstreme ego-verdedigings gebruik tot die mate waar die kleinste vraag 'n groot persoonlike uitdaging word. ▪ Kan ekstreme onbuigsaamheid demonstreer gekenmerk deur swart-en-wit houdings en optrede.
--	--

(Simonton, 2003)

In die lig van bogenoemde is dit dus gewens dat onderwysers nie hoë tellings op Neurotisme moet behaal nie, maar eerder oor die vermoë moet beskik om stres te kan hanteer en om oop te wees om nie die optrede en insette van leerders te misinterpreteer nie, maar te besef dat leerders moontlik nog nie verstaan wat van hulle verwag word nie of selfs dalk nie van beter weet nie. Verder moet onderwysers ook optimisties wees as iets nie volgens beplanning verloop nie. Indien 'n onderwyser maklik omgekrap raak, kan dit die interaksie in die klas en die klasdinamika aansienlik ontwrig en ondermyn (Dunn & Chew, 2006).

Voornemende onderwysstudente behoort dus lae tellings op Neurotisme te behaal, maar 'n gewenste persoonlikheidsprofiel van 'n effektiewe onderwyser benodig meer as net 'n onderwyser wat ontspanne, gemaklik, nie-verdedigend en buigsaam is. Daarom moet daar ook aandag gegee word aan die ander vier persoonlikheidsdomeine, naamlik Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

3.9.4.2 Ekstraversie

Wat Ekstraversie betref kan daar 'n onderskeid tussen effektiewe en oneffektiewe onderwysers getref word, soos aangetoon in Tabel 3.7. Hierdie onderskeid kan gebruik word om te bepaal of voornemende onderwysstudente lae of hoë tellings op Ekstraversie moet behaal ten einde oor die gewenste persoonlikheidsprofiel te beskik.

Tabel 3.7: Ekstraversie en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers

Effektiewe Onderwysers	Oneffektiewe Onderwysers
Gedragskenmerke	Gedragskenmerke
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Inisieer en handhaaf kommunikasie by elke moontlike geleentheid (selfs tussen en voor klasse). ▪ Projekteer 'n entoesiastiese, oorredende en in-beheer styl. ▪ Stimuleer aktiewe interaksie gedurende lesse. ▪ Toon betrokkenheid in buitemuurse aktiwiteite ter bate van die leerders. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Beperk sosiale interaksie tot 'n minimum (arriveer laat en vertrek vroeg). ▪ Praat op 'n sagte monotoniese stemtoon (leerders raak moeg). ▪ Vermoed oogkontak sover moontlik. ▪ Beperk die hoeveelheid interaksie in die klas deur die tipe aktiwiteite wat aan leerders gegee word.

(Simonton, 2003)

Dit is belangrik dat onderwysers hoë tellings op Ekstraversie moet behaal, aangesien daar van hulle verwag word om leerders te betrek, hulle aandag te trek, hulle belangstelling te wek en om leerders te motiveer. Die ideaal is dat die onderwyser se entoesiasme en opgewondenheid 'n aansteeklike of oordraagbare kwaliteit moet hê en gevolglik 'n invloed op die leerders het. Dit is verder belangrik dat 'n onderwyser gemaklik moet wees om die leiding te neem en om te doen wat nodig is om 'n les so effektief as moontlik aan te bied. Verder moet hulle gemaklik wees tussen ander mense (leerders, personeel en ouers) en ook maklik met ander kan praat en toeganklik vir ander wees. Hulle moet ook bereid wees om die fokuspunt van aandag te wees (Dunn & Chew, 2006).

Voornemende onderwysstudente behoort dus hoë tellings op Ekstraversie te behaal, aangesien hulle kommunikasie by elke moontlike geleentheid moet kan inisieer en handhaaf, terwyl hulle 'n entoesiastiese, in-beheer styl moet kan projekteer. Verder moet hul betrokke wees, nie net in die klaskamer nie, maar ook by buitemuurse aktiwiteite. Diegene met lae tellings op Ekstraversie sal dit baie moeilik vind om hierdie werkswyse te handhaaf en waar dit vir diegene met hoë tellings op Ekstraversie energie sal gee, sal dit die energie van diegene met lae tellings op Ekstraversie tap. Onderwysers met lae tellings op Neurotisme en hoë tellings op Ekstraversie is egter nie genoeg nie. Daarom is dit noodsaaklik dat lae tellings op Neurotisme en hoë tellings op Ekstraversie in kombinasie met Openheid vir Ervaring, Inskiklikheid en

Konsensieusheid gebruik moet word ten einde die gewenste persoonlikheidsprofiel van 'n onderwyser te verkry.

3.9.4.3 Openheid vir Ervaringe

Daar word 'n onderskeid getref tussen effektiewe en oneffektiewe onderwysers, gebaseer op die interpretasie van die Openheid vir Ervaringe-persoonlikheidsdomein van die Groot Vyf-model van persoonlikheid, soos in Tabel 3.8 uiteengesit. Hierdie onderskeid dien as raamwerk waarvolgens daar bepaal kan word of voornemende onderwysstudente lae of hoë tellings op Openheid vir Ervaringe moet behaal ten einde die gewenste persoonlikheidsprofiel vir die onderwys te reflekteer.

Tabel 3.8: Openheid vir Ervaringe en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers

Effektiewe Onderwysers	Oneffektiewe Onderwysers
Gedragskenmerke	Gedragskenmerke
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Tref voortdurend verbande tussen vakinhoud en lewenswerklike situasies, deur selfs voorbeelde te gee vanuit ander vakke of dissiplines. ▪ Maak gebruik van kreatiewe hulpmiddels soos spotprente, koerante, uitknipsels, webtuistes, fliks, TV-programme en liedjies ten einde verbande te trek tussen vakinhoud en lewenswerklike situasies. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Behou 'n ekstreme noue behandeling van die vakinhoud, streng volgens die handboek en onderwerp van bespreking. ▪ Reageer negatief op leerders se vrae wat poog om vakinhoud met ander kontekste en lewenswerklike situasies te verbind.

(Simonton, 2003)

Onderwysers moet dus hoë tellings op Openheid vir Ervaringe behaal omdat hulle oor die vermoë moet beskik om van verskillende onderrigmetodes gebruik te kan maak om dieselfde idee aan leerders - elk met hul eie agtergrond uit verskillende kulture - oor te dra. Verder moet onderwysers kreatief en innoverend in die beplanning en aanbieding van lesse wees, aangesien hul verdraagsaamheid vir individuele verskille tussen leerders moet kan toon.

Onderwysers moet hoë tellings vir Openheid vir Ervaringe behaal omdat hulle oor die vermoë moet beskik om nuwe idees te kan genereer en iets anders te probeer as hul lesse nie uitwerk soos dit beplan is nie. In sommige gevalle is dit ook noodsaaklik dat onderwysers leerders moet kan raadpleeg vir moontlike voorstelle of idees om hulle te help. Hoë tellings op Openheid vir Ervaringe verwys dus na dié onderwyser wat nie net vol idees is nie, maar oor 'n goeie woordeskate beskik, en kreatief en verbeeldingryk is. Verder beskik onderwysers met hoë tellings op Openheid vir Ervaringe oor die vermoë om abstrakte idees en konsepte vinnig te verstaan en heg waarde daaraan om tyd vir refleksie in te ruim (Dunn & Chew, 2006).

Dit is duidelik uit Tabel 3.8 dat onderwysers met lae tellings op Openheid vir Ervaringe nie vakinhoud sal kan verbind met lewenswerklike situasies nie en gevolglik hul opinies en siening op ander sal afdwing in 'n poging om ander te beheer. Derhalwe is dit noodsaaklik dat hoë tellings op Openheid vir Ervaringe deel moet uitmaak van die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysers. Dit sal verseker dat onderwysers nie net vakinhoude met lewenswerklike situasies verbind nie, maar dat onderwysers van kreatiewe hulpmiddels tydens onderrig en leer gebruik sal maak. Lae tellings op Neurotisme, hoë tellings op Ekstraversie en hoë tellings op Openheid vir Ervaringe is egter nie genoegsaam om die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente saam te stel nie, aangesien dit nodig is om ook Inskiklikheid en Konsensieusheid in te sluit.

3.9.4.4 Inskiklikheid

Met betrekking tot Inskiklikheid tref Tabel 3.9 die onderskeid tussen effektiewe en oneffektiewe onderwysers en dien dit as riglyn waarvolgens die gewenste persoonlikheidsprofiel met betrekking tot lae of hoë tellings vir Inskiklikheid regverdig kan word.

Tabel 3.9: Inskiklikheid en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers

Effektiewe Onderwysers	Oneffektiewe Onderwysers
Gedragskenmerke	Gedragskenmerke
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Ontwikkel addisionele leermateriaal wat leerders se aandag trek en belangstelling wek. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Maak reeds vroeg aan leerders bekend dat hulle nie die onderwys geniet nie en dat daar beter maniere is om hul tyd aan te wend.

<ul style="list-style-type: none"> ▪ Stel hulleself voor aan die leerders tydens die eerste klas en laat toe dat leerders hulle ken as individu. ▪ Leer vinnig leerders se name en gebruik dit by elke moontlike geleentheid. ▪ Handhaaf 'n oop deur-beleid en toon buigsamheid in hul beskikbaarheid vir leerders. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kanselleer afsprake met leerders en ouers en is slegs op ongeleë tye beskikbaar (hulle is dus moeilik om in die hande te kry). ▪ Reageer op vrae op 'n vyandige en intimiderende wyse beide tydens klasse en na klasse (bv. <i>Wat is jou probleem? Hoekom het jy dit nie die eerste keer verstaan nie?</i>).
--	--

(Simonton, 2003)

Dit is noodsaaklik dat onderwysers hoë tellings op Inskiklikheid behoort te behaal, aangesien daar van onderwysers verwag word om medemenslik, besorg en versorgend te wees. Daar word van onderwysers verwag om medelye en simpatie te toon, indien nodig, en om goedgesind te wees. Verder is dit belangrik dat onderwysers goed oor die weg moet kom met ander onderwysers, leerders en ouers. Hulle moet ook besorg wees oor die welvaart van ander en in die beste belang van leerders optree, selfs wanneer dissipline toegepas word (Dunn & Chew, 2006).

Soos aangetoon in Tabel 3.9 kom onderwysers met lae tellings op Inskiklikheid voor as arrogant, hulle praat neer op leerders, toon geen respek vir leerders nie, toon geen waardering vir leerders se pogings nie en ondersteun nie leerders wat addisionele hulp nodig nie. Verder beantwoord en verwelkom hulle nie vrae van leerders nie en skep nie 'n atmosfeer wat interaksie aanmoedig nie. Hulle is onsensitief teenoor leerders en verwag van leerders om te veel werk in te min tyd te voltooi. Dit is dus duidelik dat lae tellings op Inskiklikheid nie deel moet vorm van die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente nie. Hoë tellings op Inskiklikheid, daarenteen, dui op onderwysers wat ekstra moeite doen om addisionele leermateriaal te ontwikkel wat leerders se aandag trek en toelaat dat die leerders hul as individu leer ken. Verder is hulle toeganklik en doen moeite om die leerders te ken deur belangstelling in hulle te toon.

Vanuit die bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente hoë tellings op Inskiklikheid moet insluit. Lae tellings op Neurotisme en hoë tellings op Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe en Inskiklikheid is egter nie voldoende om die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente te

bepaal nie, aangesien die belangrikste persoonlikheidsdomein nog ingesluit moet word, naamlik Konsensieusheid.

3.9.4.5 Konsensieusheid

Vanuit die navorsingsbevindinge, soos reeds bespreek, is dit duidelik dat Konsensieusheid die belangrikste persoonlikheidsdomein in die bepaling van die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente is. Daar kan dus ook 'n onderskeid tussen effektiewe en oneffektiewe onderwysers getref word deur na tellings op Konsensieusheid te verwys. Hierdie onderskeid word voorgestel in Tabel 3.10.

Tabel 3.10: Konsensieusheid en die gedragskenmerke van effektiewe en oneffektiewe onderwysers

Effektiewe Onderwyser	Oneffektiewe Onderwyser
Gedragskenmerke	Gedragskenmerke
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Doen hul voorbereiding vir lesse voordat die klas begin. ▪ Doen gedetailleerde beplanning voor elke les en oefen die les. ▪ Is versigtig en sistematies in die voorbereiding van eksamen vraestelle, toetse en assesserings. 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Is onbevoeg in die gebruik van handboeke tydens voorbereiding. ▪ Toon baie swak of geen voorbereiding vir klasse. ▪ Doen geen ekstra moeite in die voorbereiding en beplanning van assessering nie (indien assessering enigsins toegepas word).

(Simonton, 2003)

Onderwysers behoort hoë tellings op Konsensieusheid te behaal, aangesien daar van onderwysers verwag word om lang ure aan lesbeplanning, assessering en ander administratiewe verantwoordelikhede te werk. Verder sal konsensieuse onderwysers boonop ekstra tyd maak om leerders, wat probleme met die vakinhoud ervaar, te help en ook ekstra moeite doen en meer tyd aan lesvoorbereiding en assessering afstaan as wat van hulle verwag word. So 'n onderwyser het die dryfkrag om die beste onderwyser in die skool te wees of om die beste onderwyser wat hy/sy kan, te wees. Verder sal onderwysers met hoë tellings op Konsensieusheid baie energie toewy om te verseker dat leerders hul hoogste moontlike akademiese prestasie behaal en gevolglik hul potensiaal verwesenlik. Die implikasie hiervan is

dat onderwysers, wat hoë tellings op Konsensieusheid behaal, altyd voorbereid en georganiseer is. Verder is hulle stiptelik, pligsgetrou en deeglik in die uitvoering van hul verantwoordelikhede (Dunn & Chew, 2006).

Tabel 3.10 beklemtoon dat onderwysers met lae tellings op Konsensieusheid swak organiseerders, swak beplanners en swak assesserders is, wat nie weet hoe om met die kurrikulum te werk en hoe om effektief van die klastyd gebruik te maak nie. Derhalwe is dit duidelik dat onderwysers nie oor lae tellings op Konsensieusheid behoort te beskik nie. Onderwysers met hoë tellings op Konsensieusheid, daarteenoor, kan goed organiseer, goed beplan en goed assesser en kan effektief met die kurrikulum te werk gaan deur op 'n doeltreffende wyse van die klastyd gebruik te maak. Vanuit hierdie bespreking kan daar sonder twyfel aangetoon word dat die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente ook hoë tellings op Konsensieusheid moet insluit.

Konsensieusheid kan egter soms te ver gaan, veral as daar tekens van obsessief-kompulsiewe gedrag is, wat moontlik tot psigopatologie kan lei. Dit is derhalwe noodsaaklik dat hoë tellings op Ekstraversie, hoë tellings op Openheid vir Ervaringe, hoë tellings op Inskiklikheid en hoë tellings op Konsensieusheid met lae tellings op Neurotisme gekombineer moet word ten einde die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente saam te stel.

3.9.4.6 Samevatting van die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente

Vanuit bogenoemde tabelle en besprekings kan die hipotese gestel word dat onderwysers oor die volgende persoonlikheidsprofiel moet beskik:

Lae tellings op Neurotisme en hoë tellings op Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

Die effektiewe onderwyser is dus liberaal en sosiaal (hoë tellings op Ekstraversie), toon goeie leierseienskappe (hoë tellings op Ekstraversie), is ekstroverties (hoë tellings op Ekstraversie), is nie angstig nie (hoë tellings op Konsensieusheid en lae tellings op Neurotisme), is objektief en ondersteunend (hoë tellings op Inskiklikheid), is nie-gesaghebbend en nie-verdedigend (hoë tellings op Konsensieusheid en lae tellings op Neurotisme), is intelligent (hoë tellings op

Openheid vir Ervaringe) en is esteties sensitief (hoë tellings op Openheid vir Ervaringe) (Dunn & Chew, 2006; Simonton, 2003).

3.10 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om konteks te skep deur 'n oorsig te gee van die huidige posisie van onderwys in Suid-Afrika, asook die verwagtinge van die onderwysers binne die huidige onderwysstelsel. Teen die agtergrond van die gestelde konteks, het die hoofstuk huidige keuringsmeganismes van voornemende onderwysstudente geïdentifiseer, met spesifieke fokus op die Suid-Afrikaanse konteks. Die keuring van voornemende onderwysstudente is krities geëvalueer en die moontlikheid van persoonlikheidsvaluering as deel van die keuringsproses is voorgestel. Laastens is die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente volgens die Vyffaktor-model van persoonlikheid aan die hand van onlangse navorsing bepaal. Hierdie gewenste persoonlikheidsprofiel word voorgestel as 'n riglyn waarvolgens persoonlikheidsvaluering van voornemende onderwysstudente as deel van 'n keuringsmodel kan plaasvind.

In Hoofstuk 4 sal die navorsingsontwerp en -metodologie wat in die empiriese ondersoek gevolg is, aan die orde kom.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 2 is 'n teoretiese eksposisie van die konstruk persoonlikheid onderneem. In Hoofstuk 3 is 'n oorsig van die huidige onderwyssituasie in Suid-Afrika verskaf, met inagneming van die visie wat die Departement van Onderwys vir onderwys in Suid-Afrika het, asook 'n uiteensetting van die rolle wat 'n onderwyser moet vertolk en die gedragskode waaraan onderwysers moet voldoen. In Hoofstuk 3 is daar spesifiek gefokus op die keuringsmeganismes vir onderwysstudente in Suid-Afrika en ook op die waarde wat persoonlikheidsvaluering tot die keuring van voornemende onderwysstudente kan toevoeg. Op grond van 'n literatuurverkenning is 'n gewenste persoonlikheidsprofiel vir voornemende onderwysstudente voorgestel.

In hierdie hoofstuk word daar spesifiek gefokus op die navorsingsontwerp en -metodologie wat in die empiriese ondersoek gevolg is.

4.2 PROBLEEMSTELLING

Die navorser wou antwoorde vind op die volgende navorsingsvrae:

- *Watter kriteria word gewoonlik nasionaal en internasionaal aangewend by die keuring van voornemende onderwysstudente en wat is die rol en funksie van 'n persoonlikheidsvaluering by die keuring van voornemende onderwysstudente?*
- *Hoe sien die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente aan die hand van die Vyffaktor-model van persoonlikheid daaruit?*

Bogenoemde vrae is op grond van die teoretiese studie in Hoofstuk 3 beantwoord.

In die empiriese gedeelte van die ondersoek wou die navorser antwoorde op die volgende vrae vind:

- *Hoe sien die persoonlikheidsprofiel van voltyds ingeskrewe onderwysstudente aan 'n hoër opvoedkundige instelling daaruit?*
- *Bestaan daar verskille tussen die persoonlikheidsprofiel van: 1) manlike en vroulike onderwysstudente; 2) onderwysstudente in die verskillende opleidingsfases; 3) onderwysstudente met verskillende huistale; 4) onderwysstudente in die verskillende jaargroepe en; 5) onderwysstudente wat onderwys aandui as eerste beroepskeuse al dan nie?*
- *Wat is die toepassingsmoontlikheid van die NEO-FFI by die keuring van voornemende onderwysstudente?*

Bogenoemde vrae sal by wyse van 'n kwantitatiewe ondersoek beantwoord word, aangesien hulle spesifiek, geslote, staties en uitkomstgedrewe is (McMillan & Schumacher, 2010).

4.3 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek was om:

- *empiries te bepaal hoe die persoonlikheidsprofiel van voltyds ingeskrewe onderwysstudente aan 'n hoër opvoedkundige instelling daaruit sien;*
- *empiries te bepaal of daar verskille bestaan tussen die persoonlikheidsprofiel van 1) manlike en vroulike onderwysstudente; 2) onderwysstudente in die verskillende opleidingsfases; 3) onderwysstudente met verskillende huistale; 4) onderwysstudente in die verskillende jaargroepe en; 5) onderwysstudente wat onderwys aandui as eerste beroepskeuse al dan nie; en*
- *die toepassingsmoontlikheid van die NEO-FFI by die keuring van voornemende onderwysstudente te bepaal.*

4.4 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

4.4.1 Navorsingsontwerp

In hierdie studie is daar 'n nie-eksperimentele kwantitatiewe navorsingsontwerp gevolg (Creswell, 2008). Die doel van 'n nie-eksperimentele ontwerp is om verskynsels te beskryf en te voorspel sonder om die faktore wat die verskynsel beïnvloed te manipuleer, terwyl 'n kwantitatiewe ontwerp 'n verskynsel numeries beskryf ten einde spesifieke vrae te beantwoord of spesifieke hipoteses aan te spreek (McMillan & Schumacher, 2010). Volgens Maree en Pietersen (2007) en Wiersma en Jurs (2009) veronderstel 'n nie-eksperimentele navorsingsontwerp dat die studie slegs iets kan beskryf of die verband tussen twee of meer veranderlikes kan aantoon. Een van die metodes in nie-eksperimentele kwantitatiewe navorsing is om vraelyste by die studie in te skakel (Maree & Pietersen, 2007; Wiersma & Jurs, 2009). Vraelyste word gebruik om 'n kwantitatiewe of numeriese beskrywing van tendense, houdings of menings van 'n populasie te voorsien deurdat soveel as moontlik van die deelnemers, wat deel uitmaak van die populasie, by die navorsing betrek word. Die navorsingsontwerp is ook beskrywend, aangesien dieselfde stel stellings (in die vorm van 'n vraelys) aan 'n groot aantal individue gestel word (Fraenkel & Wallen, 2008). Die uiteindelige doel is om meer van die populasie te wete te kom deur 'n vraelys by die studiepopulasie in te skakel.

Coleman en Briggs (2002) beskryf kwantitatiewe navorsing as 'n rasonale, liniêre proses wat grootliks deur die wetenskaplike metode waartydens data ingesamel word, beïnvloed word. In hierdie studie is data ingesamel deur van vraelyste gebruik te maak wat by die studiepopulasie ingeskakel is. Terreblanche, Durrheim en Painter (2008) toon verder aan dat kwantitatiewe navorsing sin maak in situasies waar daar reeds kennis gedra word van die veranderlikes en waar die navorsers metodes vind om hierdie veranderlikes te beheer of te meet.

Creswell (2009) brei hierop uit deur aan te voer dat kwantitatiewe navorsing teorieë toets deur die verbande tussen verskillende veranderlikes te bepaal. Hierdie veranderlikes kan met behulp van instrumente gemeet word sodat numeriese data aan die hand van statistiese prosedures geanaliseer kan word. Data word op 'n sistematiese en gestandaardiseerde wyse verkry en die resultate van kwantitatiewe navorsing verskyn in numeriese vorm en word in statistiese taal gerapporteer (De Vos, Strydom, Fouche & Delpont, 2005; Gall, Gall & Borg, 2007). Hierdie strengheid van statistiese tegnieke beklemtoon die siening dat kwantitatiewe benaderings 'n groter

versekering van objektiwiteit as kwalitatiewe benaderings verskaf (Baumard & Ilbert, 2007). Coleman en Briggs (2002) en De Vos *et al.* (2005) dui daarop dat kwantitatiewe navorsing gedupliseer en gerepliseer kan word, aangesien die navorsingsontwerp gestandaardiseer is. Die belangrikheid van verteenwoordigende steekproewe word ook aangespreek aangesien kwantitatiewe navorsers ten doel het om bevindinge te veralgemeen (Creswell, 2009).

Die nie-eksperimentele, kwantitatiewe navorsingsontwerp van hierdie studie is gefundeer in 'n positivistiese raamwerk. Positivistiese navorsers aanvaar dat verskynsels in die sosiale omgewing 'n objektiewe realiteit het. 'n Realiteit met bekende waarskynlikhede word daargestel en kennis is onafhanklik van wat mense glo en ervaar (McMillan & Schumacher, 2010; Gall *et al.*, 2007). Volgens Coleman en Briggs (2002) word gevoelens nie deur positivistiese navorsers in ag geneem nie en slegs opvoedkundige verskynsels wat deur die sintuie waargeneem word kan geldig beskou word as kennis. In 'n positivistiese navorsingsparadigma word verskynsels objektief bestudeer en daar word veronderstel dat die navorser 'n neutrale posisie inneem sodat hy/sy nie die verskynsel wat bestudeer word beïnvloed nie (McMillan & Schumacher, 2010).

Die navorsingsontwerp is gestruktureer, voorafbepaald, formeel en spesifiek (Creswell, 2008). Tydens die ondersoek is sekere veranderlikes geoperasionaliseer en beheer ten einde die betroubaarheid en geldigheid van die ondersoek te verseker (Creswell, 2008). Daar is gebruik gemaak van 'n psigometriese meetinstrument wat bekend staan as die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992), 'n gestandaardiseerde persoonlikheidsvraelys, wat by 'n studiepulasie van voltyds ingeskrewe onderwysstudente ingeskakel is. Daar is gebruik gemaak van beskrywende en inferensiële statistiese tegnieke om sekere verwantskappe en verskille tussen die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente aan te toon (McMillan & Schumacher, 2010).

4.4.2 Studiepulasie en deelnemers

Vir die doeleindes van hierdie studie is alle eerste-, tweede-, derde-, vierdejaar- en NGOS (Nagraadse Onderwysertifikaat)-studente, beide manlik en vroulik, wat voltyds ingeskrewe onderwysstudente in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) was, as studiepulasie geneem. Die deelnemers aan die navorsing was diegene wat teenwoordig was met die afneem van die NEO-FFI persoonlikheidsvraelys. Die studiepulasie het bestaan uit 835 deelnemers, waarvan 662 vroulike studente was. Verdere biografiese inligting oor die deelnemers word in Hoofstuk 5 verstrekk.

4.4.3 Die psigometriese instrument (NEO-FFI)

4.4.3.1 Agtergrond tot die vraelys

Alhoewel daar reeds in Hoofstuk 2 oor die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) geskryf is, gaan daar weer kortliks in hierdie gedeelte verwys word na die agtergrond tot en die ontwikkeling van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992), asook die gebruiksaanwysings vir die psigometriese instrument soos duidelik uiteengesit in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992).

Vanuit die NEO PI-R (Costa & McCrae, 1992) en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) is die Vyffaktor-model van persoonlikheid gekonstrueer. Die Vyffaktor-model van persoonlikheid is 'n voorstelling van die struktuur van persoonlikheidstrekke wat oor die laaste vier dekades deur navorsingsbevindinge ontwikkel en uitgebrei is (Costa & McCrae, 1992). Die vyf persoonlikheidsdomeine stel die basiese dimensies voor wat onderliggend is tot die persoonlikheidstrekke wat deur beide natuurlike tale (die leksikale hipotese) en psigologiese vraelyste (deur 'n proses van faktor-analise) geïdentifiseer is. Woorde soos senuweeagtig, energiek, oorspronklik en versigtig het oor die verloop van eeue ontstaan in 'n poging om aan individue die geleentheid te gee om hulleself en ander individue te beskryf. Duisende sodanige woorde word in woordeboeke gevind. Deur 'n faktor-analise op al hierdie byvoeglike naamwoorde uit te voer, is vyf persoonlikheidsfaktore geïdentifiseer (Costa & McCrae, 1992). Alhoewel hierdie vyf faktore van 'n analise van algemene spreektaal terme afgelei is, is hierdie faktore aan meeste persoonlikheidsielkundiges bekend en vorm dit die vyf persoonlikheidsdomeine wat deur die NEO PI-R (Costa & McCrae, 1992) en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) geassesseer word.

Navorsing wat vanaf 1985 tot op hede gedoen is, dui aan dat hierdie vyf persoonlikheidsdomeine steeds daarin slaag om 'n uitgebreide evaluering van die persoonlikheid moontlik te maak (Costa & McCrae, 1992). Persoonlikheidsdomeine word gedefinieer deur die interkorrelasie van groepe van persoonlikheidstrekke. Daar word dus na 'n spesifieke groep persoonlikheidstrekke verwys as 'n persoonlikheidsdomein. Die som van die tellings van die persoonlikheidstrekke lewer gevolglik die persoonlikheidsdomeintelling (Costa & McCrae, 1992).

Die hersiene NEO-persoonlikheidsvraelys (NEO PI-R) en NEO Vyffaktor-vraelys (NEO-FFI) is akkurate meetinstrumente van die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine (Costa & McCrae, 1992). Die Groot Vyf-persoonlikheidsdomeine wat daardeur evalueer word, is: Neurotisme, Ekstraversie,

Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid, en Konsensieusheid. Die NEO PI-R en NEO-FFI is gebaseer op 'n konseptuele model wat deur middel van faktor-analitiese navorsing rakende die struktuur van persoonlikheid gekonstrueer is en dit dien as instrumente wat normale persoonlikheidstrekke evalueer (Costa & McCrae, 1992). Die NEO-FFI is 'n 60-item verkorte weergawe van die NEO PI-R en is toepaslik wanneer daar 'n tydsbeperking vir toetsafneming bestaan en wanneer slegs globale inligting rondom persoonlikheid verlang word (Costa & McCrae, 1992).

4.4.3.2 Toepaslikheid van die NEO-FFI

Die NEO-FFI vereis 'n Graad 6-leesvlak en kan veral toepaslik en sinvol gebruik word vir individue van 17 jaar en ouer. Individue wat gediagnoseer is met versteurings wat hul vermoë beïnvloed om op 'n betroubare en geldige wyse die selfrapporteringsvraelys te voltooi, moet verkieslik nie die NEO-FFI voltooi nie (Costa & McCrae, 1992).

Die NEO-FFI verskaf nie al die inligting wat benodig word vir 'n volledige psigologiese evaluering nie. Lewensgeskiedenis-onderhoude, intelligensietoetse of ander diagnostiese toetse word benodig om gepaste diagnoses en behandelingsplanne te formuleer. Die NEO-FFI is hoofsaaklik ontwikkel om deel van 'n uitgebreide psigologiese evaluering te vorm (Costa & McCrae, 1992).

Die NEO-FFI is 'n selfrapporteringsvraelys wat impliseer dat die administrasie en bepunting daarvan deur individue onderneem kan word wat nie formele opleiding in kliniese sielkunde, voorligtingsielkunde, opvoedkundige sielkunde, bedryfsielkunde, psigometrie, persoonlikheidsielkunde of ander verwante velde ontvang het nie. Die interpretasie van die resultate van die NEO-FFI moet egter slegs behartig word deur individue wat professionele opleiding ontvang het in psigometrie en psigologiese evaluering. Verder moet hierdie individue bekend wees met die toetsmateriaal en prosedures soos vervat in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992).

4.4.3.3 Administrasie van die NEO-FFI

Die NEO-FFI is 'n 60-item weergawe van Vorm S (Selfrapportering) van die NEO PI-R wat 'n kort, dog uitgebreide evaluering van die vyf persoonlikheidsdomeine verskaf. Dit bestaan uit vyf 12-item-skale wat elke persoonlikheidsdomein evalueer (Sien Bylaag C vir uittreksels en voorbeelde van die Afrikaanse en Engelse weergawes van die NEO-FFI).

Die navorser het die persoonlikheidsvraelys in Afrikaans deur 'n onafhanklike vertaler laat vertaal en die vertaalde vraelys (in Afrikaans) deur 'n ander onafhanklike vertaler weer terug in Engels laat vertaal ten einde te verseker dat die inhoud van die items nie as gevolg van die vertaling van Engels na Afrikaans verander het nie. Die Afrikaanse weergawe van die NEO-FFI is dus deur deelnemers van die studiepopulasie wat Afrikaanssprekend is voltooi, terwyl deelnemers van die studiepopulasie wat Engelssprekend of ander taalsprekend is die Engelse weergawe van die NEO-FFI voltooi het.

Volgens Costa en McCrae (1992) kan die NEO-FFI individueel of in groepsverband afgeneem word. Tydens hierdie navorsing is die NEO-FFI in groepsverband afgeneem, voor die aanvang van die deelnemers se verpligte kontaksessies in die onderskeie modules van die onderskeie jaargroepe. Die lokaal waarin die vraelys afgeneem is, was gemaklik, steurnisvry en daar was voldoende beligting en lugversorging. 'n Plat oppervlak, soos 'n tafel, was beskikbaar waarop die individue kon skryf en elke individu is van 'n potlood en 'n uitveër voorsien. In die geval waar 'n deelnemer 'n bril dra, het die toetsafnemer seker gemaak dat die individu sy/haar bril tydens die voltooiing van die vraelys gedra het. Die toetsafnemer het die deelnemers gemotiveer om eerlik op elke item te antwoord, sonder om 'n item oor te slaan of onvoltooid te laat. Elke deelnemer het 'n toetsboekie ontvang en is aangemoedig om die instruksies op die buiteblad aandagtig deur te lees. Nadat die deelnemers die instruksies gelees het, is daar geleentheid gebied om vrae te vra, sou daar enige onduidelikheid by hulle bestaan. Nadat alle deelnemers die aard van die taak verstaan het, kon hulle omblaai na die tweede bladsy van die toetsboekie en hul biografiese besonderhede voltooi. Elke deelnemer moes seker gemaak het dat al sy/haar biografiese besonderhede volledig ingevul is alvorens die toetsitems voltooi kon word (Costa & McCrae, 1992).

Daar bestaan geen tydsbeperking vir die voltooiing van die NEO-FFI nie, maar die meeste deelnemers neem ongeveer 10 tot 15 minute om die 60-item-vraelys te voltooi. Ouer deelnemers en deelnemers met beperkte leesvermoëns neem egter langer om die NEO-FFI te voltooi (Costa & McCrae, 1992).

4.4.3.4 Bepunting van die NEO-FFI

Die toetsafnemer het seker gemaak dat daar 'n respons teenoor elke item op die antwoordblad verskyn. Wanneer die toetsafnemer tydens die afneem van die vraelys opgemerk het dat 'n deelnemer nagelaat of versuim het om op elke item te repondeer, is die deelnemer aangemoedig

om op daardie betrokke items te respondeer. Wanneer 'n deelnemer onseker was oor die betekenis van 'n item of onseker was oor hoe om te respondeer, is daar aanbeveel dat 'n neutrale respons-opsie geselekteer word. Indien 'n deelnemer nie 'n respons by elke item verskaf het nie, en die deelnemer nie meer beskikbaar was nie, moes die navorser bepaal of die data van die betrokke deelnemer steeds geldig sou wees om bepunt te word en te interpreteer. Wanneer 10 of meer items oopgelaat is, is die vraelys as ongeldig beskou en is die vraelys nie formeel deur die navorser bepunt nie. Indien nege of minder items oopgelaat is, is die onvoltooide items met 'n neutrale respons-opsie gemerk. Enige domein-telling met vier of meer onvoltooide response is met versigtigheid geïnterpreteer (Costa & McCrae, 1992).

4.4.3.5 Berekening van domein-tellings en samestelling van persoonlikheidsprofile

Elk van die vyf persoonlikheidsdomeine bestaan uit 12 items. Die som van die 12 items se bepunting moet bereken word ten einde die routellings van elke domein te bepaal. Daar moet egter in ag geneem word dat sommige van die items omgekeerde respons-items is en as sodanig bepunt moet word (Costa & McCrae, 1992).

4.4.3.6 Konseptualisering en interpretasie

In 'n poging om die data, soos ingesamel deur die NEO-FFI, te interpreteer, moet die nasiener bekend wees met die basiese konsepte van psigologiese toetsing, weet wat elke skaal van die meetinstrument evalueer en verstaan wat die implikasies vir die psigologiese funksionering van individue is. Verder moet die nasiener oor die vermoë beskik om skaaltellings op 'n betekenisvolle wyse te integreer ten einde 'n sinvolle persoonlikheidsprofiel saam te stel (Costa & McCrae, 1992).

4.4.3.7 Die betekenis van skaaltellings

Die nasiener moet daarteen waak om in terme van persoonlikheidstipes of kategorieë te dink wanneer NEO-FFI-tellings geïnterpreteer word. Dit is gerieflik om te praat van “introverte” en “ekstroverte”, maar die NEO-FFI stel eerder 'n kontinue dimensie voor, waarvolgens individue 'n kombinasie van introvertiese en ekstrovertiese geneigdhede kan vertoon. Dieselfde beginsel geld vir al die ander persoonlikheidsdomeine van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992).

Tydens die ontwikkeling van die stanege en die interpretasie van die NEO-FFI, het die navorser dit bruikbaar gevind om opsommende resultate in terme van drie vlakke, naamlik *laag*, *gemiddeld* en *hoog*, aan te bied. Die NEO-FFI bevat nie 'n afsnypunt wat aandui wanneer 'n individu oor 'n persoonlikheidstrek beskik, of wanneer 'n individu nie oor 'n persoonlikheidstrek beskik nie.

Routellings op die persoonlikheidsvraelyste opsigself is betekenisloos, maar kry wel betekenis wanneer dit met ander deelnemers se tellings vergelyk word. Daar word gewoonlik verskillende norme vir mans en vrouens gebruik en dienooreenkomstig neem verskillende routellings verskillende stanege aan wat impliseer dat mans en vrouens met soortgelyke routellings oor verskillende persoonlikheidsprofiel kan beskik. Om gevalle waar navorsers individue met die algemene populasie wil vergelyk te akkommodeer, word die gebruik van gekombineerde profiel in die handleiding van die NEO-FFI aanbeveel (Costa & McCrae, 1992).

4.4.3.8 Geldigheid en betroubaarheid van die NEO-FFI

Die psigometriese eienskappe van die NEO-FFI is bevredigend (Hoekstra, Ormel, & De Fruyt, 1996). Costa en McCrae (1992) het konstrugeldigheid vir die NEO-FFI volgens geslag, ouderdom en rassegroep bereken. Volgens Costa en McCrae (1992) wissel die Cronbach Alpha-koëffisiënte van die NEO-FFI vanaf 0,86 (Openheid vir Ervaringe) tot 0,92 (Neurotisme). Costa en McCrae (1992) het toets-hertoets betroubaarheidskoëffisiënte vir Ekstraversie, Neurotisme en Openheid vir Ervaringe bereken wat gewissel het vanaf 0,68 tot 0,83 (oor 6 jaar) en 0,63 tot 0,79 vir Inskiklikheid en Konsensieusheid (oor 3 jaar).

Die navorser het ook Cronbach se Alpha-koëffisiënte vir die vertaalde vraelys wat by die studiepopulasie ingeskakel is, bereken. Die koëffisiënte sal in Hoofstuk 5 weergegee word.

4.5 KWANTITATIEWE DATA-ANALISE

Die statistiese verwerking van die data is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) behartig. Die SAS-program (SAS Institute Inc., 2011), SPSS (SPSS Inc., 2011) en AMOS (AMOS Development Company, 2011) is vir die verwerking van die data gebruik. Die volgende statistiese tegnieke is op die data-analise toegepas:

4.5.1 **Beskrywende statistiek**

Volgens Maree en Pietersen (2007) en McMillan en Schumacher (2010) is beskrywende statistiek 'n samestelling van 'n aantal statistiese metodes wat gebruik word om data te organiseer, te beskryf, te karakteriseer, en op 'n betekenisvolle wyse saam te vat. Beskrywende statistiek slaag daarin om die inligting, wat in omvattende datastelle voorkom, op 'n sinvolle wyse te beskryf deur van gemiddeldes, standaardafwykings, frekwensies en persentasies gebruik te maak (Creswell, 2009). In hierdie studie is beskrywende statistiek in die vorm van gemiddeldes en standaardafwykings van die deelnemers se response op die vraelys weergegee. Verder is biografiese inligting ook deur middel van frekwensies en persentasies beskryf.

4.5.2 **Inferensiële statistiek**

Inferensiële statistiek word deur navorsers gebruik om redelike, maar feilbare, besluite oor die studiepopulasie te neem (Ary, Jacobs & Sorensen, 2010).

- Faktor-analise en strukturele vergelykingsmodelle

Ten einde die geldigheid van die NEO-FFI wat by die studiepopulasie ingeskakel is, te bepaal, is vyf bevestigende faktor-analises en strukturele vergelykingsmodelle uitgevoer. Die vyf bevestigende faktor-analises het bepaal of die verskillende items betekenisvol laai op die verskillende persoonlikheidsdomeine wat deur die vraelys geëvalueer word, terwyl die strukturele vergelykingsmodelle passingsmaatstawwe bereken om die passing tussen die hipotetiese of teoretiese model en die empiriese data te bepaal.

- Betroubaarheidskoëffisiënte

Ten einde die betroubaarheid van die NEO-FFI wat by die studiepopulasie ingeskakel is, te bepaal, is Cronbach se Alpha-koëffisiënte (Cronbach, 1951) vir die verskillende persoonlikheidsdomeine en die vraelys in die geheel bereken. Hierdie berekende Alpha-koëffisiënte word in Hoofstuk 5 met die Alpha-koëffisiënte vergelyk wat in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) verskyn.

- Statistiese en praktiese betekenisvolheid

Ten einde vas te stel of daar statisties en/of prakties betekenisvolle verskille tussen die biografiese veranderlikes en die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente bestaan, is daar gebruik gemaak van onafhanklike t-toetse en analyse van variansie (ANOVA). Onafhanklike t-toetse is gebruik wanneer die biografiese veranderlike wat ondersoek word slegs twee kategorieë bevat, terwyl daar van ANOVA gebruik gemaak is in gevalle waar die biografiese veranderlike meer as twee kategorieë bevat het. In beide gevalle dui p-waardes kleiner as 0.05 ($p < 0.05$) op statisties betekenisvolle verskille, terwyl Cohen se effekgroottes (Cohen, 1988) gebruik is om prakties betekenisvolle verskille te bepaal.

Die volgende riglyne geld vir die interpretasie van prakties betekenisvolle verskille volgens Cohen se effekgroottes (d-waardes):

$d = 0.2$ (klein effek: nie prakties betekenisvolle verskil nie)

$d = 0.5$ (medium effek: praktiese sigbare verskil)

$d = 0.8$ (groot effek: prakties betekenisvolle verskil) (Steyn, 2009)

- Staneges

Deur van staneges gebruik te maak, het die navorser norme opgestel waarvolgens die routellings in staneges omgeskakel kan word om elke persoonlikheidsdomein volgens kategorieë (laag, gemiddeld en hoog) in te deel. 'n Stanege van een, twee en drie word as laag beskou, terwyl 'n stanege van vier, vyf en ses as gemiddeld beskou word en sewe, agt en nege as hoog beskou word. Die berekening en interpretasie van staneges sal meer breedvoerig in paragraaf 5.7.1 van Hoofstuk 5 bespreek word.

4.6 ETIESE EN ADMINISTRATIEWE PROSEDURES

Fraenkel en Wallen (2008) beklemtoon dat die navorser verantwoordelik is om te verseker dat etiese aspekte tydens die navorsing in ag geneem word ten einde te verseker dat deelnemers beskerm word teen fisieke en/of emosionele skade, ongemak of gevaar wat moontlik vanuit die navorsingsprosedures kan ontstaan. Verder moet deelnemers volledig ingelig word oor al die

aspekte van die navorsing en instem tot deelname aan die navorsing deur 'n ingeligte toestemmingsvorm te voltooi, nadat hulle ten volle ingelig is oor die moontlike risiko's wat aan deelname verbonde is. Deelnemers neem op 'n vrywillige basis deel aan die studie en kan op enige tydstip aan die navorsing onttrek sonder om benadeel te word. Die navorser moet onderneem om alle inligting, wat uit die navorsing voortspruit, met vertroulikheid te hanteer en anonimiteit moet verseker word deurdat geen deelnemer geïdentifiseer sal kan word nie. Laastens, geen van die deelnemers mag op enige wyse deur die navorser mislei word nie.

Ten einde aan bogenoemde etiese voorwaardes te voldoen, is die volgende stappe in die navorsing gevolg:

- Die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) se Etiekkomitee het die navorsingsprojek goedgekeur.
- Die meetinstrument is deur die navorser, as 'n geregistreerde sielkundige, aangekoop en geadministreer. Die meetinstrument is geadministreer in ooreenstemming met die reëls en regulasies (soos vervat in die handleiding) en in ooreenstemming met die voorskrifte van die toetsverspreiders.
- Maatreëls is in plek gestel om die betroubaarheid van die meetinstrument te verseker, aangesien die navorser die persoonlikheidsvraelys in Afrikaans deur 'n onafhanklike vertaler laat vertaal het en die vertaalde vraelys (in Afrikaans) deur 'n ander onafhanklike vertaler weer terug in Engels laat vertaal het om sodoende te verseker dat die inhoud van die items nie verander het as gevolg van die vertaling van Engels na Afrikaans nie.
- Voordat die vraelys deur die deelnemers voltooi is, is 'n inligtingsblad met deelnemers bespreek waarin die doel van die navorsing en ander inligting rakende die vraelys weergegee is:
 - Deelnemers is daarvan bewus gemaak dat inligting as vertroulik hanteer sal word en dat hul identiteit nie bekend gemaak sal word nie.
 - Deelnemers is ingelig dat die voltooiing van die vraelys geen nadele vir hulle as individue inhou nie.
 - Deelname aan die studie was vrywillig aangesien geen deelnemer onder enige verpligting geplaas is om aan hierdie navorsing deel te neem nie.
 - Deelnemers was vry om op enige tydstip tydens die voltooiing van die vraelys hulself aan die navorsing te onttrek.

- Nadat die inligtingsblad met die deelnemers bespreek is, en hulle die geleentheid ontvang het om vrae aan die navorser te rig om onsekerhede uit die weg te ruim, het die deelnemers tot deelname aan die projek ingestem deur 'n ingeligte toestemmingsvorm te voltooi (sien Bylaag D).
- Slegs data van volledig ingevulde vraelyste is statisties geanaliseer.
- Rapportering van data ten opsigte van die bevindinge wat tydens die statistiese analises gemaak is, het op 'n statisties verantwoordbare wyse geskied met die hulp van die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om die navorsingsontwerp en -metodologie, wat in die navorsing gevolg is, te beskryf. Daar is aangetoon dat hierdie navorsing vanuit 'n positivistiese navorsingsparadigma benader is en dat 'n kwantitatiewe nie-eksperimentele metode gevolg is deurdat 'n vraelys by die studiepulasie ingeskakel is. Die vraelys het die vorm van 'n gestandaardiseerde psigometriese meetinstrument, naamlik die NEO-FFI-persoonlikheidsvraelys (Costa & McCrae, 1992), aangeneem. Die betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrument staan bo verdenking en maatreëls is getref om die betroubaarheid van die vertaalde Afrikaanse weergawe van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) te verseker. Verder is die studiepulasie in hierdie hoofstuk bespreek asook die statistiese tegnieke wat tydens data-analise aangewend is. Die hoofstuk is afgesluit met 'n bespreking van die etiese aspekte wat tydens die uitvoering van die navorsing in ag geneem is.

Die resultate voortspruitend uit die studie sal in Hoofstuk 5 weergegee word. Op grond hiervan sal daar in Hoofstuk 6 gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

HOOFSTUK 5

RESULTATE

5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is 'n motivering vir die ondersoek aangebied en is die navorsingsprobleem en navorsingsdoel geformuleer. Verder is daar 'n beknopte oorsig van die navorsingsontwerp en -metodologie, wat in die empiriese ondersoek gevolg is, verskaf. In Hoofstuk 2 is die konstruk persoonlikheid teoreties verken en in Hoofstuk 3 is die rol van persoonlikheidsevaluering in die keuring van voornemende onderwysstudente met behulp van 'n literatuurstudie ondersoek. Voorts is daar, op grond van die literatuurverkenning, 'n gewenste persoonlikheidsprofiel vir voornemende onderwysstudente voorgestel. In Hoofstuk 4 is die navorsingsontwerp en –metodologie, wat in die empiriese ondersoek gevolg is, bespreek.

In hierdie hoofstuk word die resultate voortspruitend uit die ondersoek weergegee en bespreek. Alvorens die resultate weergegee word, word daar eers biografiese inligting rakende die deelnemers verskaf.

5.2 BIOGRAFIESE INLIGTING RAKENDE DIE DEELNEMERS

Biografiese inligting van die deelnemers word in Tabele 5.1 tot 5.5 verstrek.

Tabel 5.1: Geslag van die deelnemers

Geslag	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Manlik	172	20.60%	172	20.60%
Vroulik	662	79.28%	834	99.88%
Ongeldige respons	1	0.12%	835	100.00%

Uit Tabel 5.1 blyk dit dat slegs 20.60% van die deelnemers manlik was, terwyl die oorgrote meerderheid van die deelnemers (79.28%) vroulik was. Daar kan dus met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat daar, ten tye van die data-insamelingsproses, meer vroulike onderwysstudente as manlike onderwysstudente aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) studeer het.

Tabel 5.2: Opleidingsfase waarvoor die deelnemers ingeskryf was

Opleidings-program	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Grondslagfase	234	28.02%	234	28.02%
Intermediêre fase	268	32.10%	502	60.12%
Senior en VOO-fase	333	39.88%	835	100.00%

Uit Tabel 5.2 blyk dit dat daar min of meer 'n eweredige verspreiding tussen die drie opleidingsfases voorgekom het. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die data van al die opleidingsfases in hierdie studie ingesluit kan word vir die doeleindes van die bepaling van die empiries-afgeleide persoonlikheidsprofile van onderwysstudente.

Tabel 5.3: Huistaal van die deelnemers

Huistaal	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Afrikaans	790	94.61%	790	94.61%
Engels	23	2.75%	813	97.37%
Ander	21	2.51%	834	99.88%
Ongeldige respons	1	0.12%	835	100.00%

Soos aangedui in Tabel 5.3, was bykans al die deelnemers Afrikaanssprekend (94.61%) en slegs 5.39% van die deelnemers het nie Afrikaans as huistaal nie. Die navorser het gebruik gemaak van twee onafhanklike vertalers: een om die NEO-FFI-persoonlikheidsvraelys (Costa & McCrae, 1992) van Engels na Afrikaans te vertaal en een om dit weer van Afrikaans na Engels te vertaal. Die bevinding dat 94.61% van die deelnemers Afrikaanssprekend was, dien as

motivering vir die regverdiging van 'n Afrikaanse weergawe van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) vir die studiebevolking.

Tabel 5.4: Akademiese jaar van die deelnemers

Akademiese Jaar	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Eerstejaar	233	27.90%	233	27.90%
Tweedejaar	238	28.50%	471	56.41%
Derdejaar	188	22.51%	659	78.92%
Vierdejaar	142	17.01%	801	95.93%
Nagraadse Onderwys-sertifikaat (NGOS)	34	4.07%	835	100.00%

Die inligting in Tabel 5.4 dui daarop dat daar 'n eweredige verspreiding tussen eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar-onderwysstudente was, met die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS)-studente wat slegs 4.07% van die totale aantal deelnemers uitgemaak het. Die afname in die aantal deelnemers met die toename in studiejaar kan toegeskryf word aan die feit dat sommige studente hul onderwysstudie vanweë 'n verskeidenheid faktore gestaak het, waarvan swak akademiese prestasie moontlik die belangrikste oorsaak was.

Tabel 5.5: Was onderwys u eerste beroepskeuse?

Was onderwys u eerste beroepskeuse?	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Ja	458	54.85%	458	54.85%
Nee	375	44.91%	833	99.76%
Ongeldige respons	2	0.24%	835	100.00%

Die inligting in Tabel 5.5 is baie belangrik in die konteks van hierdie studie, aangesien daar aangetoon word dat slegs 54.85% van die studente onderwys as hul eerste beroepskeuse aangedui het. Die implikasie hiervan is dat 'n hoë persentasie studente nie onderwys as hul eerste beroepskeuse beskou nie.

5.3 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE NEO-FFI

5.3.1 Geldigheid

Ten einde die konstrugeldigheid van die vraelys te bepaal, is bevestigende faktor-analises gedoen en strukturele vergelykingsmodelle uitgevoer.

5.3.1.1 Geldigheid deur middel van bevestigende faktor-analises

Die doel met die bevestigende faktor-analises was om vas te stel of dieselfde items op dieselfde faktore gelaai het, soos dit in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) gerapporteer word. Vyf afsonderlike faktor-analises is onderneem vir elkeen van die vyf persoonlikheidsdomeine.

5.3.1.1.1 Faktor-analise 1: Neurotisme

Volgens Kaiser se kriterium (Field, 2009), wat bepaal dat slegs faktore met eiewaardes (of "eigen values") groter as 1 onttrek mag word, is twee faktore onttrek wat gesamentlik 43.12% van die variansie verklaar het. Wat kommunaliteite betref, het die waardes tussen 0.26 (item 6) en 0.56 (item 36) gewissel, met tien van die twaalf items wat kommunaliteite groter as 0.3 vertoon het (Hair, Anderson, Tatham & Black, 1998). Daar kan dus afgelei word dat die onttrekte faktore die items genoegsaam verklaar het en dat daar nie te veel inligting verlore gegaan het nie.

Tabel 5.6: Faktor-analise 1: Neurotisme

Item	Faktore		Kommunaliteit
	1	2	
Item 6: <i>Ek bekommer my nie maklik nie</i>		0.42	0.26
Item 11: <i>Ek voel dikwels minderwaardig teenoor ander mense</i>	0.65		0.42
Item 16: <i>As ek onder hewige druk gebuk gaan, voel ek soms dat ek in duie gaan stort</i>	0.65		0.44

Item 21: <i>Ek voel selde eensaam of neerslagtig</i>		0.68	0.47
Item 26: <i>Ek voel dikwels gespanne en senuweeagtig</i>	0.68		0.50
Item 31: <i>Soms voel ek heeltemal waardeloos</i>	0.72		0.53
Item 36: <i>Ek voel selde bang of angstig</i>		0.75	0.56
Item 41: <i>Ek word dikwels kwaad oor hoe mense my behandel</i>	0.52		0.27
Item 46: <i>Te dikwels, as dinge verkeerd loop, verloor ek moed en voel dat ek wil opgee</i>	0.71		0.51
Item 51: <i>Ek is selde hartseer of depressief</i>		0.70	0.51
Item 56: <i>Ek voel dikwels hulpeloos en wil hê iemand anders moet my probleme oplos</i>	0.60		0.36
Item 61: <i>Ek was soms al so skaam dat ek net wou wegkruip</i>	0.59		0.34
Beskrywende naam	Negatiewe Selfkonsep	Depressie	Neurotisme

Uit Tabel 5.6 blyk dit duidelik dat agt items op Faktor 1 gelaai het en vier items op Faktor 2. Die agt items wat op Faktor 1 gelaai het, beskryf almal 'n negatiewe selfkonsep. Die items verwys samevattend na aspekte soos waardeloosheid, moedeloosheid, spanning, senuweeagtigheid, minderwaardigheid, hulpeloosheid, skaamte, en aggressie. Die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) beskryf hierdie agt items as woede-vyandigheid, selfbewustheid en kwesbaarheid. Derhalwe gaan “Negatiewe Selfkonsep” vir die doeleindes van hierdie studie as gepaste beskrywende naam vir Faktor 1 gebruik word.

Die vier items wat op Faktor 2 gelaai het, beskryf almal depressie. Die items verwys samevattend na aspekte soos vrees, angstigheid, hartseer, eensaamheid, neerslagtigheid en bekommernis. Die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) bestempel hierdie items as angstigheid en depressie. Derhalwe blyk die beskrywende naam “Depressie” gepas te wees om Faktor 2 te beskryf.

Vanuit bogenoemde blyk dit dat die twee faktore wat deur Faktor-analise 1 geïdentifiseer is, beide na Neurotisme verwys en dat al die items wat daarop gelaai het met Neurotisme verband hou. Faktor-analise 1 het dus ook Neurotisme as persoonlikheidsdomein soos deur die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) geëvalueer, aangedui.

5.3.1.1.2 Faktor-analise 2: Ekstraversie

Volgens Kaiser se kriterium is vier faktore onttrek wat 55.16% van die variansie verklaar het. Die kommunaliteite het gewissel vanaf 0.32 (item 62) tot 0.75 (item 17) met nege van die twaalf items wat kommunaliteite groter as 0.5 (Hair *et al.*, 1998) vertoon het.

Tabel 5.7: Faktor-analise 2: Ekstraversie

Item	Faktore				Kommunaliteit
	1	2	3	4	
Item 7: <i>Ek hou daarvan om baie mense om my te hê</i>		0.74			0.62
Item 12: <i>Ek lag maklik</i>	0.73				0.57
Item 17: <i>Ek beskou myself nie eintlik as sorgeloos nie</i>				0.86	0.75
Item 22: <i>Ek geniet dit regtig om met mense te gesels</i>	0.53				0.60
Item 27: <i>Ek hou daarvan om te wees waar die dinge gebeur</i>		0.62			0.49
Item 32: <i>Ek verkies normaalweg om dinge op my eie te doen</i>		0.67			0.55
Item 37: <i>Ek voel dikwels of ek oorloop van energie</i>			0.59		0.49
Item 42: <i>Ek is 'n vrolike, geesdriftige persoon</i>	0.65				0.58
Item 47: <i>Ek is nie 'n vrolike optimis nie</i>	0.72				0.53
Item 52: <i>Ek handhaaf 'n vinnige lewenstempo</i>			0.72		0.56
Item 57: <i>Ek is 'n baie aktiewe mens</i>			0.73		0.57
Item 62: <i>Ek sal eerder my eie pad volg as om 'n leier vir ander te wees</i>				-0.38	0.32
Beskrywende naam	Positiewe Emosies	Geselligheid	Aktiwiteit	Assertiwiteit	Ekstraversie

Tabel 5.7 dui aan dat vier items op Faktor 1 gelaai het, drie items op Faktor 2 en Faktor 3 onderskeidelik, en twee items op Faktor 4. Die vier items wat op Faktor 1 gelaai het, verwys na die vermoë om te lag, om vrolik te wees, om optimisties te wees en om geesdriftig te wees. Hierdie gedragswyses kan dus beskryf word as kenmerkend van positiewe emosies. In die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) word hierdie items as warmte en positiewe emosies beskryf. Daarom is besluit om by die beskrywende naam, “Positiewe Emosies”, vir Faktor 1 te staan.

Die drie items wat op Faktor 2 gelaai het, het almal te doen met geselligheid en soeke na opwinding en word in die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) presies so beskryf. Daarom is hierdie faktor beskryf as “Geselligheid”, aangesien hierdie beskrywende woord daarin slaag om al drie items saam te vat.

Drie faktore het op Faktor 3 gelaai en almal verwys na aksie en energie. Hierdie drie items word in die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) as aktiwiteit beskryf en daarom is daar in hierdie studie gebruik gemaak van die benaming “Aktiwiteit” as beskrywende naam vir Faktor 3.

Wat Faktor 4 betref het twee items daarop gelaai en beide verwys na assertiwiteit. Die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) verwys na een van hierdie items as assertiwiteit, terwyl die ander item as positiewe emosie beskryf word. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar gebruik gemaak van die beskrywende naam “Assertiwiteit” om Faktor 4 te beskryf, aangesien beide items by hierdie beskrywende naam inpas.

Die vier faktore wat by Faktor-analise 2 geïdentifiseer is, verwys almal na Ekstraversie en al die items wat daarop gelaai het, is items wat met Ekstraversie verband hou. Daarom verwys Faktor-analise 2 na Ekstraversie as persoonlikheidsdomein, soos deur die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) geëvalueer.

5.3.1.1.3 Faktor-analise 3: Openheid vir Ervaringe

Volgens Kaiser se kriterium is vier faktore by Faktor-analise 3 onttrek, wat gesamentlik 49.73% van die variansie verklaar het. Die kommunaliteite het gewissel vanaf 'n laagste waarde van 0.31 (item 38) tot 'n hoogste waarde van 0.68 (item 48), met vyf van die twaalf items wat kommunaliteite groter as 0.5 vertoon het (Hair, *et al.*, 1998).

Tabel 5.8: Faktor-analise 3: Openheid vir Ervaringe

Item	Faktore				Kommunaliteit
	1	2	3	4	
Item 8: <i>Ek hou nie daarvan om my tyd met dagdromery te mors nie</i>				0.52	0.43
Item 13: <i>As ek eers die korrekte wyse gevind het om iets te doen, hou ek daarby</i>				0.75	0.56
Item 18: <i>Patrone in kuns en in die natuur bekoor my</i>	0.66				0.48
Item 23: <i>Ek glo dat as studente na kontroversiële sprekers luister, dit net tot verwarring kan lei en misleidend kan wees</i>			0.63		0.40
Item 28: <i>Poësie het min, of geen effek op my nie</i>	0.75				0.60
Item 33: <i>Ek probeer dikwels nuwe, en vreemde disse</i>		0.69			0.52
Item 38: <i>Ek merk selde die gemoedstoestand en gevoelens op wat verskillende omgewings veroorsaak</i>			0.53		0.31
Item 43: <i>Ek glo dat ons godsdienstige leiers moet raadpleeg rakende besluite oor morele kwessies</i>		0.43			0.48

Item 48: <i>Soms wanneer ek poësie lees, of na 'n kunswerk kyk, kry ek hoendervleis of ervaar 'n gevoel van opwinding</i>	0.80				0.68
Item 53: <i>Ek stel nie baie daarin belang om oor die aard van die heelal of die mens te bespiegel nie</i>			0.65		0.49
Item 58: <i>Ek is op intellektuele vlak baie nuuskierig</i>				-0.53	0.43
Item 63: <i>Ek geniet dit dikwels om met teorieë of abstrakte idees te speel</i>		0.66			0.58
Beskrywende naam	Estetika	Eksperimentasie	Idees	Lewens-oriëntasie	Openheid vir Ervaringe

Uit Tabel 5.8 blyk dit dat drie items respektiewelik op Faktor 1, Faktor 2, Faktor 3 en Faktor 4 gelaai het. Die drie items wat op Faktor 1 gelaai het, het almal betrekking op estetika en word ook as sodanig beskryf in die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992). Daarom gaan dieselfde beskrywende naam, naamlik “Estetika”, vir Faktor 1 behou word.

Die drie items wat op Faktor 2 gelaai het, verwys na die bereidwilligheid om met nuwe en vreemde disse te eksperimenteer, die bereidwilligheid om met teorieë en abstrakte idees te speel, en die oortuiging dat godsdienstige leiers geraadpleeg moet word in morele besluitneming. In die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) word daar na hierdie drie items verwys as aksies, idees en waardes, maar “Eksperimentasie” word egter as 'n meer beskrywende naam vir hierdie twee items beskou. Daarom is besluit dat, vir die doeleindes van hierdie studie, Faktor 2 as “Eksperimentasie” bekend sal staan.

Wat Faktor 3 betref, het drie items daarop gelaai, wat volgens die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) verwys na gevoelens, idees en waardes. Wanneer hierdie items van naderby beskou word, blyk dit egter dat al drie te doen het met idees, en daarom word daar na hierdie faktor as “Idees” verwys.

Laastens, wat Faktor 4 betref, het drie items daarop gelaai. Die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) verwys na hierdie items as fantasie, aksie en idees. Na versigtige beskouing van die onderskeie drie items, het dit geblyk dat al drie items verwys na lewensoriëntasie en daarom is “Lewensoriëntasie” as beskrywende naam vir hierdie faktor gebruik.

Die vier faktore wat deur Faktor-analise 3 geïdentifiseer is, verwys almal na Openheid vir Ervaringe en al die items wat daarop gelaai het, is items wat verband hou met Openheid vir Ervaringe as persoonlikheidsdomein, soos deur die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) geëvalueer.

5.3.1.1.4 Faktor-analise 4: Inskiklikheid

Volgens Kaiser se kriterium is drie faktore onttrek, wat gesamentlik 42.99% van die variansie verklaar het. Die kommunaliteite het gewissel vanaf 0.26 (item 14) tot 0.56 (item 49), met elf van die twaalf items wat kommunaliteite groter as 0.3 vertoon het (Hair *et al.*, 1998).

Tabel 5.9: Faktor-analise 4: Inskiklikheid

Item	Faktore			Kommunaliteit
	1	2	3	
Item 9: <i>Ek probeer om hoflik te wees teenoor almal wat ek ontmoet</i>		0.60		0.40
Item 14: <i>Ek raak dikwels betrokke by argumente met familieleden en kollegas</i>	0.48			0.26
Item 19: <i>Sommige mense dink ek is selfsugtig en egosentries</i>	0.55			0.47
Item 24: <i>Ek sal eerder saamwerk as kompeteer</i>			0.65	0.54
Item 29: <i>Ek is geneig om sinies en skepties teenoor ander se bedoelings te staan</i>	0.53			0.32
Item 34: <i>Ek glo dat die meeste mense jou sal misbruik as jy hulle toelaat om dit te doen</i>	0.57			0.47
Item 39: <i>Die meeste mense wat ek ken, hou van my</i>		0.53		0.35

Item 44: <i>Sommige mense sien my as koud en berekend</i>	0.57			0.51
Item 49: <i>Ek is hardkoppig en koersvas ten opsigte van my houdings</i>			0.66	0.56
Item 54: <i>Ek probeer oor die algemeen om bedagsaam te wees en ander in ag te neem</i>		0.72		0.53
Item 59: <i>As ek nie van mense hou nie, weet hulle dit</i>			0.43	0.31
Item 64: <i>Indien nodig, sal ek mense manipuleer om my sin te kry</i>			0.59	0.44
Beskrywende naam	Sosiale Vooroordele	Altruïsme	Inter-persoonlike Vaardighede	Inskiklikheid

Tabel 5.9 dui aan dat vyf items op Faktor 1 gelaai het, dat drie items op Faktor 2 gelaai het en vier items op Faktor 3. In breë trekke verwys die vyf items wat op Faktor 1 gelaai het na verskillende aspekte wat, volgens die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992), vertrou en toegeeflikheid insluit. Hierdie items verwys daarna om skepties, sinies, selfsugtig, egosentries en agterdogtig te wees. Volgens die navorser kan hierdie vyf items egter meer akkuraat beskryf word deur “Sosiale Vooroordele” as beskrywende naam te gebruik. Derhalwe gaan Faktor 1, vir die doeleindes van hierdie studie, as “Sosiale Vooroordele” bekend staan.

Die drie items wat op Faktor 2 gelaai het, verwys in essensie na bedagsaamheid, hoflikheid en aangenaamheid. In die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) word hierdie drie items beskryf as altruïsme en daarom gaan daar ook in hierdie studie gebruik gemaak word van “Altruïsme” as beskrywende naam vir Faktor 2.

Wat Faktor 3 betref is daar vier items wat daarop gelaai het, wat almal verwys na sekere interpersoonlike vaardighede en die wyse waarop dit die aard van interpersoonlike verhoudings beïnvloed. Die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) beskryf hierdie items as reguit-op-die-man-af en sagsinnig. “Interpersoonlike Vaardighede” word egter deur die navorser as ’n meer geskikte beskrywende naam vir hierdie faktor beskou en daarom word dit as beskrywende naam vir Faktor 3 gebruik.

Die drie faktore wat deur Faktor-analise 4 geïdentifiseer is, verwys almal na Inskiklikheid en al die items wat daarop gelaai het, is items wat met Inskiklikheid verband hou. Daarom verwys Faktor-analise 4 na Inskiklikheid as persoonlikheidsdomein, soos geëvalueer deur die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992).

5.3.1.1.5 Faktor-analise 5: Konsensieusheid

Volgens Kaiser se kriterium is twee faktore onttrek, wat gesamentlik 42.89% van die variansie by Faktor-analise 5 verklaar. Die kommunaliteite het gewissel vanaf 0.28 (item 50) tot 0.56 (item 40), met elf van die twaalf items wat kommunaliteite groter as 0.3 vertoon het (Hair *et al.*, 1998).

Tabel 5.10: Faktor-analise 5: Konsensieusheid

Item	Faktore		Kommunaliteit
	1	2	
Item 10: <i>Ek hou my besittings netjies en skoon</i>		0.46	0.33
Item 15: <i>Ek is taamlik vaardig om 'n geskikte werkstempo te bepaal sodat take betyds voltooi word</i>		0.55	0.44
Item 20: <i>Ek is nie 'n baie sistematiese mens nie</i>		0.66	0.43
Item 25: <i>Ek probeer om al my take nougeset uit te voer</i>	0.49		0.30
Item 30: <i>Ek het 'n duidelike stel doelwitte en werk sistematies om hulle te bereik</i>	0.55		0.39
Item 35: <i>Ek mors baie tyd voor ek rustig word en begin werk</i>		0.66	0.44
Item 40: <i>Ek werk hard om my doelwitte te bereik</i>	0.71		0.56
Item 45: <i>As ek my tot iets verbind, kan daar altyd op my staatgemaak word om die taak te voltooi</i>	0.69		0.48
Item 50: <i>Soms is ek nie so betroubaar soos wat ek moet wees nie</i>	0.51		0.28
Item 55: <i>Ek is 'n produktiewe mens en kry altyd die werk gedoen</i>	0.66		0.50
Item 60: <i>Dit lyk nie asof ek ooit daarin gaan slaag om georganiseerd te wees nie</i>		0.63	0.51

Item 65: <i>Ek streef na uitmuntendheid in alles wat ek doen</i>	0.70		0.49
Beskrywende naam	Doelgerigtheid	Ordelikheid	Konsensieusheid

Uit Tabel 5.10 blyk dit dat sewe items op Faktor 1 gelaai het en vyf items op Faktor 2. Die sewe items wat op Faktor 1 laai, verwys na nougesetheid, doelwitgeoriënteerdheid, die vermoë om sistematies te werk, hardwerkendheid, betroubaarheid, produktiwiteit en uitmuntendheid. Die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) verwys na hierdie vyf items as 'n kombinasie van pligsgetrouheid, prestasiegerigtheid en selfdisipline. Na versigtige beskouing van die vyf items, is besluit om na hierdie faktor te verwys as "Doelgerigtheid", aangesien hierdie beskrywende naam daarin slaag om al die genoemde fasette te omsluit.

Die vyf items wat op Faktor 2 gelaai het, verwys na netheid, stiptelikheid en georganiseerdheid. Die handleiding van die NEO PI-R en NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) vat hierdie items saam as 'n kombinasie van ordelikheid en selfdisipline. Na versigtige bestudering en oorweging van elkeen van die items wat op Faktor 2 gelaai het, is besluit om "Ordelikheid" as beskrywende naam vir Faktor 2 te gebruik, aangesien dit daarin slaag om die onderskeie fasette van hierdie faktor saam te vat.

Die twee faktore wat deur Faktor-analise 5 geïdentifiseer is, verwys na Konsensieusheid, en al die items wat daarop gelaai het, hou verband met Konsensieusheid. Daarom verwys Faktor-analise 5 na Konsensieusheid as persoonlikheidsdomein in die Groot Vyf-model van persoonlikheid, soos deur die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) geëvalueer.

5.3.1.1.6 Sintese: Geldigheid van die NEO-FFI

Die items wat by elk van die vyf persoonlikheidsdomeine deur die bevestigende faktor-analises aangedui is, stem ooreen met die items wat by elk van die vyf persoonlikheidsdomeine in die handleiding van die NEO-FFI aangetoon word (Costa & McCrae, 1992), en daarom kan die konstruktiewe geldigheid van die NEO-FFI, wat by die studiepopulasie ingeskakel is, aanvaar word.

5.3.1.2 Geldigheid soos bepaal deur middel van bevestigende faktorontleding met strukturele vergelykingsmodelle


Vervolgens gaan die konstrugeldigheid van die veronderstelde faktorstruktuur van die NEO-FFI verder, deur middel van bevestigende faktorontleding met strukturele vergelykingsmodelle, ondersoek word. Vir hierdie doeleinde is daar van *Analysis of Moment Structures* (AMOS) gebruik gemaak (AMOS Development Company, 2011).

Strukturele vergelykingsmodelle is 'n meer veranderlike variansie-analise tegniek (StatSoft, Inc., 2011) en is 'n uitbreiding van faktoranalise. 'n Hipotese rakende die faktorstruktuur van faktorbeladings word gestel, en interkorrelasies word ondersoek. Passingsmaatstawwe word bereken om die passing tussen die hipotetiese of teoretiese model en die empiriese data te bepaal. Dit is egter nie in die praktyk moontlik dat die hipotetiese of teoretiese model die data perfek sal pas nie (Browne & Cudeck, 1993).

Die eerste stap in strukturele vergelykingsmodelle is om die teoretiese of hipotetiese model te spesifiseer. Aangesien die NEO-FFI 'n gestandaardiseerde psigometriese instrument is (Costa & McCrae, 1992), word dit as meer gepas beskou om eerder na 'n teoretiese model te verwys. Figuur 5.1 is 'n visuele voorstelling van die teoretiese model. Hierdie teoretiese model beeld uit dat twaalf items telkens onder vyf verskillende persoonlikheidsdomeine laai.

Die tweede stap is om passingsmaatstawwe te bereken, wat uitbeeld hoe die teoretiese model op die empiriese data pas. Tydens hierdie stap word daar gebruik gemaak van gestandaardiseerde regressie-gewigte, korrelasies en drie breë kategorieë van passingsmaatstawwe.

FIGUUR 5.1: VISUELE VOORSTELLING VAN DIE TEORETIESE MODEL VAN PERSOONLIKHEID SOOS GEEVALUEER DEUR DIE NEO-FFI



*v = item nommer

5.3.1.2.1 Gestandaardiseerde regressie-gewigte

Gestandaardiseerde regressie-gewigte kan vergelyk word met die ladings van 'n bevestigende faktor-analise, aangesien waardes verkry word wat aandui in watter mate die items in die persoonlikheidsvraelys op die ooreenstemmende persoonlikheidsdomein laai. 'n Gestandaardiseerde regressie-gewig verteenwoordig die verwantskap tussen die onafhanklike veranderlike en die afhanklike veranderlike nadat daar vir die variansie wat die onafhanklike veranderlike met ander onafhanklike veranderlikes deel, gekontroleer is (Venter, 2003). Die interpretasie van gestandaardiseerde regressie-gewigte (β) is soortgelyk aan die interpretasie van korrelasie-koëffisiënte, aangesien waardes naby aan 0 op items dui wat swak laai en geen verband aandui nie, terwyl waardes naby aan 1.0 'n positiewe verband aandui en waardes naby aan -1.0 'n negatiewe verband aandui. Indien die ooreenstemmende p-waardes by elke gestandaardiseerde regressie-gewig kleiner as 0.05 is, dui dit op statisties betekenisvolle waardes. Daarom sal items met p-waardes kleiner as 0.05 dui op items wat goed laai op die betrokke persoonlikheidsdomein, terwyl p-waardes groter as 0.05 dui op items wat swak laai op die betrokke persoonlikheidsdomein. Tabel 5.11 rapporteer die gestandaardiseerde regressie-gewigte wat vir die verskillende items en persoonlikheidsdomeine verkry is.

Tabel 5.11: Gestandaardiseerde regressie-gewigte per item en persoonlikheidsdomein

Item	Persoonlikheidsdomein	Gestandaardiseerde regressie-gewig (β)	p-waarde
6	Neurotisme	0.331	<0.001
11	Neurotisme	0.575	<0.001
16	Neurotisme	0.599	<0.001
21	Neurotisme	0.101	0.009
26	Neurotisme	0.674	<0.001
31	Neurotisme	0.681	<0.001
36	Neurotisme	0.218	<0.001
41	Neurotisme	0.436	<0.001
46	Neurotisme	0.644	<0.001
51	Neurotisme	0.258	<0.001
56	Neurotisme	0.529	<0.001
61	Neurotisme	0.497	

7	Ekstraversie	0.536	
12	Ekstraversie	0.546	<0.001
17	Ekstraversie	-0.015	0.690*
22	Ekstraversie	0.698	<0.001
27	Ekstraversie	0.474	<0.001
32	Ekstraversie	0.197	<0.001
37	Ekstraversie	0.448	<0.001
42	Ekstraversie	0.643	<0.001
47	Ekstraversie	0.444	<0.001
52	Ekstraversie	0.280	<0.001
57	Ekstraversie	0.436	<0.001
62	Ekstraversie	0.353	<0.001
8	Openheid vir Ervaringe	0.246	
13	Openheid vir Ervaringe	-0.021	0.594*
18	Openheid vir Ervaringe	0.534	<0.001
23	Openheid vir Ervaringe	0.220	<0.001
28	Openheid vir Ervaringe	0.646	<0.001
33	Openheid vir Ervaringe	0.113	0.008
38	Openheid vir Ervaringe	0.161	<0.001
43	Openheid vir Ervaringe	-0.072	0.079*
48	Openheid vir Ervaringe	0.811	<0.001
53	Openheid vir Ervaringe	0.276	<0.001
58	Openheid vir Ervaringe	0.205	<0.001
63	Openheid vir Ervaringe	0.385	<0.001
9	Inskiklikheid	0.436	<0.001
14	Inskiklikheid	0.285	<0.001
19	Inskiklikheid	0.511	<0.001
24	Inskiklikheid	0.309	<0.001
29	Inskiklikheid	0.380	<0.001
34	Inskiklikheid	0.007	0.862*
39	Inskiklikheid	0.417	<0.001

44	Inskiklikheid	0.586	<0.001
49	Inskiklikheid	0.256	<0.001
54	Inskiklikheid	0.488	<0.001
59	Inskiklikheid	0.268	<0.001
64	Inskiklikheid	0.411	
10	Konsensieusheid	0.471	
15	Konsensieusheid	0.547	<0.001
20	Konsensieusheid	0.299	<0.001
25	Konsensieusheid	0.483	<0.001
30	Konsensieusheid	0.571	<0.001
35	Konsensieusheid	0.370	<0.001
40	Konsensieusheid	0.689	<0.001
45	Konsensieusheid	0.545	<0.001
50	Konsensieusheid	0.455	<0.001
55	Konsensieusheid	0.650	<0.001
60	Konsensieusheid	0.560	<0.001
65	Konsensieusheid	0.564	<0.001

*p-waardes wat dui op items wat nie goed pas by die betrokke persoonlikheidsdomein nie

Vanuit Tabel 5.11 blyk dit dat daar ses items is wat p-waardes groter as 0.001 vertoon. Hierdie items is Item 21 wat deel uitmaak van Neurotisme, Item 17 wat deel uitmaak van Ekstraversie, Items 13, 33 en 43 wat deel uitmaak van Openheid vir Ervaringe en Item 34 wat deel uitmaak van Inskiklikheid. Wat Konsensieusheid betref, is p-waardes van kleiner as 0.001 vir al die items gerapporteer. Van die bogenoemde ses items het vier items p-waardes groter as 0.05 vertoon, naamlik Items 13, 17, 34 en 43.

Die 12 items wat op Neurotisme gelaai het, het almal p-waardes kleiner as 0.05 gerapporteer. Die 12 items wat op Ekstraversie laai, het slegs Item 17 'n p-waarde groter as 0.05 gerapporteer. Item 17 ($\beta=-0.015$; $p=0.690$) lui soos volg: *Ek beskou myself nie eintlik as sorgeloos nie*. Dit is moontlik dat deelnemers onbekend was met die betekenis van die term "sorgeloos" en daarom kan die formulering van hierdie item moontlik hersien word. Met betrekking tot Openheid vir Ervaringe het Items 13 en 43 p-waardes groter as 0.05 opgelewer. Item 13 ($\beta=-0.021$; $p=0.594$) lui soos volg: *As ek eers die korrekte wyse gevind het om iets te doen, hou ek daarby*. Die formulering van hierdie item kan ook moontlik hersien word. Verder lui Item 43 ($\beta=-0.072$;

$p=0.079$) soos volg: *Ek glo dat ons godsdienstige leiers moet raadpleeg rakende besluite oor morele kwessies*. Dit is moontlik dat deelnemers onbekend was met die begrip *godsdienstige leiers*, of dat hierdie stelling nie meer so relevant vir jongmense in die huidige Suid-Afrikaanse konteks is nie. Die formulering van hierdie item behoort hersien te word, óf kan moontlik uit die persoonlikheidsvraelys weggelaat word. Laastens, in terme van Inskiklikheid, het Item 34 'n p-waarde van groter as 0.05 opgelewer. Item 34 ($\beta=0.007$; $p=0.862$) lui soos volg: *Ek glo dat die meeste mense jou sal misbruik as jy hulle toelaat om dit te doen*. Dit is moontlik dat deelnemers die term “*misbruik*” ook nie goed verstaan het nie en dat dit hersien, of weggelaat behoort te word.

Dit is dus moontlik dat vier van die 60 items van die NEO-FFI óf hersien, óf weggelaat behoort te word ten einde die konstrugeldigheid van die vraelys verder te verbeter. Hierdie vier items is Item 17 by Ekstraversie, Items 13 en 43 by Openheid vir Ervaringe en Item 34 by Inskiklikheid. Die feit dat 56 van die 60 items wel bo verdenking staan, word deur die navorser as gunstig vir die konstrugeldigheid van die persoonlikheidsvraelys beskou.

5.3.1.2.2 Korrelasies tussen persoonlikheidsdomeine

Korrelasie verwys na die statistiese verband tussen twee veranderlikes (Foxcroft & Roodt, 2005). Die statistiese verband tussen twee veranderlikes kan positief of negatief wees, of daar kan geen statistiese verband tussen twee veranderlikes wees nie (Gravetter & Wallnau, 2009). Indien die statistiese verband tussen twee veranderlikes positief is, dui dit daarop dat indien die waarde van een veranderlike toeneem, die waarde van die ander veranderlike ook sal toeneem, óf indien die waarde van een veranderlike afneem, die waarde van die ander veranderlike ook sal afneem (Foxcroft & Roodt, 2005). Positiewe korrelasies word gewoonlik deur koëffisiënte naby aan 1.0 voorgestel (Gravetter & Wallnau, 2009). Indien die verband tussen twee veranderlikes negatief is, dui dit daarop dat indien die waarde van een veranderlike toeneem, die waarde van die ander veranderlike afneem (Foxcroft & Roodt, 2005). Negatiewe korrelasies word gewoonlik deur koëffisiënte naby aan -1.0 voorgestel (Gravetter & Wallnau, 2009). Indien die korrelasie-koëffisiënt tussen twee veranderlikes naby aan 0 is, dui dit op geen verband tussen die twee veranderlikes nie (Foxcroft & Roodt, 2005). Volgens Steyn (2009) word 'n korrelasie-koëffisiënt van 0.1 as swak beskou, terwyl 'n korrelasie-koëffisiënt van 0.3 as matig beskou word en 'n korrelasie-koëffisiënte van 0.5 as sterk beskou word. Verder word p-waardes kleiner as 0.05 weereens hier as statisties betekenisvol beskou. Tabel 5.12 rapporteer die korrelasie-koëffisiënte wat in hierdie studie verkry is.

Tabel 5.12: Korrelasie-koëffisiënte met alle korrelasies ingesluit

Persoonlikheidsdomeine	Met alle korrelasies ingesluit	
	Korrelasie-koëffisiënte	p-waarde
Neurotisme ↔ Openheid vir Ervaringe	0.037	0.397
Ekstraversie ↔ Openheid vir Ervaringe	0.043	0.339
Openheid vir Ervaringe ↔ Inskiklikheid	0.154	0.005
Konsensieusheid ↔ Inskiklikheid	0.512	<0.001
Neurotisme ↔ Ekstraversie	-0.293	<0.001
Ekstraversie ↔ Inskiklikheid	0.633	<0.001
Konsensieusheid ↔ Ekstraversie	0.344	<0.001
Neurotisme ↔ Inskiklikheid	-0.239	<0.001
Konsensieusheid ↔ Openheid vir Ervaringe	0.037	0.399
Konsensieusheid ↔ Neurotisme	-0.203	<0.001

Vanuit Tabel 5.12 is dit duidelik dat twee sterk korrelasie-koëffisiënte oplewer is, terwyl vier matige korrelasie-koëffisiënte en een swak korrelasie-koëffisiënt oplewer is. Daar is drie koëffisiënte wat op geen korrelasie dui nie. Die twee sterk korrelasie-koëffisiënte is oplewer tussen Ekstraversie en Inskiklikheid (0.633) en tussen Konsensieusheid en Inskiklikheid (0.512). Die implikasie hiervan is dat die items op Ekstraversie en Inskiklikheid moontlik soortgelyke persoonlikheidskonstrukte evalueer en so ook die items op Konsensieusheid en Inskiklikheid. Van die vier matige korrelasie-koëffisiënte wat oplewer is, is Neurotisme in drie van die vier korrelasies betrokke en telkens in 'n negatiewe verband. Neurotisme het 'n matige negatiewe korrelasie met Ekstraversie (-0.293), Inskiklikheid (-0.239) en Konsensieusheid (-0.203) vertoon. Die implikasie hiervan is dat hoe hoër deelnemers se routellings op Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid is, hoe laer sal hulle routellings op Neurotisme wees. Hierdie bevinding is in lyn met die literatuur wat 'n negatiewe verband tussen Neurotisme en al vier die ander persoonlikheidsdomeine aantoon (Costa & McCrae, 1992). Die ander matige korrelasie is tussen Konsensieusheid en Ekstraversie (0.344) oplewer. 'n Swak korrelasie is tussen Openheid vir Ervaringe en Inskiklikheid (0.154) oplewer. Verder, wat Openheid vir Ervaringe betref, is geen korrelasie tussen Openheid vir Ervaringe en Neurotisme (0.037), Ekstraversie (0.043) en Konsensieusheid (0.037) gevind nie. Die implikasie hiervan is dat Openheid vir

Ervaringe waarskynlik persoonlikheidskonstrukte evalueer, wat nie deur enige een van die ander vier persoonlikheidsdomeine geëvalueer word nie.

Daar is dus bevind dat geen persoonlikheidsdomeine betekenisvol met Openheid vir Ervaringe gekorreleer het nie en daarom is 'n tweede modelpassing gedoen sonder korrelasies met Openheid vir Ervaringe. Tabel 5.13 rapporteer die korrelasie-koëffisiënte wat vir die tweede modelpassing verkry is.

Tabel 5.13: Korrelasie-koëffisiënte sonder korrelasie met Openheid vir Ervaringe

Persoonlikheidsdomeine	Sonder korrelasie met Openheid vir Ervaringe	
	Korrelasie koëffisiënte	p-waarde
Neurotisme ↔ Openheid vir Ervaringe		
Ekstraversie ↔ Openheid vir Ervaringe		
Openheid vir Ervaringe ↔ Inskiklikheid		
Konsensieusheid ↔ Inskiklikheid	0.508	<0.001
Neurotisme ↔ Ekstraversie	-0.293	<0.001
Ekstraversie ↔ Inskiklikheid	0.628	<0.001
Konsensieusheid ↔ Ekstraversie	0.344	<0.001
Neurotisme ↔ Inskiklikheid	-0.241	<0.001
Konsensieusheid ↔ Openheid vir Ervaringe		
Konsensieusheid ↔ Neurotisme	-0.203	<0.001

Vanuit Tabel 5.13 is dit duidelik dat soortgelyke korrelasie-koëffisiënte tussen Neurotisme, Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid verkry word as wat in Tabel 5.12 gerapporteer is. Daar sal dus nie 'n verdere bespreking van die korrelasie-koëffisiënte in Tabel 5.13 aangebied word nie.

5.3.1.2.3 Passingsmaatstawwe

Tabel 5.14 gee inligting oor die drie passingsmaatstawwe wat tydens die strukturele vergelykingsmodelle aangewend is.

Tabel 5.14: Passingsmaatstawwe

Passingsmaatstawwe	CMIN*	DF**	CMIN/DF	CFI***	RMSEA**** [90% VI*****]
Modelpassing met alle korrelasies	5315.661	1700	3.127	0.641	0.050 [0.049; 0.052]
Modelpassing sonder korrelasie met Openheid vir Ervaringe	5328.500	1704	3.127	0.640	0.051 [0.049; 0.052]

*CMIN = Chi-kwadraat toetsstatistiek ("Minimum Sample Discrepancy")

**DF = Vryheidsgrade ("Degrees of Freedom")

***CFI = Vergelykende passingsmaatstaf ("Comparative Fit Index")

****RMSEA = Wortel van gemiddelde kwadraatfout van beraming ("Root Mean Square Error of Approximation")

*****VI = Vertrouensindeks

Volgens Hancock en Mueller (2010) is dit goeie praktyk om meervoudige passingsmaatstawwe, verkieslik uit drie breë klasse, te rapporteer (Hancock & Mueller, 2010). Daarom is daar van Chi-kwadraat toetsstatistiek (CMIN), 'n vergelykende passingsmaatstaf (CFI) en wortel van gemiddelde kwadraatfout van beraming (RMSEA) as passingsmaatstawwe gebruik gemaak. Die Chi-kwadraat toetsstatistiek word egter dikwels as 'n te streng maatstaf van modelpassing beskou (Hancock & Mueller, 2010) en daarom stel Mueller (1996) voor dat die Chi-kwadraat toetsstatistiek deur die vryheidsgrade gedeel moet word. Tabel 5.14 dui aan dat die Chi-kwadraat toetsstatistiek, gedeel deur die vryheidsgrade, 'n CMIN/DF-waarde van 3.127 vir beide modelpassings opgelewer het. Wat die interpretasie van hierdie waarde betref, word waardes van 3, 4 of 5 in die praktyk voorgestel as aanduidend van 'n goeie modelpassing (Mueller, 1996) en dus word die waarde van 3.127 as 'n goeie passing beskou.

Volgens Mueller (1996) dui CFI-waardes groter as 0.9 'n goeie passing aan. Die verkrygte CFI-waarde is 0.641 vir die eerste modelpassing en 0.640 vir die tweede modelpassing en dui dus nie op 'n goeie passing nie.

'n RMSEA-waarde van 0.050 is vir die eerste modelpassing verkry en 0.051 vir die tweede modelpassing, beide met 'n 90% vertrouensindeks [0.049;0.052]. Volgens Blunch (2008) word modelle met RMSEA-waardes van groter as 0.10 as onaanvaarbaar beskou en daarom dui die RMSEA-waardes in hierdie studie op 'n goeie passing. Dus word 'n goeie passing aangedui deur die CMIN/DF-waardes en die RMSEA-waardes, terwyl slegs die CFI-waardes onder verdenking staan.

Samevattend kan die konstrugeldigheid van die NEO-FFI, soos deur strukturele vergelykingsmodelle bepaal, bo verdenking gestel word.

5.3.2 Betroubaarheid: Cronbach Alpha

Ten einde die betroubaarheid van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992), wat by die studiepopulasie ingeskakel is, te bepaal, is Cronbach se Alpha-koëffisiënte (Cronbach, 1951) vir die verskillende persoonlikheidsdomeine en die persoonlikheidsvraelys in die geheel bereken. Hierdie berekende Alpha-koëffisiënte is met die Alpha-koëffisiënte vergelyk wat in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) verskyn en dit word in Tabel 5.15 hieronder weergegee.

Tabel 5.15: Berekende Cronbach Alpha-koëffisiënte vs die gepubliseerde Cronbach Alpha-koëffisiënte soos dit in die handleiding van die NEO-FFI verskyn

Persoonlikheidsdomein	Berekende Cronbach Alpha-Koëffisiënte vir die studiepopulasie	Cronbach Alpha-koëffisiënte soos dit in die NEO-FFI handleiding verskyn
<i>Neurotisme (N)</i>	0.77	0.86
<i>Ekstraversie (E)</i>	0.70	0.77
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	0.58	0.73
<i>Inskiklikheid (I)</i>	0.66	0.68
<i>Konsensieusheid (K)</i>	0.81	0.81
Die NEO-FFI in die geheel	0.70	0.77

George en Mallery (2003) verskaf die volgende riglyne vir die interpretasie van Cronbach se Alpha-koëffisiënte: $> 0.9 = \text{Uitstekend}$; $> 0.8 = \text{Goed}$; $> 0.7 = \text{Aanvaarbaar}$; $> 0.6 = \text{Onder verdenking}$; $> 0.5 = \text{Swak}$; $< 0.5 = \text{Onaanvaarbaar}$.

Uit Tabel 5.15 blyk dit dat die berekende Cronbach Alpha-koëffisiënte en die Cronbach Alpha-koëffisiënte wat in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) gerapporteer word, in 'n groot mate ten opsigte van die volgende persoonlikheidsdomeine met mekaar korreleer: Ekstraversie (0.70 teenoor 0.77), Inskiklikheid (0.66 teenoor 0.68) en Konsensieusheid (0.81 teenoor 0.81). Wat Neurotisme betref, rapporteer die handleiding hoër betroubaarheidskoëffisiënte as wat vir die studiepopulasie bereken is (0.86 teenoor 0.77). Let egter daarop dat 0.77 steeds 'n aanvaarbare betroubaarheidskoëffisiënt is (George & Mallery, 2003). Ten opsigte van Openheid vir Ervaringe, is die grootste verskil tussen die berekende en die gepubliseerde betroubaarheidskoëffisiënte aangetref, met die handleiding wat hoër betroubaarheidskoëffisiënte as die studiepopulasie aandui (0.58 teenoor 0.73). Die implikasie hiervan is dat die resultate ten opsigte van Openheid vir Ervaringe met 'n mate van versigtigheid geïnterpreteer behoort te word, aangesien dit volgens George en Mallery (2003) se riglyne in die *swak*-kategorie geplaas word. Daar kan egter aanvaar word dat die resultate ten opsigte van Neurotisme (0.77), Ekstraversie (0.70), Inskiklikheid (0.66) en Konsensieusheid (0.81) nie onder verdenking is nie en as betroubaar beskou kan word. Hierdie vier persoonlikheidsdomeine vergelyk nie alleen goed met Cronbach se Alpha-koëffisiënte, wat in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) gerapporteer word nie, maar val volgens George en Mallery (2003) se riglyne in die *aanvaarbaar tot goed*-kategorie. Alhoewel die Cronbach Alpha-koëffisiënte vir Inskiklikheid, volgens George en Mallery (2003), in die *onder verdenking*-kategorie val, vergelyk dit baie goed met die Cronbach Alpha-koëffisiënte wat in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) gerapporteer word (0.66 teenoor 0.68). Die resultate wat ten opsigte van Inskiklikheid in hierdie ondersoek verkry is, kan derhalwe as betroubaar beskou word.

Die berekende Cronbach Alpha-koëffisiënt vir die vraelys in die geheel (0.70) korreleer goed met die gerapporteerde Cronbach Alpha-koëffisiënt (0.77) wat in die handleiding van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) verskyn. Om hierdie rede staan die betroubaarheid van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) wat by die studiepopulasie ingeskakel is, bo verdenking.

5.4 BESKRYWENDE STATISTIEK

In hierdie gedeelte word beskrywende statistiek verskaf oor:

- Die verspreiding van deelnemers se response op die verskillende items van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992), as persentasies uitgedruk (kyk Bylaag A).
- Gemiddeldes en standaardafwykings vir die verskillende persoonlikheidsdomeine van die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992).

Weens die omvangrykheid van die tabelle sal die verspreiding van die deelnemers se response op die verskillende items in die vraelys nie in die teks self aangedui word nie, maar wel as 'n bylaag voorsien word (kyk Bylaag A).

Tabel 5.16: Gemiddeldes en standaardafwykings vir die studiepopulasie (n=835) se itemresponse op die verskillende persoonlikheidsdomeine van die NEO-FFI

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde itemrespons	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	1.94	1.15
<i>Ekstraversie (E)</i>	2.59	1.00
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	2.02	1.09
<i>Inskiklikheid (I)</i>	2.48	1.05
<i>Konsensieusheid (K)</i>	2.76	0.97

Tabel 5.16 verskaf inligting oor die gemiddeldes en standaardafwykings wat vir die studiepopulasie (n=835) se itemresponse op die verskillende NEO-FFI persoonlikheidsdomeine bereken is. Die gemiddelde itemrespons (1.94) wat op Neurotisme behaal is, is die laagste van al die persoonlikheidsdomeine. In Hoofstuk 3 (kyk par. 3.9.4.1) het dit duidelik geblyk dat laer tellings op Neurotisme juis meer gewens vir onderwysers is. Wat die ander gemiddeldes betref, was dit soortgelyk met Neurotisme en Openheid vir Ervaringe, wat gemiddelde itemresponse na aan mekaar opgelewer het (1.94 teenoor 2.02) en Inskiklikheid en Ekstraversie wat effens hoër gemiddelde itemresponse na aan mekaar opgelewer het (2.48 teenoor 2.59). Konsensieusheid het die hoogste gemiddelde itemrespons van 2.76 opgelewer. Hierdie bevinding is in lyn met Hoofstuk 3 (kyk par. 3.9.4.5) waarin aangevoer is dat hoë tellings op Konsensieusheid, as persoonlikheidsdomein, dié belangrikste rol in die bepaling van die gewenste persoonlikheidsprofiel van onderwysers speel.

5.5 RESULTATE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSEVALUERING

Op grond van die resultate, wat uit die empiriese ondersoek verkry is, gaan die persoonlikheidsprofile van die verskillende groepe onderwysstudente, wat aan die navorsing deelgeneem het, gerapporteer en kortliks bespreek word. Hierdie persoonlikheidsprofile is op die Groot Vyf-model van persoonlikheid gebaseer en is verkry deur die NEO-FFI (Costa & McCrae, 1992) wat op die studiepulasie ingeskakel is. Die persoonlikheidsprofile van al die deelnemers word eerste gerapporteer, waarna die persoonlikheidsprofile van die verskillende groepe volgens geslag, opleidingsfase en studiejaar gerapporteer word.

Die gemiddelde routellings en standaardafwykings van die studiepulasie (vir al die deelnemers volgens geslag, opleidingsfase en studiejaar) word in tabelvorm weergegee, gevolg deur grafiese voorstellings van die gemiddelde routellings wat die onderskeie groepe deelnemers behaal het.

5.5.1 Persoonlikheidsprofiel van al die deelnemers


Die persoonlikheidsprofile van al die deelnemers (ongeach geslag, opleidingsfase en studiejaar) word nou kortliks bespreek.

Tabel 5.17 bevat die gemiddelde routellings asook die standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die totale groep deelnemers, wat deur die NEO-FFI geëvalueer is.

Tabel 5.17: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir al die deelnemers (n=835)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	23.25	7.38
<i>Ekstraversie (E)</i>	31.12	5.86
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	24.28	5.61
<i>Inskiklikheid (I)</i>	29.77	5.83
<i>Konsensieusheid (K)</i>	33.15	6.67

Die totale groep deelnemers het 'n laagste gemiddelde routelling van 23.25 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 24.28 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is behaal vir Inskiklikheid (29.77) en Ekstraversie (31.12), met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 33.15 oplewer. Kyk Figuur 5.2 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van al die onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.2: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN AL DIE DEELNEMERS (N=835)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep onderwysstudente oor die algemeen korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep onderwysstudente laer gemiddelde routellings behaal as wat 'n mens sou verwag. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoë gemiddelde routellings, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid, behoort te lewer. Die volgende afleiding kan gemaak word: Alhoewel die persoonlikheidsprofiel oor die algemeen die kenmerke van die aangeduide teoretiese perspektief ten opsigte van Neurotisme, Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid vertoon, daar ten opsigte van die totale groep deelnemers se telling op Openheid vir Ervaringe bepaalde vrae ontstaan. 'n Lae telling op Openheid vir Ervaringe impliseer dat oppervlakkigheid, verbeeldingloosheid, swak waarnemingsvermoë en stompsinnigheid moontlik deur die totale groep onderwysstudente gedemonstreer kan word, in

plaas van intellektualiteit, diepte, kompleksiteit, insig, intelligensie en kreatiwiteit. Hierdie onderwysstudente kan dus moontlik onderwysers word wat rigiede onderwyspraktyke volg (kyk Tabel 3.8) en mag moontlik negatief op leerders se vrae reageer (kyk Tabel 2.9).

Bogenoemde tendens word nie net vir die totale groep onderwysstudente gevind nie, maar ook vir onderwysstudente volgens geslag, opleidingsfase en studiejaar.

5.5.2 Persoonlikheidsprofile volgens geslag

In hierdie gedeelte kom die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente in hierdie studiepopulasie volgens geslag onder die loep.

5.5.2.1 Persoonlikheidsprofiel van manlike onderwysstudente

Die persoonlikheidsprofiel van manlike onderwysstudente word in Tabel 5.18 deur die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) aangedui, soos deur die NEO-FFI geëvalueer.

Tabel 5.18: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep manlike onderwysstudente (n=172)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	21.35	6.78
<i>Ekstraversie (E)</i>	30.87	5.87
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	23.67	5.84
<i>Inskiklikheid (I)</i>	27.43	5.88
<i>Konsensieusheid (K)</i>	31.62	6.57

Die groep manlike onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 21.35 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 23.67 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is behaal vir Inskiklikheid (27.43) en Ekstraversie (30.87) met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 31.62 oplewer. Kyk Figuur 5.3 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van al die manlike onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.3: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP MANLIKE ONDERWYSSTUDENTE (N=172)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep manlike onderwysstudente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4) is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep manlike onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoë gemiddelde routellings behoort te behaal, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.


5.5.2.2 Persoonlikheidsprofiel van vroulike onderwysstudente

Vervolgens gaan die persoonlikheidsprofiel van vroulike onderwysstudente gerapporteer en kortliks bespreek word. In Tabel 5.19 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die vroulike onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.19: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep vroulike onderwysstudente (n=662)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routing	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	23.75	7.45
<i>Ekstraversie (E)</i>	31.18	5.86
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	24.44	5.55
<i>Inskiklikheid (I)</i>	30.37	5.67
<i>Konsensieusheid (K)</i>	33.55	6.64

Die totale groep vroulike onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routing van 23.75 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routing van 24.44 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is behaal vir Inskiklikheid (30.37) en Ekstraversie (31.18) met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routing van 33.55 oplewer. Kyk Figuur 5.4 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van al die vroulike onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.4: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP VROULIKE ONDERWYSSTUDENTE (N=662)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep vroulike onderwysstudente oor die algemeen korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4) is die laagste gemiddelde routing op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routing op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en

Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep vroulike onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoë gemiddelde routellings behoort te behaal, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.3 Persoonlikheidsprofiel volgens opleidingsfase

In hierdie afdeling word die persoonlikheidsprofiel van die deelnemers, volgens hul opleidingsfase, gerapporteer en bespreek. Die deelnemers is vir een van drie opleidingsfases ingeskryf, naamlik grondslagfase, intermediêre fase en Senior en VOO-fase. Grondslagfase-onderwysstudente word opgelei om onderrig aan leerders vanaf Graad R tot Graad 3 te gee, terwyl intermediêre fase-onderwysstudente opgelei word om onderrig aan leerders vanaf Graad 4 tot Graad 9 te gee. Senior en VOO-fase-onderwysstudente word opgelei om onderrig aan leerders in Graad 10 tot Graad 12 te gee, asook aan individue wat inskryf vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) aan ander tersiêre instellings. Hierdie drie opleidingsfases word in genoemde volgorde gerapporteer en kortliks bespreek, deur telkens te verwys na die persoonlikheidsprofiel van die groep deelnemers wat in die betrokke opleidingsfase ingeskryf is.

5.5.3.1 Persoonlikheidsprofiel van grondslagfase-onderwysstudente


In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente, wat opgelei word om onderrig aan leerders in die grondslagfase te gee (leerders vanaf Graad R tot Graad 3), weergegee en kortliks bespreek.

In Tabel 5.20 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die grondslagfase-onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.20: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep grondslagfase-onderwysstudente (n=234)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	24.51	7.37
<i>Ekstraversie (E)</i>	30.67	5.82
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	24.75	5.44
<i>Inskiklikheid (I)</i>	31.43	5.62
<i>Konsensieusheid (K)</i>	33.81	7.04

Die totale groep grondslagfase-onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 24.51 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 24.75 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is vir Inskiklikheid (31.43) en Ekstraversie (30.67) behaal, met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routellings van 33.81 oplewer. Kyk Figuur 5.5 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep grondslagfase-onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.5: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP GRONDSLAGFASE-ONDERWYSSTUDENTE (N=234)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep grondslagfase-onderwysstudente oor die algemeen korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en

Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep grondslagfase-onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoë gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.3.2 Persoonlikheidsprofiel van intermediêre fase-onderwysstudente


In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente wat opgelei word om onderrig aan leerders in die intermediêre fase te gee (leerders van Graad 4 tot Graad 9) weergegee en kortliks bespreek.

In Tabel 5.21 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die intermediêre fase-onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.21: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep intermediêre fase-onderwysstudente (n=268)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	23.17	6.63
<i>Ekstraversie (E)</i>	31.51	5.39
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	23.68	5.12
<i>Inskiklikheid (I)</i>	29.58	5.87
<i>Konsensieusheid (K)</i>	32.40	6.46

Die totale groep intermediêre fase-onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 23.17 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 23.68 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is vir Inskiklikheid (29.58) en Ekstraversie (31.51) behaal, met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 32.40 oplewer. Kyk Figuur 5.6 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep intermediêre fase-onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.6: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP INTERMEDIËRE FASE-ONDERWYSSTUDENTE (N=268)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep intermediêre fase-onderwysstudente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep intermediêre fase-onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe ook hoë gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.3.3 Persoonlikheidsprofiel van Senior en VOO-fase-onderwysstudente


In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente wat opgelei word om onderrig aan leerders in die Senior en VOO-fase te gee (leerders vanaf Graad 10 tot Graad 12) en diegene wat inskryf vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) aan tersiêre instellings, weergegee en kortliks bespreek.

In Tabel 5.22 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die Senior en VOO-fase-onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.22: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep Senior en VOO-fase-onderwysstudente (n=333)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	22.42	7.83
<i>Ekstraversie (E)</i>	31.12	6.23
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	24.44	6.06
<i>Inskiklikheid (I)</i>	28.74	5.69
<i>Konsensieusheid (K)</i>	33.28	6.53

Die totale groep Senior en VOO-fase-onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 22.42 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 24.44 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is vir Inskiklikheid (28.74) en Ekstraversie (31.12) behaal, met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 33.28 oplewer. Kyk Figuur 5.7 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep Senior en VOO-fase-onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.7: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP SENIOR EN VOO-FASE-ONDERWYSSTUDENTE (N=333)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep Senior en VOO-fase-onderwysstudente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op

Ekstraversie en Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep Senior en VOO-fase-onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoë gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.4 Persoonlikheidsprofiel volgens studiejaar

In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van die deelnemers volgens studiejaar weergegee en kortliks bespreek. In hierdie studie is daar onderwysstudente wat in een van die volgende vier kategorieë val: eerstejaar-, tweedejaar-, derdejaar en vierdejaar-onderwysstudente. Dan is daar ook 'n vyfde kategorie, naamlik NGOS-studente. NGOS-studente verwys na onderwysstudente wat reeds oor 'n ander B-graad beskik, waarna hul inskryf vir 'n eenjaar-kursus in onderwys, wat bekend staan as die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS). Die verwerwing van die NGOS kwalifiseer hierdie individue vir die onderwysberoep.

5.5.4.1 Persoonlikheidsprofiel van eerstejaar-onderwysstudente


In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente in hul eerste jaar van onderwysstudie weergegee en kortliks bespreek.

In Tabel 5.23 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die eerstejaar-onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.23: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep eerstejaar-onderwysstudente (n=233)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	22.93	6.90
<i>Ekstraversie (E)</i>	31.85	5.67
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	24.24	5.38
<i>Inskiklikheid (I)</i>	29.55	5.74
<i>Konsensieusheid (K)</i>	32.41	6.40

Die totale groep eerstejaar-onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 22.93 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 24.24 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is vir Inskiklikheid (29.55) en Ekstraversie (31.85) behaal, met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 32.41 oplewer. Kyk Figuur 5.8 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep eerstejaar-onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.8: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP EERSTEJAAR-ONDERWYSSTUDENTE (N=233)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep eerstejaar-onderwysstudente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde

routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep eerstejaar-onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe ook hoë gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.4.2 Persoonlikheidsprofiel van tweedejaar-onderwysstudente


In hierdie gedeelte gaan die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente in hul tweede jaar van onderwysstudie weergegee en kortliks bespreek word.

In Tabel 5.24 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die tweedejaar-onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.24: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep tweedejaar-onderwysstudente (n=238)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	23.93	7.50
<i>Ekstraversie (E)</i>	31.12	6.20
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	23.80	5.69
<i>Inskiklikheid (I)</i>	30.34	5.95
<i>Konsensieusheid (K)</i>	33.47	7.13

Die totale groep tweedejaar-onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 23.80 vir Openheid vir Ervaringe behaal. 'n Sigbare laer gemiddelde routelling van 23.93 is ook vir Neurotisme behaal. Hoë gemiddelde routellings is behaal vir Inskiklikheid (30.34) en Ekstraversie (31.12) met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 33.47 oplewer. Kyk Figuur 5.9 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep tweedejaar-onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.9: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP TWEEDEJAAR-ONDERWYSSTUDENTE (N=238)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep tweedejaar-onderwysstudente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is hoë gemiddelde routellings op Ekstraversie en Inskiklikheid behaal, met die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid. 'n Lae gemiddelde routelling is op Neurotisme behaal, wat met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4 korreleer. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep tweedejaar-onderwysstudente die laagste gemiddelde routelling behaal (selfs laer as Neurotisme). Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoë gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.4.3 Persoonlikheidsprofiel van derdejaar-onderwysstudente


In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente in hul derde jaar van onderwysstudie weergegee en kortliks bespreek.

In Tabel 5.25 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die derdejaar-onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.25: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep derdejaar-onderwysstudente (n=188)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	23.97	6.80
<i>Ekstraversie (E)</i>	30.26	5.21
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	24.23	5.59
<i>Inskiklikheid (I)</i>	29.15	5.69
<i>Konsensieusheid (K)</i>	32.68	6.42

Die totale groep derdejaar-onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 23.97 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 24.23 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is vir Inskiklikheid (29.15) en Ekstraversie (30.26) behaal, met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 32.68 oplewer. Kyk Figuur 5.10 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep derdejaar-onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.10: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP DERDEJAAR-ONDERWYSSTUDENTE (N=188)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep derdejaar-onderwysstudente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en

Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep derdejaar-onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoër gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.4.4 Persoonlikheidsprofiel van vierdejaar-onderwysstudente

In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente in hul vierde jaar van onderwysstudie weergegee en kortliks bespreek.

In Tabel 5.26 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die vierdejaar-onderwysstudente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.26: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep vierdejaar-onderwysstudente (n=142)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	21.87	8.37
<i>Ekstraversie (E)</i>	31.38	6.02
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	24.80	5.62
<i>Inskiklikheid (I)</i>	30.08	6.16
<i>Konsensieusheid (K)</i>	34.03	6.73

Die totale groep vierdejaar-onderwysstudente het 'n laagste gemiddelde routelling van 21.87 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare laer gemiddelde routelling van 24.80 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoër gemiddelde routellings is vir Inskiklikheid (30.08) en Ekstraversie (31.38) behaal, met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 34.03 oplewer. Kyk Figuur 5.11 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep vierdejaar-onderwysstudente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.11: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP VIERDEJAAR-ONDERWYSSTUDENTE (N=142)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep vierdejaar-onderwysstudente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir Ervaringe betref, het die groep vierdejaar-onderwysstudente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe hoë gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

5.5.4.5 Persoonlikheidsprofiel van NGOS-studente


In hierdie gedeelte word die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente, ingeskryf vir die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS), weergegee en kortliks bespreek.

In Tabel 5.27 word die gemiddelde routellings en standaardafwykings (per persoonlikheidsdomein) van die NGOS-studente, wat aan hierdie studie deelgeneem het, soos deur die NEO-FFI geëvalueer, weergegee.

Tabel 5.27: Gemiddelde routellings en standaardafwykings vir die groep NGOS-studente (n=34)

Persoonlikheidsdomein	Gemiddelde routelling	Standaardafwyking
<i>Neurotisme (N)</i>	22.44	7.63
<i>Ekstraversie (E)</i>	29.71	6.85
<i>Openheid vir Ervaringe (O)</i>	25.94	6.49
<i>Inskiklikheid (I)</i>	29.35	4.62
<i>Konsensieusheid (K)</i>	34.82	5.62

Die totale groep NGOS-studente het 'n laagste gemiddelde routelling van 22.44 vir Neurotisme behaal. 'n Sigbare lae gemiddelde routelling van 25.94 is vir Openheid vir Ervaringe behaal. Hoë gemiddelde routellings is vir Inskiklikheid (29.35) en Ekstraversie (29.71) behaal, met Konsensieusheid wat die hoogste gemiddelde routelling van 34.82 oplewer. Kyk Figuur 5.12 vir 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde routellings van die groep NGOS-studente wat aan die studie deelgeneem het.



FIGUUR 5.12: GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE ROUTELLINGS VAN DIE GROEP NGOS-STUDENTE (N=34)

Met verwysing na die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4.6, blyk dit dat die persoonlikheidsprofiel van die totale groep NGOS-studente oor die algemeen met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel korreleer. In lyn met die literatuurstudie (kyk par. 3.9.4), is die laagste gemiddelde routelling op Neurotisme en die hoogste gemiddelde routelling op Konsensieusheid behaal. Hoë gemiddelde routellings is op Ekstraversie en Inskiklikheid behaal en korreleer met die gewenste teoretiese persoonlikheidsprofiel in par. 3.9.4. Wat Openheid vir

Ervaringe betref, het die groep NGOS-studente egter laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal. Die verwagting is dat Openheid vir Ervaringe ook hoë gemiddelde routellings behoort te lewer, soos in die geval van Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid. Van al die jaargroepe, het die NGOS-studente die hoogste tellings op Openheid vir Ervaringe behaal.

5.6 DIE VERBAND TUSSEN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN DIE PERSOONLIKHEIDSPROFIELE VAN ONDERWYSSTUDENTE

In hierdie afdeling word die verband tussen sekere biografiese veranderlikes en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente ondersoek. Vir hierdie doel is daar van twee statistiese metodes gebruik gemaak, naamlik onafhanklike t-toetse en variansie-analise (ANOVA).

Onafhanklike t-toetse word gebruik wanneer die biografiese veranderlike, wat ondersoek word, slegs twee kategorieë bevat; byvoorbeeld wanneer die verwantskap tussen geslag (manlik/vroulik) en die persoonlikheidsdomeine ondersoek word. By die t-toetse is p-waardes ($p < 0.05$) gebruik om te bepaal of daar 'n statisties betekenisvolle verskil tussen die twee kategorieë bestaan in soverre dit die persoonlikheidsdomeine betref. Die effekgrootte, naamlik Cohen se d-waardes (Cohen, 1988), is gebruik om vas te stel of die verskille prakties betekenisvol is. Die formule vir die berekening van effekgroottes (d-waardes) en die riglyne vir die interpretasie daarvan is reeds in Hoofstuk 4 gegee (vgl. par 4.5).

In gevalle waar die biografiese veranderlike meer as twee kategorieë bevat, byvoorbeeld by opleidingsfase (grondslagfase, intermediêre fase en Senior en VOO-fase), is daar van ANOVA gebruik gemaak om vas te stel of daar prakties en statisties betekenisvolle verskille tussen die onderskeie kategorieë bestaan. Vir die ANOVA is 'n omnibustoets aanvanklik aangewend om te bepaal of daar verskille tussen die kategorieë voorkom. Indien die verkrygte p-waarde kleiner was as 0.05, het dit statisties betekenisvol verskille tussen die kategorieë aangedui. In sulke gevalle is Tukey se post hoc-toetse (Gravetter & Wallnau, 2009) toegepas om te bepaal waar

die verskille tussen die kategorieë lê. Cohen se d-waardes is gerapporteer vir die onderlinge paarsgewyse vergelyking van kategorieë.

5.6.1 Die verband tussen geslag en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente

Die resultate van die t-toets in Tabel 5.28 het statisties betekenisvolle verskille ten opsigte van Neurotisme ($p=0.000$), Inskiklikheid ($p=0.000$) en Konsensieusheid ($p=0.001$), en die geslag van onderwysstudente aangetoon. Die verskille tussen mans en vrouens met betrekking tot Neurotisme en Konsensieusheid was egter nie prakties betekenisvol nie, aangesien beide d-waardes kleiner as 0.5 opgelewer het. Wat Inskiklikheid betref, is daar 'n prakties betekenisvolle verskil met 'n medium effek ($d=0.5$) tussen manlike- en vroulike onderwysstudente aangetref, wat daarop dui dat vroulike onderwysstudente hoër gemiddelde tellings op Inskiklikheid behaal het.

Tabel 5.28: T-toets: Geslag

Persoonlikheidsdomein	Geslag	Gem.	SA	t (832)	p-waarde	Effekgrootte (d)
Neurotisme (N)	Manlik	21.35	6.78	-3.833	0.000*	0.32
	Vroulik	23.75	7.45			
Ekstraversie (E)	Manlik	30.87	5.87	-0.610	0.542	0.05
	Vroulik	31.18	5.86			
Openheid vir Ervaringe (O)	Manlik	23.67	5.84	-1.607	0.108	0.13
	Vroulik	24.44	5.55			
Inskiklikheid (I)	Manlik	27.43	5.88	-6.020	0.000*	0.50**
	Vroulik	30.37	5.67			
Konsensieusheid (K)	Manlik	31.62	6.57	-3.416	0.001*	0.29
	Vroulik	33.55	6.64			

* statisties betekenisvolle verskille ($p<0.05$)

** prakties betekenisvolle verskil ($d=0.5$)

Bogenoemde lei tot die gevolgtrekking dat daar geen prakties betekenisvolle verskille in Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe en Konsensieusheid tussen manlike – en vroulike onderwysstudente bestaan nie, maar dat daar wel 'n prakties betekenisvolle verskil tussen manlike- en vroulike onderwysstudente ten opsigte van Inskiklikheid bestaan.

5.6.2 Die verband tussen opleidingsfase en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente

Die resultate in Tabel 5.29 toon statisties betekenisvolle verskille aan tussen onderwysstudente in die verskillende opleidingsfases ten opsigte van Neurotisme ($p=0.004$) en Inskiklikheid ($p=0.000$). Alhoewel hierdie verskille statisties betekenisvol is, toon Cohen se d -waardes aan dat daar slegs ten opsigte van Inskiklikheid 'n prakties betekenisvolle verskil tussen grondslagfase-onderwysstudente en Senior en VOO-fase-onderwysstudente bestaan ($d=0.47$).

Tabel 5.29: ANOVA: Opleidingsfase

Persoonlikheids-domein	Opleidingsfase	Gem.	SA	F (2, 832)	p-waarde	Effekgrootte (d)	
						1 met	2 met
Neurotisme (N)	1.Grondslagfase	24.51	7.37	5.619	0.004*	0.18	0.10
	2.Intermediêre fase	23.17	6.63				
	3.Senior en VOO-fase	22.42	7.83				
Ekstraversie (E)	1.Grondslagfase	30.67	5.82	1.299	0.273	0.15	0.06
	2.Intermediêre fase	31.51	5.39				
	3.Senior en VOO-fase	31.12	6.23				
Openheid vir Ervaringe (O)	1.Grondslagfase	24.75	5.44	2.508	0.082	0.20	0.13
	2.Intermediêre fase	23.68	5.12				
	3.Senior en VOO-fase	24.44	6.06				
Inskiklikheid (I)	1.Grondslagfase	31.43	5.62	15.315	0.000*	0.31	0.14
	2.Intermediêre fase	29.58	5.87				
	3.Senior en VOO-fase	28.74	5.69				
Konsensieusheid (K)	1.Grondslagfase	33.81	7.04	2.930	0.054	0.20	0.13
	2.Intermediêre fase	32.40	6.46				
	3.Senior en VOO-fase	33.28	6.53				

* statisties betekenisvolle verskille

Bogenoemde lei tot die gevolgtrekking dat daar geen prakties betekenisvolle verskille tussen onderwysstudente in die verskillende opleidingsfases bestaan, wat Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe en Konsensieusheid betref nie, maar dat grondslagfase-onderwysstudente meer insiklik blyk te wees as Senior en VOO-fase-onderwysstudente.

5.6.3 Die verband tussen die verskillende huistaal en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente

Tabel 5.30 toon aan dat daar nie statisties betekenisvolle verskille tussen onderwysstudente van die verskillende taalgroepe in terme van die persoonlikheidsdomeine bestaan nie (al die p-waardes was groter as 0.05). Die grootste d-waarde van 0.31 is tussen Afrikaans- en Engelsprekende studente by Ekstraversie aangetref, maar indien die riglyne vir die interpretasie van d-waardes ten opsigte van prakties betekenisvolheid (vgl. par 4.5) in aanmerking geneem word, kan dit nie as 'n prakties betekenisvolle verskil beskou word nie.

Tabel 5.30: ANOVA: Huistaal

Persoonlikheidsdomein	Huistaal	Gem.	SA	F (2, 831)	p-waarde	Effekgrootte (d)	
						1 met	2 met
Neurotisme (N)	1.Afrikaans	23.23	7.43	0.203	0.817	0.00	0.15
	2.Engels	23.26	6.09				
	3.Ander	24.27	6.73				
Ekstraversie (E)	1.Afrikaans	31.16	5.86	1.079	0.340	0.31	0.26
	2.Engels	29.35	5.21				
	3.Ander	31.00	6.34				
Openheid vir Ervaringe (O)	1.Afrikaans	24.22	5.63	0.782	0.458	0.23	0.09
	2.Engels	25.52	5.78				
	3.Ander	25.00	4.71				
Inskiklikheid (I)	1.Afrikaans	29.79	5.83	0.537	0.585	0.07	0.28
	2.Engels	30.17	5.87				
	3.Ander	28.52	5.72				

Konsensieusheid (K)	1.Afrikaans	33.18	6.66	0.175	0.839	0.05	0.11	0.04
	2.Engels	32.74	8.24					
	3.Ander	32.43	5.21					

Op grond van bogenoemde resultate kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar geen prakties betekenisvolle verskille tussen onderwysstudente van verskillende huistale en die vyf persoonlikheidsdomeine bestaan nie.

5.6.4 Die verband tussen die verskillende jaargroepe en die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente

Die resultate in Tabel 5.31 toon aan dat daar statisties betekenisvolle verskille tussen die akademiese jaar van onderwysstudente en Neurotisme ($p=0.047$) en Ekstraversie ($p=0.041$) bestaan. Alhoewel hierdie verskille statisties betekenisvol is, is klein d-waardes opgelewer, wat beteken dat geen van hierdie verskille prakties betekenisvol is nie. Die grootste d-waarde ($d=0.38$) met betrekking tot Konsensieusheid is tussen eerstejaar- en NGOS-studente aangedui, maar hierdie verskil is nie prakties betekenisvol nie.

Tabel 5.31: ANOVA: Akademiese Jaar

Persoonlikheids-domein	Akademiese Jaar	Gem.	SA	F (4, 830)	p-waarde	Effekgrootte (d)			
						1 met	2 met	3 met	4 met
Neurotisme (N)	1.Eerstejaar	22.93	6.90	2.421	0.047*				
	2.Tweedejaar	23.93	7.50			0.13			
	3.Derdejaar	23.97	6.80			0.15	0.01		
	4.Vierdejaar	21.87	8.37			0.13	0.25	0.25	
	5.NGOS	22.44	7.63			0.06	0.19	0.20	0.07
Ekstraversie (E)	1.Eerstejaar	31.85	5.67	2.510	0.041*				
	2.Tweedejaar	31.12	6.20			0.12			
	3.Derdejaar	30.26	5.21			0.28	0.14		
	4.Vierdejaar	31.38	6.02			0.08	0.04	0.19	
	5.NGOS	29.71	6.85			0.31	0.21	0.08	0.24

Openheid vir Ervaringe (O)	1.Eerstejaar	24.24	5.38						
	2.Tweedejaar	23.80	5.69			0.08			
	3.Derdejaar	24.23	5.59	1.495	0.202	0.00	0.08		
	4.Vierdejaar	24.80	5.62			0.10	0.18	0.10	
	5.NGOS	25.94	6.49			0.26	0.33	0.26	0.18
Inskiklikheid (I)	1.Eerstejaar	29.55	5.74						
	2.Tweedejaar	30.34	5.95			0.13			
	3.Derdejaar	29.15	5.69	1.326	0.258	0.07	0.20		
	4.Vierdejaar	30.08	6.16			0.09	0.04	0.15	
	5.NGOS	29.35	4.62			0.03	0.17	0.04	0.12
Konsensieusheid (K)	1.Eerstejaar	32.41	6.40						
	2.Tweedejaar	33.47	7.13			0.15			
	3.Derdejaar	32.68	6.42	2.246	0.062	0.04	0.11		
	4.Vierdejaar	34.03	6.73			0.24	0.08	0.20	
	5.NGOS	34.82	5.62			0.38	0.19	0.33	0.12

* statisties betekenisvolle verskille

Op grond van bogenoemde resultate kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar geen prakties betekenisvolle verskille tussen die verskillende akademiese jare en die vyf persoonlikheidsdomeine bestaan nie.

5.6.5 Die verband tussen onderwys as beroepskeuse en die persoonlikheidsprofiel van die onderwysstudente

Die resultate van die t-toets in Tabel 5.32 toon statisties betekenisvolle verskille tussen die onderwysstudente se beroepskeuse (onderwys as eerste keuse en nie eerste keuse) en Ekstraversie ($p=0.001$), Inskiklikheid ($p=0.000$) en Konsensieusheid ($p=0.003$) aan. Geen van hierdie verskille is egter prakties betekenisvol nie, aangesien al die d-waardes kleiner as 0.5 is.

Tabel 5.32: T-toets: Onderwys as beroepskeuse

Persoonlikheidsdomein	Was onderwys u eerste beroepskeuse?	Gem.	SA	t (832)	p-waarde	Effekgrootte (d)
Neurotisme (N)	Ja	23.33	7.34	0.296	0.768	0.02
	Nee	23.18	7.44			
Ekstraversie (E)	Ja	31.70	5.57	3.221	0.001*	0.21
	Nee	30.39	6.13			
Openheid vir Ervaringe (O)	Ja	24.08	5.72	-1.122	0.262	0.08
	Nee	24.52	5.48			
Inskiklikheid (I)	Ja	30.41	5.67	3.553	0.000*	0.24
	Nee	28.97	5.94			
Konsensieusheid (K)	Ja	33.77	6.55	2.950	0.003*	0.20
	Nee	32.41	6.76			

* statisties betekenisvolle verskille

Die gevolgtrekking, wat hier gemaak kan word, is dat daar geen prakties betekenisvolle verskille is tussen die vyf persoonlikheidsdomeine van onderwysstudente wat onderwys as hul eerste beroepskeuse beskou het en dié wat nie onderwys as hul eerste beroepskeuse beskou het nie.

5.6.6 Sintese

In die voorafgaande paragrawe (vgl. par 5.6.1 tot par 5.6.5) is aangetoon dat prakties en/of statisties betekenisvolle verskille tussen die persoonlikheidsprofile van die onderwysstudente met betrekking tot geslag en opleidingsfase gevind is. Vroulike onderwysstudente het prakties betekenisvol hoër gemiddelde tellings as manlike onderwysstudente op Inskiklikheid behaal. Grondslagfase-onderwysstudente het statisties betekenisvol hoër gemiddelde tellings as Senior en VOO-fase-onderwysstudente op Neurotisme behaal. Grondslagfase-onderwysstudente het verder statisties en bykans prakties betekenisvolle hoër gemiddelde tellings ($d=0.47$) as Senior- en VOO-fase-onderwysstudente op Inskiklikheid behaal.

Geen vorige navorsingsbevindinge kon in die literatuur opgespoor word wat bogenoemde bevindinge ondersteun of gekontrasteer het nie. Hierdie bevindinge behoort dus aan verdere navorsing onderwerp te word.

Daar is geen prakties betekenisvolle verskille tussen die persoonlikheidsprofile van onderwysstudente met verskillende huistale en van verskillende jaargroepe aangetref nie, alhoewel statisties betekenisvolle verskille volgens akademiese jaar vir Neurotisme en Ekstraversie gevind is. Daar is statisties betekenisvolle verskille ten opsigte van onderwys as eerste beroepskeuse al dan nie, met betrekking tot Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid, gevind , maar geen van hierdie verskille is prakties betekenisvol nie.

5.7 NORME VIR DIE STUDIEPOPULASIE

Vervolgens gaan daar norme vir die studiepopulasie van onderwysstudente bereken word, ten einde die NEO-FFI as 'n toepaslike keuringsinstrument in die keuring van toekomstige onderwysstudente aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) aan te wend.

5.7.1 Berekening van norme vir die studiepopulasie

In hierdie afdeling word norme vir die studiepopulasie bereken, deur van staneges gebruik te maak. Staneges verwys na 'n metode om toetstellings op 'n nege-punt skaal met 'n gemiddelde van vyf en 'n standaardafwyking van twee te bepunt of te organiseer (Foxcroft & Roodt, 2005). Staneges word volgens persentasie-rangorde en kumulatiewe persentasies bereken, soos in Tabel 5.33 geïllustreer (Miller, McIntire & Lovler, 2011).

Tabel 5.33: Berekening van staneges

Stanege	1	2	3	4	5	6	7	8	9
Persentasie-rangorde	4%	7%	12%	17%	20%	17%	12%	7%	4%
Kumulatiewe persentasie	4%	11%	23%	40%	60%	77%	89%	96%	100%
Interpretasie	LAAG			GEMIDDELD			HOOG		

Die staneges wat vir hierdie studiepopulasie bereken is, word in Bylaag B gerapporteer. Wat die interpretasie van staneges betref, word 'n stanege van een, twee of drie as laag beskou, terwyl 'n stanege van vier, vyf en ses as gemiddeld, en sewe, agt en nege as hoog beskou word.

Daar is eerstens norme vir die totale studiepopulasie bereken, gevolg deur aparte norme vir manlike- en vroulike onderwysstudente. Dit was nodig om aparte norme vir manlike- en vroulike

onderwysstudente te bereken, aangesien daar 'n prakties betekenisvolle verskil tussen manlike en vroulike onderwysstudente ten opsigte van Inskiklikheid aangetref is. Aangesien geen prakties betekenisvolle verskille ten opsigte van huistaal en studiejaar gevind is nie, was dit nie nodig om aparte norme vir hierdie biografiese veranderlikes te bereken nie. Alhoewel daar 'n prakties betekenisvolle verskil ten opsigte van opleidingsfase en Inskiklikheid aangetref is, het hierdie verskil egter 'n effekgrootte met 'n medium effek opgelewer ($d=0.47$). Daarom is dit nie as noodsaaklik beskou om aparte norme vir die verskillende opleidingsfases te bereken nie.

5.7.1.1 Norme vir die studiepulasie (totale groep onderwysstudente)

Die norme wat vir die studiepulasie (totale groep onderwysstudente) bereken is, word in Tabel 5.34 weergegee.

Tabel 5.34: Norme vir totale groep onderwysstudente

KATEGORIE	STANEGE	N	E	O	I	K	STANEGE	KATEGORIE
		ROUTELLING						
LAAG	1	0-9	0-20	0-14	0-19	0-20	1	LAAG
	2	10-14	21-23	15-16	20-21	21-24	2	
	3	15-17	24-26	17-19	22-25	25-28	3	
GEMIDDELD	4	18-20	27-29	20-22	26-27	29-31	4	GEMIDDELD
	5	21-24	30-32	23-24	28-30	32-34	5	
	6	25-28	33-35	25-27	31-33	35-37	6	
HOOG	7	29-31	36-37	28-31	34-36	38-40	7	HOOG
	8	32-36	38-40	32-34	37-39	41-44	8	
	9	37-48	41-48	35-48	40-48	45-48	9	

(N = Neurotisme; E = Ekstraversie; O = Openheid vir Ervaringe; I = Inskiklikheid; K = Konsensieusheid)

Tabel 5.34 toon aan dat routellings van tussen 0 en 17 op Neurotisme as laag beskou word, terwyl routellings tussen 18 en 28 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 29 en 48 as hoog beskou word. Wat Ekstraversie betref, word routellings tussen 0 en 26 as laag beskou,

terwyl routellings tussen 27 en 35 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 36 en 48 as hoog beskou word. Met betrekking tot Openheid vir Ervaringe, word routellings tussen 0 en 19 as laag beskou, terwyl routellings tussen 20 en 27 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 28 en 48 as hoog beskou word. Vir Inskiklikheid, word lae tellings gevind by routellings tussen 0 en 25, met gemiddelde tellings wat routellings tussen 26 en 33 verteenwoordig en hoë tellings wat voorgestel word deur routellings tussen 34 en 48. Ten opsigte van Konsensieusheid, word routellings tussen 0 en 28 as laag bestempel, terwyl routellings tussen 29 en 37 op gemiddelde tellings dui, en routellings tussen 38 en 48 verwys na hoë tellings op Konsensieusheid.

5.7.1.2 Norme vir manlike onderwysstudente

Die norme wat vir die manlike onderwysstudente bereken is, word in Tabel 5.35 weergegee.

Tabel 5.35: Norme vir manlike onderwysstudente

KATEGORIE	STANEGE	N	E	O	I	K	STANEGE	KATEGORIE
		ROUTELLING						
LAAG	1	0-6	0-19	0-14	0-16	0-18	1	LAAG
	2	8-13	20-23	15-16	17-19	19-23	2	
	3	14-16	24-26	17-18	20-22	24-26	3	
GEMIDDELD	4	17-19	27-29	19-21	23-25	27-29	4	GEMIDDELD
	5	20-22	30-32	22-24	26-28	30-33	5	
	6	23-26	33-35	25-27	29-31	34-36	6	
HOOG	7	27-28	36-37	28-30	32-34	37-38	7	HOOG
	8	29-31	38	31-34	35-37	39-41	8	
	9	32-48	39-48	35-48	38-48	42-48	9	

(N = Neurotisme; E = Ekstraversie; O = Openheid vir Ervaringe; I = Inskiklikheid; K = Konsensieusheid)

Vanuit Tabel 5.35 is dit duidelik dat routellings van tussen 0 en 16 op Neurotisme as laag beskou word, terwyl routellings tussen 17 en 26 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 27 en 48 as hoog beskou word. Wat Ekstraversie betref, word routellings tussen 0 en 26 as laag beskou, terwyl routellings tussen 27 en 35 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 36 en 48 as hoog beskou word. Met betrekking tot Openheid vir Ervaringe, word routellings tussen 0 en 18 as laag beskou, terwyl routellings tussen 19 en 27 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 28 en 48 as hoog beskou word. Vir Inskiklikheid, word lae tellings gevind by routellings tussen 0 en 22, met gemiddelde tellings wat routellings tussen 23 en 31 verteenwoordig, en hoë tellings wat voorgestel word deur routellings tussen 32 en 48. Ten opsigte van Konsensieusheid, word routellings tussen 0 en 26 as laag bestempel, terwyl routellings tussen 27 en 36 op gemiddelde tellings, en routellings tussen 37 en 48 verwys na hoë tellings op Konsensieusheid.

5.7.1.3 Norme vir vroulike onderwysstudente

Die norme wat vir die vroulike onderwysstudente bereken is, word in Tabel 5.36 weergegee.

Tabel 5.36: Norme vir vroulike onderwysstudente

KATEGORIE	STANEGE	N	E	O	I	K	STANEGE	KATEGORIE
		ROUTELLING						
LAAG	1	0-10	0-20	0-14	0-19	0-20	1	LAAG
	2	11-14	21-23	15-17	20-22	21-25	2	
	3	15-17	24-26	18-19	23-25	26-28	3	
GEMIDDELD	4	18-21	27-29	20-22	26-28	29-31	4	GEMIDDELD
	5	22-24	30-32	23-24	29-31	32-34	5	
	6	25-28	33-35	25-27	32-34	35-38	6	
HOOG	7	29-32	36-37	28-31	35-36	39-41	7	HOOG
	8	33-36	38-40	32-34	37-39	42-44	8	
	9	37-48	41-48	35-48	40-48	45-48	9	

(N = Neurotisme; E = Ekstraversie; O = Openheid vir Ervaringe; I = Inskiklikheid; K = Konsensieusheid)

Vanuit Tabel 5.36 is dit duidelik dat routellings tussen 0 en 17 op Neurotisme as laag beskou word, terwyl routellings tussen 18 en 28 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 29 en 48 as hoog beskou word. Wat Ekstraversie betref, word routellings tussen 0 en 26 as laag beskou, terwyl routellings tussen 27 en 35 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 36 en 48 as hoog beskou word. Met betrekking tot Openheid vir Ervaringe, word routellings tussen 0 en 19 as laag beskou, terwyl routellings tussen 20 en 27 as gemiddeld beskou word, en routellings tussen 28 en 48 as hoog beskou word. Vir Inskiklikheid word lae tellings gevind by routellings tussen 0 en 25, met gemiddelde tellings wat routellings tussen 26 en 34 verteenwoordig, en hoë tellings wat voorgestel word deur routellings tussen 35 en 48. Ten opsigte van Konsensieusheid, word routellings tussen 0 en 28 as laag bestempel, terwyl routellings tussen 29 en 38 op gemiddelde tellings dui, en routellings tussen 39 en 48 verwys na hoë tellings op Konsensieusheid.

5.7.2 Interpretasie van norme

Durost en Prescott (1962) het reeds in 1962 aangedui dat daar 'n "duimreël" (*rule of thumb*) bestaan, waar 'n verskil van twee of meer stanege-punte as moontlik betekenisvol beskou kan word. Hulle het hierna verwys as die twee-stanege-reël ("*Two-Stanine Rule*"). McKenna en Stahl (2009) verwys ook na die twee-stanege-reël, wat aandui dat, indien die prestasies wat studente op twee verskillende toetse behaal, met meer as twee stanege-punte van mekaar verskil, die verskil waarskynlik betekenisvol is en nie deur 'n metingsfout verklaar kan word nie. Die *Australian Council for Educational Research* (ACER, 2012) verskaf riglyne vir die interpretasie van staneges. Volgens hierdie riglyne word 'n verskil van twee of meer staneges beskou as 'n aanduiding van werklike verskille in deelnemers se toetsprestasies. Die *Scholastic Testing Services Inc* (STS Inc., 2012) verskaf ook riglyne vir die interpretasie van staneges. Volgens hulle riglyne word 'n verskil van een stanege-punt nie as betekenisvol beskou nie, terwyl 'n verskil van twee stanege-punte op 'n betekenisvolle verskil dui, maar verdere bewyse behoort egter ingesamel te word om te bevestig of die verskil in die praktyk betekenisvol is. 'n Verskil van drie of meer stanege-punte word egter as 'n duidelik betekenisvolle verskil in toetsprestasie beskou.

Teen die agtergrond van bogenoemde, blyk dit dat die twee-stanege-reël praktiese toepassingswaarde het en dat 'n verskil van twee of meer stanege-punte as betekenisvol beskou kan word. Verder is een van die kenmerke van staneges dat daar 'n standaardafwyking van twee is (Foxcroft & Roodt, 2005). Vir die doeleindes van hierdie studie gaan die twee-stanege-reël dus toegepas word om aan te dui of routellings op die NEO-FFI betekenisvol van mekaar verskil.

Die gewenste persoonlikheidsprofiel, soos in par. 3.9.6 aangetoon, dui daarop dat lae tellings op Neurotisme, in kombinasie met hoë tellings op Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid, moet voorkom. Lae tellings op Neurotisme verteenwoordig stanege-tellings van 1, 2 en 3. Wanneer die twee-stanege-reël toegepas word, kan 'n stanege van 4 en 5 ook by die gewenste persoonlikheidsprofiel ingesluit word, aangesien slegs 'n verskil van twee of meer staneges op 'n betekenisvolle verskil sal dui. 'n Stanege van 3 en 4 sal dus nie betekenisvol van mekaar verskil nie, en ook nie 'n stanege van 3 en 5 nie. 'n Stanege van 3 en 6 sal wel betekenisvol van mekaar verskil, aangesien die twee staneges met meer as twee punte van mekaar verskil. 'n Samevatting van die kriteria, wat aangewend kan word om 'n onderskeid tussen gewenste en ongewenste routellings vir manlike- en vroulike onderwysstudente volgens die vyf persoonlikheidsdomeine van die NEO-FFI te tref, word in Tabel 5.37 weergegee.

Tabel 5.37: Kriteria vir gewenste en ongewenste routellings op die NEO-FFI

Persoonlikheids-domein	Kategorie	Stanege	Routelling vir manlike onderwys-studente	Routelling vir vroulike onderwys-studente	Kriteria
Neurotisme (N)	LAAG	1	0-6	0-10	Gewens
		2	8-13	11-14	Gewens
		3	14-16	15-17	Gewens
	GEMIDDELD	4	17-19	18-21	Gewens
		5	20-22	22-24	Gewens
		6	23-26	25-28	Ongewens
	HOOG	7	27-28	29-32	Ongewens
		8	29-31	33-36	Ongewens
		9	32-48	37-48	Ongewens

Ekstraversie (E)	LAAG	1	0-19	0-20	Ongewens
		2	20-23	21-23	Ongewens
		3	24-26	24-26	Ongewens
	GEMIDDELD	4	27-29	27-29	Ongewens
		5	30-32	30-32	Gewens
		6	33-35	33-35	Gewens
	HOOG	7	36-37	36-37	Gewens
		8	38	38-40	Gewens
		9	39-48	41-48	Gewens
Openheid vir Ervaringe (O)	LAAG	1	0-14	0-14	Ongewens
		2	15-16	15-17	Ongewens
		3	17-18	18-19	Ongewens
	GEMIDDELD	4	19-21	20-22	Ongewens
		5	22-24	23-24	Gewens
		6	25-27	25-27	Gewens
	HOOG	7	28-30	28-31	Gewens
		8	31-34	32-34	Gewens
		9	35-48	35-48	Gewens
Inskiklikheid (I)	LAAG	1	0-16	0-19	Ongewens
		2	17-19	20-22	Ongewens
		3	20-22	23-25	Ongewens
	GEMIDDELD	4	23-25	26-28	Ongewens
		5	26-28	29-31	Gewens
		6	29-31	32-34	Gewens
	HOOG	7	32-34	35-36	Gewens
		8	35-37	37-39	Gewens
		9	38-48	40-48	Gewens
Konsensieusheid (K)	LAAG	1	0-18	0-20	Ongewens
		2	19-23	21-25	Ongewens
		3	24-26	26-28	Ongewens
	GEMIDDELD	4	27-29	29-31	Ongewens
		5	30-33	32-34	Gewens
		6	34-36	35-38	Gewens
	HOOG	7	37-38	39-41	Gewens
		8	39-41	42-44	Gewens
		9	42-48	45-48	Gewens

Wat manlike onderwysstudente betref, beeld Tabel 5.37 uit dat routellings tussen 0 en 22 op Neurotisme gewens is, terwyl routellings tussen 23 en 48 op Neurotisme as ongewens beskou sal word. In lyn met hierdie redenasie, sal routellings van 30 tot 48 (staneges van 5 tot 9) op Ekstraversie gewens wees vir voornemende manlike onderwysstudente, aangesien hoë tellings op hierdie persoonlikheidsdomein verlang word. Routellings tussen 0 en 29 (staneges van 1 tot 4) sal egter as ongewens beskou word. Wat Openheid vir Ervaringe betref, word routellings tussen 22 en 48 (staneges van 5 tot 9) as gewens vir manlike onderwysstudente beskou, terwyl routellings tussen 0 en 21 (staneges tussen 1 en 4) as ongewens beskou sal word. Met betrekking tot Inskiklikheid, word routellings tussen 26 en 48 (staneges tussen 5 en 9) as gewens beskou, terwyl routellings tussen 0 en 25 (staneges tussen 1 en 4) as ongewens beskou sal word. Laastens, dui routellings tussen 30 en 48 (staneges van 5 tot 9) op gewenste tellings ten opsigte van Konsensieusheid, terwyl routellings tussen 0 en 29 (staneges van 1 tot 4) as ongewens beskou sal word.

Met betrekking tot vroulike onderwysstudente, stel Tabel 5.37 voor dat routellings tussen 0 en 24 op Neurotisme gewens is, terwyl routellings tussen 25 en 48 op Neurotisme as ongewens beskou sal word. In lyn met hierdie redenasie, sal routellings van 30 tot 48 (staneges van 5 tot 9) op Ekstraversie gewens wees vir voornemende vroulike onderwysstudente, aangesien hoë tellings op hierdie persoonlikheidsdomein verlang word. Routellings tussen 0 en 29 (staneges van 1 tot 4) sal egter as ongewens beskou word. Wat Openheid vir Ervaringe betref, word routellings tussen 23 en 48 (staneges van 5 tot 9) as gewens vir vroulike onderwysstudente beskou, terwyl routellings tussen 0 en 22 (staneges tussen 1 en 4) as ongewens beskou sal word. Met betrekking tot Inskiklikheid, word routellings tussen 29 en 48 (staneges tussen 5 en 9) as gewens beskou, terwyl routellings tussen 0 en 28 (staneges tussen 1 en 4) as ongewens beskou sal word. Laastens, dui routellings tussen 32 en 48 (staneges van 5 tot 9) op gewenste tellings ten opsigte van Konsensieusheid, terwyl routellings tussen 0 en 31 (staneges van 1 tot 4) as ongewens beskou sal word.

Bogenoemde kriteria, soos voorgestel in Tabel 5.37, kan tydens die keuring van voornemende onderwysstudente aangewend word om die persoonlikheidsprofile van manlike- en/of vroulike aansoekers in terme van gewenstheid of ongewenstheid te interpreteer.

5.7.3 Toepassing van die norme aan die hand van 'n voorbeeld

Die toepassing van die twee-stanege-reël word vervolgens aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer. Gestel 'n voornemende vroulike onderwysstudent behaal die volgende routellings op die NEO-FFI, soos in Tabel 5.38 voorgestel.

Tabel 5.38: Voorbeeld van persoonlikheidsprofiel op NEO-FFI

Persoonlikheidsdomein	Routelling	Stanege	Interpretasie van stanege
Neurotisme (N)	30	7	Hoog
Ekstraversie (E)	40	8	Hoog
Openheid vir Ervaringe (O)	24	5	Gemiddeld
Inskiklikheid (I)	32	6	Gemiddeld
Konsensieusheid (K)	30	4	Gemiddeld

Wanneer daar aanvanklik na die interpretasie van die stanege-kolom in Tabel 5.38 gekyk word, blyk dit asof die persoonlikheidsprofiel in die voorbeeld uitvalle in terme van vier van die vyf persoonlikheidsdomeine toon, naamlik Neurotisme, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid. Indien elkeen van die persoonlikheidsdomeine egter van naderby beskou, en die twee-stanege-reël toegepas word, kom 'n ander beeld na vore. Die individu het 'n stanege van 7 op Neurotisme behaal, wat met twee of meer stanege van 'n stanege van 3 verskil en daarom daarop dui dat die individu se telling op Neurotisme nie gewens is nie. Met betrekking tot Ekstraversie het die individu 'n stanege van 8 behaal, wat as gewens beskou kan word. Alhoewel die gewenste persoonlikheidsprofiel op hoë tellings van Openheid vir Ervaringe dui, het die individu 'n stanege van 5 behaal, wat op 'n gemiddelde telling dui. 'n Stanege van 5 verskil egter nie met meer as twee stanege punte van 7 nie (wat as 'n hoë telling op Openheid vir Ervaringe dui) en daarom kan 'n stanege van 5 as aanvaarbaar beskou word. Net so word die stanege-telling van 6 op Inskiklikheid as aanvaarbaar beskou. Wat Konsensieusheid betref, het die individu 'n stanege van 4 behaal. Alhoewel hierdie telling ook op 'n gemiddelde telling (net soos in die geval van Openheid vir Ervaringe en Inskiklikheid) dui, verskil 'n stanege van 4 egter met meer as twee stanege-punte van 7 (wat op 'n hoë telling vir Konsensieusheid dui). Daarom kan die telling wat die persoon op Konsensieusheid behaal het as ongewens beskou word.

Samevattend beskou, beskik die persoon in die voorbeeld oor gewenste tellings in terme van Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe en Inskiklikheid, maar toon sy uitvalle ten opsigte van Neurotisme en Konsensieusheid. As gevolg van die uitvalle ten opsigte van Neurotisme en Konsensieusheid, behoort die persoonlikheidsprofiel van die voornemende vroulike onderwysstudent in die voorbeeld as riskant beskou te word. Gevolglik behoort verdere inligting ingesamel te word (byvoorbeeld, deur middel van verdere persoonlikheidsevaluering, persoonlike onderhoude en referentverslae) ten einde 'n finale oordeel oor die geskiktheid van die kandidaat vir die onderwysprofessie te fel.

5.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate voortspruitend uit die ondersoek weergegee. Die biografiese inligting van die deelnemers is aan die hand van frekwensies en persentasies getabuleer. Die geldigheid en betroubaarheid van die NEO-FFI-persoonlikheidsvraelys, wat by die onderhawige studiepulasie ingeskakel is, is deur middel van faktor-analises, strukturele vergelykingsmodelle en Cronbach se Alpha-koëffisiënte bevestig. Verder is die verband tussen biografiese veranderlikes en persoonlikheidsprofiel deur middel van t-toetse en ANOVA's ondersoek. Laastens is normtabelle vir die studiepulasie en vir manlike- en vroulike onderwysstudente bereken, en is die interpretasie daarvan aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik.

In Hoofstuk 6 word die studie saamgevat. Gevolgtrekkings word gemaak en aan die hand daarvan, word bepaalde aanbevelings gedoen.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die onderhawige studie gegee en word die hoofelemente van elke hoofstuk kortliks opgesom. Na aanleiding van die gevolgtrekkings, wat uit die bevindinge van die literatuurondersoek en die empiriese ondersoek voortgespruit het, word sekere aanbevelings gemaak.

6.2 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

In Hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem gestel (vgl par 1.1) en die doel van die navorsing in vyf navorsingsdoelwitte uiteengesit (vgl par 1.3). 'n Bondige beskrywing van die navorsingsontwerp en -metodologie het gevolg (vgl par 1.4), waarna die etiese aspekte wat die studie gerig het, kortliks aangestip is (vgl par 1.5). Laastens is die verwagte bydrae van die studie aangetoon (vgl par 1.6) en die hoofstukindeling is verskaf (vgl par 1.7).

In Hoofstuk 2 is 'n teoretiese eksposisie van persoonlikheid as konstruk aangebied. Die hoofstuk is ingelei met begripsomskrywings en konseptualisering van persoonlikheid en persoonlikheidstrekke (vgl par 2.2). Hierna is die ontwikkeling van persoonlikheidsteorieë, vanaf die persoonlikheidsteorieë van Hippokrates (470 – 360 v.C.) tot by die mees onlangse Vyffaktor-teorie van Costa en McCrae (1992), in paragrawe 2.3 en 2.4 bespreek. Die bespreking van die persoonlikheidsteorieë van Wundt (vgl par 2.3.2), Allport (vgl par 2.3.3), Eysenck (vgl par 2.4.4) en Cattell (vgl par 2.4.5) het ook aandag geniet, maar die fokus het veral op die bespreking van die Groot Vyf-model van persoonlikheid en die Vyffaktor-teorie van Costa en McCrae (1992) geval. Die leksikale hipotese (vgl par 2.4.2) en faktor-analitiese studies (vgl par 2.4.3), waarop die Groot Vyf-model van persoonlikheid en die Vyffaktor-teorie van persoonlikheid van Costa en McCrae (1992) gebaseer is, is ook in detail bespreek. Die hoofstuk is met 'n kritiese evaluering van die Vyffaktor-model van persoonlikheid en die Vyffaktor-teorie van persoonlikheid afgesluit.

In Hoofstuk 3 is daar eerstens verwys na die visie wat die Departement van Onderwys vir Suid-Afrikaanse onderwys het (vgl par 3.2), waarna die verskillende rolle wat onderwysers moet vervul in paragraaf 3.3 genoem is. Die professionele gedragskode vir opvoeders is bespreek, soos uiteengesit deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO), met inagneming van die verskillende verhoudingskontekste waarin opvoeders hulleself bevind (vgl par 3.4). In paragraaf 3.5 is die resultate van sistemiese evalueringe weergegee en dit het duidelik geblyk dat kwaliteit onderwys nie tans in Suid-Afrikaanse skole realiseer nie. Hierna is 'n kort oorsig oor die internasionale perspektief op die keuring van onderwysstudente aangebied (vgl par 3.6), gevolg deur 'n volledige bespreking oor die keuring van onderwysstudente in Suid-Afrika (vgl par 3.7). 'n Kritiese evaluering van keuringsmeganismes, wat by die keuring van voornemende onderwysstudente geld, is aangebied (vgl par 3.8), waarin aangedui is dat persoonlikheidsevaluering tans in Suid-Afrika geen rol in die keuringsproses speel nie. Teen hierdie agtergrond is 'n teoretiese verkenning onderneem om die gewenste persoonlikheidsprofiel van 'n onderwyser daar te stel (vgl par 3.9). Die gewenste persoonlikheidsprofiel van 'n onderwyser is aan die hand van die Groot Vyf-model van persoonlikheid bepaal, naamlik Neurotisme, Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid, en Konsensieusheid. Hierdie gewenste persoonlikheidsprofiel kan aangewend word as riglyn vir die keuring van voornemende onderwysstudente.

Die fokus in Hoofstuk 4 was op die navorsingsontwerp en -metodologie wat in die empiriese ondersoek gevolg is. Eerstens is daar in die probleemstelling 'n onderskeid tussen die twee navorsingsdoelstellings getref, wat aan die hand van die literatuurondersoek beantwoord sou word en die drie navorsingsdoelstellings, wat aan die hand van 'n empiriese ondersoek beantwoord sou word. Vervolgens is aangetoon dat die empiriese ondersoek vanuit die kwantitatiewe paradigma, en meer spesifiek, vanuit 'n positivistiese benadering onderneem is (vgl par 4.4). Die studiepopulasie is in paragraaf 4.4.2 bespreek en die geldigheid en betroubaarheid van die meetinstrument is in paragraaf 4.4.3.8 bespreek. Die analise van die data, met spesifieke verwysing na die spesifieke statistiese tegnieke, is hierna aangedui (vgl par 4.5). Die hoofstuk is afgesluit met 'n verwysing na die etiese en administratiewe prosedures wat gevolg is (vgl par 4.6).

In Hoofstuk 5 is die data statisties ontleed deur van 'n verskeidenheid statistiese tegnieke gebruik te maak. Eerstens is die biografiese inligting van die groep onderwysstudente getabuleer, waarna die geldigheid en betroubaarheid van die NEO-FFI-persoonlikheidsvraelys deur middel van bevestigende faktor-analises, strukturele vergelykingsmodelle en die berekening van Cronbach se Alpha-koëffisiënte bepaal is (vgl par 5.3). Vervolgens is

beskrywende statistiek in die vorm van frekwensie-analises, persentasie-analises, gemiddeldes en standaardafwykings aangebied (vgl par 5.4). Daarna is normtabelle vir die onderskeie routellings wat die onderwysstudente op die NEO-FFI behaal het, bereken, deur van staneges gebruik te maak (vgl par 5.7).

6.3 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die gestelde navorsingsvrae en -doelwitte (vgl par 1.1 en 1.3) is die volgende gevolgtrekkings gemaak.

6.3.1 Gevolgtrekkings voortspruitend uit die teoretiese studie

Die teoretiese studie, met spesifieke verwysing na navorsingsvrae een en twee, het tot die volgende gevolgtrekkings gelei.

6.3.1.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot navorsingsdoelwit een

Met betrekking tot navorsingsdoelwit een, naamlik om deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal watter kriteria gewoonlik, nasionaal en internasionaal, aangewend word by die keuring van voornemende onderwysstudente, en wat die rol en funksie van persoonlikheidsevaluering by die keuring van voornemende onderwysstudente is, word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Daar word hoofsaaklik, nasionaal en internasionaal, gebruik gemaak van akademiese kriteria in die keuring van voornemende onderwysstudente.
- Persoonlikheidsevaluering speel geen rol by die keuring van voornemende onderwysstudente in Suid-Afrika nie.

6.3.1.2 Gevolgtrekking met betrekking tot navorsingsdoelwit twee

Met betrekking tot navorsingsdoelwit twee, naamlik om deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal hoe die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente, aan die hand van die Vyffaktor-model van persoonlikheid daaruit behoort te sien, word die volgende gevolgtrekking gemaak:

- Volgens die Vyffaktor-model van persoonlikheid, behoort die gewenste persoonlikheidsprofiel van voornemende onderwysstudente soos volg daaruit te sien: 'n lae telling op Neurotisme en hoë tellings op Ekstraversie, Openheid vir Ervaringe, Inskiklikheid en Konsensieusheid.

6.3.2 Gevolgtrekkings voortspruitend uit die empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek, met spesifieke verwysing na navorsingsvrae drie, vier en vyf, het tot die volgende gevolgtrekkings gelei.

6.3.2.1 Gevolgtrekking met betrekking tot navorsingsdoelwit drie

Met betrekking tot navorsingsdoelwit drie, naamlik om te bepaal hoe die persoonlikheidsprofiel van voltyds ingeskrewe onderwysstudente aan 'n hoër opvoedkundige instelling daar uitsien, is die persoonlikheidsprofiel van 'n groep van 835 onderwysstudente aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) deur middel van die NEO-FFI verkry. Die groep onderwysstudente het, oor die algemeen, die laagste gemiddelde routellings op Neurotisme behaal, met hoogste gemiddelde routellings op Konsensieusheid. Verder is hoë gemiddelde routellings vir Ekstraversie en Inskiklikheid behaal. Met betrekking tot Openheid vir Ervaringe, is laer gemiddelde routellings, as wat 'n mens sou verwag, behaal.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die onderwysstudente oor die algemeen die kenmerke van die teoreties aangeduide gewenste persoonlikheidsprofiel ten opsigte van Neurotisme, Ekstraversie, Inskiklikheid en Konsensieusheid vertoon het. 'n Mate van besorgdheid bestaan egter oor die relatief lae gemiddelde routellings wat die onderwysstudente op Openheid vir Ervaringe behaal het.

6.3.2.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot navorsingsdoelwit vier

Met betrekking tot navorsingsdoelwit vier, naamlik om empiries te bepaal of daar verskille bestaan het tussen die persoonlikheidsprofiel van die onderwysstudente wanneer geslag, opleidingsfase, huistaal, jaargroep en onderwys as beroepskeuse, as veranderlikes in aanmerking geneem is, word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Daar bestaan 'n prakties betekenisvolle verskil ten opsigte van Inskiklikheid tussen onderwysstudente wanneer geslag en opleidingsfase in aanmerking geneem word, met vroulike onderwysstudente wat prakties betekenisvol hoër gemiddelde routellings as manlike onderwysstudente behaal het en grondslagfase-onderwysstudente wat prakties betekenisvol hoër gemiddelde routellings as Senior en VOO-fase-onderwysstudente behaal het.
- Daar is geen prakties betekenisvolle verskille tussen die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente ten opsigte van huistaal en jaargroep nie.
- Daar bestaan geen prakties betekenisvolle verskille tussen die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente wat onderwys as hul eerste beroepskeuse aangedui het en diegene wat onderwys nie as hul eerste beroepskeuse aangedui het nie.

6.3.2.3 Gevolgtrekking met betrekking tot navorsingsdoelwit vyf

Met betrekking tot navorsingsdoelwit vyf, naamlik om die toepassingsmoontlikheid van die NEO-FFI by die keuring van voornemende onderwysstudente te bepaal, is verskillende statistiese tegnieke aangewend. Daar is eerstens van bevestigende faktor-analises en strukturele vergelykingsmodelle gebruik gemaak om die konstruk geldigheid van die NEO-FFI te bepaal. Die bevestigende faktor-analises het die konstruk geldigheid van die NEO-FFI bevestig, terwyl die passingsmaatstawwe van die strukturele vergelykingsmodelle 'n aanvaarbare passing tussen die teoretiese model van die NEO-FFI (die Groot-Vyf model van persoonlikheid) en die empiriese data (soos verkry uit die persoonlikheidsevaluering van die onderwysstudente wat aan hierdie studie deelgeneem het) aangetoon het. Die inligting wat vanuit die strukturele vergelykingsmodelle verkry is, dien verder as bevestiging van die konstruk geldigheid van die NEO-FFI. Vervolgens is die betroubaarheid van die NEO-FFI deur Cronbach Alpha-koëffisiënte bereken. Die Cronbach Alpha-koëffisiënte, wat vir die studiepulasie van onderwysstudente aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) bereken is, vergelyk goed met die Cronbach Alpha-koëffisiënte wat in die handleiding van die NEO-FFI gerapporteer word en daarom kan dit as 'n betroubare meetinstrument vir persoonlikheidsevaluering beskou word.

Ten einde norme vir die NEO-FFI te bereken, is daar van staneges gebruik gemaak. Daar is norme vir die totale groep onderwysstudente bereken, asook verskillende norme vir manlike- en vroulike onderwysstudente onderskeidelik. Riglyne vir die interpretasie van 'n persoonlikheidsprofiel is aan die hand van 'n voorbeeld verskaf, ter illustrasie van hoe die NEO-FFI by die persoonlikheidsevaluering van voornemende onderwysstudente toegepas kan word.

Teen die agtergrond van bogenoemde, kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die NEO-FFI 'n geldige en betroubare instrument vir persoonlikheidsevaluering is en dat die norme wat vir die studiepopulasie bereken is, aangewend kan word om die persoonlikheidsprofile van voornemende onderwysstudente in die toekoms te interpreteer.

6.4 AANBEVELINGS

Op grond van die gestelde navorsingsvrae en -doelwitte (vgl par 1.1 en 1.3) word die volgende aanbevelings gemaak.

6.4.1 Aanbevelings voortspruitend uit die teoretiese studie

In die volgende paragrafe word aanbevelings rakende navorsingsvrae een en twee gemaak.

6.4.1.1 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit een

Dit word aanbeveel dat persoonlikheidsevaluering deel moet vorm van die keuringsproses vir voornemende onderwysstudente, aangesien die studie aangedui het dat daar 'n behoefte aan sodanige persoonlikheidsevaluering bestaan en omdat die gewenste persoonlikheidsprofiel as maatstaf by die keuring van voornemende onderwysstudente behoort te dien. Die Vyffaktor-model van persoonlikheid word aanbeveel as 'n geskikte teoretiese raamwerk en die NEO-FFI word voorgestel as toepaslike meetinstrument vir sodanige persoonlikheidsevaluering.

6.4.1.2 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit twee

Die gewenste persoonlikheidsprofiel van onderwysers, soos aangetoon in par. 3.9.4.6, moet as 'n maatstaf by die keuring van voornemende onderwysstudente dien.

6.4.2 Aanbevelings voortspruitend uit die empiriese ondersoek

In die volgende paragrafe word aanbevelings rakende navorsingsvrae drie, vier en vyf gemaak.

6.4.2.1 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit drie

Oor die algemeen het die persoonlikheidsprofiel van die groep onderwysstudente die kenmerke van 'n gewenste profiel vertoon, maar die relatief lae gemiddelde routellings wat die groep op Openheid vir Ervaringe behaal het, is 'n bron van kommer, veral as dit in ag geneem word dat Openheid vir Ervaringe met buigsaamheid en intelligensie korreleer, wat beide noodsaaklike persoonlikheidstrekke is om 'n effektiewe onderwyser te wees. Hierdie bevinding behoort aan verdere navorsing onderwerp te word, ten einde te bepaal in hoe 'n mate Openheid vir Ervaringe met intelligensietellings, soos behaal in intelligensietoetse, korreleer. Dit sal ook interessant wees om vas te stel of die relatief lae tellings op Openheid vir Ervaringe slegs tot die huidige studiepopulasie beperk is en of dit ook by 'n nasionale steekproef van Suid-Afrikaanse onderwysstudente sou voorkom.

6.4.2.2 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit vier

Aangesien daar 'n prakties betekenisvolle verskil tussen manlike- en vroulike onderwysstudente vir Inskiklikheid aangetref is ($d=0.5$), het die navorser aparte norme vir manlike- en vroulike onderwysstudente bereken en behoort die geslagspesifieke norme geraadpleeg te word wanneer die NEO-FFI vir keuringsdoeleindes aangewend word.

6.4.2.3 Aanbevelings ten opsigte van navorsingsdoelwit vyf

Dit word aanbeveel dat die NEO-FFI tydens die keuring van voornemende onderwysstudente by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) aangewend word. Op die oomblik word slegs die resultate van die Akademiese Prestasieskaal (APS) en die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT) (Claasen, De Beer, Hugo & Meyer, 1991) by die keuring van voornemende onderwysstudente in aanmerking geneem en daar bestaan 'n behoefte aan persoonlikheidsevaluering. Hierdie navorsing het aangedui dat die NEO-FFI as 'n geldige en betroubare persoonlikheidsevalueringinstrument beskou kan word en verder het die navorser norme vir manlike- en vroulike onderwysstudente ontwikkel wat dit moontlik maak om nie-gewenste, of riskante persoonlikheidsprofiel te identifiseer.

Indien 'n voornemende onderwysstudent se APS- en ASAT-tellings aan die vereiste afsnypunte sou voldoen, maar sy/haar persoonlikheidsprofiel as ongewens, of riskant beskou word, moet verdere ondersoek ingestel word rakende die kandidaat se geskiktheid vir die

onderwysprofessie. Sodanige verdere ondersoek kan verdere persoonlikheidsevaluering met ander persoonlikheidsvraelyste, byvoorbeeld die vyfde weergawe van die 16 persoonlikheidsfaktorvraelys (16PF; Cattell, Cattell & Cattell, 1993), diagnostiese onderhoude en referentverslae insluit. Verdere persoonlikheidsvraelyste kan deur Studentevoorigtingsdiens aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) afgeneem word; diagnostiese onderhoude kan deur geregistreerde sielkundiges in die Vakgroep Opvoedkundige Sielkunde in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe gevoer word; en referentverslae kan deur die skoolhoof van die hoërskool waar die kandidaat 'n leerder is, of was, saamgestel word. Na versigtige oorweging van die bykomstige inligting, wat deur middel van die addisionele persoonlikheidsevaluering, diagnostiese onderhoude en referentverslae verkry is, kan 'n finale besluit geneem word oor die geskiktheid van die kandidaat vir onderwysstudies.

6.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Verdere navorsing behoort onderneem te word om die persoonlikheidsprofiel van onderwysstudente aan ander hoër opvoedkundige instellings in Suid-Afrika, deur middel van die NEO-FFI, te bepaal. Sodoende kan norme vir 'n Suid-Afrikaanse populasie van onderwysstudente bereken word.

Die Afrikaanse weergawe van die NEO-FFI, wat deur die navorser in die onderhawige studie saamgestel is, behoort ook aan verdere nasionale navorsing blootgestel te word, veral met die oog op standaardisering vir 'n Afrikaanssprekende populasie van onderwysstudente.

Ten opsigte van die bevinding dat vroulike onderwysstudente prakties betekenisvol hoër gemiddelde tellings op Inskiklikheid as manlike onderwysstudente behaal het, behoort verdere navorsing onderneem te word ten einde moontlike redes vir die verskil aan te bied.

6.6 SLOTGEDAGTE

In hierdie navorsing is aangetoon dat persoonlikheidsevaluering tans geen rol en funksie in die keuring van onderwysstudente in Suid-Afrika en die meeste ander wêrelddele speel nie. Die navorsing het egter aangedui dat daar genoegsame gronde bestaan om persoonlikheidsevaluering as 'n noodsaaklike deel van die keuringsproses van voornemende onderwysstudente te motiveer.

Onderwys is 'n komplekse en veeleisende beroep en Suid-Afrika het 'n groot behoefte aan goed-gekwalfiseerde en gebalanseerde onderwysers wat hulleself aan die onderwysberoep toewy en wat hulle kennis en vaardighede met entoesiasme en energie aan die skoolgaande jeug oordra. Indien onderwysers nie oor die gewenste persoonlikheidstrekke beskik wat kenmerkend van goeie onderwysers is nie, sal die ideaal van “goeie en gehalte onderwys vir almal” nie in Suid-Afrika realiseer nie.

BIBLIOGRAFIE

- Adler, J.M., & McAdams, D.P. (2007). The narrative reconstruction of psychotherapy. *Narrative Inquiry*, 17(2), 179-202.
- Allik, J., Laidra, K., Realo, A., & Pullmann, H. (2004). Personality development from 12 to 18 years of age: Changes in mean levels and structure of traits. *European Journal of Personality*, 18, 445-462.
- Allport, G.W. (1961). *Pattern and growth in personality*. New York: Holt, Rinehart, & Winston.
- AMOS Development Company. (2011). *Amos 20.0.0 (Build 817)*. Copyright IBM Corporation and its licensors, <http://amosdevelopment.com>
- Ary, D., Jacobs, L.C., & Sorensen, C. (2010). *Introduction to research in education*. Belmont: Wadsworth Cengage Learning.
- Asmal, K. (2000). *The norms and standards for educators*. Republic of South Africa: Pretoria.
- Australian Council for Educational Research (ACER). (2012). *Interpreting test results*. Retrieved from <http://www.acer.edu.au/documents/PATM-Interpreting-Scores.pdf>
- Barrick, M.R., Mitchell, T.R., & Stewart, G.L. (2003). Situational and motivational influences on trait-behaviour relationships. In M.R. Barrick & A.M. Ryan (Eds.), *Personality and Work: Reconsidering the Role of Personality in Organisations* (pp. 60-82). San Francisco: Jossey-Bass.
- Barrick, M.R., & Mount, M.K. (1991). The big five personality dimensions and job performance: A meta-analysis. *Personnel Psychology*, 44:1-26.

- Barry, D., & Taylor, N. (2006). A partnership to improve literacy. *Joint Education Trust (JET) Bulletin* 14, April 2006. <http://www.jet.org.za/item.php?id=47>.
Date of access: 15 October 2008.
- Baumard, P., & Ibert, J. (2007). What approach with which data. In Tiethart, R.A., (Ed.), *Doing management research: A comprehensive guide* (pp 68-84). London: Sage.
- Berta, D. (2005). Operators using pre-screen tests to overturn turnover. *Nation's Restaurant News*, 39(24), 22.
- Blunch, N.J. (2008). *Introduction to structural equation modelling using SPSS and AMOS*. Sage: London.
- Bond, M.H., Nakazato, H. S., & Shiraishi, D. (1975). Universality and distinctiveness in dimensions of Japanese person perception. *Journal of Cross-Cultural Psychology*, 6, 346-355.
- Botha, M. (2009, Januarie 11). Onderwys kry volpunte vir gehalte. *Rapport*, p. 15.
- Browne, M.W., & Cudeck, R. (1993). Single sample cross-validation indices for covariance structures. *Multivariate Behavioral Research*, 24, 445-455.
- Busato, V.V., Prins, F.J., Elshout, J.J., & Hamaker, C. (2000). Intellectual ability, learning style, personality, achievement motivation and academic success of psychology students in higher education. *Personality and Individual Differences*, 29, 1057-1068.
- Byrne, D. (1974). *An introduction to personality: Research, theory, and applications* (2nd ed). Oxford, England: Prentice-Hall.
- Carstens, S. (2006, Oktober 15). Hoof wat betas, bedank ná 5 jaar. *Rapport*, p. 5.
- Carver, C.S., & Scheier, M.F. (2000). *Perspectives on personality* (4th ed). Boston: Allyn and Bacon.
- Casella, R., & Potterton, M. (2006). Guns in schools: A closer look at accidental shootings. *South African Psychiatry Review*, 9, 216-219.

- Cattell, R.B. (1950). *Personality: A systematic theoretical and factual study*. New York, NY: McGraw-Hill.
- Cattell, R.B. (1957). *Personality and motivation structure and measurement*. World Book Co.
- Cattell, R.B. (1970). A factor analytic system for clinicians: The integration of functional and psychometric requirements in a quantitative and computerized diagnostic system. In A.R. Mahrer (Ed.), *New approaches to personality classification*. New York: Columbia University Press.
- Cattell, R.B. (1973). *Personality and mood by questionnaire*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Cattell, R.B. (1983). *Structured personality-learning theory: A wholistic multivariate research approach*. New York: Praeger.
- Cattell, R.B., Cattell, A.K., & Cattell, H.E.P. (1993). *16PF Fifth Edition Questionnaire*. Champaign, IL: Institute for Personality and Ability Testing.
- Chamorro-Premuzic, T. (2007). *Personality and Individual Differences*. BPS, Blackwell: United Kingdom.
- Chamorro-Premuzic, T., & Furnham, A. (2003a). Personality traits and academic examination performance. *European Journal of Personality*, *17*, 237–250.
- Chamorro-Premuzic, T., & Furnham, A. (2003b). Personality predicts academic performance: Evidence from two longitudinal university samples. *Journal of Research in Personality*, *37*, 319–338.
- Chamorro-Premuzic, T., & Furnham, A. (2004). A possible model to understand the personality-intelligence interface. *British Journal of Psychology*, *95*, 249-264.
- Chamorro-Premuzic, T., & Furnham, A. (2008). Personality, intelligence and approaches to learning as predictors of academic performance. *Personality and Individual Differences*, *44*, 1596-1603.

- Claasen, N.C.W., De Beer, M., Hugo, H.L.E., & Meyer, H.M. (1991). *Handleiding vir die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).
- Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioural sciences* (2nd ed.). Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Coleman, M., & Briggs, A.R. (2002). *Research methods in educational leadership and management*. London: Paul Chapman.
- Conard, M.A. (2006). Aptitude is not enough: How personality and behavior predict academic performance. *Journal of Research in Personality, 40*, 339–346.
- Cooke, B. (2000). Hong Kong. In P.Morris & J. Williamson (Eds.), *Teacher education in Asia-Pacific Region* (pp. 33-73). New York: Falmer Press.
- Costa, P.T., & McCrae, R.R. (1985). *Manual for the NEO Personality Inventory*. Odessa, FL: Psychological Assessment Resources.
- Costa, P.T., & McCrae R.R. (1988). Personality in adulthood: A six-year longitudinal study of self-reports and spouse ratings on the NEO Personality Inventory. *Journal of Personality and Social Psychology, 54*, 853-863.
- Costa, P.T., & McCrae, R.R. (1992). *Revised NEO Personality Inventory (NEO-PI-R) and NEO Five-Factor Inventory (NEO-FFI): Professional manual*. Odessa, FL: Psychological Assessment Resources.
- Costa, P.T., & McCrae, R.R. (1999). *Inventario NEO reducido de cinco factores (NEO-FFI). Manual Profesional*. Madrid: TEA Ediciones.
- Creswell, J.W. (2008). *Educational research: Planning, conducting, and evaluating quantitative and qualitative research*. New Jersey: Pearson Education Inc.
- Creswell, J.W. (2009). *Research design: qualitative, quantitative and mixed method approaches*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Cronbach, L.J. (1951). Coefficient Alpha and the internal structure of tests. *Psychometrika, 16*, 297-335.

- Daniel, L. (2005). Use personality tests legally and effectively. *Staffing Management*, 1(1). Retrieved from <http://www.shrm.org/ema/sm/articles/2005/apriljune05/cover.asp>.
- Derlega, V.J., Winstead, B.A., & Jones, W.H. (2005). *Personality: Contemporary theory and research* (3rd ed.). Thomson Wadsworth: USA.
- De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B., & Delpont, C.S.L. (2005). *Research at grassroots*. Pretoria: Van Schaik.
- De Wet, C. (2005). The voices of victims and witnesses of school bullying. *Koers*, 70(4), 705-725.
- Departement van Onderwys. (2008). *2007 Grade 3 SE Leaflet*. Retrieved from <http://www.education.gov.za>.
- Digman, J.M. (1990). Personality structure: Emergence of the five-factor model. *Annual Review of Psychology*, 41, 417-440.
- Digman, J.M., & Inouye, J. (1986). Further specification of the five robust factors of personality. *Journal of Personality & Social Psychology*, 50, 116-123.
- Digman, J.M., & Takemoto-Chock, N.K. (1981). Factors in the natural language of personality: Re-analysis comparison and interpretation of six major studies. *Multivariate Behavioral Research*, 16, 149-170.
- Dollinger, S.J., Matyja, A.M., & Huber, J.L. (2008). Which factors best account for academic success: Those which college students can control or those they cannot? *Journal of Research in Personality*, 42, 872-885.
- Duckworth, A.L., & Seligman, M.E.P. (2005). Self-discipline outdoes IQ in predicting academic performance of adolescents. *Psychological Science*, 16(12), 939-944.
- Duff, A., Boyle, E., Dunleavy, K., & Ferguson, J. (2004). The relationship between personality, approach to learning and academic performance. *Personality and Individual Differences*, 36, 1907-1920.

- Dunn, D.S., & Chew, S.L. (Eds.). (2006). *Best practices in teaching introductory psychology*. Mahwah, NJ: Erlbaum.
- Durost, W.N., & Prescott, G.A. (1962). *Essentials of measurement for teachers*. John Wiley: New York.
- Du Toit, P. (2005, Augustus 29). Tiener doodbang nadat skoolmaats hom lelik afknou. *Beeld*, p. 1.
- Education Labour Relations Council (ELRC). (2003). *Policy Handbook for Educators*. Universal Print Group.
- Edwards, C.H., & Edwards, L. (1999). Let's end the grading game. *The Clearing House*, 72(5), 260-263.
- Ellis, S.M., & Steyn, H.S. (2003). Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management dynamics*, 12(4), 51-53.
- Epstein, S. (1994). Trait theory as personality theory: Can a part be as great as the whole? *Psychological Inquiry*, 5(2), 120-122.
- Eysenck, H.J. (1947). *Dimensions of personality*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Eysenck, H.J. (1964). *Crime and personality*. Boston: Houghton Mifflin.
- Eysenck, H.J. (1967). *The biological basis of personality*. Springfield, IL: Charles C Thomas.
- Eysenck, H.J. (1970). *The structure of human personality* (3rd ed.). London: Methuen.
- Eysenck, H.J. (1975). Psychological theories and behaviour therapy. *Psychological Medicine*, 5, 219-221.
- Eysenck, H.J. (1976). *The measurement of personality*. Baltimore: University Park Press.
- Eysenck, H.J. (1977). Personality and factor analysis: A reply to Guilford. *Psychological Bulletin*, 84, 405-411.

- Eysenck, H.J. (1981). *A model for personality*. New York: Springer.
- Eysenck, H.J. (1982). *Personality, genetics and behaviour. Selected papers*. New York: Praeger.
- Eysenck, H.J. (1983). Psychopharmacology and personality. In W. Janke (Ed.), *Response variability to psychotropic drugs* (pp. 127-154). Oxford, England: Pergamon Press.
- Eysenck, H.J. (1991a). Personality as a risk factor in coronary heart disease. *European Journal of Personality*, 5, 81-92.
- Eysenck, H.J. (1991b). *Smoking, personality and stress: Psychosocial factors in the prevention of cancer and coronary heart disease*. New York: Springer-Verlag.
- Eysenck, H.J. (1993). Creativity and personality: Suggestions for a theory. *Psychological Inquiry*, 4, 147-179.
- Eysenck, H.J. (1994a). Normality-abnormality and the three-factor model. In S. Strack & M. Lorr (Eds.), *Differentiating normal and abnormal personality* (pp. 3-25). New York: Springer.
- Eysenck, H.J. (1994b). Personality: Biological foundations. In P.A. Vernon (Ed.), *The neuropsychology of individual differences* (pp. 151-207). San Diego, CA: Academic Press.
- Eysenck, H.J. (1997a). *Rebel with a cause: The autobiography of H.J. Eysenck* (Rev. ed.). New Brunswick: Transaction Publishers.
- Eysenck, H.J. (1997b). Personality and experimental psychology: The unification of psychology and the possibility of a paradigm. *Journal of Personality and Social Psychology*, 73, 1224-1237.
- Eysenck, H.J. (1998). Personality and crime. In T. Millon, E. Simonsen, M. Birket-Smith, & R.D. Davis (Eds.), *Psychopathy: Antisocial, criminal, and violent behaviour* (pp. 40-49). New York: Guilford Press.

- Eysenck, H.J., & Eysenck, S.B.G. (1969). *Personality structure and measurement*. San Diego, CA: R.R. Knapp.
- Farsides, T., & Woodfield, R. (2003). Individual differences and undergraduate academic success: The roles of personality, intelligence, and application. *Personality and Individual Differences, 34*, 1225-1243.
- Faulder, L. (2005). The growing cult of personality tests. *Edmonton Journal*, pp. D6.
- Feist, J., & Feist, G.J. (2009). *Theories of personality* (7th ed.). New York: McGraw-Hill.
- Ferguson, E., & Patterson, F. (1998). The five factor model of personality: Openness a distinct but related construct. *Personality and Individual Differences, 24*(6), 789-796.
- Field, A. (2009). *Discovering statistics using SPSS* (3rd ed.). London: Sage Publications.
- Fiske, D.W. (1994). Two cheers for the big five! *Psychological Inquiry, 5*(2), 123-124.
- Foxcroft, C., & Roodt, G. (2005). *An introduction to psychological assessment in the South African context* (2nd ed.). Oxford: Cape Town.
- Funder, D.C. (1994). Explaining Traits. *Psychological Inquiry, 5*(2), 125-127.
- Furnham, A., Chamorro-Premuzic, T., & McDougall, F. (2003). Personality, cognitive ability and beliefs about intelligence as predictors of academic performance. *Learning and Individual Differences, 14*, 49–66.
- Furnham, A., & Monsen, J. (2009). Personality traits and intelligence predict academic school grades. *Learning and Individual Differences, 19*, 28-33.
- Fraenkel, J.R., & Wallen, N.E. (2008). *How to design and evaluate research in education*. New York: McGraw-Hill.
- Gall, M.D., Gall, J.P., & Borg, W.R. (2007). *Educational research: An introduction*. Boston: Pearson.

- Garton, B.L., Dyer, J.E., & King, B.O. (2000). The use of learning styles and admission criteria in predicting academic performance and retention of college freshmen. *Journal of Agricultural Education*, 41(2), 46-53.
- Geller, A. (2004). Now, tell the computer why you want this job: PC's take lead role in screening hourly workers. *Calgary Herald*, pp. F3.
- George, D., & Mallery, P. (2003). *SPSS for Windows step by step: A simple guide and reference. 11.0 update* (4th ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Goldberg, L.R. (1981). Language and individual differences: The search for universals in personality lexicons. In L. Wheeler (Ed.), *Review of personality and social psychology* (pp. 141-165). Beverly Hills, CA: Sage.
- Gopinathan, S., & Ho, W.K. (2000). Singapore. In P.Morris & J. Williamson (Eds.). *Teacher education in Asia-Pacific region* (pp. 199-225). New York: Falmer Press.
- Gosling, S.D., & John, O.P. (1999). Personality dimensions in non-human animals: A cross-species review. *Current Directions in Psychological Science*, 8, 69-75.
- Government Gazette. (2001). *General and further education and training quality assurance act, no. 58 of 2001*. Republic of South Africa (RSA): Pretoria.
- Gravetter, F.J., & Wallnau, L.B. (2009). *Statistics for the behavioural sciences* (8th ed.). Wadsworth: USA.
- Gray, E. K., & Watson, D. (2002). General and specific traits of personality and their relation to sleep and academic performance. *Journal of Personality*, 70, 177–206.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, Republiek van Suid-Afrika (RSA), Pretoria, 1996.
- Guilford, J.P. (1959). *Personality*. New York: McGraw Hill.
- Guthrie, E.R. (1944). Personality in terms of Associative Learning. In J.McV. Hunt, *Personality* (Vol. 1, Chapter 2).

- Hancock, G.R., & Mueller, R.O. (2010). *The reviewer's guide to quantitative methods in the social sciences*. Routledge: New York.
- Hair, J.R., Anderson, R.E., Tatham, R.L., & Black, W.C. (1998). *Multivariate data analysis*. Prentice-Hall, Inc.
- Haladyna, T., Haas, N., & Allison, J. (1998). Continuing tensions in standardized testing. *Childhood Education*, 74(5), 262-273.
- Heller, M. (2005). Court ruling that employer's integrity test violated ADA could open door to litigation. *Workforce Management*, 84(9), 74-77.
- Hislop-Esterhuizen, N. (2006). *Enkele faktore wat die beroepskeuse van eerstejaaronderwysstudente beïnvloed*. (Ongepubliseerde Meesters-verhandeling). Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika.
- Hoekstra, H.A., Ormel, J., & De Fruyt, F. (1996). *Handleiding bij de NEO Persoonlijksheids Vragenlijsten NEO-PI-R en NEO-FFI* [Manual for the NEO Personality Inventories NEO-PI-R and NEO-FFI]. Lisse, The Netherlands: Swets & Zeitlinger.
- Hogan, J., & Holland, B. (2003). Using theory to evaluate personality and job-performance relations: A socio-analytic perspective. *Journal of Applied Psychology*, 88(1), 100-112.
- Hough, L.M. (2003). Emerging trends and needs in personality research and practice: Beyond main effects. In M.R. Barrick, & A.M. Ryan (Eds.), *Personality and work: Reconsidering the role of personality in organizations* (pp. 289-325). San Francisco: Jossey-Bass.
- Hough, L.M., Hanser, L.M., & Eaton, N.K. (1988). *Literature Review: Utility of temperament, biodata and interest assessment for predicting job performance*. (ARI research note 88-02). Alexandria, VA: U.S. Army, Research Institute for the Behavioral and Social Sciences.
- Hsu, C. (2004). The testing of America. *U.S. News and World Report*, 137(9), 68-69.

- Huysamen, G.K. (1999). Die effek van punttoekenningstandaarde op die korrelasie tussen matriek- en universiteitsprestasie. *Journal of Industrial Psychology*, 25(3), 12-17.
- Huysamen, G.K. (2003). Optimalisering van die omskakeling van matrieksimbole vir universiteitstoelatingsvereistes. *South African Journal of Education*, 23(1), 45-51.
- Jang, K.L., McCrae, R.R., Angleitner, A., Riemann, R., & Livesley, W.J. (1998). Heritability of facet-level traits in a cross-cultural twin sample: Support for a hierarchical model of personality. *Journal of Personality and Social Psychology*, 74, 1556–1565.
- John, O.P. (1990). The “big five” factor taxonomy: Dimensions of personality in the natural language and in questionnaires. In L. Pervin (Ed.), *Handbook of personality: Theory and research* (pp. 66-100). New York: Guilford Press.
- John, O.P., & Srivastava, S. (1999). The big five trait taxonomy: History, measurement, and theoretical perspectives. In L.A. Pervin, & O.P. John (Eds.), *Handbook of personality: Theory and research* (2nd ed.) (pp. 102-138). New York: Guilford.
- Johnson, J.W. (2003). Toward a better understanding of the relationship between personality and individual job performance. In M.R. Barrick & A.M. Ryan (Eds.), *Personality and work: Reconsidering the role of personality in organizations* (pp. 83-120). San Francisco: Jossey-Bass.
- Judge, T.A., & Illies, R. (2002). Relationship of personality to performance motivation: A meta-analytic review. *Journal of Applied Psychology*, 87(4), 797-807.
- Judge, T.A., Bono, J.E., Illies, R., & Gerhardt, M.W. (2002). Personality and leadership: A qualitative and quantitative review. *Journal of Applied Psychology*, 87(4), 765-780.

- Kruger, C. (2011, Julie 3). Net 9% van gr. 6 kinders is vaardig genoeg. *Rapport*, p. 10.
- Louw, D.A., Van Ede, D.M., & Louw, A.E. (2001). *Menslike ontwikkeling* (3de uitg.). Kagiso Tersiêr: Kaapstad.
- Manga, D., Ramos, F., & Morán, C. (2004). The Spanish norms of the NEO Five-Factor Inventory: New data and analyses for its improvement. *International Journal of Psychology and Psychological Therapy*, 4(3), 639-648.
- Maree, J.G. (2003). There is a tide in the affairs of men... Die uitdaging om werkbare en billike(-r) keuringsmeganismes te ontwerp. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 22(1), 19-26.
- Maree, J.G., & Grimbeek, J. (2002). Toelating van Graad 12-leerders met voorwaardelike of geen matrikulasie-endossement tot die Fakulteit Opvoedkunde: Universiteit van Pretoria. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 21(3), 83-89.
- Maree, J.G., & Pietersen, J. (2007). The quantitative research process. In Maree, J.G., (Ed.). *First steps in research* (p.145–252). Pretoria: Van Schaik.
- Mauer, K.F. (2002). *Psychological test and other similar assessment device classification and use in South Africa*. Retrieved from <http://www.pai.org.za/board.htm>
- McAdams, D.P. (1995). What do we know when we know a person? *Journal of Personality*, 63, 365–396.
- McClelland, D.C. (1951). *Personality*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- McCrae, R.R. (1989). Why I advocate the five-factor model: Joint analyses of the NEO-PI and other instruments. In D.M. Buss & N. Cantor (Eds.), *Personality psychology: Recent trends and emerging directions* (pp. 237-245). New York: Springer.

- McCrae, R.R. (1994). New goals for trait psychology. *Psychological Inquiry*, 5(2), 148-153.
- McCrae, R.R. (1996). Social consequences of experiential openness. *Psychological Bulletin*, 120, 323–337.
- McCrae, R.R., & Costa, P.T. (1985). Updating Norman's "adequate taxonomy": Intelligence and personality dimensions in natural language and in questionnaires. *Journal of Personality and Social Psychology*, 49, 710-721.
- McCrae, R.R., & Costa, P.T. (1987). Validation of the five-factor model of personality across instruments and observers. *Journal of Personality and Social Psychology*, 52, 81-90.
- McCrae, R.R., & Costa, P.T. (1989). Reinterpreting the Myers-Briggs Type Indicator from the perspective of the five-factor model of personality. *Journal of Personality*, 57(1), 17-40.
- McCrae, R.R., & Costa, P.T. (1996). Toward a new generation of personality theories: Theoretical contexts for the five-factor model. In J.S. Wiggins (Ed.), *The five-factor model of personality: Theoretical perspectives* (pp. 51–87). New York: Guilford Press.
- McCrae, R.R., & Costa, P.T. (1999). A five-factor theory of personality. In L.A. Pervin & O.P. John (Eds.), *Handbook of personality: Theory and research* (2nd ed.), (pp. 139 –153). New York: Guilford Press.
- McCrae, R.R., & Costa, P.T. (2003). *Personality in adulthood: A five-factor perspective* (2nd ed.). New York: Guilford Press.
- McCrae, R.R., Costa, P.T., Hrebickova, M., Ostendorf, F., & Angleitner, A. (2000). Nature over nurture: Temperament, personality, and life span development. *Journal of Personality and Social Psychology*, 78, 173-186.

- McHenry, J.J., Hough, L.M., Toquam, J.L., Hanson, M.A., & Ashworth, S. (1990). Project A validity results: The relationship between predictor and criterion domains. *Personnel Psychology*, 43, 335-367.
- McKenna, M.C., & Stahl, K.A.D. (2009). *Assessment for reading instruction* (2nd ed.). Guilford Press: New York.
- McMillan, J.H., & Schumacher, S. (2010). *Research in education*. Boston: Pearson.
- Mervielde, I. (1994). Trait theory: Back to the future. *Psychological Inquiry*, 5(2):153-156.
- Metcalfe, M. (2007, January 26 to February 1). In search of quality schooling for all. *Mail & Guardian (Getting Ahead)*. pp. 4-5.
- Meyer, L.W., Lombard, B.J.J., Warnich, P.G., & Wolhuter, C.C. (2010). Outcomes based assessment for South African teachers. Pretoria: Van Schaik.
- Miller, L.A., McIntire, S.A., & Lovler, R.L. (2011). *Foundations of psychological testing: A practical approach* (3rd ed.). SAGE: USA.
